Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

# HOOFSTUK 3

# 'n BASISTEORIE VIR DIE KERKLIKE JAAR EN DIE BENUTTING DAARVAN IN DIE PREDIKING

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n basisteorie ontwikkel vir die benutting van die kerklike jaar deur die gemeente in haar kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie, met spesifieke verwysing na die prediking en word prakties-teologiese vertrekpunte, asook konsepte wat vir die raamwerk van die empiriese ondersoek hierna belangrik is, uitgelig. 'n Poging word aangewend om deur hermeneutiese aktiwiteit by wyse van 'n literatuurondersoek van relevante navorsingsliteratuur oor die kerklike jaar en die benutting daarvan in die prediking getrag om die navorsingsprobleem te verstaan en 'n deeglike praktykteorie te formuleer in hierdie verband. Dit word gedoen om van die vrae en probleme wat tans bestaan en kan ontstaan rondom die funksionering van die kerklike jaar op te los en om 'n goeie strukturele raamwerk te verleen waarmee op weg gegaan kan word om kennisverbreding te laat plaasvind met die uiteindelike doel om prakties uitvoerbare riglyne daar te stel m.b.t. die implementering van die teologiese basisteorie sodat dit in die kerklike praktyk kan realiseer.

In die proses kan die kennisbasis rondom die kerklike jaar verbreed word. Die primêre vrae hier is hermeneuties gesproke: Wat is die kerklike jaar? Waarom is die kerklike jaar van belang? Strategies gesproke is die belangrike vrae hier: Hoe kan die kerklike jaar benut word - en dan veral in die prediking? Die wyse waarop dit hier gedoen word, is deur die kerklike jaar te omskryf en uiteen te sit en die historiese ontwikkeling daarvan te beskou. Daarna word die onderskeie momente in die kerklike jaar behandel sodat die benuttingsmoontlikhede daarvan vir die prediking geëkspliseer kan word. Bybelse en ander ter saaklike perspektiewe op en aspekte van die kerklike jaar word deurgaans bespreek en prakties-teologiese vertrekpunte, asook konsepte wat vir die raamwerk van die empiriese ondersoek belangrik is, word ook uitgelig.

### 3.2 'n OMSKRYWING EN UITEENSETTING VAN DIE KERKLIKE JAAR

Die begrip *kerklike jaar* word vanselfsprekend en algemeen gebruik vir die *"liturgiese verskynsel wat in die loop van die geskiedenis van die Christelike Kerk ontstaan het en wat geleidelik gegroei het tot sy huidige vorm,"* maar ten aansien daarvan bestaan groot verskille oor die opvatting, wese, omvang, indeling, waarde en doel daarvan (Barnard 1954:9). Kernagtig is die kerklike jaar die *"cyclus van de kerklijke feesten"* (Achelis 1906:89) en volgens Webber (1994:77,79) kan die kerklike jaar beskryf word as *"a guide to spirituality and a textbook of theology ... a journey that follows the life of Christ and invites the worshiper to remember and sense the significance of dozens of scriptural events, persons and images."* Die kerklike jaar wil Christengelowiges uitdaag om die verstaan van hulle geloof te verdiep, hulle te verwonder oor die groot mag en liefde van God soos wat dit sigbaar word in Jesus Christus en hulle plek in die liggaam van Christus te vier en ook die kerk help om op betekenisvolle wyse haar lewe te oriënteer rondom die Persoon en werk van Jesus Christus as fokuspunt.

Alhoewel die begrip *kerklike jaar* nie in die Nuwe Testament en die Vroeë Kerk voorkom nie en die kerk dit nie in die lewe geroep het of die naam daaraan gegee het nie, is die idee daarvan baie oud. Reeds vanaf die twaalfde eeu is daar deur veral Sicard van Cremona in sy *Mitrale (iv)* en na hom deur Wilhelm Duranti gepoog om iets dergliks bewustelik teenoor die burgerlike jaar uit te werk. Die naam "kerklike jaar" (*"Kirchen-jahr"*) is post-reformatories en word die eerste keer in die Lutherse liturgiewetenskap gebruik deur Johannes Pomarius in sy Postille te Wittenberg in 1589 en deur Valerius Herberger in sy Epistolische Herzpostile. Dit word daarna in die sewentiende eeu gebruik deur Letourneux (1683-1701), wat die Franse naam *L'année chrétienne*, daaraan gee in sy dertiendelige werk. Dom Guéranger (1841-1866) is waarskynlik die eerste om die benaming *Année liturgique* (= *die liturgiese jaar* / *"Annus liturgicus"*), wat veral die sistematiese en wisselende orde van die liturgiese stukke in die erediens aandui, te gebruik. Hierdie benaming word vir die eerste keer in 'n kerklike dokument opgeneem deurdat pous Pius XII dit in sy ensikliek *Mediator Dei* gebruik en dit daarna ook nagevolg word in die konstitusie oor die liturgie van Vaticanum II. Ander benaminge wat vir die kerklike jaar gebruik word, is onder andere: *die jaar van die / ons Here* of *Christusjaar* (*"Annus Domini"*; *"Herrenjahr"*) deur o.a. Pinsk (1963) en Löhr

(1934, 5[e] uitgawe 1955) - wat egter vir die Rooms-Katolieke Kerk met sy program van Heiligesfeeste onaanvaarbaar is - en *die jaar van heil* of *jaar van genade* (*"Das heiles Jahr" / "Jahr des Heiles"*; *"The Year of Grace"*) deur o.a. Parsch (1923). Hiernaas is daar ook benaminge, soos *die Christelike feeste* (deur o.a. Duchesne 1925:218,288) en *die liturgiese tyd* (deur o.a. Dix 1981:303-396 en Kunze in *Leitourgia* I), asook *tyd en liturgie* en *Feiern in Rhytmus der Zeit* met die onderskrif *Herrenfeste in Woche und Jahr* (deur Auf der Mauer 1983) wat nie nood-wendig verband hou met die eenheid van 'n jaar nie en ook groter openheid wil verleen vir uiteenlopende teologiese benaderings (Achelis 1906:89; Barnard 1954:9; 1989:1; Bieritz 1988:27; Verheul 1992:327).

In hierdie ondersoek word gekies vir die benaming kerklike jaar. Die kerklike jaar staan nie teenoor die burgerlike jaar nie, maar gaan daarheen langs 'n eie weg. Die rede vir hierdie keuse is nie slegs omdat die benaming reeds algemeen bekend is nie, maar ook omdat die kerklike jaar nie alleenlik te doen het met die liturgie of kerklike fees-vieringe nie, maar ook met die prediking en die ander kommunikatiewe handelinge van die Christelike geloofsgemeenskap. Dit gaan verder in die kerklike jaar om 'n inhoudelik geslote, maar soepel sisteem wat opgebou is uit 'n bepaalde teologiese grondgedagte wat verband hou met die Christelike kerk en haar Here (vgl Verheul 1992:327).

Die kerklike jaar handel oor die Christelike feeste - die hart van die kerklike lewe en werk - en bring hierdie feeste met alles wat daarmee saamhang en daardeur uitgedruk word, in die prediking en in die erediens, op sinvolle wyse aan die orde. Sodoende word die groot dade van God in herinnering geroep en laat dit die boodskap daarvan steeds opklink en word die lig van die Bybel gerig op hierdie gebeure en wat dit vir ons vandag beteken. In besonder laat dit ons die verlossingswerk en verlossingsgang van God, soos dit in die Persoon en werk van Christus tot openbaring gekom het en deur die Heilige Gees geëffektueer is, volg en daardeur aangespreek word. Deur elke fees word die groot heilsfeit wat dit herdenk se besondere waarheid verdig, verlewendig, verkondig en word diegene wat dit vier betrek en word die betekenis daarvan vir hulle lewens uitgespel en die heil daardeur vir hulle werksaam toegesê en beleef. *"Die evangelie wil immers nie slegs vertaal, betuig en met woorde verkondig word nie. Dit wil gehoor, ter harte geneem en geleef word"* (Barnard 1989:2; vgl Bohren 1973).

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

In die lig van die Christelike feeste en die groot heilsfeite is die kerklike jaar die *"commemorative celebration, over the course of a year, of the saving deeds which God has accomplished in Jesus Christ"* en is dit belangrik dat hierdie viering iets is wat *"must be constantly repeated if the Church is to be faithful to its role of proclaiming salvation and making it present or actualizing it",* aangesien die Christelike geloof sodoende konkreet veraktualiseer word in die kerklike jaar, wat om hierdie rede 'n omvattende selfportret van die kerk en die basis en wesenlike is van die Christelike lewe (Adam 1992:276, 277; vgl Bieritz 1988:23-27).

Die groot heilsfeite, veral soos dit tot uitdrukking gekom het in die Persoon en heilswerk van Christus en deur die Heilige Gees geëffektueer is, wat ver in die verlede lê en wat in die allernouste wisselwerking met die hele Skrif staan, word vierend, herdenkend, lerend en verkondigend op die spoor gevolg en op so 'n wyse verbind aan die vevulling van die beloftes in die heilsfeite vervat in die wederkoms van Christus dat dit in die hede gerealiseer word. Die heil wat gevier word, bring dus nie alleen vreugde in die hede nie, maar is ook 'n rede vir hoop in die toekoms. Die kern, of te wel die middelpunt of dieptepunt, van die hele heilsgeskiedenis - en daarom ook van die kerklike jaar - is die kruis en opstanding van Jesus Christus, wat as sodanig as 't ware die draaipunt van die geskiedenis van die mensheid is. Die kruis en opstanding van Jesus Christus kan egter nie los gesien word van sy geboorte, lyding en die verwagting van sy wederkoms nie. Op heilshistoriese vlak vestig die kerklike jaar dus die oog op die geheel, sodat God se heilshandelinge nie versplinter nie en funksioneer dit soos 'n spinneweb waarvan die verskillende drade heg saamgeweef is (Barnard 1989:3; Vos & Pieterse 1997:148,149). Volgens Bieritz (1988:26,27) dien die kerklike jaar in hierdie verband as weg waarlangs die gelowige sy tyd (*chronos*) binne die goddelike tyd / *"Christuszeit"* (*kairos*) beleef. Hy skryf: *"Das Kirchenjahr ist eine nötige, zutiefst menschliche Weise, die Christusgeschichte zu vergegenwärtigen und an ihr teilhaben zu lassen"* (vgl ook Josuttis 1991:52-64).

Rondom hierdie groot heilsfeite het die viering van die Sondag, asook drie siklusse van feeste (die kers-, paas- en pinkstersiklus), ontwikkel wat in die behandeling van die kerklike jaar bekendstaan as die kerksiklus en daarnaas het ook verdere ontwikkeling van 'n siklus rondom die tyd na pinkster voorgekom wat hoofsaaklik gewy word aan *"the*

*mystery of Christ in all its aspects"* (Adam 1992:282). Hierdie tydperk, wat vroeër as 'n verlengstuk van Pinkster beskou is (vgl Leonard 1994:209), word in die RCL (Consultation on Common Texts 1992:14-15) *Ordinary Time* (= Gewone Tyd) genoem. Alhoewel Barnard (1989:12) daarna verwys as "die feeslose helfte van die jaar", staan dit ook bekend as Koninkrykstyd ("*Kingdomtide"*) (vgl Webber (ed) 1994:457-458). Die benaming Koninkrykstyd word hier verkies omdat die klem gedurende dié seisoen val op die verskillende maniere waarop die koninkryk van God sigbaar en tasbaar gemaak word in die kerk en in die wêreld. Koninkrykstyd kan ook as oorhoofse fokus dien om te help dat die Sondae in hierdie tyd nie as losstaande geleenthede beskou word nie, maar aan mekaar verbonde is. Die kerk- / feessiklus vier in hierdie verband die advent, aanbreek en vestiging van die koninkryk van God en Koninkrykstyd die verdere effektuering daarvan op alle terreine van die lewe. Die onderskeie onderdele van die kerklike jaar het in verskillende periodes in die geskiedenis ontstaan, dikwels sonder enige verband met mekaar (vgl Barnard 1989:9-13; Verheul 1987:139-155; 1992:326).

Alhoewel die groot heilsfeite met die gebeure rondom Jesus Christus die kern van die kerklike jaar uitmaak, is God se heilsdade nie hiertoe beperk nie en kom daar ook ander vieringsgeleenthede op die kerklike kalender voor. *"De kalender pretendeert in geen enkel opzicht volledig te zijn"* (Schuman 1998:450; sien die uitgebreide *"getuigen-kalender"* wat hy opgestel het op pp 450-453). Trouens, die kalender is dinamies en inskrywings sal waarskynlik in die toekoms bygevoeg word naas die viering van die primêre feeste. Alhoewel daar verskil kan word oor watter van die ryke verskeidenheid van vieringsgeleenthede in die kerklike jaar betrek behoort te word, word dit algemeen aanvaar dat 'n behoorlike ervaring van die kerklike jaarsiklus *"a way of accessing Christ's living work as Lord of the Elements, Lord of Life and the heavenly forces on earth"* kan wees (vgl Barnard 1989:9-13; Bock 1992:8).

Volgens Mouw (1994:82) neem gemeentes ten minste ses "kerklike jare" in ag wanneer hulle beplan en hulle kalenders opstel. Hy onderskei die volgende: 'n *"lectionary year"* (waarin erediensbeplanning uiteengesit word), 'n *"catechism year"* (waarin die patroon van die Sondae in die Heidelbergse Kategismus gevolg word), 'n *"hallmark year"* (waarin dae soos Moedersdag, Vadersdag, Valentynsdag en ander spesiale geleenthede wat op een of ander wyse deur gemeentes in ag geneem word), 'n

*"denominational programs year"* (waarin bv Sending- en Wêreldhongersondag ens. verreken word),'n *"local congregational activities year"* (waarin bv die bevestiging van kerkraadslede in ag geneem word) en 'n *"civic holiday year"* (wat aspekte van die burgerlike jaar verreken) (vgl ook Schuman 2002:129-130; White 1989:75-76). Oor die afbakening van en die inskrywings wat in die kerklike jaar opgeneem behoort te word, sal later gereflekteer word (vgl 3.4).

Saam met Adam kan gekonkludeer word dat die kerklike jaar die *"sum total of all the liturgical feasts that have found their appointed place in the annual cycle"* is en kan die volgende hoofmomente in die (klassieke) kerklike jaar onderskei word naas die Sondag: Kersfees, Epifanie, Goeie Vrydag, Paasfees, Hemelvaart, Pinksterfees, Drie-eenheid-sondag / Sondag Trinitatis en die sogenaamde fees van Christus die Koning (Barnard 1989:1-19; Vrijlandt 1989:254-273). Die vroeë kerk het hierdie momente nie as afsonderlike feeste nie, maar as 'n eenheid gevier (Braulik & Lohfink 2003:37).

Naas die hoofmomente is ander geleenthede ook met die loop van tyd aanvaar as vieringsgeleenthede. Voorbeelde hiervan is die sogenaamde apostel- en heilige dae asook feeste ter viering van engele en allerlei besondere geleenthede en gebeurtenisse wat in die lewe van die kerk herdenk word en saamhang met die verkondiging van die evangelie. Die kerklike jaar het teen ± 800 die gestalte verkry waarin dit bewaar is binne die Lutherse en Anglikaanse tradisies. In 1570 het die Konsilie van Trente enkele wysigings aangebring en daarna bly dit bykans onveranderd (Barnard 1989:12-13; Monshouwer 1998:121; vgl Vos & Pieterse 1997: 165-167). Vervolgens sal gelet word op die ontstaan en historiese ontwikkeling van hierdie siklusse en die momente daarin.

## 3.3 DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE KERKLIKE JAAR

Die kerklike jaar is, soos reeds hierbo reeds gestel, nie gemaak of uitgevind of daarop deur die kerk besluit nie. As gevolg van verskeie faktore het dit spontaan ontstaan en geleidelik gegroei vanuit die kern van die saak wat reeds in die Nuwe Testament voorkom en later in die ou Roomse liturgiese boeke verder ontwikkel word en in die loop van 'n burgerlike jaar ontvou (Barnard 1954:9; 1989:2). Oor die ontstaan en ontwikkeling van die kerklike jaar skryf Bisschop (s v): *"Het Kerkelijk Jaar is als een kathedraal, waaraan eeuwen lang gebouwd is. Niemand weet meer wie het oorspron-*

*kelijke plan ontworpen heeft; in elk geval is het tijdens de uitvoering telkens gewijzigd en aangepast aan latere inzichten"* en wys hy - soos vele ander ook - daarop dat die saak van die kerklike jaar 'n nederige begin gehad het en eers deur die eeue gegroei het tot 'n indrukwekkende grootheid (vgl ook Barnard 1989:2-4).

Braulik (2000:106; vgl 92-112) toon aan dat die Ou-Testamentiese kerk uit die genade van die feeste geleef het en dat die Nuwe-Testamentiese kerk se feesvreugde in die opstanding van Christus gewortel is en dat groei hieruit plaasgevind het. Vir die viering van die feeste van die kerklike jaar het die Christelike kerk die berekening van die sonnejaar en die indeling van die jaar in 12 maande van ongelyke lengte van die Romeinse kalender oorgeneem soos dit deur Julius Caesar hervorm is en later deur Pous Gregorius XIII aangepas is. Daar is ook aangesluit by die week van sewe dae, soos wat dit gevind word in die Ou Testament, die Jodendom en die Islam, maar wat waarskynlik veel ouer is as die eerste getuienis daaraangaande in die Bybel (Verheul 1992:328). 'n Verdere gebruik wat ontleen is aan Joodse gebruike, is die wisselende datum van Paasfees. Die Westerse kalender is 'n solêre (son-) kalender en die Christelike kalender is deels 'n lunêre (maan-) kalender en deels 'n solêre kalender (dus luni-solêr), met byvoorbeeld Paasfees as 'n lunêre datum (en wisselend) en Kersfees as 'n solêre datum (en vasgestel: elke jaar op 25 Desember) (Albertyn (voors red) e.a. 1973:518; Bieritz 1988:48; Elion & Strieman 1991:12).

### 3.3.1 Die kalenders en feeste waaruit die kerklike jaar groei

Bieritz (1988:23) skryf: *"Unsere Zeiterfahrung ist zutiefst von biologischen und kosmischen Rhytmen bestimmt"* en daar is inderdaad *"een 'kalender' van de kosmos, waarmee de menselijke kalender correspondeert."* In alle kulture en godsdienste word die keerpunte in die tyd dan ook deur rituele aangedui: *"riten die de met de seizoenen gegeven periodes van vruchtbaarheid of oogst vieren, riten die op de kortste dag van het jaar de terugkeren van de zon bewerken, dagelijkse rituelen ter begroeting van de zon, etc."* (Van Leeuwen 1998:54; vgl ook Lilley 1991:110).

In die Ou Nabye Ooste het die Israeliete se bure almal godsdienste gehad wat in noue verband met die natuur ontwikkel en gefunksioneer het. Die Egiptenare het 'n songodsdiens (met die songod Amon-Ré in die sentrum daarvan) beoefen en in die Kanaänitiese wêreld, is die maan as vrugbaarheidsgodin aanbid (waarin veral die groei

van nuwe- tot volmaan 'n teken van vrugbaarheid was). In die Babiloniese wêreld, moes die sterrewiggelaars die weg tussen die goddelike hemel daarbo (as makrokosmos) en die mensewêreld hieronder (mikrokosmos) aandui. Die mens en die wêreld het baie bewustelik geleef uit die hand van die goddelike son (Egipte), maan (Kanaän) en sterre (Babel) (Vanderkam 1992:810). Israel het die feestye van hulle bure gewoon oorgeneem, maar met die verskil dat hulle die son, maan en sterre nie as gode beskou het nie, maar as deel van die onsigbare God se skepping: *"Niet in hun hand ligt het lot, maar ze zijn gegeven om de tijden en feesttijden aan te duiden."* Deur dit te doen, word die kosmies-vegetatiewe, of te wel die natuurkalender, gevul met kerugmatiese inhoud: *"Voor Israël is dan ook niet het natuurgebeuren, het vegetatieve, het belangrijkste kriterium voor het viering van de feesten. Want ook al neemt het de tijden over, inhoudelijk worden op deze feesten de grote bevrijdende daden van de Heer in gedachtenis gebracht"* (Vrijlandt 1987:16,17).

Volgens Barnard (1997:45) het die Israeliete elke dag as 'n soort afbeelding beskou, 'n samevattende herinnering aan die geskiedenis van God met sy volk. Hy skryf: *"Elke aand verteenwoordig die uittog van die volk uit die slawehuis; elke môre herinner aan die verbondsluiting by die berg Sinaï"* en wys daarop dat hierdie daaglikse gedagtenis aan die heilsgeskiedenis uitgedruk is deur die aand- en môre-offers. Na die ballingskap het dit uitdrukking gevind in die verskeie gebedstye, veral in die aand en in die môre. Die woord "liturgie", wat afgelei word van die Griekse term *leitourgia* (λειτουργία), dui juis die dienswerk van die volk aan (Vrijlandt 1989:5; vgl Albrecht 1989:5). Die aand- en oggendgebede skep 'n vaste patroon en beklemtoon hierdie ritme: daagliks word die donker deur die lig oorwin.

Naas die mens se belewenis van tyd in verband met die siklusse in die natuur (natuurlike / kosmies-vegetatiewe tyd), beleef die mens tyd ook in verband met die geskiedenis en ook as dié van die menslike lewenstyd: *"Das ist der Raum zwischen zwei Schlägen unseres Herzens, zwischen zwei Atemzügen, der Rhythmus von Wachen und Schlafen, von Hunger und Sättigung. Zeit: Das ist auch der Rhythmus von Hell und Dunkel, von Tag und Nacht, das Spiel der Gezeiten, der Wechsel der Jahreszeiten und Jahre"* (Bieritz 1988:23). Die mens beleef tyd hiermee saam in terme van siklusse en as 'n weg, 'n reis - ook binne die raam van die groter strukture. Alhoewel die mens deel is van die gang van die natuur, orden en struktureer hy dit sodat dit diensbaar word aan sy bestaan en sy kultuurlewe. As sodanig is dit ook die belewenis wat die Israeliete in

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

die tyd van die Bybel van die tyd gehad het (Bieritz 1988:23-25; Josuttis 1991:52-54, 57-65; Van Leeuwen 1998:53-59; Wegman 1999:17-22). Dit is dan ook vroeg reeds die belydenis van gelowiges dat hul tye in God se hand is (vgl o.a. Ps 31:16) en dat hul menswees tydelik van aard is (vgl o.a. 2 Kor 4:18).

In die meeste van die antieke Mediterreense wêrelddele is burgerlike kalenders gebruik om die heilige en die sekulêre lewe van die staat te reguleer aan die hand van die natuurlike tydindelings wat as die standaard beskou is. Die tye vir godsdienstige feeste, landboukundige, fiskale en regsaktiwiteite is vasgestel en in verband gebring met die natuurlike intervalle wat deur die beweging van die son en die maan voortgebring is. Die vroegste kalenders was dan ook gegrond op die landbouseisoene en die godsdienstige gebruike wat daarmee verband gehou het. Vanweë hierdie verbintenis (tussen die landbouseisoene en die godsdienstige gebruike) - en omdat die hele onderwerp so ingewikkeld was - het die priesters die gesaghebbendes in die handhawing van die kalender geword. Vir die handel en die regering was korrekte datering belangrik en die groot ryke van Mesopotamië en die Nylvallei het 'n hoë graad van akkuraatheid in hulle verskillende stelsels ontwikkel. Wat die ou Israelitiese kalenders betref, kan veel vasgestel word uit die Misjna en liturgiese en historiese tekste in die Bybel asook buite-Bybelse dokumente. Die ou Israelitiese kalenders is hoofsaaklik gegrond op die stelsel van feeste en die landbousiklus (De Vaux 1984:485; Vanderkam 1992: 810; Vrijlandt 1987:17; vgl ook o.a. Bloch 1978, Petuchowski 1987 en Van Goudoever 1961 vir omvattende studies oor die Bybelse kalenders en die Bybelse en historiese agtergrond van die Joodse feeste en gebruike). Beckwith (1996:XIII), wie 'n omvattende studie gedoen het in verband met Joodse en Christelike kalenders en kronologieë, skryf dat die antieke Joodse kalender nie slegs betrekking het op dae, weke, maande en jare nie, maar - anders as die van hul tydgenote - verder as 'n jaar strek om jaarweke en jubileë (jubeljare) in te sluit.

Daar is nie in Hebreeus 'n presiese ekwivalent vir die Latynse *calendarium* nie, maar daar is van vroeg af 'n verband gelê tussen die verloop van maande, die landbou-kundige seisoene en die primêre feeste. Die Hebreeuse woord wat die naaste aan die konsep van 'n kalender kom, is שׁנה (šānâ = *jaar* ) en dit verwys na die verandering van of die opeenvolging van seisoene (Bruce 1984:159). Aanvanklik het die Israeliete se

jaartelling aan die begin van die herfs (die sewende maand = *Tishri*) begin (Eks 23:16; 34:22), nes met die aanvang van die sabbatsjaar, maar terwyl hulle in Egipte was, het hulle dit aangepas ooreenkomstig die solêre jaar van twaalf maande, elk van dertig dae plus vyf addisionele dae, dit is 365 dae. Hierna het hulle die jaartelling verander om - soos die Babiloniese sisteem - in die lente (met die maand Nisan) te begin (Eks 12:2, 13:3-4; 23:15; Deut 16:1,6) en later het die Hebreeuse kalender die Wes-Semitiese kalender met 'n jaar van twaalf lunêre maande nagevolg (1 Kon 4:7; 1 Kron 27:1-15). Dit blyk dat die rituele jaar in die lente begin het terwyl die burgerlike jaar met die sewende maand (in die herfs) 'n aanvang geneem het. Die beginpunt van die Joodse chronologiese kalenderberekening, wat afgelei is van die Hebreeuse kalender, is 3761 v.C. en dit het sedert ongeveer 900 onveranderd gebly (Bruce 1984: 159-160; vgl ook Finegan 1964; Segal 1957:250-307; 1962:74-94; Van Goudoever 1961:71-123; Microsoft Encarta 1997:4).

Die Hebreeuse kalender was saamgestel uit lunêre maande wat begin het wanneer die halfmaan begin sigbaar raak het met sononder en die dag van die nuwemaan is daarmee saam as heilig beskou. Die maand (na ירח = *maan*) het bestaan uit 29/30 dae en aangesien die lunêre maand omtrent elf dae korter was as die solêre jaar, was dit nodig om van tyd tot tyd 'n dertiende maand in te ruim sodat die landboujaar en die maanjaar kon saamval en die jaar in die korrekte maand kon begin. Presies hoe dit gedoen is, is onduidelik, maar dit blyk dat 'n tweede Adar (twaalfde maand) of Elul (sesde maand) in die lunêre siklus van drie, ses, elf, veertien, sewentien of negentien maande gevoeg is, soortgelyk as wat die gebruik in Mesopotamië was (Vanderkam 1992:814-815). 'n Streng solêre kalender is gebruik teen ongeveer 105 v.C.. Die onderhouding van die herfs dag- en nagewening aan die einde van die jaar (השׁנה בצאתה = *die uitgaan van die jaar*; sien Eks 23:16) en die lente- of voorjaars-nagewening (לתשׁנבת השׁנה = *die terugkeer van die jaar*; sien 1 Kon 20:26; 2 Kron 36:10) aan die begin van die jaar was baie belangrik vir die instandhouding van die kalender en gevolglik ook die feeste. Die jaar het sodoende begin met die nuwemaan die naaste aan die lentenagewening wanneer die son in die sterrekonstelasie Aries was en die paasfees op die veertiende dag van Nisan saamgeval het met die eerste volmaan (Eks 12:2-6) (vgl Jub 21:10; 32:16; 49:1; 1 Hen 72-82; Josephus, Ant III:201; vgl Charles 1902; Vanderkam 1992:814-820).

Die Israeliete het die datums verder bereken volgens maande. Die vier fases van die maan, naamlik nuwe maan, eerste kwartier, volmaan en laaste kwartier, gee rofweg 'n indeling van 4 x 7, of te wel vier sewedaagse weke (Barnard 1997:50). *"The months were numbered. In neighbouring countries the months and the days had names, the names of various gods. By referring to days and months simply by numbers, Israel, however, sought to avoid this politheistic practice of deifying the movement of time. Nevertheless, after their contact with the Babilonians they began to refer to the months by names"* (Hartley 1998). Stacey (1979:96) wys daarop dat daar voor die ballingskap Kanaänitiese name gebruik is vir die maande en dat slegs vier van die name, wat ook in Finesies bekend was, in die OT voorkom, naamlik Abib (Eks 13:4; 23:15; 34:18; Deut 16:1), Ziv (1 Kon 6:1, 37), Ethanim (1 Kon 8:2) en Bul (1 Kon 6:38). In die post-eksiliese tyd is die name van die maande in die Babiloniese kalender gebruik (Wiseman 1984:159). Al twaalf die name van die Joodse maande kom voor in die Joodse traktate en sewe van hulle kom voor in die OT of die apokriewe literatuur (Stacey 1979:96). Gedurende die Nuwe Testamentiese tydperk was dit die gebruik om die tyd te meet i.t.v. die destydse kalenders met die feeste en ander heilige tye as verwysing, maar dit word ook van tyd tot tyd aan die vreemde (heidense) heersers verbind. Voorbeelde hiervan is die keisers Tiberius (Luk 3:1), Augustus (Luk 2:1) en Klaudius (Hand 11:28), die provinsiale goewerneurs Pontius Pilatus (Luk 3:1), Quirinius (Luk 2:2) en Gallio (Hand 18:12) en die viervorste Herodus, Filippus en Lisanias (Matt 2:1; Luk 1:5; 3:1) (Conzelmann 1960:18; Finegan 1967:259-280; vgl Hoehner 1977:29-44; Vanderkam 1992:816).

Israel het volgens die oudste kalenders tot ons beskikking haar feestye, wat saamhang met veranderinge in die natuur, ontleen aan die omliggende wêreld met die verskil dat die Here (יהוה) tydens die feeste erken is as die Eienaar van die landbougrond en as die Beskikker van vrugbaarheid. Hulle feeste is gehou om hulle verbondenheid aan die Here te demonstreer. Die groot feeste is beplan om met die volmaan saam te val aangesien dit in die relatief wolklose Palestina makliker was om te tel vanaf die dag waarop die nuwemaan vir die eerste keer verskyn het (14 of 15 dae voor die fees), tot by die volgende nuwemaan. Daar is ook gepoog om die belangrikste feeste wat met die koring- en vrugtefeeste verband gehou het, so na as moontlik met die oeste te laat saamval (Stander & Louw 1990:358-359; vgl Lilley 1991:111). Die feeste wat deur

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

Moses ingestel is, het begin met die Paasfees wat die uittog uit Egipte gedenk het en byna alle Ou-Testamentiese verwysings na maande word hiervandaan bereken. Die ander feeste is hoofsaaklik gebaseer op die oeste (Eks 23:14; Deut 16:9-15). Vir die daaglikse lewe is die maankalender gebruik (Lev 23; 1 Kon 8:2; 12:32). Die einde van die landbousiklus was aangedui met die fees van die insameling (Eks 23:16b) en dit het weer begin met die eerste reën wat die grond voorberei het vir die ploegtyd. Die *"eerste dag van die sewende maand"* (Tishri) is nog steeds die Joodse Nuwejaar (kyk Lev 23:24) en die konings van Juda het waarskynlik hulle jare vanaf daardie datum getel, tot met die Babiloniese invalle aan die einde van die sewende eeu v.C.. Historiese gebeurtenisse is gedateer volgens die aantal jare sedert die troonbestyging van die koning aan bewind - of deur na groot nasionale gebeurtenisse te verwys (die uittog, die ballingskap, ens.). Die weeklikse Sabbat (rusdag) is waarskynlik in die ou tyd aangepas om met belangrike feeste, of selfs met die nuwemaan saam te val (kyk Lev 23) aangesien die jaar nie 'n ronde getal weke en ook nie 'n ronde getal maande bevat het nie (Stacey 1979:88-95; Talmon 1963:177-187; vgl Bloch 1978; Van Goudoever 1961).

Die Israeliete se feeste was vir hulle baie belangrik. Hulle het hulle feeste as anders as dié van die ander volke beskou, omdat dit vir hulle tye van feestelikheid saam met God (en saam met mekaar) was: dit was dae waarop die volk in gewyde byeenkomste versamel het en dan van God en van alles wat Hy vir hulle gedoen het, gehoor het (Venter 1993:183). Die religieuse kleur van hierdie andersins "normale" oesfeeste is gekenmerk deur dank aan die Here en beloftes van beskerming en hulp van die Here. Dié tye was tye van hernude toewyding aan God. Hulle het vreugde beleef in hulle verbintenis aan die Here en die sekerheid in hulle harte gevoel oor sy versorging en beskerming van hulle lewe (vgl Braulik 2000). Volgens Stacey (1979:97-98) het die Joodse feeste 'n belangrike funksie vervul. Hy skryf: *"... the worshippers were able to forget the hard times, to join in eating and drinking of rare luxury, and to celebrate some aspect of Jewish faith and history"* en ook dat die betekenis van die feeste *"in the life and thought of the the Jewish people cannot be overrated."*

Hulle het hul feesviering dan ook beleef in verband met nakoming en beloning. Eksodus 34:23 se *"drie keer per jaar moet alle mans voor My, die Here, verskyn"* word

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

gekoppel aan 'n beloning: *"Ek sal nasies voor jou uitdryf en vir jou 'n land gee"* en *"dan sal Ek sorg dat niemand jou land begeer nie"*. Met die viering van elke fees is 'n bepaalde gebeurtenis of gebeurtenisse in hul geskiedenis herdenk en is die verhaal daarvan vertel. Feeste het gewoonlik ook die bring van offers behels wat gepaard gegaan het met gemeenskaplike maaltye. 'n Aantal van die feeste is gevier in die droeë dele van die jaar wanneer die manlike Jode makliker kon meedoen omdat dit van hulle verwag was om deel te neem. Van die feeste het egter die karakter van 'n familie-geleentheid gehad. In 1 Samuel 1:21 word byvoorbeeld vertel dat Elkana en sy hele gesin gegaan het om die jaarlikse offer te bring en Jesus se ouers het elke jaar vir die Paasfees na Jerusalem gegaan (Luk 2:41). Die feeste was hiernaas ook belangrike sosiale geleenthede (vgl Hertzberg 1986:27-29; Van Goudoewer 1961:54-61).

Uitgebreide feeskalenders met die datums van feestye en voorskrifte daarvoor is te vind in verskeie Ou-Testamentiese gedeeltes, naamlik Eksodus 23:14-17 en 34:18-26, Levitikus 23:1-44, Numeri 25:1-55 en 28-29 en Deuteronomium 16:1-17 asook Esegiël 45:18-25. Hieruit blyk dit dat heiligheid vir die Israeliete (soos ook vir ander volke) te make gehad het met persone, dinge, plekke en tye. Buiten die priesters moes ook die volk heilig lewe. Afsonderlike voorskrifte word gegee, maar daar is ook algemeen geldende voorskrifte. Van hierdie kalenders is die wat voorkom in Eksodus 23:14-17 en 34:18-26 waarskynlik die oudste. Hulle stem ook in 'n groot mate met mekaar ooreen aangesien hulle - in dieselfde volgorde - handel oor dieselfde drie feeste, te wete die fees van die ongesuurde brode, die fees van die weke en die huttefees. Aangesien die datums vir die feeste nie hier aangegee word nie, word vermoed dat die datum vir elk van die feeste bepaal was ooreenkomstig die tyd van die betrokke oes van die gegewe jaar (De Vaux 1978 II:470-474; vgl ook Durham 1998; Hartley 1998; Kraus 1966:26-70).

Die kalender van Deuteronomium 16:1-17 beskryf ook drie feeste, maar die rituele bepalings is meer ontwikkeld en geïntegreerd in hierdie kalender as die van Eksodus. Hier is ook 'n meer presiese aanduiding van die datums vir en die duur van die feeste. Paasfees kom ook meer prominent voor en die fees van die ongesuurde brode word nie meer genoem nie aangesien dit waarskynlik teen hierdie tyd daarby geïnkorporeer is. Paasfees is ook nie meer 'n huishoudelike fees soos aan die begin nie, maar word nou 'n pelgrimsfees in die maand van Abib (vgl Braulik 2000; 2003). In die kalender

word uitdruklik vermeld dat die feeste gevier moet word *"op die plek wat die Here sal uitkies"* (Deut 16:2, 11, 15) (Auerbach 1958:16-17; Hartley 1998;Von Rad 1953:38-39).

Die kalenders van Levitikus 23 en Numeri 28-29 dui die tyd waarop die feeste moet begin en die tydsduur daarvan meer presies aan. Die landboukundige aard van die feeste is nog duidelik, alhoewel die datums van die feeste is nie meer aan die oeste verbind word nie, maar wel aan spesifiek genommerde dae in aangewese maande. Wat betref die karakter van die kalenders m.b.t.hul datums en liturgiese voorskrifte, blyk dit dat die konteks daarvan die sentrale heiligdom was. Paasfees en die fees van die ongesuurde brode is steeds nou verwant aan mekaar, maar is onderskeibaar aangesien die temporele verband meer presies gedefinieer word. Hierdie kalenders dui ook twee bykomende belangrike of "hoë" dae aan, naamlik die blaas van die trompette op die eerste dag van die sewende maand Tishri en ook 'n ritueel om die sondes van die volk te verwyder op 10 Tishri (Num 29:1-6; 29:7-11) (Clines 1974:22-40; Hartley 1998; MacRae 1960:251-276; vgl Goldstein & Cooper 1990:19-31; Otto 1983:96-106).

Die kalender van Esegiël 45:18-25 dui primêr die datums van twee sewedaglange feeste aan, waarvan die eerste in die eerste maand gevier word en die tweede een in die sewende maand. Dit beskryf offerandes wat ten behoewe van die regerende prins gebring moet word. Paasfees is die enigste fees wat by die naam genoem word en alhoewel die fees van die ongesuurde brode nie eksplisiet vermeld word nie, word aanvaar dat daarna verwys word in die vermelding van die ongesuurde brood en die tydsduur van sewe dae (nie agt soos in Levitikus 23 en Numeri 28 nie) wat toegeskryf word daaraan. Uit die datum en tydsduur van die fees in die sewende maand, word afgelei dat na die huttefees verwys word. In vergelyking met Numeri 29:17-38, is die aantal offers vir hierdie fees aansienlik verminder, moontlik vanweë 'n besorgdheid oor die prins wat in Esegiël genoem word. Die fees van die weke en die nuwejaarsfees word ook geïgnoreer, waarskynlik aangesien die prins nie 'n prominente liturgiese rol te speel gehad het op hierdie "hoë" dae nie. Bykomend tot hierdie kalender, is die voorskrif van twee dae van versoening vir die reiniging van die tempel: die eerste dag van die eerste maand en die sewende dag van dieselfde maand. Alhoewel die aanduiding hiervan in die LXX as die eerste dag van die sewende maand gegee word, word die Masoretiese tekslesing aanvaar in die voetspoor van Zimmerli (1984:483) wat aantoon dat hierdie variante lesing nie swaarder weeg nie (Hartley 1998).

Ander belangrike feesgeleenthede wat deur die Israeliete as belangrik beskou is, is die sabbat, die sabbatsjaar en die hersteljaar. Dit is duidelik dat die Israelitiese onderhouding van die onderskeie feeste nie staties was nie, maar dinamies. Hierdie feit word verder onderstreep deur die voortdurende uitbreiding van die feeskalender met die verloop van Israel se geskiedenis. Die byvoeging van die purimfees (in die boek Ester) en die fees van die ligte en so meer dien hierin as voorbeelde (De Vaux 1984:484-490; Freedman 1984:374-376; Vanderkam 1992: 810; Van Goudoewer 1961:54-61, 276-279; Vrijlandt 1987:16,17).

Die Joodse kalender het na die Bybelse tyd steeds gegroei en ontwikkel. Vandag word dit bepaal volgens berekening eerder as deur waarneming. Progressiewe Jode sowel as Jode wat in Israel woon vier nie dubbele dae (waar 'n hoë dag op twee verskillende datums val omdat die datum volgens berekening en die datum volgens waarneming van mekaar verskil) nie, behalwe die nuwejaar. Die maandelikse Nuwemaansfees, die Vas van die Eersgeborende (op die veertiende dag van Nisan), die Dag van die Groot Slagting (= *"Holocaust Day"*, sedert 1951 op 27 Nisan), Onafhanklikheidsdag (sedert 1948 op 5 Ijar), die Dag van Herinnering (4 Ijar), Lag B'Omer (18 Ijar), Jerusalemdag (28 Ijar), die Vas van 20 Siwan, die Vas van 17 Tammus, Tisha B'Ab (9 Ab), Tu B'Ab (15 Ab), die Fees van 1 Ellul, die Vas van Gedalja (3 Tisjri), die Vas van 10 Tebed, Tu B'Shebat (15 Sebat, die nuwejaar vir bome) en die Vas van Ester (13 Adar) word as kleiner feeste gevier en as vaste onderhou as deel van die eietydse Joodse kalender (Petuchowski 1987:20-21; Wood & Gryn 1986:171, 205-210).

Dit blyk duidelik dat die primêre feeste op die Israeliete se feeskalender ten nouste verbonde was aan die seisoene van die streek. Die jaar het begin in die herfs. In dié tyd het dit gereën en dinge het weer groen begin lyk. Die temperature het geval en dit het gelei tot 'n algemene verligting. Daar kon begin ploeg word en die mense het begin uitsien na die lente. In die winter het dit gereën en dit het ontbering te weeg gebring alhoewel dit slegs in Januarie en Februarie koud was. Gedurende hierdie lang seisoen was dit tyd om te saai en is daar gewag vir die land om 'n opbrengs te lewer. In die lente het die warm, sagte reën begin val, die blomme begin blom en die graan begin swel. In hierdie kort, vreugdevolle seisoen was die natuur op haar beste. In die somer - *"the season of death"* - het die reën opgehou val en het die oestyd aangebreek: eers gars en dan graan. Die droogte hierna het gedruk en daar is gesmag na die aanbreek van die nuwe seisoen en lewe wat daarmee gepaard gaan (Stacey 1979:89-90).

Saam met die maande wat aan ons bekend is, kan die kalender, landboujaar en die feeste van Ou-Israel so voorgestel word (vgl Dowley 2001:12,13; Lilley 1991:114-115):

| JOODSE en BEKENDE MAANDE | LANDBOU EN -AKTIWITEIT | FEESTE |
|---|---|---|
| Maand 1: Nisan (vroeër Abib)<br>*Maart / April* | Dis lente en die lentereën val | 14: Paasfees gevolg deur<br>15-21: Ongesuurde brode<br>16: Eerste vrugte |
| Maand 2: Ijar (vroeër Sif)<br>*April / Mei* | Die droeë seisoen begin<br>Vlas- en graanoes vind plaas | 14: Tweede Paasfees |
| Maand 3: Siwan<br>*Mei / Junie* | Amandels word ryp<br>Versorging van die wingerde<br>Die koringoes vind plaas | 5 / 6: Pinkster / Fees van die weke |
| Maand 4: Tammus<br>*Junie / Julie* | Dis somer en baie warm<br>Vroeë vye ryp; Eerste druiwe | |
| Maand 5: Ab<br>*Julie / Augustus* | Somervrugte; Neute word ryp<br>Die olyfoes begin | |
| Maand 6: Elul<br>*Augustus / September* | Dadels en granate word ryp<br>Somervye word gepluk<br>Begin om wyn te maak | |
| Maand 7: Tishri (vroeër Etanim)<br>*September / Oktober* | Lande word geploeg | 1: Nuwejaarsfees: Trompette<br>10: Groot Versoendag<br>15-21: Huttefees<br>22: Gewyde byeenkoms |
| Maand 8: Margeswan (vroeër Bul)<br>*Oktober / November* | Dis herfs; die vroeë reën val<br>Koring word gesaai | |
| Maand 9: Kislev<br>*November / Desember* | Die winter begin | 25-30: Fees van die ligte |
| Maand 10: Tebet<br>Desember / Januarie | Die swaar winterreën val van tyd tot tyd; Lentegroei | |
| Maand 11: Sebat<br>Januarie / Februarie | Amandelbloeisels<br>Wintervye | |
| Maand 12: Adar<br>Februarie / Maart | Die sitrusoes en vlasoes begin | 14-15: Purimfees |

**TABEL 4: DIE KALENDER- EN LANDBOUJAAR ASOOK DIE FEESTE VAN OU-ISRAEL**

Dit is volgens Hartley (1998) onseker oor wat presies die Hebreeuse woord חג (vgl o.a. Lev 23:6; Deut 16:16), wat gewoonlik met "fees" of "feesviering" vertaal word, beteken.

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

Dit word slegs in verband met drie feeste, naamlik die van die ongesuurde brode, die weke en die hutte gebruik in die OT. Kahmann (1988:33) skryf dat die Bybelse woord vir feesviering *"zich verheugen, vrolijk zijn"* is en dat die hoofelement hiervan die feesmaaltyd is. Hier word saam met Haran (1985:290), volgens wie baie van die ander betekenisse wat daaraan geheg word te veel in die woord inlees, aanvaar dat dit dui op 'n feestelike saamtrek wat gewoonlik saamgehang het met 'n pelgrimstog na 'n heiligdom. Dit is 'n verskynsel wat by byna alle antieke en hedendaagse godsdienste voorkom (vgl ook Durham 1998; Hartley 1988). Parrinder (1986:2) verkies om te onderskei tussen die benamings "fees" (*"feast"*) en "feesviering" (*"festival"*) aangesien eersgenoemde verwys na 'n algemene feestelikheid (teenoor die somberheid van vas = *"fast"*) en laasgenoemde betrekking het op gemeenskaplike godsdiensbeoefening. Braulik (2000:92-102) het aangetoon dat feesviering (in die OT én die NT) voortspruit uit die grondervaring van *"der Lust an Gott"* (= "lus vir God"). Hy wys daarop dat lus, genot en plesier nie noodwendig as negatiewe kragte beskou moet word nie en dat dit verband hou met die rede waarom die kerk uit die feeste leef, die offermaaltyd en die bestaan van koinonia in die geloofsgemeenskap.

'n Feesdag is 'n besondere dag waarvan die oorspronklike betekenis verband hou met 'n "heilige dag" of "hoë dag" (= *"holy day"* wat *"holiday"* geword het) en was 'n wesenlike deel van die lewe van antieke volke en die mense van wie ons in die Bybel lees (Christensen 1998; vgl ook Parrinder 1986:1-18). Wat betref die heiligheid van tyd, word in die Misjna - versameling Mo$^{c}$ed 'n kalender ooreenkomstig 'n dalende rangorde van heiligheid aangedui soos volg: die Sabbat, die paasfees, die versoendag, die loofhuttefees, ander feesdae, die nuwejaar, vasdae en die purimfees (vgl Joubert 1997:98). In die Romeinse feesjaar was daar ongeveer 150 vierdae, waarvan baie met feesviering en seremonies in die staatstempel gepaard gegaan het. Elemente hiervan was veral die offer as gawe (δϖρον), (tafel)gemeenskap en maaltye, asook die "sondebokmeganisme" van slagoffers (vgl Klauck 1995:43-49).

Aangesien die kerklike jaar vanuit die bogenoemde feeste gegroei het, word vervolgens 'n ondersoek gedoen na die Oud-Israelitiese feesgeleenthede t.w.v. beter begrip. Daar word nie volledig op hierdie feeste ingegaan nie en dit word ook nie hier beredeneer nie aangesien so 'n studie in elke geval 'n ondersoek op sy eie sou regverdig en omdat

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

die fokus van die studie op die geleenthede in die (huidige) Christelike kerklike jaar is en nie op die Bybelse feeste as sodanig nie. 'n Oorsig word hier gegee oor die Sabbat, die fees van die nuwemaan, die paasfees, die fees van die ongesuurde brode, die fees van die weke of pinksterfees, die nuwejaarsfees, die groot versoendag, die huttefees, die fees van die ligte en die purimfees, asook die Sabbats- en die hersteljaar. Die feesvieringe het in 'n noue verband tot mekaar gestaan en die skeiding wat hier gemaak word tussen die feeste, is bloot t.w.v. onderskeiding.

#### 3.3.1.1 Oud-Israelitiese feesgeleenthede

##### 3.3.1.1.1 Die Sabbat

Volgens Barnard (1997:61) neem die sabbatsgebod in die Ou Testament 'n buitengewoon belangrike plek in. Dit is die gebod in die OT wat die sterkste beklemtoon word en daar is geen ander gebod van die dekaloog wat so herhaaldelik voorgehou word soos dié een nie. Die verbond van die Here met Israel word ook meer met hierdie as enige ander gebod in verband gebring en dit is vir Israel die teken van God se verbond met haar, 'n teken dat die God van die verbond, haar vir Hom apart gesit het: *"the Sabbath is understood as a special sign of the setting apart (hallowing) of Israel, which is recognized as the people of Yahwe in its observance of this day"* (Zimmerli 1984:125).

Die saak van die sabbat kom oor die wydte van die OT voor, maar ontbreek in die wysheidsliteratuur (behalwe in Klaagliedere 2:6) en die latere profete asook in die Psalms, waar dit slegs in die sekondêre opskrif van Psalm 92:1 voorkom. Die selfstandige naamwoord שׁבתון (= *"sjabbaton"* : sabbaton) blyk 'n afleiding te wees van die selfstandige naamwoord שׁבּת (= *"sjabat"*) wat in die OT uitdruklik 111 keer voorkom, behalwe vir die gevalle waar daar slegs van "viering" gepraat word. Die grootste konsentrasie hiervan is in die pentateug, waarin dit 47 keer voorkom (Eksodus 15 keer; Levitikus 25 keer; Numeri 4 keer; Deuteronomium 3 keer), terwyl dit 32 keer in die profetiese literatuur voorkom (Esegiël 15 keer; Jesaja 8 keer; Jeremia 7 keer en Amos en Hosea 1 keer elk) en 30 keer in die geskiedkundige boeke (Nehemia 14 keer; 1-2 Kronieke 10 keer; 2 Konings 6 keer). Wanneer die Griekse neutrale selfstandige naamwoord savbbaton (vgl Mark 2:27-28; 6:2; Matt 12:8; Luk 6:5 ens.) gebruik word, is dit 'n vertaling van die Hebreeuse selfstandige naamwoord שׁבּת en stem dit

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

gewoonlik ooreen met die Griekse gebruik voor die NT daarvan. Die term savbbaton kom 67 keer in die NT voor (43 keer in die sinoptiese evangelies; 13 keer in Johannes; 11 keer in die res van die NT). In sommige van die gebruike daarvan in die meervoud (vgl Matt 28:1; Mark 16:2; Luk 24:1; Joh 20:1; Hand 20:27), of die enkelvoud (Luk 18:12; Mark 16:9; 1 Kor 16:2) word verwys na "week", maar andersins is die betekenis daarvan altyd die sewende dag van die week, die sabbat (Boecker e.a. 1983: 215; Hasel 1992: 849; Visser 1967: 44).

Elke sewende dag (ons Saterdag) is die herdenking van (God se rusdag tydens) die skepping en van die verlossing uit Egipte (Eks 16:23-30; 20:8-11; 31:12-17; Lev 23:3; Deut 5:12-15), maar dit hou ook verband met die mens (asook dier en land) se behoefte aan rus en verkwikking (Eks 23:12). Volgens die Israeliete het God hierdie dag geseën en dit geheilig en is die viering daarvan daarom die erkenning van Jahwe as Opperheer (Hartley 1998; Joubert 1997:99). Volgens Beckwith (1996:10) weet ons nie op watter manier God die sewende dag "geseën" of "geheilig" het nie. Hierdie tipe uitspraak is vreemd aan die OT in geheel en eintlik ook wat betref die NT, aangesien God gewoonlik mense - eerder as dinge - "seën" en "heilig". Wanneer God dinge "seën", *"he does good to it and good to people through it"* (Gen 27:27; Eks 23:25; Deut 7:13; 28:5, 12; 33:11, 13; Job 1:10 Ps 132:15; Spr 20:21). Dit is nie die sewende dag as sodanig wat geseën is nie, maar die "Sabbat" - dag (Beckwith 1996:11).

Die Israeliete het die sabbat as heiliger as die ander feesdae beskou. Net soos wat die maan per maand in vier gestaltes voorkom, word daar vier keer per maand op 'n weeklikse basis 'n dag aan God gegee waarop die gedagtenis aan sy dade voorop-staan. Die spesifieke dag waarop die sabbat val, was willekeurig terwyl al die ander feeste op die eerste dag van die week gehou is (vgl Lev 23:7, 11, 16, 35, 36, 39). Dit is nie deur enigiets in die natuur bepaal, soos die dag waarop volmaan val nie en dus losstaande van die lunisolêre kalender. Die dag word gevier vanaf ± 18 minute voor sononder op 'n Vrydagaand en duur tot ± 40 minute na sononder op 'n Saterdagaand (Hartley 1998; Joubert 1997:99). In die heiligheidskodeks van Levitikus (17:1-26:46) word die sabbat ingesluit as 'n integrale deel van die feeskalender (Budd 1996:317).

In die voor-Christelike Joodse geskrif Jubileë (vgl 2:17-33) word die sabbat as 'n besonder heilige dag beskou en word berig dat selfs God en sy engele dit onderhou het. Op dié dag is daar volgens hierdie geskrif geen werk toegelaat nie, behalwe gods-dienstige offers. Seksuele gemeenskap was op die sabbat verbode. Daar word in die boek 1 Makkabeërs (2:38-41) vertel dat daar per geleentheid meer as 'n duisend Jode doodgemaak is omdat hulle geweier het om op die sabbat oorlog te maak (vgl Jub 50:13; Josephus, Ant XII.1.1 en XII.6.2; 2 Makk 5:25-26). In die Misjna-traktaat "Sjab-bat" (7.2) is mense verbied om by die aanbreek van die sabbat by 'n lamp te lees (1.3) of brood in 'n oond te plaas (1.10). Hulle mag ook nie 'n lamp uitgedoof het om die lamppit of die olie te spaar nie, omdat hulle dalk in dié proses houtskool kon maak (2.5) en so meer. Tesame met alles wat vebode was, word ook in die traktaat vermeld wat wel gedoen kon word op dié dag. Alhoewel hulle verbied was om die strooi op hulle beddens op die sabbat met hulle hande te verskuif, kon hulle dit wel doen met hulle lywe (20.5). Hulle kon ook insekte, wurms en slakke (dit wil sê, onrein diere) doodmaak (14.1), genoeg kos vir die volgende drie maaltye bêre indien hul huis op dié dag aan die brand sou raak (16.2) en wyn vir drie maaltye vanuit 'n gebreekte houer in 'n ander oorplaas (22.1) (Barnard 1997:102-115; Joubert 1997:99).

In Eksodus word die sabbatsgebod met die rus van die Skepper in verband gebring en in Deuteronomium gaan dit om die uittog en redding uit Egipte. Dit word ook met die verbondsluiting in verband gebring en die heilsdade van God is die norm vir die viering van die dag: omdat God op die sewende dag gerus het van sy skeppingswerk, *"waarbij de hele schepping mag staan in het teken van de uiteindelijke rust en glorie bij de voleinding"* en vanweë *"de exodus uit de slavernij, zodat ook de mensen die dienstwerk moeten verrichten in Israël"* moet dit gevier word. Op hierdie dag het die Israeliete opgehou met werk omdat hulle geglo het dat God op die sewende dag gerus het van al die werk wat Hy verrig het (vgl Gen 2:2,3; Eks 20:8-11) (Vrijlandt 1987:19).

Die Hebreeuse selfstandige naamwoord שַׁבָּת beteken "rus" en die Hebreeuse werkwoord שׁבת beteken *"rus, rus geniet, ophou met iets, en dan ook: die sabbat (d.i. die rusdag) vier"* (*"rest, cease"* in Engels). Dit gaan hier nie bloot om ontspanning nie, maar om 'n dag waarop, om godsdienstige redes, van die daaglikse roetine van werk gestaak word (vgl Robinson 1980:33-42). In Eksodus 31:15 verskil die woord wat vir

rus gebruik word van die een wat in 20:11 gebruik word en kan dit ook met "asem skep" vertaal word. Die naam van die dag verwys nie na die "sewende dag" nie, maar na die "rusdag." Die ritme van arbeid en rus wat hier vereis word, behels die voortgesette herinnering aan die skepping en die verbond wat albei op God se inisiatief plaasgevind het. Daarmee word beklemtoon dat die nakoming van die sabbatsgebod in direkte verband staan met die herinnering aan die Here se groot dade van die verlede en dit is ook 'n element van die verbond (Durham 1998; De Vaux 1984:475-483). Dit is opvallend dat die gebod positief geformuleer is en die bedoeling van die gebod is nie om 'n juk op hulle skouers te plaas nie, maar om verligting te bied.

Daar word in die sabbatsgebod nie presies uitgespel wat "werk" (עבדה) is en wat nie. Ses dae word gegee vir *"business as usual"* en die voorskrif vir die dag is eenvoudig dat die alledaagse aktiwiteite op die sewende dag gestaak moet word en dat al die lede van die volk in gewyde byeenkomste bymekaar moet kom: geen mens of dier mag werk nie. In die byeenkoms word God gedien en met offers geëer, terwyl daar na sy wet en voorskrifte geluister word. Die res van die dag word gebruik om asem te skep en uit te rus vir die week wat voorlê (De Vaux 1984:475-483; Durham 1998; Keil & Delitzsch 1986:217; Vrijlandt 1987:19).

Die positiewe perspektief van die vierde gebod word gevind in die bevel זכור wat met "sorg" of "gedenk" (in Engels: *"observe without a lapse" or "hold as a present and continuing priority"*) vertaal word (Keil & Delitzsch 1986: 217). Volgens Landman (1995: 19-21) beteken die term meer as om net terug te kyk in die verlede en dan veral na wat God in die verlede gedoen het. Dit beteken om nogeens terug te dink daaraan, om *"in sigbare tekens en dade te laat geld, voelbaar te maak. Die een keer is dit reddend of beswerend (dus ingrypend in die bestaande situasie), die ander keer werend en heiligend (dus die lewe strukturerend), maar altyd het dit 'n invloed op die hede. By die menslike subjek geld: deur te gedenk het mens ook werklik deel aan dit wat mens gedenk"* (vgl ook Barnard 1997:100-101; Durham 1998; Hasel 1992:849).

In die Deuteronomiumweergawe (5:1,12), sowel as in die Samaritaanse Pentateug, kom die term שׁמור voor en nie זכור nie. שׁמור beteken "bewaar", "onderhou", "let op", "ag gee", met ander woorde: *"sorg dat daar van dit wat bewaar moet word, niks verlore*

*gaan nie en dat daar niks in binnedring nie ... Die goeie daarbinne hou en die kwade daarbuite"* (Barnard 1997:101; vgl Keil & Delitzsch 1986: 217). Beide Noth (1962:164) en Andreasen (1972:83) maak 'n saak daarvoor uit dat hierdie twee werkwoorde, in hierdie konteks, dieselfde beteken. Volgens Childs (1962:55) het die Deuteronomis זכור met שׁמוֹר vervang *"because of a particular theology of remeberance."* Die onderhouding van die sabbat is nie net om dit wat in die verlede gebeur het - dit wat God in die verlede gedoen het - vas te hou en dit opnuut toe te eien nie, maar om dit as 't ware opnuut te beleef en te herbeleef; om dit te *"re-enact"* (Durham 1998; Hasel 1992:849).

Die uitgangspunt van die gebod is dat die sabbatdag die hoogtepunt van die skeppingsverhaal (Gen 1:1–2:4a) is en nie die skepping van die mens nie (vgl Von Rad 1987:46-67; Westermann 1987:18-47; 74-177). Die nakoming van die sabbatsgebod herinner aan wat God se prioriteite met die skepping was, naamlik dat alles geskape is om in Hom rus te vind. Die heiligheid van die sabbat impliseer dat die dag afgesonder moet word vir die Here en aan Hom gewy moet word. Almal is by die nakoming van die gebod betrokke en die dag moes streng onderhou word (Rowland 1982:44-45). Die sabbat was so 'n belangrike onderwerp dat daar nie net telkens bepalings daaroor gegee is nie, maar dat selfs bepaal is dat ongehoorsaamheid aan die sabbatsgebod die doodstraf waardig is (vgl Jub 2:25-27). In Numeri 28:9-10 word dan ook bepaal dat daar by die tempel op die sabbat tweekeer soveel offers as op ander weeksdae gebring moes word. Die brandoffer, dankoffer en sabbatsoffer is op hierdie dag aan die Here gebring en diere sonder liggaamsgebrek is geoffer.

Ná die ballingskap is die sabbat op die sewende dag strenger gehou. Dis tragies dat *"Proscriptions and prescriptions multiplied to such an extent in the course of time that the Rabbis themselves had to devise ways and means to circumvent their own directives without formal violation"* (Budd 1991:181). Die strewe van die Israeliete om deur die onderhouding van die sabbat te toon dat hulle die Here liefhet en sy verbond onderhou, het in 'n genadelose wet ontaard. Dit is ook duidelik dat die konteks van die sabbat aanvanklik 'n dag van rus was, maar dat dit uiteindelik 'n tuiste gevind het in die kultus en daarmee saam in die erediens en die tempel (Barnard 1997:105-109,117; De Vaux 1984:475-483; Heinisch 1955:232-233; Vrijlandt 1989:18; vgl Gispen e.a. (reds) 1975:556-557; Human 1999:183; Van Schalkwyk 1989:181; Venter 1999:146).

Tydens die ballingskap moes die onderhouding van die sabbat en daarmee saam die besnydenis en die voedselgebruike die Jode van hul heidense bure onderskei en vir hulle die belewenis van 'n nasionale identiteit bied. Antiogus IV Epifanes het dan ook besnydenis en sabbatonderhouding verbied in 'n poging om die Joodse godsdiens te vernietig. Die viering van die sabbat het egter as gebruik oorleef en neem steeds 'n sentrale plek in die lewe van Jode in (Auf der Mauer 1983: 27,29; Bakker 1996:73-74; Bieritz 1988:33-35).

### 3.3.1.1.2 Die Fees van die Nuwemaan

Die eerste dag van die maand (וראשי חדשיכם = *"op julle nuwemaansdae"*) wat met die fases van die maan saamgeval het, was 'n feesdag (Num10:10; 28:11; 1 Sam 20:5, 24-27; Jes 1:13-14; Hos 2:10; Am 8:5). Hierdie feesdag word ook gereeld saam met die sabbat en die ander feesdae genoem (vgl 2 Kon 4:23; Jes 1:13) (vgl Braulik & Lohfink 2003:37-40). Aan die einde van elke week het die Israeliet God gedank vir die seëninge wat hy gedurende die week ontvang het en aan die begin van elke nuwe maand het hy God se beskerming vir die komende vier weke afgesmeek. Israel het nie die maan aanbid soos ander volke nie, maar eer aan die Here gegee (Deut 17:3). Anders as die ander kleiner feesvierings, word hierdie fees per definisie elke maand gevier en het dit 'n vaste liturgie vir die viering daarvan (Wood & Gryn 1988:206). Volgens Beckwith (1996:4-5) kan afgelei word dat die fees van sononder tot sononder strek, aangesien die sekel van die nuwemaan sy verskyning altyd net na sononder maak. Hierdie vermoede word bevestig in die Misjna: *"The beginning of each month was proclaimed when the new moon was sighted in Palestine, and the Mishna relates how messengers went out from Palestine to Syria to announce that the new moon of Nisan, the month of the Passover and the first month of the year in the festal calendar, has been sighted"* (Beckwith 1996:62; vgl ook :278-280; Rosh ha-Shanah 1:4; 3:1).

Alhoewel dit nêrens in die Pentateug as 'n rusdag voorgeskryf word nie, blyk dit dat hierdie dag vir hulle wel 'n heilige dag, maar ten minste 'n dag van rus en vreugde was. Daar word in Amos 8:5 selfs geïnsinueer dat die handel op die dag van die nuwemaan, net soos op die sabbat, veronderstel is om stil te staan. Die daaglikse offers vorm die grondslag vir die hele offerstelsel en op hierdie dag (elke maand) is verskeie offers, soos vuur-, graan-, brand-, wyn- en diereoffers, gebring (vgl Num 10:10; Lev 23:23-25

en Eseg 46:6,7 waar dit anders aangedui word, asook Heb 10) (Budd 1998; De Vaux 1984:469-470; Keil & Delitzsch 1986:54-55, 220). 'n Baie groot brandoffer is op hierdie dag gebring (vgl Human 1999:183). In die loop van die geskiedenis was daar veranderings wat betref die voorwerpe wat geoffer moes word. In die vroeë tyd was daar ook spesiale maaltye en gesinsofferandes (1 Sam 20:5, 24) en die mense het, soos op die sabbat, byeengekom vir lering by 'n plek van aanbidding of soms aan die voete van 'n profeet (2 Kon 4:23). Tydens die fees het priesters op trompette geblaas (in kort, skerp tone) om Jahwe aan sy mense te herinner en om Hom te smeek om hulle belange ter harte te neem, *"granting them the forgiveness of their sins and power for sanctification, and quickening them again in the fellowship of His saving grace"* (Budd 1991:181; vgl Gispen e.a. (reds) 1975:478; Heinisch 1955:233).

Die fees het 'n baie vroeë oorsprong en tekens dui daarop dat dit steeds aan die einde van die Ou-Testamentiese era gevier is. Dit het later as die Nuwejaarsfees gedien. In die NT word ook melding gemaak van die nuwemaan as feesdag, wat die Judaïste o.a. aan die Christene uit die heidendom wou opgedring het, net soos hulle dit met die sabbat wou gedoen het (vgl Kol 2:16 en Gal 4:10). Volgens Kahmann (1988:43) word hierdie fees nog na die Babiloniese ballingskap en tot in die apostoliese tyd gevier. Teenswoodig vier die Jode egter nie meer hierdie fees nie, maar in die ortodokse Jodedom word daar steeds 'n spesiale gebed aan die verskyning van die nuwemaan gewy. Dit is ook 'n gebruik om op hierdie dag 'n verkorte vorm van Psalm 113-118, wat deel is van die feesliturgie, saam met Psalm 104, wat op die verheerliking van God se skoonheid, majesteit en wysheid ingestel is, te resiteer (Wood & Gryn 1988:206).

#### 3.3.1.1.3 Die Paasfees

Volgens Bloch (1978:12) is dit duidelik dat die Bybelse gegewens oor die jaarlikse paasfeesviering bedoel is om te dien as *"a permanent reminder of the crucial period in the early formative years of the Jewish people."* Die eerste woorde van die Here aan die begin van die Dekaloog, *"Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny bevry het"*, proklameer God se verbintenis met die uittog en die belangrikheid van vryheid in die Judaïsme (Wood & Gryn 1986:179). *"In seinem Kern geht dieses Fest auf ein Hirtenfest zurück, das mit dem Weidewechsel im Frühjahr in Zusammenhang stand"* (Bieritz 1988:40; vgl Braulik & Lohfink 2003:13; 16-17).

Op 14 Nisan - met lente aan die begin van die landbou kalenderjaar - en met die fees van die ongesuurde brode wat die week direk daarop volg (15-21 Nisan) is die uittog en verlossing uit Egipte herdenk (Eks 12:1-14; Lev 23:5; Num 9:1-14; 28:16; Deut 16:1-7). Die bepalings vir die paasfees kombineer hierdie twee ou feeste, naamlik die paasfees self en die fees van die ongesuurde brode (Gunstone 1979:197). Die Hebreeuse woord פסח (*"pesach"*) wat "om te spaar" of "verbygaan" beteken, is die oorsprong van die Griekse woord πάσχα ("pasga") waaruit die naam "Paasfees" afgelei is. Dit is ook die naam van die offerdier wat geslag word op die veertiende dag van Nisan en geeët word teen die einde van die dag of kort na sononder, of te wel die aanduiding van die begin van die vyftiende dag van Nisan. Die woord פסח is ook al in verband gebring met die Hebreeuse woord wat "beskerm" (Jes 31:5) of "mank (loop)" of "huppel" (2 Sam 4:4; 1 Kon 18:21, 26) beteken, asook met die stamme van woorde in ander tale soos die Akkadiese *paššahu* ("maak sag", "soepel", "versag", "tot bedaring bring" / "tevrede stel"), die Egiptiese manlike partikel gevolg deur *sh*ʾ ("herdenking"), of ʾ*sh* (*"poseh"*) ("die oes") of *fsh* ("van mekaar skei") (Bokser 1992:755; Stacey 1979:98-99; vgl ook Segal 1963:96-101; Sarna 1986:86-87).

Dit blyk dat die feesviering deur ses ontwikkelingsfases gegaan het. Aanvanklik het die paasfees en die fees van die ongesuurde brode onafhanklik van mekaar gefunksioneer. Daarna, is dit volgens die Bybelse gegewens saamgevoeg voordat dit omskep is in aspekte van 'n pelgrimsfees en later in status verhef is tot nasionale feesviering-geleenthede. In die Nuwe Testamentiese tyd en die vroeg-Christelike era, sowel as in die Rabbynse refleksie daarna, vind verdere hervorming plaas (Bokser 1992:756; vgl ook :756-764). Vroeër was die paasfees meer 'n familiefees wat tuis gevier moes word, soos voor die uittog uit Egipte, maar in Deuteronomium is dit egter 'n fees by die sentrale heiligdom, wat aanpas by nuwe omstandighede in die beloofde land. Josua 5:10-12 beskryf die eerste viering van paasfees op hierdie manier in die land Kanaän, by Gilgal (vgl ook die tyd van koning Hiskia, 2 Kron 30:1-27 en Josia, 2 Kron 35:1-19). Dit blyk dus dat die paasfees eers aan huis en later by sentrale heiligdomme, maar uiteindelik in Jerusalem gevier is. Met die landsinname (Jos 5) is die fees op die vlaktes van Jerigo gevier, maar in die onderhoudings deur Hiskia (2 Kron 30:1-27) en Josia (2 Kron 35:1-19) is die tempel in Jerusalem as die geskikte plek daarvoor beskou (Braulik & Lohfink 2003:16-17; Stewart 1962).

Volgens Braulik en Lohfink (2003:13; 27-31) het die Ou-Testamentiese paasfees *"die ganze "kanonische" Geschichte Israels gefeiert wie sie zum Beispiel vom "kleinen historischen Credo" in Dtn 26,5-10 zusammengefaßt wird."* Volgens die Israeliete, het die Here hulle gedurende 'n nag in die maand Abib verlos deur hulle uit Egipte te laat trek. Daarom moes hulle dié maand onthou en Paasfees vier tot eer van die Here. Die paasoffer mag nie in enige van hulle woonplekke gebring word nie, maar op die plek wat die Here sou aanwys, die plek waar Hy sou kies om sy Naam daar te laat woon. Sodoende het 'n ou huisfees 'n gemeentefees geword. Dáár moes hulle uit hulle kleinvee of grootvee die paasoffer vir die Here bring, wat geëet moes word. 'n Lam is in elke huis geslag met allerlei rituele wat daarmee gepaardgaan (soos die eet van ongesuurde brood) en wat vir die hele week voortduur, as herinnering - hulle hele lewe lank - aan die bloed van die lammers op die deurkosyne in Egipte sodat die doodsengel daardie huis moes oorslaan. Die vet en bloed is verbrand en die vleis weer teruggeneem huis toe om gebraai te word. Die vader van die huis het dan 'n vaste ritueel gevolg waarin almal aan die uittog en sy voorskrifte herinner is. Die jongste lid het vrae hieroor gevra wat die vader geantwoord het. Ongesuurde brode, bitter kruie en sous het die haas om weg te kom uit die swaarkry in Egipte gesimboliseer en het herinner aan die haas om te trek toe die deeg nie nog eers kon rys voordat dit gebak is nie (vgl Eks 12:11) (Sanders 1992:132-138; Stander & Louw 1990:359-360). Die eerste en laaste (agtste) dag van Paasfees is 'n gewyde byeenkoms wat die ander dae as 't ware omraam het. Vir die viering van hierdie (en die twee ander groot) feeste moes die Israeliete mettertyd na die sentrale heiligdom gaan waar verskeie offers gebring is. Die feeste het 'n nuwe betekenis verkry binne die nuwe opset van die volk in die beloofde land (Bieritz 1988:40-42; Hartley 1998; Vrijlandt 1978:17-18; vgl ook Bosman 1999:109; Human 1999:183-184).

Die paasoffer en die gepaardgaande maaltyd was die hoogtepunt van Paasfees (De Vaux 1984:488; vgl Schmidt 1983:119-123). Dit moes geskied in die aand (op 14 Nisan), teen sononder. Hulle moes dit braai (die oudste manier van vleis gaarmaak) en eet in die bepaalde plek. Die volgende dag moes hulle teruggaan huis toe. Dáár moes hulle die volgende ses dae nog ongesuurde brood eet en op die sewende dag saamkom tot eer van die Here. Soos op die eerste dag van die fees (vgl Num 28:18) mag hulle op dié dag geen werk verrig nie. In Eksodus word gesê dat die offer 'n lam moes

wees, terwyl in Deuteronomium ook 'n bees genoem word. Die latere Jode het 'n onderskeid gemaak tussen die voorskrifte wat net vir die pasga in Egipte geldig was en dié wat vir altyd geldig bly. Die bepalings dat die lam op die tiende dag uitgesoek moes word, dat die huise met bloed bestryk moes word en dat die voedsel in reisklere en in haastige angs geëet moes word, het in die slag gebly. Die ritueel rondom die besnydenis is ook mettertyd aan die paasfees verbind. Albei simboliseer gehoorsaamheid aan, asook die verbond met die Here. Volgens Eksodus 12:48 mag geen onbesnede Jood aan die paasfees deelneem nie (Bieritz 1988:41; Bloch 1978:104-108; vgl 101-166; Hartley 1998; Petuchowski 1987:22-35; Sanders 1992: 132-138).

'n Aantreklike verklaringsmoontlikheid vir die herkoms vir die paasfees, lê in 'n rituele gebruik wat by antieke Arabiere voorkom. Hiervolgens het skaapwagters (soos die nomade en semi-nomade) die rituele gebruik gehad om in die lente 'n jong dier te slag om vrugbaarheid en voorspoed vir die trop te verseker. Die doel daarvan om bloed teen die deurkosyne (oorspronklik, teen die tentpale) te smeer, was om bose magte, die המַשְׁחִית (*"mashhît"* = Uitroeier / Vernieler), wat in die Jahwistiese tradisie genoem word (Eks 12:23) en waarskynlik ook in die Priestertradisie voorkom (vgl Eks 12:13, alhoewel dit 'n verwronge teks is) weg te weer. Wat gewig aan die teorie verleen, is onder andere dat daar nie 'n priester teenwoordig is nie en ook nie 'n altaar voorkom nie en dat die gebruik van bloed uiters belangrik is. Uit verskeie gegewens blyk dit ook dat die paasfees terugdateer na die tyd toe die Israeliete nog nomade was. Dit was waarskynlik die Israelitiese weergawe van die lentefees wat deur al die Semitiese nomade gehou is, maar met 'n nuwe betekenis daaraan verleen. Vir die oorsprong van die paasfees is daar ook al verwys na Asirië, Babilonië, Kanaän, Egipte, Fenisië en die Hetiete, maar die fees van die ongesuurde brode is eers in Kanaän gevier. Hoe dit ook al sy, die paasfees is waarskynlik die mees prominente en oudste fees in Israel en dit het onafhanklik van die Eksodus-tradisie ontwikkel totdat dit die fees van die nuutgebore lammers in die lig van die tiende plaag, die dood van die eersgebore Egiptenare, geïnterpreteer het (De Vaux 1984:488-489; Gispen e.a. (reds) 1975:500; West 1981: 164-165).

Ook McKay (1972:435-447) vermoed dat die paasfees se verband met die lentenagewening sterker is as met die maankalender soos wat dikwels voorgestel word. Daar moet egter altyd versigtig omgegaan word met etimologiese verklarings.

Volgens Schmidt (1983:122) gaan dit in die paasfees daaroor dat die goddelike oordeel by Israel verbygegaan het, maar het die fees sy oorspronklike betekenis verloor, *"for it no longer conveys protection through its own power. The rite as such does not achieve anything, no longer gives any magical guarantee. The blood on the doorposts is only a sign (Exod 12:13P) of God's passing by, as the rainbow and circumcision are signs of the covenant (Gen 9:13; 17:11P)."* Hierin word aangesluit by Bieritz (1988:41-42) wat skryf: *"Der Auszug aus Ägypten ist nicht nur ein Ereignis der Vergangenheit, sondern dauert heute noch an: Das Volk ist noch auf dem Weg. Und immer neue Generationen schließen sich diesem Weg an, treten in diese Geschichte ein, erfahren die Befreiung als ein gegenwärtig wirksames Geschehen."* Dit word verder onderstreep daardeur dat die fees steeds in Jesus se tyd - en deur Homself ook - gevier is.

**3.3.1.1.4 Die Fees van die Ongesuurde Brode**

Hierdie fees volg direk op die paasfees en het sewe dae geduur (15-21 Nisan) tot die aanbreek van die pinksterfees (vgl Braulik & Lohfink 2003:37-40). As landboufees het dit oorspronklik saamgehang met die begin van die graanoes (wat ook die begin van 'n nuwe siklus in die natuur aangedui het), maar mettertyd word dit deel van die paasfees en die herdenking van die verlossing uit Egipte (vgl Eks 12:15-20; 13:3-10; Lev 23:6-8; Num 28:17-25) (vgl Bokser 1992: 756-764; Durham 1998; Kahmann 1988:36). Deur hierdie herdenking is die fees gevier asof dit in Egipte self plaasvind en die fees is ook afgesluit met die woorde van die teks van die tradisionele Paasfeeshuisliturgie: *"Volgende jaar in Jerusalem"* (Braulik & Lohfink 2003:40; Stacey 1979:99).

Die fees het plaasgevind *"in die maand van die groen graan"* (חדשׁ האביב), die tyd waarin die graan wat in die vroeë winter geplant is, geoes is. Die "groen graan" verwys waarskynlik na die graan self, maar dit kan ook verwys na die groeiende koring wat veronderstel is om sewe weke later geoes te word, of na albei (Durham 1998). Die fees is een van die pelgrimsfeeste en alle manlike persone moes dit volgens die ouer wetversamelings bywoon (Budd 1996:320).

Die sewe weke van die oesfees het begin op die oomblik wat die eerste sekel geslaan is om te begin oes (vgl Deut 16:9) en dit was verkeerd om voor Jahwe te verskyn met

leë hande. Daarom is, na die sabbat wat die agt dae ingelei het, die eerste opgebinde gerwe van die nuwe oes na die heiligdom gebring en is plegtige danksegging gedoen vir die seëninge wat op die lande uitgestort is en is ook gebid dat die oes wat nou begin suksesvol afgehandel sou word. Na afloop van die pasga, moes hulle die volgende ses dae nog ongesuurde brood (מצות = *"massôt"*) eet en op die sewende dag saamkom tot eer van die Here. Soos op die eerste dag van die fees mag daar op hierdie dag geen werk verrig word nie (Budd 1996:318-322; Durham 1998).

Die brood wat tydens die fees geëet word, word van vars gemaalde garsmeel gemaak sonder enige suurdeeg. Dit verteenwoordig die begin van die nuwe jaar en die nuwe tydperk wat voorlê. Alles wat oud is, word weggehou en die brood word gemaak sonder enige bestanddele uit die vorige oes. Ongesuurde brode het herinner aan die haas om te trek toe die deeg nie nog eers kon rys voordat dit gebak is nie en saam met bitter kruie en sous die haas om weg te kom uit die swaarkry in Egipte gesimboliseer (vgl Eks 12:11). Mettertyd is die suurdeeg ook in verband gebring met onreinheid. Daarom mag daar vir die duur van die fees in die hele gebied geen suurdeeg wees nie. Van die vleis wat op die eerste aand geoffer word, mag daar niks oorbly tot die volgende môre nie (Bokser 1992:755-764; De Vaux 1984: 490-493; Otto & Schramm 1977:19-36; vgl ook Bosman 1999:109; Stander & Louw 1990:360; Van Rooy 1999:214).

Hierdie fees, wat waarskynlik aan die Kanaäniete ontleen is, het saam met die fees van die weke die afsluiting van die ou oes en die aanbreek van die nuwe een gemerk en was maar eintlik die voorbereiding vir die pinksterfees, wat die eintlike fees was vir die viering van die eerstelinge van die oes. *"The association of this festival with the remembrance of exodus deliverance, as also the association of a spring lambing festival with that same deliverance by means of the Passover, was a remarkable contribution of Israel's religious leaders"* (Durham 1998). Dis onseker of die verband wat tussen hierdie fees en die paasfees gelê is te doen het met die hervorming van Josia en of dit reeds vroeër bestaan het (Budd 1996:318; Otto & Schramm 1977:19-36).

### 3.3.1.1.5 Die Fees van die Weke of Pinksterfees

Die tweede groot jaarlikse pelgrimsfees, "die fees van die weke" (חג שׁבעת), letterlik die "fees van die afsny" (חג הקציר), staan ook bekend as "die fees van die oes" (Eks 23:16) of "die dag van die nuwe oes" of "die dag van die eerste vrugte" (יום הברכוים)

(vgl Num 28:26) en was 'n vreugdevolle geleentheid weens die nuwe oes, maar ook omdat dit teruggekyk het na die verlossing uit Egipte (vgl Braulik & Lohfink 2003:37-40). Dit is vytig dae na die begin van die graanoes (en dus ook 50 dae na die paasfees), m.a.w. die dag waarop die eerste gerf gars gesny is wat na die tempel toe gebring moes word as beweegoffer, gevier as dankdag vir seën op die oes. Presies sewe weke en een dag nadat die graan begin oes is, moes die fees begin (Deut 16:9-12) en dit moes herinner aan die feit dat Israel in Egipte 'n slaaf was.

Die naam "pinksterfees" hang saam met die getal vyftig (Eks 23:16; Lev 23:9-21; Num 28:26-31) en die sewe weke plus een dag gee vyftig dae wat in die Griekse vertaling van die OT met die woord πεντηκόστη (*"pentekoste"*) weergegee is waaruit die naam "Pinkster" afgelei is. Dit is ook die naam wat aan die fees gegee word in die Griekse tekste van die apokriewe boeke Tobit en 2 Makkabeërs, asook in die geskrifte van Josephus (Ant III.10.6; XIII.8.4; XIV.13.4; XVII.10.2; JW I.13.3; II.3.1; VI.5.3), Philo (Decal 160; SpecLeg II.176) en die NT (Hand 2:1; 20:16; 1 Kor 16:8) (Vanderkamm 1992b:895; vgl Schmidt 1983:123-124). Die fees self, wat in wese 'n landboufees was, was 'n eendaagse fees wat in die middel van die koring- en die einde van die garsoes as 'n dankseggingsoes gevier is, maar later het dit die pinksterfees geword wat sewe volle weke geduur het en 'n vaste instelling moes wees.

Petuchowski (1987:47) skryf hieroor: *"De verlossing uit de egyptische slavernij bracht de bevrijding van het lichaam. Maar dat is nog niet alles, De mens moet ook geestelijk vrij zijn, vrij van het bijgeloof en de angst die het heidendom teweegbrengen. Deze geestelijke bevrijding viel Israël pas bij de berg Sinaï ten deel, toen God het volk de Tora schonk."* Hy haal ook vir rabbi Josua ben Levi aan wat (in die derde eeu) gesê het: *"De waarlijk vrije mens is iemand, die zich met de studie van de Tora bezighoudt"* (vgl Mishna Avoth VI:2). Die element van bevryding onderskei Pinkster van Pasga: *"On Passover one dwelt on the oppression and slavery of the past. In the seven weeks which followed, one was busy harvesting barley and wheat. On Shavuot the Jewish farmer could pause to give voice to his joy in his current prosperity. The emphasis was on the present rather than the past"* (Bloch 1978:183; vgl ook Braulik & Lohfink 2003:37-40).

Die fees moes tot eer van die Here gevier word, as erkenning van die voorspoed waarmee Hy hulle geseën het en 'n vrywillige offer moes vir Hom gebring word (Durham 1998; Fensham 1989:97). God is gedank en geprys as Besitter van die land en Gewer van reën en vrugbaarheid van die grond, asook die Een wat die opbrengs van die land gee. Eerstelingvrugte uit die nuwe oes is geoffer en dit was nie so beskeie as dié aan die begin van die oes nie. Die dank het veral om twee brode gedraai: 'n klein stukkie is ge-oes en die graan is gemaal om in twee brode gebak te word. Dis dan in die lug geswaai om dank te betuig op 'n wyse wat hulle gemeen het die Here so makliker sal raaksien. Die brode kon suurdeeg inhê, want dit is nie op die altaar verbrand nie, maar as beweegoffer aangebied en dan deur die priesters geëet. Hiernaas moes daar ook diere geoffer word as gewyde gawe aan die Here (Lev 23:18-19). Nadat die twee brode aangebied is as "eerste vrugte", het 'n tydperk begin waartydens individue hulle offers van "eerste vrugte" na die tempel gebring het. Elke gesin was vir sy eie viering verantwoordelik vir twee brode en twee jaaroud lammers, tesame met die ander brood wat saam met 'n maaltydoffer gebring moes word. Die fees is afgesluit met offermaaltye waarheen ook die armes en vreemdelinge in die gemeenskap genooi moes word, aangesien die hele gemeenskap moes deel in die vreugde wat God gegee het en die fees met blydskap vier in die teenwoordigheid van die Here (Deut 16:9-12) (Bloch 1978:179-189; Budd 1996:318-322; Hartley 1998; Petuchowski 1987:36-48; Sanders 1992:138-139; vgl ook Kloppers 1989: 212; Stander & Louw 1990:360).

Die fees, wat waarskynlik van die Kanaäniete geleen is, is aanvanklik deur gevestigde boere gevier en is eers wyd gevier na die vestiging in Palestina. Dit het 'n vaste datum ontvang toe die priesters dit aan die fees van die ongesuurde brode gekoppel het. Die ontvangs van die wet by Sinaï, wat tydens die fees herdenk word en die koppeling wat met die verlossingsgeskiedenis gemaak is, naamlik die verbond tussen God en Israel, is eers baie laat, in die tydperk van die tweede tempel, gemaak (Jub 6:1-21; 14:1-20; vgl Schmidt 1983:124; Stacey 1979:100). Die ortodokse Jode het dit as so sekondêr beskou dat hulle dit selfs uit hul kalender (vgl Eseg 45:18-25) gelaat het. Mettertyd het die fees sy landboukundige betekenis verloor en *"By stressing the anniversary of the Law, the rabbis linked Shavuot with the survival of Judaism rather than with the Jewish land, and thus gave the festival a new and broad perspective."* Na die vernietiging van die tempel moes die Joodse godsdienstige lewe weer geleidelik opgebou en versterk

word, *"... The Jewish credo, its hope and aspirations, had to be restated ..."* (Bloch 1978:185). Die Koemran sekte "die gemeenskap van die Nuwe Verbond" het die verbondsvernuwing hiermee gevier (Bieritz 1988: 42; De Vaux 1984: 493-495; Hartley 1998; Schmidt 1983:123-124). Die fees is ook beskou as 'n jaarlikse vernuwing van die verbond tussen God en Noag (Jub 6:17) en in die latere Judaïsme word die Sinaïtiese verbond (wat volgens Eksodus 19:1 in die derde maand, Sivan, gegee is) tydens die Fees van die Weke gevier (Stacey 1979:100).

Eintlik is die fees in vele opsigte ontuis tussen die heilige dae in die Hebreeuse Bybel, aangesien daar nooit 'n vaste datum daaraan toegeken is nie, dit nooit aan enige van die groot gebeurtenisse in die geskiedenis van Israel verbind is nie (sien egter Deut 16:12) en dit nooit op die naam genoem word nie, behalwe in kultiese feeslyste (Eks 23:16; 34:22; Lev 23:15-21; Num 28:26-31; Deut 16:9-12 en 2 Kron 8:13). Die fees word slegs eenmaal in die historiese geskrifte genoem en dit is opvallend dat Esegiël - soos hierbo reeds gestel - dit nie opneem in sy kalender vir die herstelde gemeenskap nie (Eseg 45:18-46:7). Dit is egter duidelik dat die fees vir verskeie groepe belangrik was, aangesien dit in verskeie na-Bybelse geskrifte (die Targum, Kronieke en Jubileë) dikwels gekoppel word aan gebeurtenisse in Israel se geskiedenis en daar ook verskeie datums aan toegeken word (Vanderkamm 1992b:896). Die pinksterfees is 'n belangrike deel van die teologie van die Sadokiete (Bowman 1955:71) en dit is beskou as 'n gepaste tyd vir openbaring en daarom ook as die ideale tyd vir verbondsluiting en -vernuwing. Dit het dan ook gedurende die derde eeu die fees van die neerdaling van die Heilige Gees en van die Nuwe Verbond geword (Van Goudoever 1961:279). Vandag word die Joodse verbondsopvoeding tydens die fees versterk en in sommige gemeentes word Joodse tieners wie hulle formele lesse as kinders afgehandel het kollektief op eervolle wyse gehuldig (Wood & Gryn 1988:184).

#### 3.3.1.1.6 Die Nuwejaarsfees

Die eerste dag van die maand Tisjri het die nuwe jaar ingelei en moes 'n sabbatsrusdag en 'n feesdag met offers en ramshoring- / trompetgeskal wees (Lev 23:23-25; Num 29:1-11). Die fees word tydens die herfsseisoen gevier en was die eerste van die reeks herfsfeeste (Num 29:1-6) (vgl Braulik & Lohfink 2003:12). Vandag is dit die Joodse

Nuwejaarsdag (רֹאשׁ הַשָּׁנָה = *Rosh Hashanah* = Roosj Hasjana). Dit is ook "die fees van die trompet" (תְּרוּעָה = letterlik *"trompetblaas"*) genoem en is, as die dag van die Nuwe Jaar en die Groot Oordeel, die tweede mees heilige dag op die Joodse godsdiestige kalender: *"Yet its solemnity is hardly evident to a casual reader of the pertinent biblical texts"* (Bloch 1978:13, 19). Die naam רֹאשׁ הַשָּׁנָה is aan die dag gekoppel na die terugkeer uit die Babiloniese ballingskap. Tisjri is die eerste maand op die Babiloniese kalender en die Jode het dit mettertyd ook as sodanig beskou. Die rabbynse interpretasie van die betekenis van die dag het dit uiteindelik inslag laat vind (Budd 1996:322-324).

'n Gewyde byeenkoms en feesvreugde het die dag gekenmerk. Soos by die nuwemaan, pasga en wekefees is die beste aan die Here gegee: beeste, bokke en skape sonder liggaamsgebrek is geoffer en brand-, graan- en sondeoffers is gebring. Op hierdie feesdag word egter slegs een in plaas van twee bulle geoffer. Vandag dui dit vir die Jode die skepping van die heelal aan (die verjaarsdag van die wêreld) en word dit beskou as 'n oordeelsdag vir die hele mensdom. Hierdie feesdag is in die Israeliete se kalender ingevoeg om die komende feestyd, 'n tydperk van tien dae waartydens self-ondersoek gedoen word met die klem op spiritualiteit en moraliteit, in te lei. Daar word ook gebid dat die nuwe jaar 'n goeie ene sal wees (Wood & Gryn 1988:193-196).

Volgens Hartley (1998) is die vermoedens dat hierdie feesviering in die Israeliete se kalender ingevoeg is sodat die Jode 'n fees kon hê wat korrespondeer met die Babiloniese nuwejaarsfees waarin Jahwe se teofanie teenoor Marduk se troonbestyging gestel word, asook die standpunt dat dit egter in die herfs, 'n halfjaar verwyder van die Babiloniese fees, geplaas is sodat dit enige mitologiese beïnvloeding kon vermy, onjuis. Hierdie feesviering word nêrens in die OT iets soos "Nuwejaarsdag" genoem nie en nie Josephus of Philo (SpecLeg XI:188) sluit 'n nuwejaarsfees in hul kalenders in nie. Daar is ook geen verder spore van so 'n fees in die liturgiegeskiedenis nagelaat nie. Hierdie hoë dag is eerder in die kalenders van Levitikus 23 en Numeri 29 ingesluit as 'n dag van voorbereiding vir die belangrike feeste wat daarop volg in die sewende maand (Auerbach 1958:338-341). Dit was 'n algemene verskynsel by antieke volke om die jaarlikse siklus met 'n dag van verootmoediging te begin. Daar word ook vermoed dat die omskakeling van 'n lunêre na 'n solêre kalender - wat tien dae langer is - hiertoe

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

gelei het, aangesien die term ראשׁ השׁנה wat slegs in Esegiël 40:1 voorkom eintlik na 10 Tisjri verwys. Sodoende is die eerste tien dae van Tisjri as "buite die kalender" beskou en het dit dae van boetedoening geword (vgl Bieritz 1988:43; Clines 1974:628; De Vaux 1984:459-463, 502-503; Klein 1992:138-139; Kraus 1966:67-68; Snaith 1947:135; vgl ook Van Schalkwyk 1989:182). Hoe dit ook al sy, 1 Tsjri het die dag van die Nuwe Jaar geword in die Judaïsme, maar die redes hiervoor bly spekulatief.

Daar word vier Roosj Hasjana-dae in die Joodse jaar genoem: *"Nisan 1 for Kings (for the purpose of reckoning of years since the ascent of a king); Elul 1, for the tithing of animals; Tishri 1, for the civil calendar; Shevat 1, for the trees)"* (Bloch 1978:20-21; Wood & Gryn 1988: 171; vgl Rosh HaShanah 2a). Volgens Stacey (1979:100) was die nuwejaarsfees *"a rather mysterious feast"* en Petuchowski (1987:76) skryf hieroor: *"Onder de Joodse feestdagen is het samen met Grote Verzoendag het feest waarop het zuiver menselijke, het universalistische, het sterkst benadrukt wordt en het particularistische op het achtergrond treedt. Maar juis daarom is het misschien ook het meest 'Joodse' feest en heeft het om die reden nog steeds zoveel aantrekkingskracht dat zelfs de bijna verloren schapen van het huis Israëls naar de synagoge lokt om daar de geloofsgemeenschap der vaderen te belijden."*

#### 3.3.1.1.7 Die Groot Versoendag

Die Groot Versoendag (יום כפר = "Joom Kippoer") is op 10 Tisjri, vyf dae voor die huttefees, gevier en is 'n rusdag, 'n dag van vas, selfverloëning en verootmoediging vir die sondes van die afgelope jaar (Lev 16; 23:26-32; Num 29:7-11). Die heiligdom word gereinig van onreinhede en die volk se sondes word weggestuur op die sondebok (Wright 1992:72). Dit is 'n sabbat en ook die die heiligste dag op die Joodse kalender wat die tydperk wat met met die nuwejaarsfees begin afsluit. Albei hierdie dae is suiwer godsdienstige dae en beklemtoon geestelikheid, etiese optrede, moraliteit en heiligheid. Alhoewel dit eerder 'n dag van verootmoediging was en nie juis 'n feesdag soos die ander feeste nie, het dit tog ook die feestelike blydskap van versoening ingehou. Die versoendag begin op die aand van die tiende dag en duur tot die aand van die volgende dag. Die voorskrif om te vas en géén werk te doen nie, word sterk beklemtoon. Die fees hou o.a. 'n 25 uur lange vas in, asook die *Kol Nidrei* (*"al my geloftes"*)-diens wat voor sonop begin: *"Men vraagt God en elkaar vergeving"* hiertydens *"voor beloften die men niet nagekomen is"* (Vrijlandt 1989:19).

Daar is met offers versoening vir die volk se sondes by God gedoen. Daar is op hierdie dag brand-, graan- en sondeoffers gebring (en dus nie groot offers soos by van die ander feeste nie), aangesien die klem hier op die verootmoediging van die mens en nie op die offerhandeling as sodanig nie, was. Levitikus 16 beskryf hierdie dag in besonderhede. Daar moes hoofsaaklik twee handelinge uitgevoer word: eerstens moes al die dele van die heiligdom gereinig word van die onreinhede en sondes waarmee die priesters en die volk dit besoedel het. Die reiniging het vir hulle versoening bewerk, m.a.w. die saak van hulle onreinheid by God reggestel. Tweedens moes die sonde van die priesters en die volk "verwyder" word. Dit het ook versoening by God bewerk (Budd 1998; Hartley 1998; vgl Breytenbach 1989:132-133, 146; Human 1999:184).

Dit is as 't ware die klimaksdag van die hele Joodse jaar, die dag waarop die hoëpriester in die allerheiligste van die tabernakel en later die tempel ingegaan het om versoening vir die hele volk se sondes te doen. Alhoewel die Israeliete nie eers naby die Allerheiligste gekom het nie, is die uitgangspunt dat hulle onreinhede en sondes tot daar deurgedring het en dié deel van die heiligdom besoedel het. Gedurende die jaar het die priesters gedurig offers gebring vir die volk en individue, maar op hierdie dag moes die hoëpriester vir homself en vir die priesters in die eerste instansie versoening doen en dan ook vir die hele volk. So word alles weer volkome ritueel rein. Na die reinigingseremonie van die heiligdom (ooreenkomstig voorgeskrewe rituele handelinge) was daar die seremonie met die bok wat die woestyn ingejaag is. Daar is vooraf deur loting vasgestel watter een van die twee bokke vir die Here, met ander woorde as sondeoffer, en watter bok vir Asasel bestem was. Ons weet nie meer wat die naam "Asasel" beteken of aandui nie ( Hartley 1998). Wat die betekenis van die naam Asasel ook al was, die bedoeling van die seremonie is duidelik: dit was om versoening vir die Israeliete te bewerk. Dit is gedoen deur ál die oortredinge en opstandigheid, al die sondes van die Israeliete met belydenis en handoplegging op die bok oor te dra - net soos wat wysheid en gesag (Num 27:18–23; Deut 34:9) en seën (Gen 48:12–14) oorgedra kon word deur handoplegging en 'n toesegging (Lev 1:4) (Budd 1998; Hartley 1998; Stander & Louw 1990:361). Volgens Stacey (1979:101) was hierdie handeling *"a symbolic way of letting evil return to its source"* en is verwysings na die simboliek van hierdie dag in die NT onmiskenbaar.

Ooreenkomstig die kalender waarvolgens die nuwe jaar in die herfs begin het (vgl Eks 23:16; 34:22; Num 29:1-6), sou die versoendag die nuwe jaar inlui. Dít was waar-skynlik ook die oorsprong van hierdie dag omdat die bedoeling daarvan is om die nuwe jaar - of tydperk - "skoon" voor God te begin (Bloch 1978:24). Tradisonele verhale vertel, volgens Wood en Gryn (1988:196-199), van die Almagtige God wat vir tien dae lank as 'n regter in die hemel sit met 'n boek waarin al die dade van die mense in aange-teken is. As iemand meer goeie as slegte dade gedoen het, sou hy 'n goeie jaar met God se seëninge geniet het, maar as dit andersom was, sou daardie persoon nie God se guns geniet het nie. Indien 'n persoon se dade in die weegskaal was, is hy hierdie tien dae gegun om iets daaraan te doen. Volgens die Talmoed (Rosh HaShanah 16a), het alle mense voor God verskyn op hierdie dag. Die heilige God het volgens hierdie gebruik eenmaal per jaar aan sy volk die geleentheid gegee om voor Hóm nuut te begin: rein en met hulle sonde versoen (Bieritz 1988:43; Otto & Schramm 1977:70-76; Vine 1981; Wright 1992:72-72).

Sedert die tydperk van die tweede tempel het hierdie dag vyf dienste. Die laaste diens, wat die dag "saamvat", eindig met die eerste reël van die Shema: *"Luister, O Israel, die Here is ons God. Die Here is een"* en dan sluit dit af met die oorwinningskreet van Elia: *"Die Here - Hy is God!"* Hierna word die sofar geblaas om die einde van die feesvieringe aan te kondig. *"It was once the time when the temple gates where literally shut for the night. It is a closing of the gates of mercy - but not a closing out, a closing in. The mercy of God cannot now be lost"* (Wood & Gryn 1988:196-199).

### 3.3.1.1.8 Die Huttefees

Tydens die huttefees (חג הסכות) wat van 15 tot 22 Tisjri (in die herfs) gevier is en wat waarskynlik die oorspronklike nuwejaarsfees van die Israeliete was (vgl Bieritz 1988:42), het Israel by die sentrale heiligdom in tydelike hutte van takke en blare gebly (Eks 23:16; 34:33-36, 39-43; Num 29:12-38; Deut 16:13-16; vgl ook Neh 8:14-19; 1 Kon 8:2; 2 Kron 5:3 en Ps 118:27). Die fees staan bekend onder verskillende name. Daar word in die twee oudste kalenders (Eks 23:16b en 34:22) gepraat van die "fees van die insameling" (חג האסיפ) of die "fees van die insameling aan die einde van die jaar" (dit is die herfsjaar) (De Vaux 1984:495). Die naam *Sukkot* verskyn eers in die latere godsdienstige feeskalenders (Deut 16:13, 16; Lev 23:34) en die latere tekste wat

daarmee verband hou (Esd 3:4; Sag 14:16, 18 ens.). In Levitikus 23:39 en Numeri 29:12 word dit "die fees vir Jahwe" (חג ליהוה) genoem en elders word dit bloot "die fees" (החג) genoem (vgl 1 Kon 8:2, 65; 12:32; Eseg 45:25; Neh 8:14; 2 Kron 5:3; 8:7; Joh 7:2). Die geslagte wat ná die uittog en die verblyf in die woestyn gebore is, sou iets daarvan kon beleef deur in hutte te woon en so sou daar diepte in hulle vreugde wees, en sou dit werklik "'n fees tot eer van die Here" (חג ליהוה) (vgl Lev 23:40) wees. Dit was oorspronklik 'n oesfees (wanneer die druiwe en herfsvrugte klaar ingesamel en verwerk is), maar dit het mettertyd gefunksioneer as herinnering aan die woestyntog. Dit word soms ook die "loofhuttefees" genoem en later het dit ook bekendgestaan as "die fees van die tabernakels" (n.a.v die letterlike Latynse vertaling as *tabernacula*) (De Vaux 1984: 495; vgl Braulik 2000:100-106; Braulik & Lohfink 2003:40).

Volgens Josephus (Ant XV:50; VII:4.1) is die fees *"with special care"* onderhou en goed bygewoon. Jakob word volgens Jubileë 23:6 beskou as die grondlegger van die fees (vgl Gen 33:17), maar die mees waarskynlike verduideliking vir die huttefees hou verband met die voorskrif in Levitikus 23:43: *"Die doel daarmee is dat julle nageslag moet weet dat Ek die Israeliete in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipte laat trek het. Ek is die Here julle God."* 'n Hut was in die Ou-Testamentiese tyd 'n simbool van beskerming (vgl Ps 27:5), geestelike opheffing en transendensie t.o.v. die materiële. *"Ook al weer van oorsprong een heidens feest, waarop men in de wijngaard de vreugde vierde met een godsdienstige orgieën. Maar Israël denkt aan een andere liefde. Het gedenkt hoe het in de bruidstijd met zijn Bruidegom optrok door de woestijn in loofhutten. Ze hadden geen vast huis, geen geld of goed. Ze leefden van het manna uit de hemel. Er was geen ander, ze hadden alléén elkaar!"* (Vrijlandt 1989:18). Volgens Rigters 21:19 en 9:27 was die dans in die wingerd en die banketmaaltyd oorspronklik deel van die fees en word vandag nog tydens die feesvieringe hutte opgerig in die wingerde en olyfboorde, *"a custom which is simply transferred (now as a holy custom) to the area of the temple and to Jerusalem"* (vgl Schmidt 1983:124).

Die fees moes vir sewe dae lank gevier word (met die eerste twee dae as heilige dae) nadat die volle oes, dié van die dorsvloer en dié van die parskuip, ingesamel is. Die agtste dag was 'n spesiale feesdag, die עצרת (*[Shemini] Atzeret = "die Agtste dag van die gewyde byeenkoms"*), waarop vir reën gebid is en die tweede groot feessiklus

afgesluit is met die שמח תורה ( *Shimgat Torah = "die vreugde van die Wet"*) wat die openbare deurlees van die Torah en die volgende aanvang daarvan vier (vgl Lev 23:36; Neh 8:19; Joh 7:37). Dit moes 'n fees wees van groot blydskap waarin die hele familie deel, asook die slawe en slavinne, al die Leviete, die vreemdelinge, wees-kinders en weduwees van die omgewing. In die plek wat die Here kies, moes hulle sewe dae lank tot sy eer feesvier as erkenning dat Hy die Gewer is van die goeie oes, die seën en die voorspoed. Veral die element van blydskap word beklemtoon en dit moes dien as 'n geskenk aan die Here in die mate waarin hulle voorspoed beleef het. Tydens die fees is buitengewoon baie en verskeie tipe offers gebring. Dit begin as 't ware op 'n hoogtepunt met elke dag daarna een offerbul minder om te offer (vgl Lev 23:39). Gelofteoffers en vrywillige offers kon ook nog behalwe die genoemde verpligte offers gebring word. Volgens Deuteronomium 31:10-13 was daar 'n verbonds-vernuwingseremonie tydens hierdie fees (Hartley 1998; Kahmann 1988:36-38).

Die ou Joodse geskrifte gee presiese beskrywings van hoe dié fees gevier moes word en verskillende seremonies het deel daarvan geword (Budd 1998). So byvoorbeeld is daar (veral na die terugkeer uit die ballingskap) gedurende die nag gesing en gedans op die tempelplein. Op die aand van die eerste dag was daar in die voorhof van die vroue 'n ligvertoning met groot goue kandelaars, waarskynlik as herinnering aan die vuurkolom tydens die woestyntog. Water is voor dagbreek by die Siloamfontein geskep en na die tempel geneem. Die water is dan op die altaar uitgegiet. Ná die oggendoffer op die eerste sewe dae het hulle 'n drankoffer geoffer terwyl die woorde van Jesaja 12:3 (*"Met blydskap sal julle water skep uit die fonteine van redding"*) uitgespreek word, miskien ter herdenking aan die water uit die rots tydens die woestynreis. Dit was 'n hele optog waartydens elke feesganger 'n sitrusvrug in die linkerhand en 'n waaier van takke in die regterhand gedra het. Psalm 118 is onder meer by die tempel gesing en dit het alles gepaard gegaan met groot vreugde en uitbundigheid. Die huttefees was saam met Paasfees die heel belangrikste van al die feeste en in die tyd van die NT het dit gesorg vir 'n groot opkoms (Bieritz 1988:42-43; Bloch 1978:39-42; De Vaux 1984:495-502; vgl Petuchowski 1987:49-65; Sanders 1992:139-141; Schmidt 1983:124-125).

*"Sukkot marks the attainment of national and territorial independence, the essential ingredients of sovereignty. This implication of Sukkot might have led to the analogy between Sukkot and Chanukah in II Maccabees"* (Bloch 1978:42; vgl 2 Makk 1:9-10;

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

10:6). Hier word saamgestem met En Lohfink (2003:40; vgl 2000:100-102) dat die huttefees se inhoud ontginbaar is vir die Christelike prediking, veral rondom Nuwejaar.

### 3.3.1.1.9 Die Fees van die Ligte

Die fees van die ligte (חנכה = Chanoeka, wat *"toewyding"* beteken), wat ook "die tempelwydingsfees" en "die tempelvernuwing" genoem word, is 'n baie goed gedokumenteerde feesviering (Bloch 1978:49). Alhoewel daar nie 'n pelgrimstog vir hierdie fees vereis is nie, was dit nogtans 'n belangrike en polulêre fees, selfs in Jesus se tyd (Joh 10:22-24; vgl Malina & Rohrbaugh 1998:184-185). Die Griekse naam vir die fees, τὰ Ἐγκαίνια, wat "inwyding" of "die vernuwing" (ἐγκαίνισμος ; vgl 1 Makk 4:56, 59; 2 Makk 2:19) beteken, is die meer letterlike weergawe van die naam wat deur die rabbis daaraan gegee is. In moderne vertalings word dit "die fees van Toewyding" ge-noem. In 2 Makkabeërs 2:16 en 10:5 word dit "die dag van die reiniging van die tempel" genoem n.a.v. die gebeure wat daartoe aanleiding gegee het (De Vaux 1984:510, 514). Die naam vir die fees kom die eerste keer voor in die Megillat Ta ʿanit ('n eerste eeuse teks) waarin dit ingesluit word in 'n lys van feeste waartydens dit verbode was om te vas. Dit was agt dae lank gevier rondom die vyf en twintigste in die maand Kislev tot op 2 Tevet. Die feesviering is nie deur die wet voorgeskryf nie en word nie as 'n hooffees gereken nie. As klein nie-Bybelse fees, was dit wel 'n fees van groot betekenis (Vanderkamm 1992a:123-125; Wood & Gryn 1988: 201).

Dit word "die fees van die ligte" genoem omdat die gebruik van fakkels vir beligting 'n groot rol daarin speel. Dit is ingestel deur Judas die Makkabeër, 'n lojale Joodse leier, in 165 / 164 v.C. nadat hy die stadsvesting en tempel bevry het uit die hand van die gehate (en onstabiele) Siriese vors Antiogus IV Epifanes (vgl 1 Mak 4:56-59; 2 Makk 10:1-9; vgl ook die Talmoedgeskrifte Yoma 16a en Megillat Ta ʿanit 9). Josephus (Ant XII:325) het die fees φῶτα, "die Fees van Ligte" genoem *"because ... such a freedom shone upon us."* In 168 v.C. het Antiogus die tempel ontheilig en 'n beeld van Baäl Shamem (die Oosterse weergawe van die Griekse god Zeus) in die tempel opgerig. Hy het die tempel so aan die Griekse god Zeus gewy en dit op 'n gruwelike manier ontheilig deur waarskynlik 'n afbeelding van Zeus in sy eie gelykenis daarop aan te bring en o.a. 'n vark op die altaar te offer (Du Rand 1993:1610; Wood & Gryn 1988: 201-205).

Die Makkabeërs het die Jode in die opstand teen Antiogus gelei en hulle stryd het daarop uitgeloop dat die Siriese generaal op die dertiende (Nicanor Dag) verslaan is en dat die tempel van die afgodiese gruwels gesuiwer en opnuut gewy kon word aan die diens van God. In die middel van Desember 164 v.C. is die tempel toe weer in gebruik geneem. Volgens Josephus (Ant XII:7) het hulle op 25 Kislev die fakkels aangesteek en die altaar toegewy. Dié fees het vroeër plaasgevind op die winter-sonkeerpunt (die kortste dag van die jaar in die noordelike halfrond), maar die vieringsdatum is later aangepas om die verlossing van Antiogus en die Siriese onderdrukking asook die hernuwing in die tempelgodsdiensbeoefening te herdenk. God word hiertydens gedank en dank word ook gebring vir die hulpverlening wat hulle van die Makkabeërs ontvang het (De Vaux 1984:510-514; Petuchowski 1987:102-115).

Tydens die fees word die huise op 'n besondere wyse verlig. 'n Spesiale kandelaar (die *menorah*) met agt lampe en een in die middel word progressief oor die tydperk van agt dae aangesteek volgens Hillel (alhoewel Shammai hierteenoor stel dat al agt lampe op die eerste dag brand en dan een vir een op die opeenvolgende dae uitgedoof word; vgl Beasley-Murray 1998). Deur die aansteek van die lampe word die hoop uitgespreek vir die aanbreek van 'n nuwe messiaanse era. Omdat die fees so 'n laat oorsprong het, word dit nie in die OT vermeld nie, maar wel in die NT (vgl Joh 10:22) (Bloch 1978:49-78; Kahmann 1988:45-46; Stacey 1979:103; vgl ook Du Rand 1989:131 (NT); Gispen e.a. (reds) 1975: 658; Van der Watt 1999:1345).

Die lesing uit die profetiese literatuur vir die Sabbat tydens hierdie fees is Sagaria 4:6: *"Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my gees, sê die Here die Almagtige"* en die Fees van Toewyding het vandag nog besondere betekenis vir baie gelowiges:

> *"Hanukah has become a time of personal rededication: Israeli soldiers renew their allegiance at the time; Jews in the West strengthen their solidarity with those in the Soviet Union; and it is always auspicious if a community celebrates a Bar or Bat Mitzvah during Hanukah. But for all this, Hanukah remains a season of simple family gatherings on long winter nights in a mellow mood. ... But the essential meaning of Hanukah is that individuals and groups have the right to uphold their uniqueness, to define and determine themselves and that God works with those who take a positive stand on those very values which oppression threatens to destroy"* (Wood & Gryn 1988:204-205).

In aansluiting by hierdie viering, het daar 'n gebruik in die Christelike kerk ontstaan om haar bestaan te vier op die eerste Sondag in Oktober (Webber (ed) 1994:490; vgl Bieritz 1988:240-241). In die Anglikaanse gebedeboek (CPSA 1989:318) word die volgende lesings aangedui vir 'n herinneringsdiens in hierdie verband: 1 Konings 8:22-30, Psalm 84, Matteus 21:12-16 en 1 Petrus 2:4-9 en as alternatief, 2 Kronieke 7:11-18, Psalm 122, Lukas 19:1-10 en Openbaring 21:1-4. 1 Korintiërs 3:16 is ook 'n geskikte lesing. Die aksente van hierdie vierings kan ontgin word op hierdie dag, maar ook wanneer plaaslike gemeentes hul stigtingsdatum vier of met die bediening van die doop en met belydenisaflegging (vgl Webber (ed) 1994:491). Wanneer dit gedoen word, moet onthou word dat die Bybelse hertoewydingsfees plaasgevind het aan die begin van die winter in die noordelike halfrond en dat veral die simboliek hiervan aangepas sal moet word.

**3.3.1.1.10 Die Purimfees**

Die Purimfees is *"de dag waarop het 'happy end' van het bijbelboek Esther wordt gevierd"* (Petuchowski 1987:95). Die eerste verwysing na die fees is in 2 Makkabeërs 15:36, waar dit die "Dag van Mordegai" genoem word en op 14 Adar vasgestel word. Die Hebreeuse teks van die boek Ester noem dit "die dag van die Purim" en dit is onder hierdie naam, alhoewel verwring tot φρυραί (= "waak" of "wag"), in 114 v.C. via Jerusalem in Egipte bekendgestel (Est 10:3, Griekse teks). Volgens Flavius Josephus (Ant XI:6, 13) word hierdie fees jaarliks gevier op 14 en 15 Adar om die weerwraak van die Jode op hulle persiese vyande te herdenk. Wanneer Ben Sirach teen ongeveer 190 v.C. skryf, meld hy nie vir Mordegai of Ester wanneer hy Israel se voorvaders loof nie (vgl Sir 44-50). Die fees het ook met 'n vastyd - op 12 en 13 Adar - gepaard gegaan as herinnering aan die vas en roubeklag van die Jode toe hulle van die proklamasie teen hulle gehoor het. Hierdie gebeure word in die boek Ester en in die rabbynse geskrifte beskryf (vgl De Vaux 1978 I:476; 1984:516-517).

Die naam van die Purimfees verwys na die plan wat Haman, die Jodehater, beraam het om die Jode uit te roei (vgl Est 9:18-32; 2 Makk 15:36). Dit sou op die dag plaasvind wat hy bepaal het deur die lot (פּוּר = "pūr") te werp. Hoewel die dag wat deur die lot vasgestel is die dertiende van Adar is, word die fees op die veertiende en vyftiende

gevier. Die fees moet elke jaar met 'n geleentheid van vas op die twaalfde dag van die twaalfde maand begin. Op die dertiende dag (*"die vas van Ester"*) vas die Jode en in die aand kom hulle in die sinagoges bymekaar. Op die veertiende en vyftiende is daar vrolike feeste wat deur groot etes gekenmerk word. Die boekrol van Ester word in hierdie tyd in geheel by die sinagoges deurgelees en verwensings en vervloekings word uitgespreek teen Haman en teen alle goddeloses. Aan die einde van die byeenkoms word 'n seënbede uitgespreek oor Mordegai, Ester en die hele Israel. Op die vyfde dag van die fees word daar vir die kinders (wat fantasiedrag aantrek) geskenke gegee. Alhoewel die Joodse tradisie gekant is teen die misbruik van alkohol, kan tydens die feesvieringe gedrink word totdat iemand nie meer die verskil kan onderskei tussen die woorde *"vervloek is Haman"* en *"geseënd is Mordegai"* nie (De Vaux 1978 I: 476-480; 1984: 514-517; vgl ook Petuchowski 1987:95-101; Wood & Gryn 1988:201).

As feesdag is die purimfees 'n getuienis van God se werk en bedoel om soos 'n drama opgevoer te word. As simbool van die pad wat God met mense loop, begin dit met vas en gebede van verootmoediging en gaan dan oor in vrolikheid en vreugde (vgl ook Sag 8:18-19). Die fees dien as 'n ironiese simbool van die magteloosheid van menslike mag voor God se almag en getuig van 'n volk wie se angs in blydskap verander het en hulle rou in feestelikheid. Die lot was oor die Jode in Persië gewerp en hulle lot was verseël om uitgeroei te word. Haman het die koning se mag gemanipuleer om hulle uit te roei, maar deur 'n buitengewone sameloop van omstandighede het daar egter vir hulle 'n radikale ommekeer gekom: Ester het koningin geword en Mordegai het die koning se lewe gered en is as die koning se tweede in bevel, net onder die koning, aangestel (nes Josef en Daniël in hulle verhale). Daardeur het sake so inmekaar begin loop dat alles handomkeer vir hulle verander het. In die groot Persiese ryk met sy magtige koning Ahasveros het die Jode van 'n bedreigde volk in 'n gevreesde en geëerde volk verander en het hulle eer en aansien geniet (Petuchowski 1987:95-101; Wood & Gryn 1988:199-201; vgl Venter 1999a:559-560).

Die Purimfees is ingestel met al die wetlike sanksie en gesag waaroor Mordegai en Ester beskik het en dis deur die Jode aanvaar as 'n fees wat uitdrukking gee aan wat met hulle gebeur het en van die betekenis wat dit vir hulle het. Alhoewel hulle hulleself verbind het daaraan om die fees jaarliks te vier, het hulle blykbaar al tydens die lewe

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

van Ester en Mordegai begin verslap in die viering daarvan. Die doel van die fees was om al die Jode ("naby en ver") te gelas om die gebeurlikhede van destyds met dankbaarheid in herinnering te roep en te vier en dit moes 'n vaste instelling wees om elke jaar die fees te vier. Die feit dat angs in blydskap verander het en rou in feestelikheid, moes nie by die volksgenote verbygaan nie en die stuur van eetgoed en geskenke moes verseker dat alle Jode, ryk, arm, minderbevoorreg en hulpbehoewend, in die feestelikheid kon deel, nes hulle in die verlossing deel. Die verpligting het ook gegeld vir die proseliete of Jodegenote én dit geld vir alle tye en plekke. Sedert die "verstrooiing" en verspreiding van groot groepe Jode in die vreemde lande rondom die oostelike Middellandse See ná die Babiloniese ballingskap (586 - 538 v.C.) is die getalle van hierdie "buitelandse Jode" voortdurend deur emigrasie verhoog a.g.v. ongunstige politieke, ekonomiese en sosiale omstandighede in Palestina, of weens normale redes, soos om naby familie te wees (Wood & Gryn 1988:199-201).

Later, in die Makkabees-Hasmoniese tyd, toe daar in daardie tyd 'n verdere anti-Semitiese bloedbad was wat oorleef is, het dié fees herleef en 'n baie belangrike fees van die Jode geword. Dit is sedert ongeveer 100 v.C. ook in Kanaän gevier en vandag nog - veral in die praktyk - 'n volksfees by uitnemendheid, meer as wat dit 'n godsdienstige feesviering is. Dit vertoon ook sterk trekke van 'n vreemde (waarskynlik Persiese) nuwejaarsfees waarin die (Babiloniese) idee dat 'n mens se lot aan die begin van 'n nuwe jaar bepaal word voorop staan (Bieritz 1988:43-44; Bloch 1978:79-99; De Vaux 1978 I:476-480; 1984: 514-517; vgl Claassen 1989:545-546; Venter 1993b).

Volgens die rabbyne is die eskatologiese betekenis van hierdie fees veel belangriker as die historiese betekenis daarvan: *"In de eschatologische toekomst worden alle feestdagen afgeschaft, behalve het Poerimfeest, dat nooit zal worden afgeschaft"* (Midrasj Misjlé 9:2; vgl Petuchowski 1978:31). In sommige Arabiese gemeenskappe het die fees bekend geraak as "Eid al-Sukar" (= "die fees van suiker") vanweë die koeke en lekkers wat die Jode aan hulle gestuur het. Vandag is Purim nie 'n verpligte rusdag nie, maar die ideaal is dat slegs noodsaaklike werk verrig sal word (Wood & Gryn 1988:200).

#### 3.3.1.1.11 Die Sabbatsjaar en die Hersteljaar

Vervreemding van familie-eiendom en die ontwikkeling dat teen rente geleen kon word, het daartoe gelei dat armoede onder Israeliete toegeneem het en ook dat al hoe meer

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

persone wat in die skuld beland het slawe geword het van die persone by wie hulle in die skuld was. Die sosiale gelykheid wat bestaan het tydens die federasie van die stamme - en wat steeds as 'n ideaal bestaan het - is as gevolg hiervan vernietig. Deur godsdienstige en sosiale wetgewing is gepoog om hierdie onreg te herstel deur twee instellings, naamlik die Sabbatsjaar en die Hersteljaar (vgl De Vaux 1984:173-177). Hiervolgens is die landerye elke sewende jaar (שבת שבת) onbewerk gelaat en daar is ook niks van die land afgeoes nie, sodat die akkergrond en die mense wat dit bewerk ook kon "rus." Elke vyftigste jaar, dit wil sê nadat sewe sabbatsjare verloop het, was 'n hersteljaar (היבל). Die hersteljaar het in die nege en veertigste kalenderjaar, maar vyftigste landbouseisoen geval en in hierdie jaar moes daar 'n algehele afskrywing van skuld plaasvind: Israeliete wat as slawe verkoop is, het hulle vryheid ontvang en oorspronklike eienaars kon hulle vervreemde grond weer terugkry (Eks 23:10-11; Lev 25:1-7, 8-55; 27:17-24; Eseg 46:17). Met die aanbreek van die sewende sabbatsjaar word die fees van die hersteljaar (ook genoem *"die jubeljaar"*) aangekondig wanneer die ramshoring op die versoendag geblaas word.

In Jeremia 34:8 word 'n poging daartoe om die jubeljaar te vier, maar wat nie deurgevoer is nie, beskryf. De Vaux (1984:176-177) kom tot die volgende konklusie hieroor: *"... the Law of the Jubilee was a late and ineffective attempt to make the sabbatical law more stringent by extending it to landed property, and at the same time to make it easier to observe, by spacing out the years of remission. It was inspired by ancient ideas, and made use of the framework of an archaic calendar, which had lost all its value in rural practice and in the religious sphere. But it was an Utopian law and it remained a dead letter. "* Ook Van Goudoever (1961:269) bevestig hierdie vermoede. Hy skryf: *"a Year of Jubilee was rather a part of the theological speculation"* en stel dat die godsdienstige karakter van so 'n jaar soos volg saamgevat kan word: *"Year of Redemption, Year of Remission of Sins, Year of Return of Gods Favour."*

Volgens Wright (1992:860) is daar geen direkte verwysing daarna dat die sabbatsjaar tydens die Ou-Testamentiese tydperk onderhou is nie, *"but there is plenty of evidence to affirm that it was an ancient institution, and, not as has been thought, a post-excilic invention."* Hierteenoor is Beckwith (1996:249-251) van mening dat die sabbatsjaar deur alle Jode onderhou is, maar die jubeljaar slegs deur die Essene (vgl ook 1 QS, X:6-8). Volgens hom was albei hierdie instellings vir die Esseense gemeenskap 'n saak

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

van erns. Hy skryf: *"Two of the solemn undertakings made by Essenes were to observe the sabbatical year and the jubilee-year"* en verder: *"For the Essenes, however, it was not theoretical. There was a law about the jubilee in the Bible, and they intended to observe it."* Die berekening van die jubeljaar was veral vir die Essene belangrik aangesien hulle geglo het *"that great events tended to happen at regular intervals."* Hulle het die geskiedenis van die verlede in dekades van jubileë, of "weke" verdeel en aan die hand van Ou Testamentiese profesieë voorspellings oor die toekoms gemaak. Volgens berekening sou die koms van die Messias wees in die tyd waarin Jesus van Nasaret gebore is (Beckwith 1996:252, 254).

Die jubeljaar is, soos die pinksterdag, ook deel van die teologie van die Sadokiete. In Esegiël, die Boek van die Jubileë en in die Koemraanrolle word kalenders aangetref wat hierop dui. 'n Jubeljaar is, soos die pinksterfees, hierin beskou as 'n gepaste tyd vir openbaring en daarom ook as die ideale tyd vir verbondsluiting (Van Goudoever 1961:279) Dit is ook deel van die Samaritaanse godsdiens, wat volgens hulleself in jubeljare kan bereken wanneer God se guns sal terugkeer, aldus Bowman (1955:71). Hy skryf: *"A Year of Jubilee in the Zadokite tradition is a fore-shadowing of the final Return of God's Favour. As such, its character is temporary, not eschatological."*

#### 3.3.1.1.12 Feeste wat nie aan 'n kalender gebonde was nie

Naas die feeste op die fees-, of te wel, heilige kalender, was daar ook ander feeste wat ongereeld ooreenkomstig die verskillende geleenthede voorgekom het: familiefeeste soos huweliksluiting (bv Gen 29:21; Rigt 14:10; Hoogl 3:11; Ps 45) of begrafnisse (bv Gen 50:10 en 2 Sam 3:31) en miskien selfs die troonbestyging van 'n nuwe koning (bv 1 Kon 1:33; 2 Kon 11:4; vgl ook Ps 2; 110). Tydens noodtoestande soos 'n neerlaag tydens oorlog, 'n epidemie of droogte (1 Kon 8:33; 2 Kron 20) is oproepe tot die volk gemaak om te vas en teenoor die Here te kla (1 Kon 21:9, 12; Jer 36:9; Jona 3:5; Joël 1:5). Vanweë voortgaande rampspoed en benoudheid van die volk na die val van die suidelike koninkryk, het plegtige byeenkomste van gemeenskaplike lamentasie 'n algemene praktyk geword waartydens die gebeure rondom die val van Jerusalem en die tempel (2 Kon 25) in herinnering gebring is (vgl Sag 7:3, 5; 8:19; lydenspsalms soos Ps 44; 74; 79 ens.). Hierdie tipes intrede het nie gepaard gegaan met openbare offers nie en was dus nie afhanklik van die tempel nie. Dit kon ook tydens die ballingskap uitgevoer word.

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

Dit blyk ook dat daar hiernaas 'n geleidelike evolusie plaasgevind het t.o.v. die feesvieringe en dat daar uiteindelik ook 'n vorm van aanbidding ontwikkel het wat verband gehou het met woorde i.p.v. offerande. Dit dui daarop dat 'n diepgaande verandering in die uitdrukking van die geloof voortgekom het uit die kultiese lewe. Lofprysing was oorspronklik uitgespreek tydens die offerande, maar dit is later daarvan geskei en uiteindelik het dit onafhanklik daarvan voorgekom. Woorde het die plek van offerandes ingeneem en self 'n offerhandeling geword (vgl Schmidt 1983:126-127, 132).

#### 3.3.1.2 Samevattende opmerkings oor die Bybelse feeste en vaste

In Israel het die mense hulle vreugde hoofsaaklik uitgedruk tydens die viering van hul feeste en deur die bring van offers wat daarmee saamgegaan het (Braulik 2000:98). Die verskeidenheid van feeste het voorsiening gemaak vir verskeie behoeftes en die verspreidheid daarvan oor die onderskeie seisoene van die natuur het daartoe bygedra dat daar omtrent heeljaar lank rede vir feesviering was. Profete soos Jesaja (1:14; 5:12). Hosea (2:10) en Amos (5:21-23) het die ontaarding wat rondom die vieringe ontstaan het aangespreek. Die waardes wat deur die feeste nagestreef is, geld steeds vir vandag en stem ooreen met baie van die Christelike waardes. 'n Voorbeeld hiervan is eerlikheid, billikheid en regverdigheid, wat deur o.a. die hersteljaar nagestreef is. Hierdie waardes kan steeds nagestreef word en behoort in die prediking aan die bod gebring te word, maar dit kan nie aan enige gemeenskap, byvoorbeeld die eietydse kapitalistiese gemeenskap, opgedring word asof dit 'n altydgeldende Bybelse voorskrif en/of voorwaarde vir die Here se seën is nie.

Wanneer die Bybelse feeste in die prediking ontgin word, is dit belangrik om nie enige voorskrifte daaruit te wil aflei vir eietydse Christene nie. Net soos wat die "lus vir God" nie beveel of gereguleer kan word nie (vgl Braulik 2000:98-102), kan God nie gemanipuleer word deur nougesette of ywerige onderhouding van byvoorbeeld die feeste en 'n gepaardgaande aandrang op sy seën nie. God is ook groter as die beskouinge wat gelowiges van Hom het en die prediker moet bewustelik die opvatting wat by hoorders kan bestaan dat indien hulle "hulle kant bring", God dan "sy kant sal bring" (vgl bv Mal 3:13-4:6), bestry. Die eietydse kerk moet aktief daarteen waak dat 'n kultuur van voorspoed deur 'n "as ..., dan... - ingesteldheid" oorspoel word. Valse verwagtinge wat gekweek word deur hierdie vorm van voorwaardelikheid in godsdiens, kan daartoe

lei dat mense nie net teleurgestel raak nie, maar ook seerkry. Erger nog: dit kan daartoe lei dat 'n kultuur ontstaan waarin mense God "in diens neem" om vir hulle te doen wat hulle nie self kan doen nie en dat hulle Hom dan "afdank" as Hy nie doen wat hulle wou gehad het Hy moes doen nie. Die voorspoedsteologie van ons dag is tekenend hiervan.

Die waardes wat in die feeste nagestreef word, moet egter behoue bly vir die geloofs-gemeenskap. Feeste dien as 'n goeie middel in die aanleer en vestiging van hierdie waardes. Indien dit op 'n verantwoordelike wyse gedoen word, kan die kontinuïteit tussen die Bybelse waardes en dié van die eie tyd beklemtoon word. Dit is egter so dat die wyse waarop feesviering by die antieke mense plaasgevind het en die wyse waarop mense van ons dag feesvier, van mekaar verskil. Dit sal vir die kerk 'n uitdaging bly om die wesenlike hiervan te behou. Feeste was duidelik 'n wesenlike deel van die kommunikatiewe handelinge van die destydse geloofsgemeenskap. Hierdie gegewe bring die prediking daarom voor 'n heerlike uitdaging te staan om hierin 'n rol te speel.

### 3.3.2 Ander kalenders waarby die kerklike jaar aansluit

Die ontwikkeling van wetenskaplik presiese kalenders het in verskillende nasies tydens verskillende periodes geskied, gewoonlik afhangende van die tempo waarteen hulle studie in die astronomie gevorder het en die aanvaarding van hul bevindinge plaas-gevind het. In die Bybelse lande was Babilonië en Egipte die eerstes om die astronomie te bestudeer en die Grieke het hulle teen die vyfde eeu v.C. ingehaal toe die Griekse sterrekundige Meton die negentienjaar siklus uitgedink of aangepas het om die lunêre jaar met die solêre jaar te versoen. Hierdie kalender is agterna deur Callipus en Hipparchus verfyn en het uiteindelik aanleiding gegee tot die kalender wat in gebruik geneem is deur Julius Caesar in 46 v.C. (die Juliaanse kalender), onder die begeleiding van die Egiptiese sterrekundige, Sosigenes. Hierdie kalender was akkuraat en doeltreffend genoeg om te dien tot in die sestiende eeu waarna dit gewysig is deur Pous Gregorius XIII om te funksioneer soos wat dit vandag nog in die westerse wêreld gebruik word (Beckwith 1989:183-185; 1996:277-278; Microsoft Encarta 1997:1-3).

In die tyd waarin die NT beslag gevind het, is die kalender van die ou Romeine wat reeds ongeveer sewe eeue v.C. in gebruik geneem is (en die jare getel het vanaf die jaar waarin Rome opgerig is) en deur Julius Caesar hervorm is, asook die lunisolêre

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

kalender van die antieke Grieke in die Mediterreense wêreld, naas mekaar gebruik. Die Juliaanse (solêre) kalender is in 1582 deur pous Gregorius XIII hervorm na 'n kalenderjaar met 365¼ dae, maar weens godsdienstige en politieke gevoeligheid is dit eers baie later buite die Rooms Katolieke invloedsfeer ingevoer (bv Engeland, 1752; Duitsland, 1776: Swede, 1823; Japan 1873; Rusland 1918). Dit blyk na die beste stelsel wat dusver gebruik is om tyd mee te meet en in die westerse wêreld word hierdie kalender nog steeds gebruik. Dionysius Exiguus se stelsel om jare A.D., die kortvorm vir *"Anni Domini Nostri Jesu Christi"* (i.e. *"in die jaar van ons Here Jesus Christus"*) te nommer het ook bly voortbestaan, net soos die afkortings v.C. (*"voor Christus"*) en n.C. (*"na Christus"*). Soms word CE vir *"Common Era"* (Afrikaans: GE = Gemeenskaplike Era) gebruik om na die Gregoriaanse kalender te verwys sonder om aanstoot te gee aan Jode, Moslems en ander geloofsgroepe wat nie gemaklik met Christus is nie (Meyer 2002; vgl Elion & Strieman 1991:12; Stonier e.a. (eds) 1996:9).

Die Gregoriaanse kalender het twaalf maande wat elkeen 30 of 31 dae het (behalwe vir Februarie, wat 28 dae het, behalwe in skrikkeljare elke vier jaar, wanneer dit 29 dae het) en sewe dae per week en begin op 1 Januarie. Dis 'n Christelike kalender en begin tradisioneel met Jesus se geboorte (wat destyds verkeerdelik bereken is as in die jaar nul) as uitgangspunt. Aangesien die kalender lunisolêr van aard is en datums uit beide lunêre en solêre kalenders oorgeneem is, kom vaste (of vasgestelde) en verskuifbare (of wisselende) datums daarop voor. Vaste datums is byvoorbeeld Kersfees (25 Desember) en Epifanie (6 Januarie) (vanaf 'n solêre kalender) wat elke jaar dieselfde sal wees en verskuifbare datums is byvoorbeeld Paasfees en Pinkster (vanaf 'n lunêre kalender) wat elke jaar op 'n ander datum sal wees. Instansies soos die Verenigde nasies, die Wêreldraad van Kerke en die Vatikaan oorweeg al 'n geruime tyd lank ernstig om die datum van Paasfees te stabiliseer (Schuman 2002:116).

Die amptelike kerklike kalender is 'n tabel wat die spesiale dae en feeste van die kerk saam met die datums van die burgerlike kalender waarop dit voorkom aandui. Die kerklike kalender stem ooreen met die Gregoriaanse kalender wat datums aanbetref, maar verskil daarvan daarin dat dit nie op 1 Januarie begin nie, maar met die kerklike seisoen van Advent (einde November / begin Desember). Westerse en Oosterse kerke verskil van mekaar oor sommige datums (bv oor Kersfees en Epifanie wat in die

Russiese en Oos-Europese kerke onderskeidelik op 7 en 19 Januarie gevier word). Die belangrikste kalender uit die vroeë kerk, is gekompileer deur Furius Dionisius Philocalus in ongeveer 354. Na die Reformasie het die Duitse Lutheraanse kerk, asook die Church of England en ander episkopaalse kerke op die Romeinse kalender teruggegaan. Die primêre inskrywings op die kerklike jaar wat deur die meeste Christene in ag geneem word, is in volgorde: Advent, Kersfees, Epifanie, Lydenstyd, Paasfees, Hemelvaart en Pinkster (Microsoft Encarta 1997; vgl Albertyn (voors red) e.a. 1973:518; 3.1 en 3.2).

Reeds in die NT is daar aanduidings dat die Sondag as 'n besondere dag van aanbidding beskou is (vgl Hand 20:7-12; 1 Kor 16:2; Op 1:10) en die aanvanklike klem van die Christelike kalender het ooreenkomstig hiermee geval op die viering van die Sondag as *"die dag van die Here"*. Sondag is egter nie net die oorsprong en kern van die kerklike jaar nie. Dit bly ook by die verdere ontwikkeling - en ook waar ander feeste ontstaan - die hoofbestanddeel daarvan, aangesien opeenvolgende Sondae tydens die feeste, maar ook daarbuite, die rugraat van die kerklike jaar vorm. Die kerklike jaar het ontwikkel in fases rondom die (enigste) ander feeste wat in die vroegste tye gevier is, naamlik Paasfees en Pinkster. Later het daar ook 'n feessiklus rondom Kersfees en nog later, in die "feeslose helfte van die jaar", 'n siklus wat vandag bekendstaan as Koninkrykstyd, ontstaan en ontwikkel (vgl Barnard 1981:187-188; 1989:4-11; Schuman 2002:116; Skinner 1999). Die ontstaan en ontwikkeling van die kerklike jaar sal verder in die lig van die ontwikkeling van 'n heilshistoriese siklus van feeste beskryf word.

### 3.3.3 Die ontwikkeling van die viering rondom die Sondag

In die heel vroeë geskiedenis van die Christelike kerk (rondom die tyd van die uitstorting van die Heilige Gees met Pinkster) is daar geen tekens daarvan dat enige spesiale tye gevier is nie. In die NT is daar ook geen voorskrifte deur Jesus of sy dissipels (die latere apostels) m.b.t. die viering of onderhouding van feeste gegee nie (Finegan 1992:xlii). Trouens, dit blyk dat Paulus gekant was teen die Galasiërs se onderhouding van *"besondere dae en maande, feesgeleenthede en jare"* (vgl Gal 4:10) en volgens die uitspraak van die Joodse spreker in Justinius se *Dialoog met Trypho* wat lui: *"You observe no festivals or Sabbaths"* (ANF I:199), blyk dit dat daar vroeg hiervan afstand gedoen is. Die vroegste Christene het egter 'n behoefte gehad aan

algemene en gesamentlike toewydingsgeleenthede en die Jode se feestelike onderhouding van die Sabbat, die paasfees en die fees van die weke, het presedente gebied vir ooreenstemmende weeklikse en jaarlikse vieringsgeleenthede, natuurlik met nuwe inhoude wat daaraan verleen is deur die verwante Christelike beskouinge (Finegan 1992:xlii).

Soos wat dit hulle gewoonte as Joodse gelowiges was, het hulle die Sabbat gevier op die sewende dag van die week. Dit is egter duidelik dat daar teen die tyd van Paulus se bediening (± 48/49 - 60) 'n gebruik in plaaslike gemeenskappe ontstaan het om bymekaar te kom op die eerste dag van die week met sononder, m.a.w. na die afloop van die Sabbat en onafhanklik daarvan m.o.o. die gemeenskaplike maaltyd ("die breking van die brood") (Talley 1994:84). Die Joodse week het op ons Sondag begin en afgesluit met die Sabbat (vgl bv Jungmann 1972:20). Die weeklikse viering was egter nie vir die Christene meer die sewende dag nie, maar nou op *"die eerste dag van die week"* (Hand 20:7) en dan as *“die dag van die Here”*, die dag van Jesus se opstanding (vgl Matt 28:1 ens.; Op 1:10). Paulus het vir die Christene in Korinte geskryf dat hulle geld opsy moet sit vir die kollekte *"op die eerste dag van die week"* (vgl 1 Kor 16:2) en het ook in Troas, nadat hy die aand van die Sabbat (tot middernag) gepreek het, *"op Sondag"* saam met hulle die brood gebreek en tot dagbreek met hulle in gesprek gebly (vgl Hand 20:7-12). Die naam "Dag van die Son" (Justinus die Martelaar, Apol I:67; ANF VII:186) of "die eerbiedwaardige dag van die Son" (Konstantyn se Edik in 321, wat die dag 'n openbare vakansiedag gemaak het; Codex Justinianus III, xii, 3:321) was dan ook aanvaarbaar, aangesien Jesus die "Son van geregtigheid" (Mal 4:2; vgl Hippolitus se Treatise on Christ and Antichrist 61; ANF V:217; Ciprianus se Treatise IV 35; ANF V:457) was. In die evangelies blyk dit dat die dissipels op die eerste dag byeengekom het (vgl bv Matt 28:1) en die skrywer van Openbaring skryf ook dat hy *"op die dag van die Here"* deur die Gees meegevoer is (Op 1:10; vgl ook die Petrus-Evangelie 35 en 50 vir die gebruik van hierdie naam).

Uit Patristiese getuienis blyk dit ook dat die Sondag van die begin af as die weeklikse herdenking van die opstanding van Christus bedoel is. Die Romeinse administrateur Plinius die jongere (Ep X: 96,7) skryf (c. 112) aan keiser Trajanus dat Christene voor dagbreek op Sondae byeengekom het: *"On an appointed day, they had been accustomed to meet before daybreak [stato die ante lucem], and to recite a hymn*

*antiphonally to Christ, as to a god"* (vgl Bettenson (ed) 1947:6). Volgens die Didache (± 70, maar nie later nie as 1056) het die viering bestaan uit 'n samekoms waarvan die nagmaal 'n vaste element was. Christene word daarin herinner om op die dag van die Here bymekaar te kom, die brood te breek en die eucharistie te vier: *"On every Lord's Day - His special day [kyriakén de kyriou] - come together and break bread and give thanks, first confessing your sins so that your sacrifice may be pure"* (Didache XIV; vgl I, VIII, XIV; Library of Christian Classics I:178).

Wanneer Ignatius (Ign.Magn. IX; LCC, I:96) in ongeveer 115 skryf aan die Christene in Magnesië, praat hy van mense wat opgehou het om die Sabbat te vier en geleef het ooreenkomstig *"die dag van die Here"*: *"Those, then, who lived by ancient practices arrived at a new hope. They ceased to keep the Sabbath and lived by the Lord's Day [kyriakén] on which our life as well as theirs shone forth, thanks to Him and his death, though some deny this"* (vgl Richardson (ed) 1953:96). Justinus die Martelaar (Just.Ep. I:LXVII; LCC I:287-288) vertel ook in ongeveer die jaar 155 aan sy heidense gehoor dat hulle (die Christene) gemeenskaplike byeenkomste op Sondae hou aangesien dit die eerste dag is, die dag waarop God geskep het en ook die dag waarop Christus uit die dood opgestaan het: *"We all hold this common gathering on Sunday [héliou hémeran], since it is the first day, on which God transforming darkness and matter made the universe, and Jesus Christ our Saviour rose from the dead on the same day. For they crucified Him on the day before Saturday, and on the day after Saturday, He appeared to his apostles and disciples and taught them these things which I have passed on to you also for your serious consideration"* (vgl Richardson (ed) 1953:287).

Ook in Barnabas se brief (Barn XV:8-9; I:395-396) (voor 215) word die Sondag ook genoem, maar dan as *"agtste dag"* en ook met verwysing na dieselfde inhoud wat by Justinus voorkom: *"The present Sabbaths are not acceptable to me, but that which I have made, in which I will give rest to all things and make the beginning of and eighth day, that is the beginning of another world. Wherefore we also celebrate with gladness the eighth day in which Jesus also rose from the dead, and was made manifest, and ascended into Heaven"* (vgl Klijn 1983:5-51; Lake 1956:331). Vir Barnabas, wie die Sabbat ten skerpste afgewys het, is die Sondag die begin van 'n nuwe wêreld en word die eskatologiese perspektief wat met die sabbatsviering vereenselwig is, nou op die Sondag oorgedra (Vrijlandt 1987:35; Wegman 1991:71).

Dit blyk dat dit teen die einde van die eerste eeu 'n algemene gebruik was om die Sondag te vier deur die breking van die brood en algemene gemeenskaplike aanbidding asook om op die vierde (= Woensdag, die dag waarop die Joodse Raad besluit het om Jesus te dood) en die sesde dag (= Vrydag, die dag van die kruisiging) te vas teenoor die Jode wat moontlik op Maandag (as dag waarop Moses die Wet ontvang het) en Donderdag (ter voorbereiding van die Sabbat) (vgl Luk 18:12, maar ook Muddigan (1992:774) wat van mening is dat hierdie gebruik nie tot die Fariseërs in die eerste eeu v.C. herlei kan word nie en dus op 'n wanvoorstelling berus) gevas het (vgl ook Barnard 1954:9-10; 1989:4-5).

In Lukas 18:11-12 lees ons die volgende: *"Die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: "O God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie: ... . Ek vas twee keer in die week en ek gee 'n tiende van my hele inkomste.""* In die Didache (VIII; LCC I:174) word geskryf: *"Your fasts must not be identical with those of the hypocrites, they fast on Mondays and Thursdays; but you should fast on Wednesdays and Fridays"* (vgl Richardson (ed) 1953:174). Teen die einde van die vierde eeu (c. 375) is die volgende geskryf: *"But do you ... fast ... on the fourth day of the week, and on the day of Preparation, because on the fourth day the condemnation went out against the Lord, Judas then promising to betray Him for money; and you must fast on the day of Preparation, because on that day the Lord suffered the death of the cross under Pontius Pilate"* (Apos. Con. VII:23; vgl Donaldson 1899:469).

Volgens hierdie getuienis was die Sabbat *"on account of the creation and the Lord's day [on account] of the resurrection"* (Apos. Con. VIII:33; ANF VII:495) en is die Sondag dus reeds vroeg gevier, maar egter eers in 321 deur keiser Konstantyn tot 'n openbare rusdag verklaar waarop geregshowe gesluit was en vakmanne verbied is om te werk. In die Codex Justinianus (III:12;III:321) word die volgende aangeteken: *"Constantine to Elpidius. All judges, city-people and craftsmen shall rest on the venerable day of the Sun. But countrymen may without hindrance attend to agriculture, since it often happens that this is the most suitable day for sowing grain or planting vines, so that the opportunity afforded by divine providence may not be lost, for the right reason is of short duration. 7 March 321"* (vgl Bettenson 1947:27). Tot op daardie stadium was dit 'n gewone werksdag en het die gelowiges buite werksure saamgekom. Hierna kon die

Christelike huisgemeentes *"uit de beslotenheid in de openbaarheid treden"* (Bettenson (ed) 1952:27; Cobb 1993:456-458; Monshouwer 1998:103, 105).

Die opkoms van die Sondag was dus 'n outonome, spontane proses wat sigself in die eerste plek voltrek het sonder besluite en regulering totdat dit uiteindelik tot rusdag verklaar is. Dit blyk ook dat die vroeë Christene se byeenkomste op die Sondagaand plaasgevind - en nie op die Saterdagaand nie - en dat dit eers later na die oggend verskuif is (vgl Rordorf 1968:54-153; 193-215; 1981:145 -158 & 1982:90-96). Dit blyk ook dat die Sondag nie gevier is as 'n plaasvervanger vir die Sabbat nie, maar as hul dag vir gesamentlike aanbidding (vgl Carson (ed) 1982) en dat hulle, in die voetspoor van Jesus, wat *"deliberately challenged not just an overzealous interpretation of the Sabbath commandment by the Pharisees, but the very keeping of the Sabbath itself"*, nie die betekenis van die Sabbat op die Sondag oorgedra het nie (vgl Bradshaw 2002:178).

Die Sondag bly steeds in die brandpunt. Hedendaagse Christene kom letterlik weekliks te staan voor die uitdaging van wat om te maak met hierdie dag. Vanweë die oordrag wat vroeër gemaak is tussen die inhoude van die Sabbat en die Sondag, is daar onder baie gelowiges verwarring. Uit die beskouing oor die Sabbat (vgl ook 3.3.1.1.1 ) en die Sondag, is dit duidelik dat dit om twee uiteenlopende fenomene gaan. Dit sal eintlik wonderlik wees indien gelowiges werklik op die Sabbat (Saterdag) gerus het en Sondag (die eerste dag) dan as uitgeruste mense die Here saam kon verheerlik en dien, waarna die hele week vanuit hierdie ruimte geleef kon word. Die prediking op die Sondag, maar dan ook oor die Sondag (veral in verband met die Sabbat), sal 'n groot rol speel daarin om dit te bemiddel. Wat egter oor die Sondag gekommunikeer word en hoe dit gekommunikeer word, sal uiteindelik bepaal of hoorders dit as deel van 'n wettiese paradigma beskou of as 'n bemagtigende paradigma kan integreer.

### 3.3.4 Die ontwikkeling van die jaarlikse (Christelike) Paasfees

Die pasga staan sentraal in beide die Judaïsme en die Christendom (vgl veral Braulik & Lohfink 2003). Die groot verskil tussen die twee vieringe lê daarin dat die *"old Jewish event of deliverance was now made completely new in Jesus Christ. Slavery and redemption were rehearsed, but in a new sense through release from sin and death by what Christ had done"* (Hickman e.a. (eds) 1986:19). In 1 Korintiërs 5:7-8 word daar

dan ook 'n duidelike verband gelê met Eksodus 12:6-8: *"Julle moet hom [= die lam] goed oppas tot die veertiende van hierdie maand, en dan moet die hele gemeente van Israel teen laat middag slag. Julle moet van die bloed smeer aan die sykante en die bokant van die deurkosyn van elke huis waar julle die lam gaan eet. Nog dieselfde nag moet julle die vleis eet. Julle moet dit gebraai eet, saam met ongesuurde brood en bitter kruie"* (Eks 12:6-8) en *"Verwyder dan die ou suurdeeg, sodat julle nuwe, ongesuurde deeg kan wees, en dit is julle ook werklik. Ons paaslam is immers geslag: dit is Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van onsedelikheid en ander sonde nie, maar met die ongesuurde brood van reinheid en waarheid"* (1 Kor 5:7-8). Langs hierdie weg word die paasfees nou vir Christene "die pasga van die Here" (τὸ κυρίου πάσχα) (Diogn. XII:9; ANF I:30) en nog later die Christelike paasfees, die jaarlikse viering van die opstanding van Jesus Christus. Die Christene van Joodse afkoms het die paasfees bly vier op die paasdatum (14 Nisan), ongeag daarvan op watter dag van die week dit geval het, maar die Christene van heidense afkoms het dit onderhou op die dag van die opstanding, die Sondag (Finegan 1992:xlii).

Volgens Jonker (s j:166) was die paasfees die oudste fees en ook die enigste fees wat in die eerste drie eeue deur die Christene gevier is. Dit is *"the only feast of the Christian Year that can plausibly claim to go back to the apostolic times"* (Cobb 1993: 459). Uit die weeklikse viering van die gebeure van Christus se sterwe en opstanding groei spoedig die jaarlikse herdenking daarvan. Dit blyk ook dat die geloofs-gemeenskap in Jerusalem voortgegaan het met die viering van die paasfees. Dit was eers 'n daaglikse fees (vgl Hand 2:46), maar is later 'n weeklikse (vgl Hand 20:7) en uiteindelik 'n jaarlikse fees, met die verskil dat hulle op die dag van die voorbereiding Jesus se dood herdenk het. Alhoewel hierdie gemeenskap verstrooi is nadat Titus die stad vernietig het, het hulle met die gebruik voortgegaan. Daar is getuienis dat Christene in Klein-Asië teen die middel van die tweede eeu die verrese Christus gevier het. Biskop Soter (c. 166 - 174) het Paasfees in dié tyd in Rome ingevoer, maar daar word eers in die tweede helfte van die tweede eeu eenstemmige getuienis aangaande die viering van die paasfees (*"Pascha"* na die Aramese woord wat deur die Christene aangeneem is) aangetref (Barnard 1989:7-9; Talley 1994:84-85; vgl die *Epistula Apostolorum*, XV). Let wel: die jaarlikse Paasviering sluit lynreg aan by die joodse Pasga.

Wat die datum vir die viering van die paasfees aanbetref, is daar aanvanklik groot verskille en botsende standpunte. Die rede vir hierdie verskille lê hoofsaaklik in die aard van die kalenders wat vir die berekening van die datum gebruik is en ook in aksentverskille t.o.v. die gebeure van Christus se sterwe en opstanding (vgl Thurston 2003a). Die gemeentes in Klein-Asië het die datum wat deur die Jode vir Paasfees gebruik is nagevolg en dit gevier op 14 Nisan, die veertiende (daarvandaan die naam *"Quatrodecimane"*) van die eerste maand in die lente (*"Artemisios"* volgens die plaaslike weergawe van die Juliaanse kalender). In hul viering het die klem geval op die passie (Latyn: "*passio"*), die lyding en kruisdood van Christus. Die kerk in Rome en ander kerke het die klem laat val op die opstanding van Christus en daarom die paasfees op die Sondag na 14 Nisan gevier. Die datum vir Paasfees het in hierdie tyd geval op 6 April (= 14 Nisan na die berekening in Klein-Asië waar die Romeinse kalender aangeneem is na die verskuiwing van die ryk se hoofstad na Konstantinopel), maar ook op 25 Maart (wat in die Weste beskou is as Jesus se sterfdatum). Ter beslegting van die stryd, het Pous Victor (± 200) besluit dat Paasfees gevier moet word op die Sondag wat volg op 14 Nisan (die Sondag na die volmaan na die nuwemaan na die dag- en nagewening in die Europese lente). Die besluit is bevestig deur die Konsilie van Nicea in 325 en word tot vandag toe gehandhaaf (Barnard 1989:7-8; Talley 1994:84-85).

Ons lees hiervan by o.a. Eusebius (HE V:23-24 (323); vgl Williamson 1965: 229-230):

> *"It was at that stage [late second century] that a controversy of great significance took place, because all the Asian dioceses thought that in accordance with ancient tradition they ought to observe the fourteenth day of the lunar month [Nisan] as the beginning of the Paschal festival - the day on which the Jews had been commanded to sacrifice the lamb: on that day, no matter which day of the week it might be, they must without fail bring the fast to an end. But nowhere else in the world was it customary to arrange their celebrations in that way: in accordance with apostolic tradition, they persevered the view which still prevails, that it was improper to end the fast on any day other than that of our Saviour's resurrection. So synods and conferences of bishops were convened, and without a dissentient voice, drew up a decree of the Church, in the form of letters addressed to Christians everywhere, that never on any day other than the Lord's Day should the mystery of the Lord's resurrection from the dead be celebrated, and that on that day alone we should observe the end of the Paschal fast."*

Daar bestaan vandag nog onenigheid wat die datum vir die viering van Paasfees aanbetref. Van die oosterse kerke volg steeds die Juliaanse kalender, terwyl die meeste westerse kerke die korreksie wat deur pous Gregorius XIII gemaak is in 1582 aanvaar het. Dit bring mee dat die datums vir die viering van Paasfees deur hierdie kerke soms selfs 'n maand van mekaar verskil. Hiernaas skep die feit dat Paasfees elke jaar op 'n ander datum val 'n ongemaklikheid. Die moontlikheid wat sedert 1900 deur verskeie godsdienstige, besigheids- en professionele groepe ondersoek en aangemoedig word om 'n datum vir Paasfees vas te stel en om dit gemeenskaplik te vier is vandag vir die meeste kerke aanvaarbaar, maar bly steeds nog net 'n ideaal (vgl Monshouwer 1998:112-113; Shepherd 2003).

Dit word aanvaar dat daar teen die tweede eeu 'n gebruik ontwikkel het om op die Sabbat voor Paassondag te vas en 'n nagwaak te hou totdat dit in die vroeë ure op die Sondagoggend afgesluit word met 'n eucharistieviering. Langs hierdie weg het die jaarlikse paasfees ontwikkel en vorm verleen aan Paassondag. Mettertyd het die paasvieringe ook 'n meer uitgebreide vorm aangeneem deurdat die Vrydag en Saterdag voor Paassondag as deel van die fees beskou is en uiteindelik die hele week. Baie gelowiges het in die tweede eeu begin om die vas op die Sabbat te verleng en te koppel aan die gebruiklike vas op die Vrydag. Hierdie dae is veral as voorbereidende vasdae vir die voornemende dopelinge ingerig. Die viering het na afloop van die vas bestaan uit 'n nagwaak en 'n daaropvolgende herdenking van die dag self. Hierdie tridium is reeds aan die begin van die derde eeu in Egipte en Sirië as 'n eenheid beskou as 'n driedaglange herdenking van Christus se oorgang van dood tot opstanding (Bieritz 1988:111-114; Bradshaw 2002:181). Augustinus (Ep LV.24) beskryf hierdie tridium as die *"sacratissimum tridium crucifixi, septuli, suscitati."*

Reeds teen die tweede eeu is die doop jaarliks tydens die paasvieringe bedien, terwyl dopelinge wat nie tydens Pase gereed was nie, ook nog tydens Pinkster gedoop kon word. Hippolitus (Trad. Ap. XX; vgl Cumming 1976:17) skryf (c. 217) dat die dopelinge op Vrydag en Saterdag gevas het en dan 'n nagwaak gehou het:

> *"And when those who are to receive baptism are chosen, let their life be examined: have they lived good lives when they were catechumens? Have they honored the widows? Have they visited the sick? Have they done every kind of good work? And when those who brought them bear witness to each*

*"He has", let them hear the gospel.*
*From the time that they were set apart, let hands be hands be laid on them daily while they are exorcised. And when the day of their baptism approaches, the bishop shall exorcise each one of them, in order that he may know whether he is pure. And if anyone is not good or not pure, let him be put aside, because he has not heard the word with faith, for it is impossible that the alien should hide himself for ever.*
*Those who are to be baptized should be instructed to bathe and wash themselves on the Thursday ... . Those who are to receive baptism shall fast on the Friday. On the Saturday those who are to receive baptism shall be gathered in one place at the bishop's decision."*

Met hanekraai op die uur van die opstanding op Paassondag is hulle in die water gedoop en het hulle saam met Christus opgestaan uit die dood (Cobb 1993:460; Hickman e.a. (eds) 1986:19-20; Talley 1994:85).

Gedurende die paasnag, wat die middelpunt van die paasfeesvieringe was, is daar ook knielend gebid, boeteliedere gesing en uit die OT gelees. Die beslissende oomblik was daar waar, ná die waak en vas, met die breek van die dag oorgegaan is na die vreugde oor die opstanding. Van hierdie moment af is daar nie meer knielend nie, maar staande gebid en is die boetesange met jubelsange vervang. Aan die einde van die verrigtinge, nadat die kategumene gedoop is, het hulle bekers van vreugde oorgeloop (Bieritz 1988:116; vgl Barnard 1989:8; Vos & Pieterse 1997:158).

Teen die vierde eeu het die vieringe rondom die herdenking van die laaste week voor Jesus se kruisdood in Jerusalem so gegroei dat die volle week voor Paasfees daarby betrek is (Vos & Pieterse 1997:157). In Sirië en Egipte is daar getuienis dat die tweedaagse vas verleng is tot ses dae om die *"Heilige Week"* (of "Groot Week"), soos dit steeds aan ons bekend is, te vorm. Nog later is vir drie weke gevas en uiteindelik was daar 'n vastyd van veertig dae (afgelei uit die 40 dae wat Moses op die berg Sinaï gevas het, die 40 dae wat Elia geloop het tot by die berg Horeb, die 40 jaar wat Israel in die woestyn rondgeswerf het en die veertig dae voor Jesus se beproewing), uitsluitende die Sondae aangesien daar nie op Sondae gevas is nie (Talley 1994:85). Sedert die agtste eeu is daar dan ook vier dae bygevoeg (omdat daar werklik vir slegs 36 dae gevas word) en is daar met Aswoensdag begin vas. Met verloop van tyd gaan verdere

ligte vaste hieraan vooraf en begin dit met Sondag *Septuagesimae* (op die sewentigste dag voor Pase). Ander vastye het ook deur die jaar ontstaan (Barnard 1954:11; 1989:7-9; Beukes 1984:77; Cobb 1993:460; Hickman e.a. (eds) 1986:19-20; vgl Skinner 1999).

Volgens die getuienis van Egeria, 'n Spaanse non wat Jerusalem rondom 384 as pelgrim besoek het, (Itinerarium, XXX-XXXVIII) is daar elke dag van die "Groot Week" samekomste by verskillende plekke in Jerusalem gehou wat in verband gebring is met die gebeure van Jesus se laaste week in die stad. Veral Palmsondag, die Donderdag se nagmaalviering en optog na Getsemané en Goeie Vrydag se kruismeditasies het besondere klem ontvang. Van Maandag tot Woensdag is minder uitvoerige dienste gehou. Die volgende is opgeteken:

> *"Sunday is the beginning of the Easter week or, as they call it here (Jerusalem),"The Great Week." ... [Sunday] the bishop and all the people rise from their places, and start off on foot down from the summit of the Mount of Olives. All the people go before him with psalms and antiphons, all the rime repeating, "Blessed is he that cometh in the name of the Lord." ...*
>
> *Wednesday is exactly like Monday and Tuesday ... but at night ... a presbyter ... reads the passage about Judas Iscariot going to the Jews and fixing what they must pay him to betray the Lord. The people groan and lament at this reading in a way the would make you weep to hear them ...*
>
> *Thursday ... everyone receives Communion ... When the cocks begin to crow, everyone leaves the Imbomon [place of the ascension], and comes down with singing to the place where the Lord prayed ... From there all of them, including the smallest children, now go down with singing and conduct the bishop to Gethsemane ...*
>
> *[Friday] The Bishop's chair is placed on Golgotha Behind the Cross [the cross there now], and he takes his seat. A table is placed before him with a cloth on it, and the deacons stand round, and there is brought to him a gold and silver box containing the holy Wood of the Cross. It is opened, and the Wood of the Cross and the Title [inscription] are take out and placed on the table ... all the people, catechumens as well as faithful, come up one by one to the table. They stoop down over it, kiss the Wood, and move on.*
>
> *Saturday ... they keep their paschal vigil like us"* (vgl Wilkinson 1971:132-138).

Terugkerende pelgrims het die Jerusalemse gebruik in die res van die kerk bekendgestel en teen die einde van die vierde eeu was die viering van *"die Groot Lydensweek"* deel van die algemene kerklike praktyk en Goeie Vrydag 'n selfstandige fees. In die Apostoliese Constitutiones - ongeveer 350 - word reeds na "die Goeie Vrydag" verwys alhoewel dit teen 350 nog nie in Rome bekend was nie. Volgens Bieritz was die voetewassing en salwing met olie as godsdienstige gebruik reeds gedurende die sewende eeu in Spanje en Frankryk bekend. Hy skryf: *"Freihlich ist der Brauch, Armen und Gastfreunden die Füße zu waschen, in klösterlichen Gemeinshaften schon früher verbreitet und keineswegs an den Gründonnerstag gebunden"* (1988:108).

Die ontwikkeling rondom hierdie vieringe het ook daartoe gelei dat die antieke paasfees uiteindelik onderverdeel is tot 'n verskeidenheid vieringsmomente wat in verskillende tradisies verskillende name het. Dié geleenthede is: Lydings- / Palmsondag, Maandag, Dinsdag en Woensdag in die Heilige / Groot Lydensweek, Heilige/ Wit / Groen / Donker Donderdag, Goeie Vrydag, Heilige / Stil / Treur- / Paassaterdag en Paas- / Opstandingsondag / Paasfees (die vooraand en die dag) (Barnard 1954:11; 1989:7-9; Cobb 1993:460; Old 1998:136-143; Talley 1994:85; Vos & Pieterse 1997: 157). In 1955 is die gebruike rondom Heilige Week deur pous Pius XII hervorm. Hierdie viering verskyn ook in verskeie Protestantse diensboeke (White 2002:58-59).

Volgens Augustinus (Ep. LV = FC XII:279, 283) was dit die kerk se verantwoordelikheid om die dae waarop die Here gekruisig is, in die graf gelê het en opgestaan het te onderhou: *"Note, therefore, the three sacred days of His Crucifixion, Burial and Resurrection ... . Since it is clear from the Gospel on what days the Lord was crucified and rested in the tomb and rose again, there is added, through the councils of the fathers, the requirement of retaining those same days, and the whole Christian world is convinced that the pasch should be celebrated in that way"* (vgl Parsons 1951:284). In die ontwikkelinge rondom Paasfees is dit duidelik dat die kerk probeer het om 'n kontinuïteit te behou en om ook verskillende beklemtoninge te integreer met mekaar.

### 3.3.5 Die ontwikkeling rondom Pinkster en Hemelvaart

Reeds in die Ou Testament is dit duidelik dat die paasfees in die rigting van die pinksterfees groei: *"Van die dag ná die Sabbat af, die dag waarop julle die are as beweegoffer vir die Here aanbied, moet julle sewe volle weke tel. Die dag ná die*

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

*sewende Sabbat, op die vyftigste dag, moet julle vir die Here 'n graanoffer bring uit die pas geoeste graan"* (Lev 23:15-16). Die Christelike Paasfees groei na agter (as 'n vastyd) en ook vorentoe (as die Pentekoste) en word uitgebrei tot die hele tyd van veertig dae tot en met die hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees, tien dae na hemelvaart, dus 'n tydperk van vyftig dae. Volgens Tertullianus (On Fasting II; ANF IV:103) is daar gevas gedurende die tydperk voor *"die tyd waarin die bruidegom weggeneem is"* (Matt 9:15), m.a.w. die tyd waarin Jesus na sy dood beweeg het. Na die paasmaaltyd, waarin die opdrag: *"Gebruik dit tot my gedagtenis"* (Luk 22:19) gegee is, moes daarmee saam die gebeure rondom die dood en die opstanding onthou word in die lig van die opdrag: *"leave off your fasting, and rejoice, and keep a festival, because Jesus Christ, the pledge of our resurrection, is risen from the dead"* (Apos. Con. V:19).

Die *Fees van die Vyftig Dae*, die *Pentekoste*, was voor die einde van die tweede eeu 'n bekende en gevestigde gebruik onder Christene in verskeie streke en teen die jaar 300, tydens 'n sinode te Elvira, word die vyftigste dag sigself as van groot belang beskou en uitgesonder. Hier word vir die eerste keer verwys na Pinkster as 'n afsonderlike dag, die finale vyftigste dag, eerder as na die vyftigdaglange tydperk (Talley 1986:62,63). *"The forty-third canon of that synod is concerned to correct, iuxta auctoritatem Scriptuarum, an error that has arisen but that is not specified. The correction, however, is a reaffirmation of the importance of celebrating "the day of Pentecost" (diem Pentecostes)"* (Bradshaw 2002: 182-183; vgl ook Barnard 1989:8; Finegan 1992:xlii).

Dié feestyd het ontstaan na aanleiding van die gelyknamige Israelitiese fees en het raakvlakke daarmee gehad, maar dit was kenmerlik anders as die van die Israeliete aangesien dit met 'n duidelike Christelike inhoud gevul is. Die fees was ook anders as die paasfees, veral omdat daarin geen teken van vas of rou te vinde was nie en daar ook nie gekniel is in gebed nie (Talley 1994:85; Vos & Pieterse 1997:157). Tertullianus (De Corona III; ANF III:94) skryf: *"As often as the anniversary (of a death) comes around, we make offerings for the dead as birthday honours, we count fasting or kneeling in worship of the Lord's day to be unlawful. We rejoice in the same privilege also from Easter to Pentecost."* Dat hierdie fees is in die teken van vreugde en oorwinning gevier is, word ook beklemtoon in die *Testament of Our Lord* (II XII:134-135): *"[At or in] Pentecost let no one fast or kneel. For they are days of rest and joy.*

*Let those who carry the burdens of labor refresh themselves a little in the days of Pentecost, and on every Sunday"* (vgl Hickman e.a. (eds) 1986:21-22).

Reeds teen die tweede eeu is dopelinge wat nie met Paasfees gereed was om gedoop te word nie tydens Pinkster gedoop, maar mettertyd is dit gereken as die gepaste tyd vir die doop van nuwe gelowiges. Tertullianus (De Baptismo XIX; ANF III:678) beskou die paasfees, *"when, withal, the Lord's passion, in which we are baptized, was completed,"* as 'n dag wat meer gewigtig is as ander om op te doop, maar skryf ook:

> *"After that [the Pascha], Pentecost is a most joyous space for conferring baptisms; wherein, too, the resurrection of the Lord was repeatedly proved [by the frequent appearances of the risen Christ] among the disciples, and the hope of the advent of the Lord indirectly pointed to, in that, at that time, when he had been received back into the heavens, the angles told the apostles that "He would so come, as He had withal ascended into the heavens"; at Pentecost, of course, But, moreover, when Jeremiah says, "And I will gather them together from the extremities of the land in the feastday," he signifies the day of the Passover and of the Pentecost which is properly a "feastday""*

(vgl Donaldson (ed) 1899: 678).

In die voetspoor van die Lukaanse en Johannese narratiewe (Luk 24:50-53; Joh 20:21-21:19), is die hemelvaart van Christus tot met die vierde eeu saam met Pinkster gevier. Tertullianus (De Baptismo XIX; ANF III:678; sien volledige aanhaling hierbo) suggereer selfs dat Christus met Pinkster na die hemel toe opgevaar het. Eusebius (Vita Constantini IV:64; NPNF, 2nd series I:557 ) skryf ook in die eerste helfte van die vierde eeu van die sewe weke van Pinkster en dat die Skrifte getuig van die dag waarop Christus opgevaar het na die hemel en die Heilige Gees uit die hemel neergedaal het: *"All these events occurred during a most important festival, I mean the august and holy solemnity of Pentecost, which is distinguished by a period of seven weeks, and sealed with that one day on which the holy Scriptures attest the ascension of our common Saviour into heaven, and the descent of the Holy Spirit among men."*

In die derde / vierde eeu is daar in die Oos-Siriese en Palestynse kerke ook 'n verband gelê tussen die herinnering aan die Hemelvaart en die van Pinkster. Teen die einde van die vierde eeu is hierdie twee geleenthede egter van mekaar geskei en is die koms

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

van die Heilige Gees algemeen as die inhoud van die fees gevier:

> *"And again, from the first Lord's day count forty days, from the Lord's day till the fifth day of the week, and celebrate the feast of the ascension of the Lord, whereon He finished all His dispensation and constitution, and returned to that God and Father that sent Him, and sat down at the right hand of power, and remains there until His enemies are put under His feet; who also will come at the consummation of the world with power and great glory, to judge the quick and the dead, and to recompense to every one according to his works"* (Apos. Con. V:19; ANF VII:447-448).

Die veertigste dag is as afsonderlike fees gevier in ten minste Antiogië, Nissa en Noord-Italië. Teen die begin van die vyfde eeu is dit bykans oral gevier (Bradshaw 2002:183; vgl Cobb 1978:411-412). Die Pinksterfees het ook, soos die Paasfees, 'n eie feesweek sowel as 'n nagwaak op die voetspoor van die Paasnag gekry. Later is die Pinkster-weke - nes die Paasweke - tot drie en later tot twee feesdae beperk (Pinkstersondag en Pinkstermaandag). In hierdie tyd is die pasga en die pinkster ook beskou as onderskeidelik die eerste en die laaste dae van die "Groot Vyftig Dae" (Hickman e.a. (eds) 1986:21-22; Vos & Pieterse 1997:163). Die naam Pinkster het dan ook van hierdie tyd af verwys na beide die tydperk van vyftig dae sowel as na die dag waarop Pinkster gevier is. Hoewel die Sinode van Dordrecht (1574) die vier van die Pinksterfees nie goedgekeur het nie, het dit nogtans aanbeveel dat daar op die daaropvolgende Sondag oor die koms van die Heilige Gees gepreek sou word (Barnard 1989:8-9; Du Toit 1969:88; vgl Bieritz 1995:476).

Hemelvaart word, volgens Vos en Pieterse (1997:161), sedert die vyfde eeu as afsonderlike fees gevier. Die vroegste verwysings na Hemelvaart is deur biskop Chrysostomos, wat in die jaar 386 (en ook in 398) 'n hemelvaartspreek gelewer het (Bieritz 1988:133; 1995:476) en Gregorius van Nissa wat in 388 na die hemelvaart op die veertigste dag verwys het (Daniélou 1970:663-666). Chrysostomus het Hemelvaart beskou as 'n universele fees en volgens Augustinus is dit regoor die wêreld gevier en was dit, soos die paas- en pinksterfees, afkomstig van die apostels (Carrol & Halton 1988:192). Die Bybelse getuienis (vgl Hand 1:9) is hiervolgens as letterlike geskiedenis verstaan waarvolgens Christus (nou) in die hemel is en die Heilige Gees in die kerk op die aarde. Saam het hierdie twee feeste verwys na die daaglikse realiteite wat die kerk kon ervaar (vgl Apos. Con. V:19, ANF VII:447-448).

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

Chrysostomus verskaf in sy preke (in 386 en 398) die volgende inligting:

> *"On the fortieth day after Easter - this is a Thursday - everyone goes to Bethlehem after the sixth hour of the day before, that is Wednesday, to celebrate the vigil ... . On the following day, Thursday, the feast of the fortieth day, the divine service is celebrated in the prescribed manner - the priests and the bishop delivering sermons appropriate to the day and place"* en *"Recently we have celebrated the feasts of the crucifixion, passion and resurrection, and after this the Ascension of our Lord Jesus Christ into Heaven. Today we have come to the end of these blessings, to this metropolis of feasts, we have attained to the fruit of the Lord's promise. For if I go away, He said, I will send you another Paraclete (Jn. 14:16), and I will not leave you orphans (Jn. 14:18)"* (ACW XXXVIII:177; PG L:463; vgl Carrol & Halton 1988:192-193).

In 470 het 'n gebruik in Gallië ontstaan om Hemelvaart met 'n driedaagse gebedsprosessie (*rogationes*), wat deur biskop Mamertus van Vienne ingestel is, vooraf te gaan. Dit had ten doel om die onheil (veral die pes en hongersnood) te weer en die seën vir die mense en die natuur (veral vir sagte weer vir die landerye) af te bid. Die konsilie van Orléans het hierdie gebruik in 511 uitgebrei na al die Frankiese kerke toe. Dis later deur pous Leo III vir die Roomse kerk aangeneem. Vanaf die tiende eeu het daar ook 'n oktaaf (met 'n daaglikse eucharistieviering) vir Hemelvaart ontwikkel. In die twaalfde eeu is dit deur Rome aangeneem, maar weer in 1955 opgeskort. Die smekingsdae het egter behoue gebly (Shepherd 2003; Vos & Pieterse 1997:160-161).

Die vroeë kerk het die hemelvaart gesien as 'n dag van vreugde en blydskap, aangesien hulle gedink het aan die feit dat Jesus as oorwinnaar die kerk vanuit die hemel regeer en dat Hy in die hemel intree vir hulle by die Vader. In die vroeë tyd is hierdie viering dikwels gekenmerk deur 'n prosessie om Christus se uittog na die Olyfberg te simboliseer. Gedurende die Middeleeue is die vreugdeskarakter van die fees heeltemal gesekulariseer en is die dag gekenmerk deur losbandige vieringe wat gepaard gegaan het met uitspattige maaltye. Optogte is in die strate gehou en allerlei dramatiese voorstellings was aan die orde van die dag. In die sewende eeu is 'n nagwaak daarvoor uitgesit en in die elfde eeu het dit 'n eie feesweek gehad. Alhoewel die Hervormers aanvanklik nie hierdie dag herdenk het nie, het die Sinode van Dordrecht (1618/19) dit as viering toegelaat (Barkhuizen 1991:13; Bieritz 1988:134-135; Talley 1986:66-68; vgl Sauter 1993: 63). Daar bestaan skynbaar min geesdrif oor dié fees-

dag: Vrijlandt (1987:105) skryf dat Hemelvaart *"het absolute stiefkind"* van die feesdae is en daar is ongelukkig *"vandag wêreldwyd 'n algemene tendens dat die viering van Hemelvaart nie deur Christene hoog aangeslaan word nie"* (Beukes 1984:79).

Hemelvaart behoort vir Christene 'n belangrike viering te wees. Dit moet, alhoewel dit 'n selfstandige viering is, nie losstaande nie, maar in verband met Paasfees én Pinkster beskou word. As selfstandige viering beklemtoon Hemelvaart spesifieke teologiese inhoude en in verband met Paasfees en Pinkster, kan die viering as 'n skarnier tussen dié vieringe beskou word. Hemelvaart verdien 'n regmatige plek in die kerklike jaar.

### 3.3.6 Die ontwikkeling rondom Lydenstyd

Lydenstyd het nog nie tydens die derde eeu as 'n seisoen in die kerklike jaar bestaan nie en Paassaterdag was die enigste dag in die jaar *"when the religious duty of fasting was universal and official"* (Tertullianus, De Oratione XVIII). Aanvanklik is Lydenstyd in Egipte onderhou as 'n vastydperk van veertig dae (n.a.v. die veertig dae wat Jesus in die wildernis was na sy doop) na Epifanie (Talley 1986:194-203). Aan die begin van die vierde eeu ontwikkel die seisoen redelik skielik in die weste met die twee-dag-lange vas op Goeie Vrydag en Paassaterdag wat uitgebrei word tot die hele Heilige Week. Gedurende die vierde eeu ontwikkel die gebruik om Paasfees oor 'n langer tydperk te vier en val die klem gedurende Lydenstyd mettertyd al hoe meer op die voorbereiding vir die viering van die paasfees (Bradshaw 2002:183; vgl 3.3.3).

Irenaeus (c. 202; vgl Eusebius, HE V:24) was bewus van veertig uur van vas ter ere van die veertig ure van Christus se dood, wat bereken kon word as een dag of twee dae op die Vrydag en Saterdag voor die paasfees (*"some think they ought to fast for one day, others for two days, and others for several, while others reckon forty hours both of day and night to their fast"*). Vir Hippolitus (c. 235; Trad. Ap. XX:7), wat aan ons die oudste gedetaileerde beskrywing van hierdie seremonies nalaat, was daardie twee dae die norm. In die *Didascalia* (c. 250; Didasc. Apos. I:286) word ses volle dae aanbeveel, ten minste vir die vroom gelowiges. Ook Dionisius (c. 268; EH VII:20), wie se verantwoordelikheid dit (as biskop van Aleksandrië) was om o.a. die presiese paasdatum aan te kondig aan die kerke in Egipte, het homself beperk tot Paasfees en vermeld glad nie 'n lydenstyd nie (vgl Carroll & Halton 1988:270-271; Shepherd 2003; Thurston 2003a).

By die Konsilie van Nicea (c. 325) word daar vir die eerste maal verwys na Lydenstyd as "veertig dae" (*Quadragesima* in Latyn en τεσσαρακοστε = *"Tessarakoste"* in Grieks) en is dit onmiddelik voor Paasfees geplaas. Die konsilie het o.a. soos volg bepaal: *"And let these synods be held, the one before Lent [literally the forty] (that the pure Gift may be offered to God after all bitterness has been put away), and let the second be held about autumn"* (Canon V; NPNF, 2nd series, XIV:13; vgl White 2002:56). Die lydenstyd, as 'n tydperk van veertig dae (± ses weke), is beskou as 'n tydperk van voorbereiding van voornemende dopelinge (in ten minste 'n opsomming van die belydenis, die Ons Vader-gebed en Psalm 23), maar mettertyd het hierdie gebruik ontwikkel tot 'n algemene tyd van voorbereiding en boetedoening met die oog op die paasvieringe (Bieritz 1988:90-95; Hickman e.a. (eds) 1986:22; Talley 1994:88-89). Heelwat kategetiese lesings oor die belydenis en die sakramente het behoue gebly, waarvan die van biskop Cyrillus van Jerusalem en Theodorus van Mopsuesta noemenswaardig is. Augustinus se traktaat *De catechizandis rudibus* (c. 400) het vergeleke hiermee 'n minder dogmatiese en 'n meer Bybelse en historiese benadering tot die kategese (Carroll & Halton 1988:272; Shepherd 2003; Talley 1986:168).

Alhoewel daar voor die Konsilie van Nicea geen melding van 'n vastyd van veertig dae wat Paasfees voorafgaan gemaak word nie, word die gebruik kort na die konsilie baie wyd aangetref. Dis egter nie oral op dieselfde wyse onderhou nie. Die variasie in voorkoms is duidelik in die wyse waarop Athanasius (biskop van Aleksandrië) en Egeria dit beskryf. In 329 kondig Athanasius (PG 1371 = LNPNF ser. 2, IV:512) 'n vas vir ses dae as normatief aan, maar van die volgende jaar af beklemtoon hy die vas van veertig dae keer op keer: *"We begin the fast of forty days on the thirteenth of the month Phamenoth (March 9). After we have given ourselves to fasting in continued succession, let us begin the holy Pashal week on the eighteenth of the month Pharmunthi (April 13) ... ."* Egeria (ACW XVIII:97) se beskrywing (aan die einde van die vierde eeu en na die tyd van Cyrillus) lui: *"When the season of Lent is at hand, it is observed in the following manner. Now whereas with us the forty days preceeding Easter are observed, here they observe the eight weeks before Easter"* (vgl Carroll & Halton 1988:272-273).

Volgens oorlewering, het Cyrillus (in ± 348) aan voornemende dopelinge gesê: *"You have a long period of grace, forty days for repentance. You have plenty of time to*

*discard and wash thoroughly your soul's apparel, and so to clothe yourself and come back ... For though the water will receive you, the Holy Spirit will not"* (Protacatechesis IV:68) en in sy brief aan Januarius, skryf Augustinus (Ep. LV): *"The forty-day fast of Lent draws its authority from the Old Testament, from the fasts of Moses and Elias, and from the Gospel, because the Lord fasted that many days, showing that the Gospel is not at variance with the Law and the Prophets ... In what part of the year, then, could the observance of Lent be more appropriately instituted than that adjoining, so to speak, and touching on the Lord's passion?"* (vgl Parsons 1951:284).

In Siprus en Antiogië het Lydenstyd agt weke lank geduur aangesien daar nie op Saterdae en Sondae gevas is nie. In Rome was die vastyd drie weke lank en teen die tyd van pous Leo (440-461) het dit ses weke (veertig dae) geduur. Dit het begin op 'n Sondag en het gestrek tot Heilige Donderdag. Hy het Lydenstyd - nes Sokrates (die geskiedkundige) en Hieronimus - beskou as 'n apostoliese instelling en roep sy hoorders op om dit te vervul deur te vas: *"ut apostolica institutio quadraginta dierum jejuniis impleatur"* (PL LIV:633; PG LXVII:633; PL XXII:475).

In die ooste het die asketiese ywer van gelowiges daartoe gelei dat die vastyd voor Paasfees uitgebrei is tot vyftig, sestig en selfs sewentig dae. Die Sondae gedurende hierdie tyd het ook name gekry wat met hierdie gebruike verband gehou het. Alhoewel die gebruik nooit inslag gevind het in Rome nie, het die name van die drie Sondae voor Aswoensdag aan hulle bly kleef en daaraan 'n kwasi-Lydenskarakter verleen (Gunstone 1979:16). Hierdie name (wat verkry is deur ronde getalle te gebruik), is: *Quinquagesima* (die vyftigste dag, teruggetel vanaf Pase), *Sexagesima* (sestigste) en *Septuagesima* (sewentigste) (vgl Bieritz 1988:95-96). Sedert hierdie tyd is die twee en 'n half weke voor Aswoensdag deur verskeie gebruike (bv die gebruik van pers kledingstukke en die weglating van die *Gloria*, die *Halleluja* en die *Te Deum*) gekenmerk as 'n tydperk van boetedoening, alhoewel dit nie nodig was om te vas nie (Talley 1994:88-89). Sedert die Middeleeue het die lydensmotief (*"passion mysticism"*) uiters belangrik geraak vir die hele Lydenstyd (vgl Bieritz 1998:94-101).

Rondom die Dinsdag voor Aswoensdag het daar ook heelwat gebruike ontstaan. Die Engelse naam, *"Shrove Tuesday"*, word afgelei van die Middel-Engelse woord *"shriven"*

en verwys na die praktyk om te gaan bieg en boete te doen vir absolusie voordat die lydenstyd begin (Bratcher 2003; Thurston 2003a). Na aanleiding van die gebruik om ontslae te raak van al die vet in die huise voor die vas met Lydenstyd, het die gewoonte ontstaan om op hierdie dag pannekoeke te bak. Hiermee saam het 'n sekulêre gebruik ontwikkel waarvolgens daar op hierdie dag partytjies en karnavale gehou is voordat die streng vastyd aangedurf is (Rankin 1986:86; Spickard & Cragg 1994:76-77).

Ook in die Sinodes van Dordrecht (1574 en 1578/9) en die Sinode van Middelburg (1581) is die vas(tydperk) gehandhaaf totdat die Reformasie *"die lydenstyd as 'n vaste bestanddeel aan ons gegee"* (vgl Barnard 1989:8-9) het deurdat die vastyd in Nederland afgeskaf is en die gebruik om oor die lyde van die Here te preek ingevoer is. Op die nasionale Sinode van Assen (1619) is bepaal dat dit elke jaar sou geskied *"t' allen jaren seven weken vor Paschen"* (Du Toit 1969:71). Met die dat al hoe minder volwassenes gedoop is met verloop van tyd, het die kategumenaat begin wegkwyn en die prominensie van die doop in Lydenstyd daarmee saam afgeneem. Aan die ander kant, is al hoe meer klem gelê op die boetedoening met die gevolg dat teen die einde van die tiende eeu, byna al die gelowiges in die openbaar boete gedoen het en ook aan die boetedoeningsaktiwiteite deelgeneem het (Hickman e.a. (eds) 1986:22). Sedert die vierde eeu is Lydenstyd ook as 'n "geslote tyd" vir huweliksbevestigings beskou. Die tydperk vanaf die sewende Woensdag voor Paasfees (later bekend as "Aswoensdag") het dus mettertyd as 'n selfstandige feesvieringstydperk van veertig dae, naamlik "Lydenstyd" ontwikkel (Adam 1992: 295-298; Cobb 1993:465-466; Talley 1994:88-89).

Die feit dat elke Sondag as 'n viering van Christus se opwekking beskou is, was belangriker as die feit dat dit Lydenstyd was: *"For this reason, the six Sundays of Lent were not counted as part of the forty days. Lent thus eventually came to have a total of forty-six days, beginning with Ash Wednesday (the seventh Wednesday before Easter) and concluding the day before Easter"* (Hickman e.a. (eds) 1986:22). Wanneer die vroeë gelowiges op die laaste dag van die lydenstyd byeengekom het, is onseker aangesien daar min preke vir hierdie dag bekend is. Amphilocius van Iconium se preek vir hierdie dag (c. 400) is die oudste bekende een waaroor beskik word (Datema, Regtuit & Tevel 1989:13).

Uit die ontwikkeling rondom Lydenstyd is dit duidelik dat die kerk probeer het om die eenheid tussen Paasfees en hierdie voorbereidingstyd te behou. Die behoefte om die eenheid van die kerk te bewaar blyk ook en dit lyk verder asof dat die kerk hierdie seisoen wou benut om die "standaard" van die Christendom saam met die morele en ander opbouende samelewingswaardes te verhoog. Die terugkoppeling na die lyding van Christus as kernmotief hierin is deurgaans opvallend: Christus het gely en die gelowiges ly saam met Hom. Hierdie lyding is nie slegs t.w.v. Christus en ander nie, maar ook t.w.v. die self. Dit is in lyding wat die eenheid met Christus en ander lydendes beleef word (vgl Fil 3:10-11: *"Al wat ek wens is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood"*). In die prediking gedurende Lydenstyd sal hieraan reg moet geskied.

### 3.3.7 Die ontwikkeling rondom Epifanie en Kersfees

Oor Epifanie skryf Hickman e.a. (1986:22; vgl ook :52): *"The feast of Epiphany (January 6) is not as well known today as is Christmas, but it is older and has an even more important place in early Christian history. It was the third chief event, after the Pascha and Pentecost, in the calendar of the early church."* White (2000:62) deel dieselfde opinie, maar voeg by: *"The Epiphany... has a deeper meaning."* Dit blyk uit die bronne dat daar teen die middel van die vierde eeu in Rome 'n Christelike fees ontwikkel het rondom 25 Desember, terwyl daar elders in die ooste en die weste 'n soortgelyke fees bestaan het, maar wat op 6 Januarie gevier is en waarskynlik ouer is as 25 Desember s'n. In Egipte, Arabië en Noord-Italië het 6 Januarie (die dag waarop Epifanie gevier is) dieselfde betekenis gehad as wat 25 Desember (die dag waarop Kersfees gevier is) in Rome en Noord-Afrika gehad het (Talley 1986:103; vgl Bieritz 1988:197-199). Dit is waarskynlik die rede waarom die oorsprong van albei hierdie feeste onseker is. Dit blyk egter *"that through a process of interchange the two eventually spread to become virtually universal observances throughout the Church"* (Bradshaw 2002:187; Caroll & Halton 1988:171-172; vgl Wegman 1985:104).

Die hipotese dat Epifanie 'n verchristeliking van die Huttefees is, is reeds gestel en geniet aanhang, maar dit moet nog inslag vind (vgl Martindale 2003). Dit val buite die skopus van die ondersoek om nader hierop in te gaan.

Die naam Epifanie, wat *"verskyning"* of *"Godsverskyning"* (na die Griekse ἔπιφανεια of θεοφανεια) beteken, word herlei van die Latynse *Epiphanie*. Dit het van die begin af verwys na God se verskyning / manifestasie in Jesus (vgl Joh 1:5; 1:9; 1:32-39, met Matt 3:1-17; Mark 1:4-11 en Luk 3:21-22 as paralelle; 2:11 en 1 Tim 3:16). Die fees het op verskillende aspekte gefokus waarvan die besoek van die wyse manne, die doop van Jesus en die eerste wonderwerk van Jesus die mees prominente was (Alexander 1994:160; Bieritz 1988:197; White 1992:27).

Epifanie het ontstaan in die Oosterse Kerk, waar dit aan die begin 'n herdenking van Christus se geboorte ingesluit het. Die oudste getuienis dui daarop dat Epifanie as fees van Jesus se doop (en geboorte) - en daarmee saam as viering van die verskyning (epifanie / teofanie) van God in Jesus Christus - waarskynlik reeds teen die einde van die tweede eeu (en dus heel vroeg, in elk geval voor die tyd van Athanasius) in Egipte (te Aleksandrië) ontwikkel het (Shepherd 2003; Wegman 1985:104). In Egipte het daar 'n fees bestaan wat gevier is ter ere van die geboorte van die god Aion / Dionysius uit die maagd Kore en die Epifanie as fees is waarskynlik hier gevier - met die klem op die geboorte van Christus, as die ewige Koning van die lig - as teenvoeter vir hierdie fees (Barnard s j:14-15). Epiphanias, biskop van Salamis in Siprus (c. 367-403) (Panarion Haereses LI: 22, 8), skryf o.a. : *"In numerous places they observe a very great feast on the same night of the Epiphany in order that those who believe in error should not seek out the truth"* aangaande vieringe in Aleksandrië gedurende die nag van 5 / 6 Januarie (Carroll & Halton 1988:172-173; Talley 1986:105).

Klemens van Aleksandrië (vgl SC XXX:150) het in ongeveer 200 soos volg geskryf aangaande 'n gnostiese sekte wat probeer het om die geloof wat verband gehou het met Dionysius as die onoorwinlike son (maar wat gepaard gegaan het met mitologiese herinneringe wat baie ouer is as die westerse Aureliaanse feesvieringe), wat uit loutere vreugde die riviere van die ooste met wyn gevul het, te verchristelik: *"The followers of Basilides celebrate the baptism of Jesus ... on the eleventh day of the month of Tubi (January 6), for in their view the Word became incarnate only at the baptism of Jesus."* Klemens - en ook Origenes - het beswaar gehad teen die viering van Christus se geboorte, omdat hulle dit as heidens beskou het om die geboortedag van konings te herdenk (vgl Vos & Pieterse 1997:152).

Met die draai van die tweede eeu na die derde eeu is daar tekens dat die doop van Jesus (wat terselfdetyd geassosieer is met sy geboorte) op 6 Januarie, nege maande na die viering van Pasga (6 April op die Romeinse kalender wat in Klein-Asië gebruik is, maar ook die ander solêre ekwivalent vir die lunêre datum van Paasfees (14 Nisan); vgl 3.3.3), gevier is. In die Weste is die geboortedatum van Jesus teen die vierde eeu bereken as 25 Desember en in die Philokaliese kalender (c. 354) word 25 Desember in die opskrif bo-aan 'n lys van martelare aangedui as *"Natus Christus in Betleem Iudeae"* (= *"Christus is gebore in Betlehem, Judea"*) (Denis-Boulet 1960:53).

Aangesien dit ook die datum was van die heidense fees van *"die geboorte van die Onoorwinbare Son"* (= die *natale solis invicti*, met verwysing na Jupiter en ter ere van Mitras) wat deur keiser Aurelianus vir die hele Romeinse Ryk ingestel is na sy oorwinning oor die hoofstad van Sirië in 274, is *"die geboorte van die Son van Geregtigheid"* (vgl Mal 4:2) daarnaas beskou as 'n goeie alternatiewe vieringsgeleentheid na die deurbreek van die lenteson na die winter op 23 Desember in die noordelike halfrond. Op 25 Desember kan gesien word dat die son sterker word en die dae langer word en met die dat die Christendom die gevestigde godsdiens van die Romeinse Ryk geword het, is hierdie heidense fees met die Kersfees (ook genoem die "Christusfees") vervang (Bieritz 1988:197-202; Wegman 1985:104-105). Die motief van lig wat duisternis verdring was nog altyd prominent in Kersfees én Epifanie. Dit kan ook egter bloot so wees dat die verskil in datums voorkom omdat die kalender wat in antieke Egipte gebruik is en die Juliaanse kalender, wat in die Weste gebruik is, van mekaar verskil (Bradshaw 2002:188; Caroll & Halton 1988:171-188; Cobb 1993:466-468).

Gedurende die vierde eeu het Epifanie 'n verdeling ondergaan. In Kappadosië was Epifanie teen ongeveer 370 nog die fees van Jesus se geboorte, maar 'n dekade later is die geboorte van Jesus op 25 Desember gevier en die doop in die Jordaan op 6 Januarie. Dit was ook die geval in Konstantinopel (Talley 1994:86). Die titels van die feeste was θεοφανια of τα γενεθλια vir 25 Desember en τα φωτα vir 6 Janua-rie. *"Still, it can be concluded from the sermons of Gregory of Nazianzus and Gregory of Nyzza that January 6 had the oldest rights to being the festival of the birth"* (Wegman 1985:104). Kersfees (op 25 Desember) is dus hierna gesien as die geboortefees en

Epifanie (op 6 Januarie) as die verskyningsfees (met die klem op Jesus se doop in die Oosterse kerk, en op die besoek van die wyse manne in die Westerse kerk) en het sodoende, nadat albei hierdie feeste in beide die Ooste en die Weste aanvaar is, ook 'n selfstandige feestyd tot gevolg gehad. In die Ooste is met Epifanie die geboorte sowel as die doop van Christus in die Jordaan gevier en in die Weste is die Matteaanse geboorteverhaal verdeel sodat die fees op 6 Januarie verskraal is tot die viering van die besoek van die wyse manne en die verstaan van Epifanie beperk is tot Jesus se doop en die manifestasie van Christus aan die heidene (Hickman e.a. (eds) 1986:22).

Die feit dat Augustinus in 412 daaroor kla dat die Donatiste die fees van die Epifanie nie soos die ander bygevoeg het nie, dui daarop dat Kersfees wyd gevier is in Afrika voor die Donatistiese skisma (in 311) en teen 336 (soos aangedui in die Philokaliese kalender) ook in Rome (Monshouwer 1998:119). Die viering van Kersfees het dele van Epifanie stelselmatig verdring en via Gallië het die weste 6 Januarie as fees aanvaar, maar met met 'n ander doel, naamlik die verering van die wyse manne, die doop in die Jordaan en die "eerste teken" te Kana (Adam 1992:298-302; Barkhuizen 1991:11).

Chrysostomus (PG XXXXVIII.752) sê in sy preek op 20 Desember 386 dat Kersfees belangrik is, omdat al die ander vername feeste daarin hulle oorsprong terugvind: *"For if Christ had not been born into flesh, He would not have been baptized, which is Theophany (Orthodox term for Epiphany), He would not have been crucified (some texts add: and would not have risen) which is the Pascha, He would not have sent down the Spirit, which is the Pentecost."* In sy preek op 25 Desember 386 in Antiogië, het hy gesê dat Kersfees na 'n kort rukkie sedert dit na hulle toe gebring is vinnig ontwikkel het en groot vrug gedra het (PG XXXXIX:351; vgl McArthur 1953:49-50; Talley 1986:136-137). Met die daaropvolgende viering van Epifanie (op 6 Januarie 387) het hy na die geleentheid verwys as die viering van Jesus se doop: *"But why is it not the day on which he was born, but the day on which he was baptized, that is called Epiphany? For this is the day on which he was baptized, and made holy the nature of the waters ... why then is this day called Epiphany? Because it was not when he was born that he became manifest to all, but when he was baptized; for up to this day he was unknown to the multitudes"* (Opera Omnia II:436).

In die strydgesprekke rondom die vleeswording en persoon van Christus en die behoefte tot die bestryding van Arianisme van die vierde tot sesde eeue het die Kersfees as 'n belangrike feesdag na vore getree. Dit het die ideale geleentheid gebied om die dwaallering te bestry (Monshouwer 1998:119; Old 1998:145). Kersfees is teen 370 in Kappadosië en teen 380 in Konstantinopel gevier en Jerusalem was een van die laaste kerke in die ooste om 25 Desember as fees van die geboorte te vier (Adam 1992:298-302; Caroll & Halton 1988:171-188; Cobb 1993:466-468). Met verloop van tyd is die oorspronklike fokus van die epifaniefees dus geleidelik uitgebrei om al die temas van die manifestasie wat in die vierde eeu voorgekom het in te sluit (vgl Winkler 1994:177-299). Kersfees se verband met Epifanie is ook duidelik geleë daarin dat dit Jesus se geboorte vier - *"his natale or his manifestatio, his apparitio, his adventus - all terms related to the Greek epiphaneia"* (Wegman 1985:103; vgl Roll 1995:57-97).

Die oorspronklike fokus van Epifanie, wat mettertyd uitgebrei is, is nog later weer herskik en lei vanweë die wisselwerking tussen die kerklike en die burgerlike jaar uiteindelik daartoe dat Nuwejaar 'n plek vind in die kerklike kalender. Alhoewel 6 Januarie deur sommige kerke beskou is as die begin van die kerklike jaar en daar op hierdie dag met die lees van een van die evangelies begin is (Talley 1986:129-134; vgl ook bv White 2000:61), word 1 Januarie sedert 153 v.C. beskou as die amptelike jaarwisseling. Sedert die ingebruikneming van die Juliaanse kalender, is daar weggedoen met die gebruik om 1 Maart as die begin van die nuwe jaar te beskou en is 1 Januarie aangedui as die begin van die nuwe jaar. In die sewende eeu het 'n misdiens vir die jaarbegin gebruiklik geraak waartydens Christus as die Heer van die tyd verkondig is en gedurende die dertiende eeu het Rome die gebruik om Jesus se naamgewing en besnydenis, wat in Spanje en Frankryk op 6 Januarie gevier is, oorgeneem en op die nuwejaarsdag begin vier (Bieritz 1988:193-196).

Die Konsilies van Tours (567) en Toledo (633) het die eerste drie dae in Januarie afgesonder vir boetedienste en het vaste daarvoor voorgeskryf. Die Mariafees (*Natale sanctae Mariens*) wat teen die sewende eeu op 1 Januarie plaasgevind het, het betekenis verloor en is getermineer nadat die Bissantynse vieringe van die *Verkündigung Mariens* (25 Maart) en die Hemelvaart van Maria (15 Augustus) in Rome gevestig is. Alhoewel die Mariafeesviering met die Rooms Katolieke kalenderhervorming in 1969

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

teruggebring is, word die die naamgewing van Jesus sedertdien ook in herinnering geroep en word hierdie viering nie meer voorgeskryf nie. Alhoewel Luther, vir wie die nuwe jaar met Kersfees begin het, teen die viering van Nuwejaarsdag gepolemiseer het, word die beskrywing *Tag der Beschneidung und Namengebung des Herrn* in die Lutherse Agende von 1955 ingesluit en in die nuwe Duitse streekskalender verskyn die inskrywing: *"Neujahr, Oktavtag von Weihnachten, Namengebung des Herrn, Hochfest der Gottesmutter Maria"* (Bieritz 1988:193-196).

Die betekenis en die funksie van Epifanie in Egipte, Arabië en Noord-Italië behoort herwaardeer te word in die nadenke oor die kerklike jaar. Veral die gebruik om 'n nuwe jaar hiermee in te lei en die evangelielesings wat daarmee saamgaan, kan na die skoolvakansie 'n groot rol speel in 'n hernieude aktivering en motivering van die eietydse Christelike geloofsgemeenskap. Deur aan Epifanie groter prominensie te verleen, kan die kontinuïteit tussen die burgerlike jaar en die kerklike jaar ook bevorder word. Vroeg in die nuwe jaar het mense reeds van Kersfees begin vergeet (of het hulle begin spyt kry oor die baie geld wat hulle uitgegee het of die manier waarop hulle dit gevier het!) en die vooruitsigte op Kersfees word weer heeltemal te vroeg aan die einde van die kalenderjaar deur die bemarkingstrategieë van besighede aan hulle opgedring. Die bewussyn dat God se lig in hierdie donker wêreld kom skyn het, kan regdeur die jaar 'n begeleidende lig wees vir die pad waarop hoorders se lewensreis loop.

### 3.3.8 Die ontwikkeling rondom Advent

Advent het op dieselfde wyse as Lydenstyd ontwikkel as 'n tydperk van voorbereiding met die oog op Kersfees en Epifanie. Aanvanklik het voorbereidende tye vir die twee vierings afsonderlik ontstaan en dit het ook in tydspan verskil, maar mettertyd het Advent 'n seisoen in eie reg geword. Advent is ten volle 'n Westerse instelling (Cobb 1993:468) wat ontstaan het met Galliese en Romeinse tradisies as agtergrond, alhoewel die oorspronklike impuls daarvan vanuit die ooste kom, waar dit na die ekumeniese Konsilie van Efese in 431 'n algemene gebruik geraak het om preke op die Sondae voor Kersfees aan die tema van die annunsiasie (= aankondiging / Maria-boodskap) te wy (Gunstone 1979:28-29; Shepherd 2003). Veral Petrus Chrysologus (c. 433-450), van wie 168 preke behoue gebly het, het sulke homilië gelewer. Hy het veral die vrede wat Christus gebring het beklemtoon (vgl Old 1998:416-424).

Die vroegste getuienis aangaande die adventstyd, is dié van Hilarius van Poitiers (oorl. 367) in Gallië as 'n tydperk van drie weke van voorbereiding vir Epifanie, asook die instelling van 'n vas voor Kersfees deur Perpetuus, biskop van Tours (461-490) en die vasstelling daarvan deur die Konsilie van Saragosa (Spanje) in 380 ( Cobb 1993:468). Aanvanklik het hierdie vastyd, wat ook bekend gestaan het as *"St. Martin's Lent"*, begin op 11 November (St. Martinsdag) en het dit geduur tot op 5 Januarie. Die konsilie het die tydperk vasgestel as voorbereidingstyd vir Epifanie wat strek vanaf 17 Desember tot op 6 Januarie as een en twintig aaneenlopende vasdae (Bieritz 1988:180-181; Jungmann 1972:274-275; Talley 1986:150-151; Webber (ed) 1994:108-109). Niemand is toegelaat om in hierdie drie weke afwesig te wees van kerk nie: *"From December 17 until the day of Epiphany, which is January 6, it is not permitted to be absent from church"* (Konsilie van Saragossa (380); vertaling van McArthur 1953:56).

Hierdie vastyd was 'n *"precedent for Advent when Christmas itself was yet unknown in Spain"* (Hickman e.a. (eds) 1986:23). In Frankryk is daar ook teen die vyfde eeu liturgieë wat dui op die voorbereiding vir Kersfees en die Konsilie van Mâcon (in 581) het die gebruik uitgebrei na ander Franse kerke en 'n vastyd vir die leke vasgestel. In hierdie tyd is die een en twintig dae voorbereidingstydperk verleng na veertig dae en terugwaarts bereken vanaf Kersfees. Verwysings daarna dat die heiliges Egbertus en Cuthbertus gevas het vir veertig dae *"ante natale Dei",* is ook gedokumenteer (Cobb 1993:468). In die sesde eeu is soortgelyke liturgieë ook in Rome in gebruik geneem waarin daar aanvanklik net 'n enkele dag se vas ter voorbereiding vir Kersfees was (Philastrius van Brescia, Div. Haer. 149; CSEL XXXVIII; vgl Augustinus, Ep. LXV).

In Rome het Advent gegroei vanuit die Desember-vasdae (*"die vas van die tiende maand"*) en 'n al groter klem op boetedoening het ontwikkel (Leo, Serm. XII; PL LIV: 168; vgl Cobb 1978:416; 1993:468). Aangesien Advent in Rome van die begin af 'n voorbereidingstyd was vir Kersfees en nie vir Epifanie nie, was die fokus op die vreugdevolle viering vir die geskiedkundige vleeswording van Christus - die punt wat die begin van God se verlossingshandelinge in Christus aandui. In die agterlande was die beklemtoning eskatologies van aard: Advent het nie gefokus op die koms van Christus in die vlees in Betlehem nie, maar op die finale koms van die verhewe Christus, die parousia. Die eskatologiese temas wat verband gehou het met die laaste oordeel, die

belangrikheid om gereed te wees vir die tweede koms van die Verlosser en so meer, het goed ingepas in die skema van boetedoenende voorbereiding. Teen die agtste eeu het die twee streke se tradisies rondom Advent begin saamvloei, *"but final solutions to the divergent origens and themologies were not found until the thirteenth century. Even then, the solutions were little more than conflated compromises"* (Webber (ed) 1994:108).

Gregorius VII die Grote het later, in 1085, die duur van Advent vasgestel op vier weke. Dié gebruik het uiteindelik die algemene praktyk in die kerk geword (Cobb 1993:468). Elders word dit oor korter of langer tydperke gevier en die langer Galliese seisoen is tot in die liturgiese literatuur van die middeleeue te bespeur. Die oosterse kerke het 'n vastydperk - wat op 15 November begin - met die oog op Kersfees (Cobb 1993:469; vgl Henry 2003 i.v.m. die *Dies Irae*, wat aanvanklik vir die Sondag voor Advent geskryf is). In die Rooms Katolieke en Lutherse kerke word vier Adventsondae gehandhaaf en in Nederland het die gebruik van vier Adventsondae ook mettertyd ingeburger geraak, maar dan nie as vas- of boetetyd nie. In Advent is die tema van die tweede koms van Christus nog altyd dominant en tot so laat as die twaalfde eeu is dit beskou as 'n tyd waarin wit klere gedra en die *"Gloria in Excelsis"* gesing is. Teen die einde van die twaalfde eeu het die pendulum egter verskuif en is die liturgie gestroop van feestelike elemente, die Gloria is tot stilswye gebring, die kleur was swart en die atmosfeer was baie meer somber (vgl Bieritz 1988:179-181; Monshouwer 1998:121; Talley 1994:86; Vos & Pieterse 1997: 151; Vrijlandt 1987:67-69; Wegman 1985:104-105).

Adventstyd behoort aan die einde van die kalenderjaar aangewend te word om nuwe verwagtinge en hoop te skep by gelowiges wat moeg gewerk is. Die opgewondenheid oor God se teenwoordigheid in ons midde en Christus se wederkoms moet in die prediking aandag kry. Uit die ontwikkeling van hierdie seisoen as 'n selfstandige tyd in die kerklike jaar blyk dit dat hierdie pastorale funksie reeds vroeg aangevoel is deur kerkleiers. In die prediking kan die tyd ingerig word om 'n afloop na 'n besige jaar en ter gelyke tyd die opwek na 'n nuwe tyd wat kom gefasiliteer word.

### 3.3.9 Die ontwikkeling van Heilige Dae en ander Feesdae

Teen die einde van die vierde eeu is die heilshistoriese raamwerk vir die kerklike jaar (die *"temporale"* siklus, van die Latynse *tempus per annum* = "tyd in die jaarlikse siklus") in breë trekke vasgelê, maar reeds vanaf die tweede eeu het die gebruik ook

hiernaas ontstaan om die apostels, engele, die martelaarsdood van sekere gelowiges (bv dié van die biskop Polikarpus van Smirna in 156), sekere Bybelse figure (in die besonder Maria) en geloofsgetuies te vereer of te herdenk en ander geleenthede te gedenk (die soge-naamde *"sanktorale"* siklus, van die Latynse *"sanctus"* = "heilig") (Hickmann e.a. (eds) 1986:24; White 2000:63). Oor Polikarpus se martelaarskap is geskryf: *"So we later took up his bones, more precious than costly stones and more valuable than gold, and laid them away in a suitable place. There the Lord will permit us, so far as possible, to gather together in joy and gladness to celebrate the day of his martyrdom as a birthday, in memory of those athletes who have gone before, and to train and make ready those who are to come hereafter"* (LCC I.156). In Rome is Petrus en Paulus se nagedagtenis herdenk en daar is ook 'n lys van biskoppe en martelare wat vanaf 354 gedateer is. Dit het selfs gebeur dat afgestorwe askete, maagde en biskoppe net soos die martelare herdenk is en die kalender het spoedig al hoe meer volgeprop geraak deur 'n vermeng-ing van die twee siklusse (Bradshaw 2002:190-191; Wegman 1985:105-106).

Die gebruik om dooies asook groepe afgestorwenes te herdenk was eie aan die heidense volke en daar is doelbewus gepoog om hierdie gebruik te verchristelik deur die manier waarop die vroeë Christene dit gedoen het. Jungmann (1972:141-145) is van mening dat daar nêrens 'n meer treffende voorbeeld is van die impak wat die heidense wêreld op die Christelike aanbidding gehad het nie, as wat dit blyk in die kerklike kalender nie en gee 'n goeie uiteensetting van die raakvlakke tussen die heidene en die Christene se wyse van *"honoring the dead"* (:142). Dié dae het metter-tyd 'n belangrike plek in die kerklike jaar ingeneem, aangesien die mense bekend was met die praktyke in hierdie verband.

Volgens Tertullianus was 'n mens se geboorte in die ewigheid in (met die dood) baie belangriker as 'n mens se geboorte in die tyd in en is hierdie vierings soos verjaarsdag-geleenthede beskou. Hy skryf o.a.: *"As often as the anniversary comes round, we make offerings to the dead as birthday honors"* (De Corona III; ANF III:94). Aanvanklik is afgestorwenes herdenk op die plekke waar hulle begrawe is, maar later is hulle ook op ander plekke vereer. Relikwieë is versprei (of mee handel gedryf of uitgeruil) en sommige kerke in die stede het selfs tuistes geraak waar relikwieë geberg en bewaar

is. Dit is ook opvallend dat daar waar relikwieë van heiliges verskuif is na ander plekke, plaaslike heiliges vedring is deur heiliges van ander godsdienste wat universeel gevier is (Bradshaw 2002:190-191; Hickmann e.a. (eds) 1986:24; Wegman 1985:106-107; vgl Donaldson (ed) 1899:94).

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie vieringsgeleenthede primêr die herdenking of viering van plaaslike geloofshelde en -heldinne was en dan veral as 'n verlengstuk van die toewyding wat aan Christus getoon is, aangesien hulle herdenk is *"for the virtues in life and death that derive from his grace and holiness"* (Shepherd 2003). Bieritz (1988:217) wys daarop dat die predikaat *heilig* in die NT nie gebruik word i.v.m. individue nie, maar m.b.t. die gemeente as gesamentlike populasie. Hy skryf verder: *"Der Ausdruck heilig hat nichts mit besondern menschlichen oder gar moralischen Qualitäten zu tun. Er bedeutet einfach: von Gott berufen, seinem Volk eingegliedert zu sein"* en beklemtoon ook dat die "heiliges" nie 'n naamlose massa is nie, maar name het, mekaar ken, vir mekaar intree en so meer. Jungmann (1972:175) beklemtoon die roeping van Jesus met sy hemelvaart: "ἐσεσθέ μου μάρτυρες" (*"Julle moet My getuies wees ..."* [vgl Hand 1:8]) en wys daarop dat die herdenking van die betrokke afgestorwenes daarop neergekom het dat hulle die geloof wat aan hulle oorgedra is in stand gehou het en sodoende aangehou getuienis lewer het ooreenkomstig die roeping wat hulle van Jesus ontvang het (vgl ook Schuman 1998:144-148).

Volgens Dix (1981:369-385) is dit nie moontlik om 'n oorsig oor die ontwikkeling van die kalender van die heiliges te gee nie, maar van die feeste wat met die verloop van tyd ingepas is, is onder andere die Fees van die Besnydenis / die Heilige Naam van Jesus (1 Januarie), die Fees van die Presentasie van Jesus in die Tempel / die Ontmoeting van die Heer met Simeon en wat hiermee saamgaan, die Reiniging van Maria (2 Februarie), die Fees van die Annunsiasie / Maria Aankondiging (25 Maart), die Fees van die Visitasie by Elisabet (31 Mei) en die Geboorte en die Sterfdag van Johannes die Doper (24 Junie en 29 Augustus) (Bieritz 1988: 142-184; 186-189; 217-251). Veral vanaf die vierde eeu het hierdie praktyk baie sterk toegeneem (veral in die Middeleeuse Rooms Katolieke Kerk) en mettertyd het 'n hele siklus van feeste tot stand gekom en begin om die heilshistoriese karakter van die kerklike jaar geheel en al te oorheers (Beukes 1994:85; Du Toit 1969:12-13).

Hier word nie verder daaraan aandag geskenk om 'n lys van inskrywings en wanneer hulle in die kalender ingang gevind het daar te stel nie. Bieritz (1988:225-251) bied 'n goeie uiteensetting aan van die aposteldae, Mariavieringe en ekumeniese heiliges wat ingang gevind het tot die kerklike kalender en Wegman (1985:277-285) bied 'n goeie oorsig oor die Bissantynse liturgie wat teen die twaalfde eeu gefunksioneer het ooreenkomstig drie siklusse waarbinne die groot feeste hul plek gevind het. Die Klassieke Romeinse Missaal (soos vasgestel in Trente in 1562) en verwante leesroosters en die nuwe Romeinse leesrooster word goed uiteengesit deur Vrijlandt (1987:274-291).

Na die vierde eeu is die enigste merkwaardige byvoegings tot die kerklike kalender die Allerheiligesfees (in die negende eeu deur die Ortodokse kerk) en die Fees van die Heilige en Onverdeelbare Drie-eenheid (in die tiende eeu in die weste) (Hickman e.a. (eds) 1986:24; vgl Wegman 1985:225). Albei die feeste is op die Sondag na Pinkster gevier (Cobb 1978:412). Allerheiligefees, waarop die hele gemeenskap van heiliges herdenk word, het vroeëre lentefeeste as presedente. Die Galliese plasing van die fees in die oestyd (op 1 November i.p.v. gedurende Mei) is in 835 deur Rome aanvaar onder Gregorius IV (c. 828-844). Triniteit- / Drie-eenheidsondag, wat as 'n vername viering beskou word, is deur biskop Stephen van Liège (c. 902-920) in gebruik geneem, waarna dit deur die hele noordelike Europa versprei het en in 1334 in Rome aanvaar is deur pous Johannes XXII (Shepherd 2003). Allerheiligesdag word vanaf die middel van die agtste eeu in Engeland en Ierland op 1 November gevier (Bieritz 1988:156).

Teen ongeveer 800 het die kerklike jaar in die westerse kerk die gestalte vertoon soos wat dit deur die Lutherse en Anglikaanse kerke bewaar gebly het. Terwyl die kerk in Engeland (*"The church of England"*) oorspronklik slegs die heiliges wat in die Bybel genoem word en Allerheiligesfees herdenk het, het die kerk in Skotland in 1560 al die feeste van *"apostles, martyrs, virgins, of Christmas, cicumcision, epiphany, purification, and other fond feasts of our Lady"* verdoem (Hickman e.a. (eds) 1986:26). Met die Konsilie van Trente (1570), is sekere wysigings vasgelê en 'n groter eenvormigheid is bereik, waarna die kerklike jaar ook in die Rooms Katolieke Kerk onveranderd gebly het tot met die Tweede Vatikaanse Konsilie waartydens "dié" Rooms Katolieke Liturgiese Jaar ingrypend gewysig is (Monshouwer 1998:124; Vrijlandt 1987:315-319).

Teen die tyd van die Konsilie van Trente, was die viering van die *mysteria Christi "buried under details that distracted attention from the essential"* (Wegman 1985:225). Dit het daartoe gelei dat daar teen die middeleeue 'n disintegrasie was wat die liturgiese viering van die verlossing aanbetref. Die aandag was nie meer gefokus op die Sondag, die paasmisterie en die verlossing in Christus nie en die feeste rondom Maria en die heiliges was nie meer ingebed in die verlossing van Christus nie en het onafhanklik daarvan begin raak en ontwikkel. Wegman (1985:225) wys daarop dat *"The saints became protectors of people in need, because they were already living in the glory of the Lord."* Hy skryf elders: *"De heiligen, zo was de overtuiging, waren de helpers in de nood van iedere dag. Zij waren machtige middelaars bij God en werden daarom in ere gehouden. Zij konden vergeving van zonden verkrijgen en wonderen uitwerken ten bate van de mensen. Misschien is dit wel de kern geweest van de vrome beleving van het kerkelijk jaar: Men leefde van feest naar feest, van de ene gedachtenis naar de andere om de heilige in kwestie gunstig te stemmen"* (Wegman 1991:217).

In die woorde van Barnard (1954:96), was een van die ernstigste probleme hiermee dat mense van die heiliges voorspraak (intersessie) verwag het en dat hierdie geleenthede dus iets geraak het wat *"die hele lewe van die mens, van sy wieg tot sy graf, beheer het en waaruit hy nie kon ontkom nie."* Daarom dat daar, ook binne die geledere van die Roomse kerk, byvoorbeeld by monde van Johannes Gerson (1408) en Nicolas de Clémanges (1410), stemme opgegaan het teen die oormaat van feeste (Barnard 1954:98; Cobb 1978:427; vgl Van den Berg 1914:51). *"In the Roman liturgical reforms following the Council of Trent the sanctorale was very substantially cut down, but it subsequently grew again"* (Buxton 1991:135). Trente se hervormingspogings was dus in die regte rigting, maar verdere reformasie van die kerklike jaar het onder die hervormers van die sestiende eeu plaasgevind.

### 3.3.10 Ontwikkeling gedurende die Reformasie en daarna

Dit is veral hierdie toename in "heilige dae" asook die onderskeiding tussen verpligte en vrywillige feesdae wat die ontwikkeling rondom die kerklike jaar gedurende die Kerkhervorming van die sestiende eeu beïnvloed het. Alhoewel verskillende hervormers verskillende rigtings ingeslaan het wat hul hervorming van die kerklike jaar aanbetref, wou hulle die gebruik van die vroeë kerk herwin en het hulle hulleself veral

daarvoor beywer dat die voorrang van die viering van die Sondag weer in ere herstel moes word (Hickman e.a. (eds) 1986:26; vgl Brienen 1999:61-62). Paasfees is in die meeste gevalle as 'n belangrike fees behou, maar gereduseer tot 'n enkele dag. Die viering rondom heiliges is in die meeste gevalle laat vaar en die geloof van die martelare in die geskiedenis van die kerk is eerder (in die gees van Hebreërs 13:7) op die Sondag die naaste aan 24 Augustus ("Bartholomeusnag") herdenk. Die *"wildgroei"* van die Maria-dae *"is in haar volle breedte afgewezen"* (Schuman 1998:147) en Kersfees is mettertyd in die meeste Reformatoriese kerke herstel, maar gewoonlik sonder die daarmee gepaardgaande Epifanie (vgl Beukes 1994:72; Skinner 1999:4).

Luther se liturgiese reformasie was matig, aangesien sy volgelinge se pogings na sy mening te vinnig en te onverantwoordelik was. Hy het die aposteldae as "halbe Feiertage" beskou en al die heilige dae verwyder, terwyl hy net die dag van die Here en die feeste van die Here wou herdenk. Dit was by hom 'n versugting dat die mense moes werk en daarom wou hy die feesdae na Sondag verlê. Hy het sy preke volgens die kerklike jaar gegroepeer omdat hy orde wou hê en omdat hy dit vir die volk as bevorderlik beskou het (Vrijlandt 1987:306). In Wittenberg (1523) onderhou Luther (Formula Missae, LW LIII: 23) 'n vereenvoudigde liturgiese jaar:

> *"But we at Wittenberg intend to observe only the Lord's days and the festivals of the Lord. We think that all the feasts of the saints should be abrogated, or if anything in them deserves it, it should be brought into the Sunday sermon. We regard the feasts of Purification [Presentation] and Annunciation as feasts of Christ, even as Epiphany and Circumcision. Instead of the feasts of St. Stephen and of St. John the Evangelist, we are pleased to use the office of the Nativity. The feasts of the Holy Cross shall be anathema. Let others act according to their own conscience or in consideration of the weakness of some whatever the Spirit may suggest"* (vgl ook Brienen 1999:61; Du Toit 1969:96).

Hy bepaal verder soos volg:

> *"For the Epistles and Gospels we have retained the customary division according to the church year, because we do not find anything especially reprehensible in this use ... . We ... have no objection to others who take up the complete books of the evangelist [continuous reading] ... But on the festivals, such as Christmas, Easter, Pentecost, St. Michael's Purification, and the like, we must continue to use Latin until we have enough German songs. This work*

> *is just beginning ... . Lent, Palm Sunday, and Holy Week shall be retained, not to force anyone to fast, but to preserve the Passion history and the gospels appointed for the season. This, however, does not include the Lenten veil, throwing of palms, veiling of pictures, and whatever else there is of such tomfoolery ... . Holy Week shall be like any other week save that the Passion history [shall] be explained every day for an hour ... and that the sacrament [shall] be given to everyone who desires it"* (German Mass, LW LIII:68-90).

Calvyn (Institutiones III XX:21-27) het baie sterk en omvattend gereageer teen die mensgemaakte karakter van kanonisering en die praktyk van die invokasie. Die verskuiwing van eerbewys na aanbidding na aanroeping van die heiliges (*veneratio, adoratio, invocatio*) was vir hom beide onskriftuurlik en godslasterlik, want dit bedreig die unieke status van Christus as mediator. Hy het die afskaffing van die feesdae nie teengegaan nie, aangesien hy slegs die Sondag as prioriteit beskou het. Hy het egter nie 'n beginselsaak daarvan gemaak nie, maar was beslis daaroor dat die regering nie aan die kerk hieroor mag voorskryf nie. Die Geneefse owerheid het egter verwag dat by hulle beleid gehou moes word en Calvyn se weiering was een van die deurslag-gewende oorwegings in sy (en ook Farel se) verbanning uit die stad. Binne die Calvinistiese hoofstroom is die Sondag en groot Christusfeeste gehandhaaf terwyl die sanktoraal van die Europese bodem verdwyn het. Dit het egter in Swede en Engeland oorleef en toe die feeste in 1541 teruggebring is, het hy voortgegaan met sy vervolg-stowwe. 'n Hele aantal van Calvyn se preke wat feesstof bevat, soos Kersfees, asook die Lyding, Sterwe en Opstanding van ons Here, het behoue gebly (Brienen 1999:62; Cobb 1978:429; vgl ook Du Toit 1969:97; Schuman 1998:145).

In Engeland is die kalender van heiliges in Edward VI se twee gebedeboeke drasties gesnoei. Ongeveer vier en twintig gedenkdae van heiliges, hoofsaaklik persone wat in die Bybel vermeld word en waarvan die meeste apostels was, asook Allerheiligesdag is behou (Cobb 1978:429; Hickman e.a. (eds) 1986:26; vgl Wegman 1991:318-319). In *The Booke of Common Prayer* (1549) is die volgende inskrywing: *"The [introits,] collects, epistles, and gospels, to be used at the celebration of the Lord's Supper and Holy Communion through the Year: [with Proper Psalms and Lessons for Divers Feasts and Days.]"* en dan word 'n lys met ses en veertig inskrywings verskaf (die teks in die

hakies word uitgelaat in die teks van 1552) (The First and Second Prayer Books of Edward VI 32-211; vgl White 1992:35-36, ook vir die volledige lys). In 1662 word meer as sestig name bygevoeg, maar dan as swartletterdae sonder enige spesiale herdenkingsvoorskrifte en in 1859 word *"King Charles the Martyr"*, *"the Birth and Restoration of Charles II"* en *"Papist's Conspiracy"*, wat almal sogenaamde rooiletterdae was en tot in daardie tyd spesiaal gevier is, weggelaat (Cobb 1978:429; Wegman 1991:320-321).

Die Skotse kerk was meer radikaal, waarskynlik aangesien die koningin en haar leidende adelstand katoliek was, met die gevolg dat die reformatore harder moes werk en skepties gestaan het teenoor enigiets wat verband gehou het met die ou kerk (Steel 1980:22). In hul *Book of Discipline* (1560) is verskeie feeste veroordeel en daarmee saam in die kerklike praktyk verwyder. In *The Westminster Directory* (1644 [1645]: 56, 85) is die houding dieselfde (vgl White 1992:36-37). Die Puriteine wou die fokus van die kerklike jaar laat val op die Sondag (maar dan as 'n Sabbat) en hulle wou ook fokus op die respons op God se handelinge in die hede. Hiervoor was vryheid nodig. Mettertyd is egter gepoog om 'n balans te vind tussen 'n geordende sisteem en die werking van die Gees (White 1992:36-37; vgl Steel 1980:21-26).

John Wesley het met die meeste heilige dae weggedoen: *"Most of the holydays (so called) are omitted, as at present answering no valuable end"* (aangehaal in Thompson 1961:417). Die Amerikaanse Metodiste het Wesley se kalender spoedig prysgegee. Hy het baie van Allerheiligesdag gehou en sy kalender het die volgende ingesluit: die vier Sondae van Advent, Kersdag, tot vyftien Sondae na Kersfees, die Sondag voor Paasfees, Goeie Vrydag, Paassondag, vyf Sondae na Pase, Hemelvaartdag, Sondag na Hemelvaartdag, Pinkstersondag, Triniteitsondag en tot vyf en twintig Sondae na Triniteitsondag (vgl Hickman e.a. (eds) 1986:26; White 1992:38; 2002:70). Lutherane en Anglikane het 'n konserwatiewe houding jeens die kerklike jaar ingeneem. Slegs die tradisionele seisoene is behou en alle herdenkings wat nie verband hou met die Bybel nie, is verwyder. Gereformeerde kerke het slegs feeste met 'n duidelike basis in die NT toegelaat: Sondae, Heilige Week en Paasfees, Pinkster en in sommige gevalle, Kersfees. Die Skotse kerk en Anabaptistiese en Puriteinse groepe het weggedoen met die hele kerklike jaar, behalwe Sondae. Ook in die Rooms Katolieke kerk het reformasie plaasgevind (Shepherd 2003; vgl Bieritz 1988:220-224; Cobb 1978:429).

In Nederland het die Nasionale Sinode van 1578 gehandhaaf dat daar op die feesdae wat deur die owerheid bepaal is, gepreek kan word, maar dat die nagmaal nie op sulke dae gevier kan word nie. In die proses het Hemelvaart in die slag gebly (veral aangesien dit slegs in sekere gebiede gevier is en die owerheid dit nie aan ander wou opdring nie), maar dit is weer tydens die Sinode van Dordrecht (1618/19) opgeneem. Aswoensdag was ook in hierdie tyd afgeskaf en die fees van die naamgewing en die besnydenis is mettertyd gesekulariseer tot "nuwejaarsdag" (De Bie 2002:187; Du Toit 1969:97-98).

Die hervormers wou in hul hantering van die kerklike jaar reg laat geskied aan die sentraliteit van Christus. Enigiets wat die aandag van Christus afgetrek het, was in die pad en moes weggevee word. Of hulle bewus was van die diepgang van die wedersydse invloed van kerk en samelewing op mekaar, is onseker, maar die reaksie op die hervorming toon aan dat daar probleme was hierin. Die "herstel" van die hooffeeste is 'n besondere beklemtoning wat nie verloor mag word nie. Dit is egter so dat die behoefte wat aanleiding gegee het tot die plek wat figure uit die verlede in die kerklike jaar verkry het, nie verdwyn het nie. Gebalanseerde omgang hiermee - wat inderdaad moontlik is - kan tot 'n gesonde integrasie hierin lei. In die westerse kerke het daar dus periodiek reformasie van die kerklike jaar plaasgevind, veral gedurende die tydperk van die reformasie. Meer spesifieke ontwikkeling as wat tot dusver aangedui is, is nie binne die skopus van hierdie ondersoek nie.

### 3.3.11 Ontwikkeling sedert die negentiende eeu

Vanaf die middel van die negentiende eeu is daar 'n toenemende aandrang in sekere Protestantse kringe om die gebruik van die kerklike jaar te herstel, maar eers in die middel van die twintigste eeu het sommige Protestantse kerke daadwerklik begin om dit te doen. Webber ((ed) 1994:3-75) gee 'n goeie oorsig t.o.v. die verrekening van die kerklike jaar in kerke in die V.S.A.. Dit val buite die skopus van die ondersoek om op die nuanses en tendense wat voorkom in die verskillende denominasies in te gaan, maar dit blyk dat die hersiening van die kerklike jaar gedurende die twintigste eeu vergelyk kan word met dié van die sestiende eeu. Die hersiening kon plaasvind veral vanweë vordering in historiese en liturgiese studie, veranderinge in teologiese perspektiewe en ekumeniese aktiwiteit (vgl Cath Enc 2003). Ontwikkelinge i.v.m. die kerklike

jaar het ook te doen gehad met die feit dat die kerklike jaar na die sestiende eeu deur sendelinge saam met die evangelie in die suidelike halfrond ingedra is en nuwe simbole en gebruike in die "nuwe wêreld" ontwikkel het (Shepherd 2003; Skinner 1999:4).

In 1817 is die kerklike jaar uitgebrei met *"een godsdienstoefening op de laaste dag van het jaar"* as plaasvervanger vir die nuwejaarsdagdienste en op 1819 word Hervormingsdag / Hervormingsondag ingevoer n.a.v. die Luther - herdenking driehonderd jaar vroeër (Vrijlandt 1987:115). Bugenhagen was die eerste Hervormer om 31 Oktober 1517 te herdenk, maar daarna het dit 'n algemene gebruik geword om hierdie dag te vier op die laaste Sondag van Oktober of op die Sondag die naaste aan 31 Oktober (Beukes 1994:86; vgl Du Toit 1969:61). Die gebruik het ook ontstaan om op die eerste Sondag van Oktober nagmaal te vier en liedere van regoor die wêreld te sing. Wêreldnagmaalsondag is dus 'n getuienis van die behoefte en openheid onder Christene om die eenheid van die kerk te vier (Webber (ed) 1994:491).

Van die vroeëre ontwikkelings in hierdie tydperk is om die lydenstyd en Heilige Week te herstel, om die seisoen voor Kersfees as Advent te vier, om meer dienste te hou voor Kersfees en op Kersdag, om Pinkster weer te begin vier, asook om die hele kerklike jaar te vier, maar dan volgens 'n patroon wat verskil het van die antieke een. Die rede hiervoor was dat die Protestantse kerke aanvanklik net die Roomse en Anglikaanse kalenders gekopieer het en toe probeer het om dit te rasionaliseer en aan te pas by wat hulle beskou het as moderne behoeftes. Hiermee saam het die algemene gebruik ontstaan om die eerste helfte van die jaar in te deel in die seisoene van Advent, Kersfees(tyd), Epifanie, Lydenstyd en Paas(tyd), aangesien hierdie seisoene vertolk is as 'n navolging van die lewe van Christus (Hickman e.a. (eds) 1986:27).

Daar was egter verwarring wat die tweede helfte van die jaar betref. By sommige was dit die gebruik om vanaf Pinkster 'n halwe jaar lank as Pinksterseisoen in te rig. By nog ander was daar die gebruik om vir 'n week lank 'n pinksterseisoen, opgevolg deur 'n lang Triniteitseisoen na te volg. Hierdie tyd is dan gebruik om te fokus op die kerk, wat hiervolgens gebore is op Pinksterdag en ook komplementerend tot die ander helfte van die jaar wat fokus op die lewe van Christus. In 1937 is 'n voorstel deur die Federale Raad van Kerke in die V.S.A. aanvaar dat die tweede helfte van die jaar, wat begin met

Drie-eenheidsondag, beskou word as 'n nuwe seisoen, naamlik Koninkrykstyd. In 1940 is hierdie tydperk verdeel in Pinkster- (in die somer van die noordelike halfrond) en Koninkrykstyd (in die herfs van die noordelike halfrond), wat begin op die laaste Sondag van Augustus. Hierdie en verskeie ander eksperimente is onderneem, maar telkens laat vaar. Die fees "Christus die Koning" is in 1925 deur Pous Pius XI ingestel en toegewys aan die laaste Sondag van Oktober, maar dis mettertyd verskuif na die laaste Sondag van die kerklike jaar sodat die kerklike jaar op hierdie hoogtepunt afgesluit kon word (Hickman e.a. (eds) 1986:27-28; Leonard 1994:209; White 2002:65-66).

In die lig van hierdie ontwikkelinge moet die reformasie van die kerklike jaar gedurende die laaste deel van die twintigste eeu nie beskou word as innovasie nie, maar eerder as restourasie van dit wat verkeerdelik begin verstaan is en/of bedorwe geraak het deur die eeue heen (vgl Hickman e.a. (eds) 1986:28). Uit hierdie ontwikkelinge is dit duidelik dat die groter prentjie van die kerklike jaar gedurig voor oë gehou moet word. 'n Lukraak omgang met die erfenis van die kerk in 'n veranderende samelewing moet ook teen alle koste vermy word. Hierin kan samewerking tussen Christelike geloofsgemeenskappe met verskillende agtergronde van groot waarde wees.

### 3.3.12 Die ekumeniese reformasie van die kerklike jaar

Terwyl baie Protestante besig was om die kerklike jaar te ontdek, was vakkundiges besig om, as deel van die hoogbloei van die Bybelwetenskaplike en historiese studies waarin hierdie wetenskaplikes van verskillende gelowe by mekaar geleer het, belangrike nuwe ontdekkings aangaande die vroeë geskiedenis daarvan te maak. Ook Protestantse en Katolieke liturgiese vakkundiges het daarin begin slaag om verby hulle denominasionele erfenisse te kyk en gemeenskaplike Christelike herkomste te begin bekyk vanuit ekumeniese perspektiewe. In albei hierdie groepe, in beide Europa en in Noord-Amerika, is daar begin om reformasie te bevorder wat uiteindelik sou lei tot die herwinning van die kerklike jaar as antieke Christelike erfenis vir ons dag (Hickman e.a. (eds) 1986:28; Vrijlandt 1987:145-146; vgl Cobb 1978:417-419).

Die reformasie van die Rooms Katolieke kalender en leesrooster in die vroeë 1960s moet ook teen hierdie agtergrond gesien word. In 1963 het die tweede Vatikaanse Konsilie in haar *Constitution on the Sacred Liturgy* (Article 51) soos volg verklaar: *"the*

*treasures of the Bible should be opened up more lavishly so that richer fare might be provided for the faithful at the table of God's Word. In this way a more representative portion of sacred Scripture will be read over a set cycle of years."* Hierdie besluit is opgevolg deur ses jaar se intensiewe bestudering van die Bybel, leesroosters ('n volledige lys is gemaak van alle Latynse leesroosters, van alle leesroosters uit die Reformasie sedert die 16e eeu en van 'n seleksie uit 15 Oosterse ritusse), eksperimentering, konsultasie en hersienings. In 1970 is die nuwe leesrooster (met 'n siklus van drie jaar in plaas van een jaar) in gebruik geneem. Die *Ordo Lectionum Missae* (OLM) is ingedeel volgens 'n A-, B- en C-jaar, waarin die sinoptiese evangelies opeenvolgend aan die orde kom, terwyl gedeeltes uit Johannes rondom Paasfees gelees word. Vir elke Sondag word daar ook 'n lesing uit die OT naas die evangelie- en die epistellesinge aangegee (vgl Hickman e.a. (eds) 1986:28; Van der Walt & Du Toit 1999:114; White 1980:60-61; 1989:79-84). Naas die amptelike Latynse teks, is die OLM in Engels (1975), Duits (1976), Nederlands (1979) en ander tale vertaal en kan dit in hierdie tale gebruik word. Die aksent val steeds op 'n groter plek aan die Skrif in die erediens, die homilie is herstel en daar word ook veel gemaak van die verkondiging van die Woord (Barnard 1985:238-240).

Die *New Lectionary* het spoedig die aandag getrek van beide Protestantse en Anglikaanse kerkleiers, van wie baie in elk geval betrek was by die konsultasieproses, met die gevolg dat iets van hierdie beskouing van die kerklike jaar en die gepaardgaande leesrooster geïnkorporeer is in *The Book of Common Prayer* (wat uitgeprobeer is vanaf 1970 en finaal goedgekeur is in 1979) van die Episkopaalse kerk en ook in die *Lutheran Book of Worship* (gedurende 1978). In 1974 sien *A Lectionary*, die produk van samewerking tussen verskeie denominasies onder die vaandel van die *Commission on Worship of the Consultation on Church Union* (COCU), die lig. Dit lei daartoe dat ook die Metodiste die leesrooster opneem in hulle *Word and Table: A Basic Pattern for Sunday Worship for United Methodists* (in 1976) en *Seasons of the Gospel* (1979), 'n hersiene kalender en leesrooster waaraan saamgewerk is met COCU, maar wat nie deur hulle gepubliseer kon word nie en toe deur die United Methodists uitgegee is met die aanbeveling dat dit opsioneel gebruik kan word (vgl Hickman e.a. (eds) 1986:29).

Die gebruik van die nuwe kalender en leesrooster het vinnig versprei van een die denominasie na die ander, veral in Noord-Amerika, en verskeie kerke - wat voorheen

nie enige leesrooster gebruik het nie - het ekumeniese samewerking beleef wat voorheen ervaar is nie. Beide denominasionele en kommersiële uitgewers het ook begin om publikasies en allerlei hulpmiddels vir prediking, liturgie en musiek wat verband hou met die kerklike jaar te produseer. Wat veral betekenisvol is, is dat denominasionele grense al hoe minder belangrik geraak het vir persone wat hiervoor geproduseer het of hiervan gebruik gemaak het. In al hoe meer gemeenskappe het kerkleiers ook oor grense heen begin saamwerk m.o.o. leesroostergebaseerde prediking en eredienste. Ten spyte hiervan is die kerklike jaar nie werklik as 'n simbool van Christelike eenheid beskou nie (vgl Hickman e.a. (eds) 1986:29, 30; White 1981:61).

In 1978 het verteenwoordigers van dertien kerke (insluitende Episkopaalse, Lutherse, Presbiteriaanse, Gereformeerde, Rooms Katolieke, Metodiste en Anglikaanse kerke) in die V.S.A. en Kanada, asook kenners wat prominent was in die reformasie van kalenders en leesroosters, byeengekom om saam te werk aan 'n konsensusleesrooster. Die *Consultation on Common Texts* (CCT) het sodanige leesrooster in 1982 voorgelê as die *Common Lectionary* en dit het sedert 1983 vinnig en wyd versprei. Die *Revised Common Lectionary* (RCL) is 'n uitbreiding en verwerking hiervan en het in 1992 verskyn. Albei hierdie leesroosters is gebaseer op die OLM, maar is aangepas en bygewerk t.w.v. gebruik in 'n wyer ekumeniese kring. Daar word gepoog om kritiek wat in die konsultasieproses ontvang is op verantwoodelike wyse te ondervang (CCT 1992:7; 75-79; Hickman e.a. (eds) 1986:30; NG Kerk 2002:82-83; White 1989:81-84).

In Europa is *Het Jaar onzes Here* uitgegee sedert 1933, 'n gebruik wat volgehou is tot in 1967. Die groep, *de Adem van het Jaar*, wat ook uit lede uit verskeie kerkverbande saamgestel is, het ook met gegewens uit die OLM, die profetelesings van Milaan, die Anglikaanse *Book of Common Prayer* en die Lutherse *Agende* gewerk t.w.v. die kerklike jaar. Hierdie werk het ook verder ontwikkel en in 1976 het die *Raad van Kerken (sectie Eredienst)* die werk verder geneem, *"om tot een nadere kennismaken te komen met alle leesroosters onder de naam De Eerste Dag, beginnend vanaf Advent 1976"* (Vrijlandt 1987:145-146; 272-273). In 1977 het die Raad van Kerken in Nederland 'n twaalfjarige ekumeniese leesrooster die lig laat sien wat veral poog om die tekortkominge van die OLM en ander soortgelyke leesroosters te bowe te kom (NG Kerk 2002:82).

'n Verdere ontwikkeling in die onlangse verlede, is dat nie net denominasies nie, maar ook plaaslike kerke, burgerlike en plaaslike gebruike sowel as dae wat spesifieke sake bevorder, in hul kalenders opneem. Hierdie openheid t.o.v. die inkleding van die prediking moet ook gesien word teen die agtergrond van die vryheid wat aan predikante verleen word in die tekskeuse en prediking (Hickman e.a. (eds) 1986:33; Mouw 1994:82; Wegman 1991:320). Die ontwikkeling van verskeie eksperimentele kalenders, veral vanuit Suid-Amerika, waarin die politieke en gemeenskaps-betrokkenheid van gelowiges beklemtoon word en Bieritz (1988:249-251) se lys van "ekumeniese heiliges" moet ook hier vermeld word (vgl Schuman 1998:149; 450-453; 2001:129-130; Vrijlandt 1979:116-117; White 1981:61-62; vgl ook 3.2).

Die ontwikkelings i.v.m. die kerklike jaar het nie net Europa en die V.S.A. geraak nie, maar ook die kerklike praktyk hier te lande beïnvloed. Vervolgens word daarom aandag geskenk aan die ontwikkeling van die kerklike jaar in Suid - Afrika, met besondere verwysing na die stand daarvan in die NG Kerk.

### 3.3.13 Die ontwikkeling van die kerklike jaar in die NG Kerk

In 1.7.1 hier bo is reeds daarna verwys dat die NG Kerk hoofsaaklik maar net oorge-neem het wat deur die stamkerk in Nederland aanvaar is (Human 1956:1; vgl ook NG Kerk in Noord-Transvaal 1979:297). Hiervolgens is daar op Kersdag, Goeie Vrydag, Paassondag, Hemelvaartdag en met Pinksterfees eredienste in gemeentes gehou en het die feeste veral gegeld in die prediking. In die *Reglement voor het kerkelyk onderzoek by die ringsvergaderingen*, wat by die Sinode van 1826 goedgekeur is, lui die eerste vraag wat daarvolgens deur die voorsitter aan die afgevaardigdes gevra moet word: *"Worden in uwe Gemeenten op Zon- en Feestdagen de gewone Predikbeurten waargenomen?"* Hierdie stand van sake het vir 'n baie lang tyd onveranderd gebly en die kerkraad en die ring moes toesien dat hieraan voldoen word (Dreyer 1936:285; vgl Kleynhans 1988:26). Wanneer die ontwikkeling van die kerklike jaar in die NG Kerk beskou word, blyk dit duidelik dat die kerk egter ook daarin geslaag het om met die verloop van tyd kreatief om te gaan met die kerklike jaar.

Wat die Sondag aanbetref, het die heiliging van die dag van vroeg af voorop gestaan en is dit nog vir 'n lang tydperk as 'n Sabbat beskou. Die Sinode maak op 3 Mei 1928 die volgende uitspraak: *"Die Sinode spreek sy sterkste afkeuring uit oor die toene-*

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

*mende ontheiliging van die Dag van die Heer, ook deur lede van ons Kerk, deur deel te neem aan sport of pieknieks op dié dag, en wil 'n seer ernstige beroep maak op die lede van ons Kerk se Christelike gevoel, om dit self nie te doen nie en invloed te gebruik om dit te verhinder"* (vgl Wette en Bepalinge, Ned. Herv. of Geref. Kerk 1954:70, 223). In 1970 kom daar egter 'n wending in hierdie siening wanneer die Algemene Kommissie vir Aktuele Sake in hulle verslag aan die Sinode van 1970 die versoek rig om te herbevestig *"dat die Christelike Sondag 'n feesdag is wat op skriftuurlike getuienis berus en as Christelike Sabbat deur elke Christen by die eredienste paslik tot eer van Christus onderhou moet word"*, maar die Sinode die woorde *"Christelike Sabbat"* wysig om te lees: *"die dag van die Here"* (NG Kerk 1970:188; 1971:793). Die beskouing en inrigting van die Sondag is intussen dikwels bespreek in vergaderings en ook in die media. Dit is nie binne die skopus van die ondersoek om die standpunte wat uit verskillende invalshoeke ingeneem is te bespreek nie. Dit is egter duidelik dat die kerk se siening oor die Sondag algaande verander het.

In 1974 dien verslae van die Algemene Kommissie vir Leer en Protestantse Aksie en die Algemene Kommissie vir Aktuele Sake voor die Algemene Sinode (NG Kerk 1974: 101-105; 193-195) waarin die Sondag vanuit verskeie hoeke beskou word. In eersge-noemde se verslag word die mening uitgespreek dat daar geen onsekerheid onder lede van die NG Kerk bestaan *"oor die openbaringswaarheid dat die sewende dag van die Ou Bedeling deur die opstandingsdag van die Here, d.w.s. die eerste dag van die week vervang is nie, maar dat daar wel onhelderheid oor die grondverskille tussen die Joodse Sabbat wat afgeskaf is en die Christelike Sondag en die wyse waarop laasgenoemde gevier moet word bestaan"* (:101). Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die Sondag sy wortels in die NT het en gestel: *"Die Nuwe Testamentiese Sondag is egter geensins die Ou Testamentiese Sabbat of 'n verskuiwing daarvan nie."* Daar word verder gestel dat Sondag 'n dag is waarop *"die Christen hom by uitnemendheid op dié dag behoort te verlustig in die grootheid en heerlikheid van die skepping van God, maar veral in die herskeppingswerk wat in en deur Christus volbring is"* en om diens van barmhartigheid te verrig. Daar is gewens vir 'n vaste dag vir die verkondiging van die Woord, die bediening van die sakramente en die openbare gebed sodat die Kerk nie *"verwar en uiteindelik verwoes sal word"* nie (NG Kerk 1974:105, 194-195).

Gedurende 1986 behandel die Algemene Sinode weereens die Sondagbeskouing en n.a.v. veral die feit dat daar 'n *"noue verhouding bestaan tussen ons daaglikse lewe en ons Sondagbeskouing"* roep hulle *"alle lidmate op om die opstandingsdag van Christus getrou te vier deur die erediens saam met die gemeente mee te maak en die Christelike onderrig aan verbondskinders te onderhou, die Christelike barmhartigheid te beoefen en hulle van hulle normale werk- en ontspanningsprogram te onthou as getuies daarvan dat hulle lewe, in laaste instansie, nie van hulleself nie, maar van God afhanklik is en dat hulle uit sy genade leef"* (NG Kerk 1987:154-157).

Sedert die 1860's word 'n *"besondere wyse van Pinksterviering aangetref"* in die NG Kerk (Du Toit 1969:88). Die gebruik het ontwikkel om vanaf Hemelvaart (op die Donderdagaand) tot Pinkster 'n reeks van tien Pinksterdienste of -bidure te hou waartydens gefokus is op die Persoon en werk van die Heilige Gees asook die uitbreiding van die koninkryk. Die ontstaan en ontwikkeling van hierdie viering moet verstaan word teen die agtergrond van die destydse godsdienstige herlewings wat hier en oorsee voorgekom het en verteenwoordig volgens Barnard (1954:138-151) nie 'n hoofstroom van die Pinksterfees nie. Dit is volgens hom ook nie 'n teruggryp na die beskouing van hierdie fees ten tye van die Reformasie of van die Vroeë Kerk nie. Die saamval van die Pinksterbidure en die Pinksterfees is volgens hom bloot toevallig. Die gebruik het egter al hoe wyer posgevat en kom vandag nog voor. Vir 'n tydlank is daar ook op Kerkplein in Pretoria openbare Etensuurdienste gehou. In 'n verslag aan die Sinode van 1972, word die volgende wens, wat die beklemtoning wat baie sterk met Pinkster geassosieer begin raak het, uitgespreek: *"Mag Pinkster altoos 'n groot en heerlike Godgegewe geleentheid wees wat deur ons Kerk ten volle benut sal word tot sielewinning, geloofsverdieping en toerusting deur die Heilige Gees"* (NG Kerk in NTvl 1972:555).

In 1864 het die NG Kerk in Natal vir die eerste gesamentlike viering van Geloftedag gesorg met die besluit dat dié dag *"worde in de gemeenten godsdienstig als een dankdag herdacht"* (NG Kerk 1990:115) en in 1866 word 16 Desember as 'n "Dingaansviering" gehou op die slagveld van Bloedrivier. Tydens hierdie geleentheid word 'n klipstapel, wat later in die huidige monument ingemessel is, opgerig. Nadat die staat die dag as 'n nasionale feesdag verklaar het (in Transvaal eers in1865), is dit ook onder die Sondagswette geïnkorporeer. Op 'n stadium word die dag "Wendag" genoem

en nog later word dit "Geloftedag", wat "soos 'n Sabbat" deurgebring word. Alhoewel Geloftefees geen kerklike karakter het nie, het dit wel 'n godsdienstige inslag en vind dit 'n weg in die kerklike kalender in (Du Toit 1969:27-29). Die vermoede dat die bevolking nie regtig deur die godsdienstige, historiese en nasionale betekenis van dié dag aangegryp is nie en die viering nie wyd byval gevind het nie, word bevestig deur 'n besluit van die Sinode (in 1928) wat soos volg lui: *"Die Sinode druk andermaal op die hart van die volk die erns van die gelofte van Sarel Cilliers en die belangrikheid van die stippe nakoming daarvan"* (vgl Wette en Bepalinge, Ned. Herv. of Geref. Kerk 1954: 210; vgl NG Kerk 1990:115).

In 1951 blyk dit dat die situasie steeds nie verander het nie en word die sinode se pleitdooi nou ook aan kerkrade en selfs 'n sinodale kommissie gerig (vgl (Wette en Bepalinge, Ned. Herv. of Geref. Kerk 1954:210). Die fees het intussen, naas die godsdienstige inslag wat daaraan verleen is, ook 'n kerklike karakter verkry, 'n reëling waarmee nie almal tevrede was nie, want die saak van die Geloftefeesviering is dikwels tydens meerdere vergaderings bespreek (vgl Kerkorde NG Kerk in NTvl 1972:188; NG Kerk 1986:500; 1987:567, 728; 1990:115-116; 1991:560-561) totdat in 1994 besluit word dat *" ... die regte verstaan van die betekenis van Geloftedag en versoening en vrede in Suid-Afrika met mekaar versoenbaar is; 16 Desember in die toekoms ook vanuit hierdie verstaan van die Gelofte van 1838 gevier moet word; die instansies betrokke by die viering van die dag hierdie standpunt in ag moet neem"* (NG Kerk 1995:436, 572). Vanaf 1995 is die beskrywing van 16 Desember in die Jaarboek (1995: xliv) in lyn hiermee "Versoeningsdag" en nie meer "Geloftedag" nie. Ook die besluite in 1998 dat: *"16 Desember vanjaar as 'n dag van vrede en verdraagsaamheid gevier word; alle denominasies hierby betrek word; gedagtig aan die gelofte, almal wat hulle met die gelofte kan vereenselwig, sal onthou dat God daarin erken word as God, die Almagtige en Onderhouer van volke, kulture en tale en dat ons in die lig hiervan in 'n gees van versoening saam voor die Here sal bring"* (NG Kerk 1999:419; 520), dui daarop dat 'n verskuiwing in die kerk se vertolking van dié dag plaasgevind het.

Teen 1925 word Hervormingsdag ook in die kerklike kalender ingesluit. In hierdie jaar bepaal die Sinode soos volg: *"Op Hervormingsdag sal besondere pogings van waarskuwing aangewend word en waar moontlik sal die drie Hollandse Kerke gesamentlik*

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

*optree om die volk te wys op die Roomse propaganda"* en in 1954 word hierdie bepaling verander om soos volg te lui: *"Op die 31e Oktober of op die Sondag wat die naaste daaraan kom, sal in die openbaar die geskiedenis en die seëninge van die Kerkhervorming in gedagtenis gehou word en sal die onderskeid tussen die leer van die Protestantse Kerk en die van die Roomse Kerk op die voorgrond geplaas word"* (vgl Wette en Bepalinge, Ned. Herv. of Geref. Kerk 1954:70, 221). Uit die bepaling van dieselfde Sinode (Artikel 255 op p.82) wat lui: *"Ouers wat hul kinders vir opleiding na Roomse skole stuur, is sensurabel"*, is dit baie duidelik wat die fokus van hierdie dag vir die kerk was. Die feit dat Luther sy stellings op die vooraand van Allerheiligesdag aan die kerkdeur vasgespyker het, bring dit i.v.m. die hervorming en hierdie gegewene behoort - nie net wat die ekumene aanbetref nie - in die prediking ontgin te word.

In 1954 word bepaal dat die laaste Sondag in Augustus van elke jaar gevier sal word as Bybelsondag. *"Op dié dag sal gepreek word oor die waarde van die Woord van God en sal daar gekollekteer word vir die Bybelverspreiding"* (Wette en Bepalinge, Ned. Herv. of Geref. Kerk 1954:70). In 1963 word Bybelsondag verskuif om saam met Hervormingsdag te val. In die uittreksels uit sinodale besluite (NG Kerk in NTvl 1983:274) staan geskryf: *"Die sinode beveel by gemeentes aan dat Bybelsondag en die kollekte vir Bybelverspreiding op Hervormingsdag sal val."* Vanaf 2001 verskyn hierdie dag weer in die lys van vakansie en kerklike fees- en biddae (Jaarboek van die NG Kerke 2001:36; 2002:32; 2003:32).

Nog 'n wending vind plaas in die ontwikkeling van die kerklike jaar in die NG Kerk, wanneer die Sinode van 1954 (Wette en Bepalinge, Ned. Herv. of Geref. Kerk 1954:70-71; vgl ook NG Kerk in NTvl 1979:298) 'n aantal biddae in die kerklike kalender invoeg en sodoende kerklike feesdae en biddae met mekaar assosieer. Met die verloop van tyd het die inskrywings hierin vervat gewissel. Volledige lyste van die dae wat as belangrik vir die kerk beskou is, is beskikbaar in die Jaarboek van NG Kerke wat jaarliks verskyn en kan daarin nagegaan word. Soms is die geleenthede *"besonderlik onder die aandag gebring"* van gemeentes (Kerkorde NG Kerk in NTvl 1972:187-188). Naas die groot feeste van die kerklike jaar, is ook die burgerlike vakansiedae en biddae elke jaar in die kerk se jaarboek opgeneem onder die opskrif: *"Vakansiedae en Kerklike Fees- en Biddae"* (vgl bv Jaarboek van die NG Kerke 1982:xlvii; 1994:l; 1995:xliv; 2003:32).

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

In die jaar waarin hierdie ondersoek voltooi is, is daar veertig inskrywings in die Jaarboek (2004:45) ingesluit. Wat die primêre inskrywings in die kerklike jaar betref, word die volgende ingesluit: Kersfees, Lydensweke begin, Goeie Vrydag, Paasfees, Hemelvaart, Pinksterfees. Ander inskrywings wat met die breëre kerklike wêreld verband hou, is: Hervormingsfees en die Wêreldbiddag vir Vroue asook Wêreldbiddag vir Mans. Sondae wat spesifiek benoem word, is: Arbeidsondag, Bybelsondag en Toerustingsondag. Wat Biddae aanbetref, word die Sinodale Bid- en Dankdae vir die Vrystaat en die Kaap spesifiek gelys en hiernaas is die volgende inskrywings ingesluit: Week van Gebed begin, Opvoeding en Onderwys, Dag van Danksegging en Verootmoediging, Evangelie vir die Ekologie, Jeug en Kategese, Alkoholiste (Vrystaat), Middel- en Rehabiliterende afhanklikes (Namibië), Dowes, Melaatses, Bejaardes, Bediening aan die Jode, Gesondheidsdienste en Beskermingsdienste. Die Nasionale vakansiedae is ook in die lys ingesluit, soos volg: Nuwejaarsdag, Menseregtedag, Gesinsdag, Vryheidsdag, Werkersdag, Nasionale Vrouedag, Erfenisdag, Versoenings-/ Geloftedag en Welwillendheidsdag. Daar is ook drie openbare vakansiedae gelys.

Dit is interessant om daarop te let dat daar dikwels versoeke aan sinodale vergaderings gerig is om die regering te versoek om die vakansiedae rondom kerklike feesdae af te skaf. 'n Voorbeeld hiervan is die Ring van Middelburg se versoek aan die Sinode van NTvl (in 1979), wat in hierdie geval hulle versoek motiveer deur o.a. die volgende stelling: *"Ons kan nog dié feesdae vier en ons dienste in die aand hou, as dit 'n gewone werksdag is. Ons is van mening dat die opkomste dan beter sal wees as ons lidmate nie met vakansie weg is nie."* Die Sinode het dit nie goedgekeur nie (NG Kerk in NTvl 1980:449, 564), maar die versoek van die Kommissie vir die Kerkorde dat die Sinode die owerheid versoek op Paasmaandag en tweede Kersdag as vakansiedae te laat verval, word egter goedgekeur (NG Kerk in NTvl 1979:299). Die owerheid het nie aan die versoek gehoor gegee nie en dié dae is nog steeds vakansiedae, alhoewel dit tans bekend staan as "Gesinsdag" en "Welwillendheidsdag" (vgl bv Jaarboek 1995:xliv).

Gedurende 1986 het die Algemene Sinode, nadat Bloemfontein Noord se ring die sinode (via die Vrystaatse sinode) versoek het om die owerheid te nader met die versoek om sekere vakansiedae te laat verval, die vraagstuk aangaande vakansiedae

wat met die spesiale feesdae saamval beskou. Die sinode het besluit: *"... dat die Kerk nie op hierdie stadium verdere vertoë vir die afskaffing van godsdienstige feesdae tot die regering moet rig nie"* en ook daarop gewys dat die afskaffing van hierdie dae as openbare vakansiedae nie beter bywoning van kerkdienste sal verseker nie (NG Kerk 1986:58-59; 1987:595)

In die tydperk tussen 1982 en 1986 het die land deur 'n baie moeilike en spannings-volle tyd gegaan: *"Dit was 'n tydperk van voortdurende droogte, van onluste en hoog-spanning tussen groepe. Selfs onder geledere van ons eie lidmate was en is daar spanning en polarisasie vanweë verskillende politieke standpunte"* (NG Kerk 1986:45). In die lig hiervan is, namens die vier kerke van die NG Kerkfamilie en die Ned. Herv. Kerk, verskeie oproepe tot gebed en verootmoediging uitgeroep. Die volgende geleenthede is hierby ingesluit: 'n landwye dag van verootmoediging (5 Januarie 1983), 'n algemene oproep tot verootmoediging n.a.v. die voortslepende droogte (16 Maart 1983), 'n biddag - wat deur sestien kerke ondersteun is - m.o.o. die reënseisoen van 1983/84 (op 1 September 1983), 'n landwye biddag om te bid vir reën, nood van vloedgeteisterdes en vrede in Suider Afrika en die wêreld (om 15h00 op 22 Februarie 1984), 'n biddag met die oog op die (destydse) noodtoestand (8 September 1985), asook 'n dankdag na die pragtige reëns (24 November 1985). Die kerk het hierin ook aangesluit by die gebruik wat in Nederland gegeld het: *"In tijden van oorlog, pestilensie, algemene volksrampen en andere grote zwarigheden, waarvan de druk overal in die kerken gevoeld wordt, zal een bededag uitgeschreven worden ..."*) (vgl Artikel 66 van die Dordtse Kerkorde; NG Kerk in NTvl 1979:298).

Aangesien die kerklied ook in verband staan met die prediking, is dit interessant om daarop te let dat daar in die amptelike liedboeke van die kerk 'n duidelike ontwikkeling is wat die kerklike jaar aanbetref. In die bundel *Die Berymde Psalms saam met die Evangeliese Gesange* (wat in 1944 deur die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke in S.A. uitgegee en gebruik is) word die volgende rubrieke gebruik om liedere wat met die kerklike jaar verband hou in te deel: (1) *Geboorte van Jesus* (9 liedere); (2) *Lyde van Jesus* (18 liedere); (3) *Opstanding van Jesus* (8 liedere); (4) *Hemelvaart* (6 liedere); en (5) *Uitstorting van die Heilige Gees* (5 liedere). Daar word ook een en twintig "Geleentheidsgesange" (bv vir *Die Nuwe Jaar, Oujaarsaand, Lente, Oestyd, 'n Biddag, Oorlog* ens.) ingesluit (1944:317-318).

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

In 1978, na die eerste hersiening van die berymde Psalms en Evangeliese Gesange, word die volgende rubriekindeling gevolg: (1) *Advent* (11 liedere); (2) *Kersfees* (32 liedere); (3) *Lydenstyd* (21 liedere); (4) *Paasfees* (19 liedere); (5) *Hemelvaart* (11 liedere); (6) *Pinksterfees* (12 liedere); en *Wederkoms en Voleinding* (16 liedere). Daar is ook rubrieke vir liedere onder die opskrifte *Doop* (6 liedere) en *Nagmaal* (9 liedere) (Berymde Psalms en Gesange 1978: Rubriekindeling). Advents- en Kersliedere word hierin van mekaar onderskei terwyl dit in die vorige bundel saamgegroepeer was onder een opskrif. Hierdeur word hierdie twee tye dus as onderskeibare momente in die kerklike jaar erken en gerespekteer. Die afdeling *Wederkoms en Voleinding*, wat net na die afdeling *Hemelvaart* ingevoeg is, is nuut en word duidelik in verband met die hemelvaart beskou.

In die *Liedboek van die Kerk* (2001: Rubrisering van Liedere) is 'n baie postiewe ontwikkeling t.o.v. die kerklike jaar, aangesien 'n spesifieke opskrif, *"Die Liturgiese Jaar"*, afsonderlik ingebring is by die rubrisering van die liedere. Die rubrieke hieronder is: (1) *Advent* (17 liedere); (2) *Kersfees en Epifanie* (42 liedere); (3) *Lydenstyd en Goeie Vrydag* (25 liedere); (4) *Paasfees* (23 liedere); (5) *Hemelvaart* (5 liedere); (6) *Pinkster* (15 liedere); (7) *Drie-eenheidsondag* (10 liedere). Die bundel bevat ook rubrieke wat verband hou met die volgende geleenthede wat gewoonlik beskou word as eiesoortige tipes eredienste: *Doop* (8 liedere), *Nagmaal* (9 liedere), *Bevestiging van Ampsdraers* (1 lied), *Openbare Belydenis van Geloof* (1 lied) en *Jaarwisseling* (2 liedere). Hierdie indeling verteenwoordig in 'n groot mate ook die beskouing van die NG Kerk (en die Ned. Herv. Kerk) wat die omvang van die kerklike siklus in die kerklike jaar aanbetref.

In die huidige amptelike kategesemateriaal van die kerk word vir al die grade tot graad nege geleenthede vir "Kerkjaarontmoetings" ingewerk. Die volgende geleenthede word onder hierdie afdeling in die materiaal ingesluit: Lydenstyd, Opstanding, Paasfees, Hemelvaart (en Wederkoms), Pinkster, Advent en Kersfees, asook Nagmaal (vgl Algemene Jeugkommissie van die NG Kerk 1997: 105-137; 1997a: 83-114; 1997b: 75-88; 1999:102-122; 1999a: 100-123; 2000: 110-134; 2000a: 118-149 ). Dit is opvallend dat die geleenthede volgens die kerklike jaar nie vir al die jaargroepe dieselfde is nie en ook dat daar nie materiaal vir die Belydenisklas en die graad tiens is nie. In hierdie

opsig bestaan daar 'n leemte in die materiaal vir die kategese. Veral in hierdie laaste twee jaar kan veel meer gemaak word van die kerklike jaar. Indien die katkisante gedurende hierdie twee jaar begelei kan word om die ritme van die kerklike jaar deel van hulle eie benadering tot tyd te maak, behoort hulle 'n groter sensitiwiteit vir God se teenwoordigheid en werking in hulle lewens en die kosmos te ontwikkel.

Wat die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk betref, kan 'n ontwikkeling waargeneem word in die kerkordelike bepalings van die NG Kerk. In 1961 word bepaal: *"Op die kerklike feesdae, Adventstyd, Lydenstyd en Pinkstertyd moet die groot heilsfeite herdenk word in die verkondiging van die Woord by die erediens"* (Artikel 139 van die Bepalinge en Reglemente van die NG Kerk in S.A. 1961:32). Hierna kom bepalings in verband met die kerklike jaar in die prediking nie verder voor nie. Tot in 1986 word daar net na die belydenisskrifte in verband met die prediking verwys. In artikel 48.5, byvoorbeeld, word bepaal: *"Daar moet ook minstens twaalf keer per jaar in volgorde aan die hand van die Heidelbergse Kategismus gepreek word, en so dikwels moontlik uit die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls"* (Kerkorde van die NG Kerk 1986:13; vgl ook 1983:13). Eers in 1990 word daar weer na die kerklike jaar verwys in die bepalings wat met die prediking verband hou wanneer artikel 48.4.1 (sedert 1998 artikel 48.4.2; vgl Kerkorde van die NG Kerk 1999:17) uitgebrei word om te lees: *"Met die oog op die verkondiging van die volle raad van God moet die prediking deurgaans volle reg aan die kerklike jaar en die belydenisskrifte laat geskied."* Daar word verder bepaal: *"Die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls moet deurentyd sistematies in die prediking aan die orde gestel word"* (Kerkorde van die NG Kerk 1991:12).

In die motivering vir die verandering van hierdie bepaling, het die Sinode van Noord-Kaapland gestel: *"Prediking met inagneming van die kerklike jaar is tradisioneel en noodsaaklik om reg te laat geskied aan die volle Evangelieboodskap"* en ook verder gestel dat twaalf preke per jaar in volgorde aan die hand van die Heidelbergse Kategismus, nog geensins waarborg dat die prediking deurgaans in ooreenstemming met die belydenisskrifte is nie (NG Kerk 1990:202). In 'n beskrywingspunt, het die Sinode van Oos-Transvaal gestel dat die preeksiklusse volgens die kerklike jaar dit bykans onmoontlik maak om ook nog sinvol oor twaalf Sondagafdelings van die Kategismus

in volgorde te preek (NG Kerk 1990:437). Langs hierdie weg het die kerklike jaar nie net 'n regmatige plek in die prediking van die NG Kerk verkry nie, maar is die waarde daarvan herbevestig. Bepalings verander egter nie 'n praktyk in die kerk nie en meer as net besluitneming is nodig in hierdie verband.

Die Algemene Sinode van 1998 het dit aan die Algemene Kommissie vir Erediens opgedra *"om 'n studie te maak oor die funksie van 'n leesrooster vir die liturgie"* (NG Kerk 1999:453; vgl 1998:253). In 2002 het die Sinode die voorgestelde werkswyse t.o.v. 'n leesrooster in die liturgie goedgekeur, tesame met 'n verdere opdrag aan die Algemene Kommissie vir die Erediens om prakties hieraan gestalte te gee en ook besluit om die RCL in die voorgestelde Handboek vir die Erediens in te sluit (NG Kerk 2003:83; 538; 102; 539; vgl 2002:81-83). Langs hierdie weg word die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk bevorder. Die besluit om van die RCL, met 'n moontlike aanvulling deur die ekumeniese leesrooster van die Nederlandse Raad van Kerke, gebruik te maak is in die lig van hierdie ondersoek 'n positiewe verwikkeling.

Ander resente ontwikkelings in verband met die kerklike jaar, is die verskeie projekte vanuit verskillende oorde om riglyne en hulp aan te bied sodat daar reg kan geskied aan die kerklike jaar, veral in die prediking, maar ook andersins. Vanuit die kring van die NG Kerk, is dit veral die *Woord teen die Lig*-reeks, die *Leesrooster vir lidmate gebaseer op die kerklike jaar*-projek (van BUVTON), wat die RCL gebruik as uitgangspunt, asook die *Woordwyser: 'n dag-tot-dag Bybelleesprogram* van die Oos-Transvaalse Sinode in samewerking met SEVTO en sedert 2002 ook met INVENTO (vgl 1.7.1), wat bekend is. Die Sinode van Noord-Kaapland (2001:59) het ook tot in 2001 'n eie preek- en kategeseprogram gehad wat by die kerklike jaar aansluiting gevind het, maar uiteindelik *"is besluit om liewer by BUVTON se program in te skakel"*, o.a. omdat die predikantekorps nie groot genoeg was om die werk vol te hou nie en baie van hulle in elk geval aan BUVTON se program meegewerk het en die sinode dus verteenwoordiging daarin gehad het. Die inisiatiewe van BUVTON en Oos-Transvaal / SEVTO / INVENTO verskaf riglyne vir die prediking en liturgiese voorstelle asook hulpmiddels wat aansluit by die kerklike jaar vir verdere implementering in die gemeentelike bediening (veral vir stiltetyd, kleingroepe en kategese). Wat die waarde van BUVTON se projek verder verhoog, is die manier waarop die belydenisskrifte (asook die Belydenis van Belhar) geïnkorporeer word.

Die *Woord teen die Lig*-reeks is geskoei op die Duitse "Predigthilfen" en was in 1981, toe die eerste eksemplaar verskyn het *"iets nuuts in Afrikaans."* As preekhulp neem dit 'n plek in tussen wetenskaplike kommentare en preekbundels. Dit wil predikante help met die eksegese (sodat die spesifieke kerugmatiese spits van die preekteks helder kon word), teologies-hermeneutiese besinning (sodat die kerugmatiese raakpunt en die groot temas van die teologie asook temas van die kontemporêre kerklike en sosiale problematiek bymekaar uitgebring kon word) en homiletiese riglyne (sodat predikers riglyne kon hê om 'n eie weg te vind tussen die teks en die preek) (Burger, Müller & Smit (reds) 1981:1-2; 1991:9). In hierdie reeks word die kerklike jaar verdeel in vier sliklusse: Advent, Lydenstyd, Paas- tot Pinkstersondag en die tyd tussen Pinkster en Advent. Vir die kerksiklus (I-3 en I/7-I/9) word tekskeuses (perikope) en riglyne vir sewe siklusse aangebied. Vir Advent kom die perikope in volgorde uit die OT, die Lukas-Evangelie, die Nuwe-Testamentiese briewe, die Psalms, Jesaja, Matteus en Markus en die sendingbriewe en Openbaring. Vir Lydenstyd kom die perikope uit die OT, die evangelies, die briewe, die Psalms, die evangelie van Markus en die (weer, maar hierdie keer ander) briewe. Vir Paasfees, Hemelvaart en Pinkster word slegs vyf siklusse saamgestel uit hoofsaaklik die sinoptiese evangelies en Handelinge, die OT en Pauliniese briewe, Johannes en Petrus se geskrifte, Matteus, Lukas en Johannes en ten slotte Handelinge. Vir die tyd tussen Advent en Pinkster is riglyne vir sending-prediking (I/10) daargestel. Verder is daar ook riglyne daargestel vir eskatologiese prediking (I/6), prediking oor die profete (II/1), die gelykenisse en wonderverhale (II/2), die Genesisverhale (II/3), die Psalms (II/4), die bergrede (II/5), die pastorale en algemene briewe (II/6), vrede (III/1), die wandel met God (III/2), regverdiging en reg (III/3), Christelike deugde (III/4) asook nagmaal- (I/4) en doopprediking (I/5) (vgl Burger, Müller & Smit (reds) 1981-1996).

BUVTON se *Leesrooster vir lidmate gebaseer op die kerklike jaar* se leesprogram het die vier of vyf tekste wat vir 'n bepaalde week deur die RCL verskaf word as vertrek-punt, maar voeg elke week enkele tekste by sodat daar vir elke dag van die week 'n lesing is. Een van hierdie tekste word dan ook as "fokusteks" vir die week, onder andere ook vir die preekteks, gekies. Geen enkele leesrooster kan die hele Bybel oorskou nie en alhoewel gepoog word om die Bybel verteenwoordigend aan die orde te stel, figureer boeke soos 1 en 2 Kronieke, Esra, Obadja, Nahum, 2 en 3 Johannes

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

en Judas glad nie in die RCL nie en Levitikus, Rigters, Nehemia, Ester, Hooglied en Sagaria slegs een maal. Sedert Advent 1998 verskyn 'n bundel *Preekstudies met Liturgiese Voorstelle* en 'n *Handleiding vir Kategete* (wat by die leesrooster aansluit) jaarliks. Eersgenoemde het ten doel *"om predikante en/of eredienswerkgroepe (waar dit reeds bestaan) verder te help dink aan die preek en liturgie vir 'n betrokke Sondag"* en dit bevat riglyne m.b.t. die teks en die konteks sowel as 'n preekvoorstel (Nell & Meyer e.a. (reds) 1998: Inleiding; vgl ook Lowry 1992:16; Van der Walt & Du Toit 1999:112-119).

Al hierdie inisiatiewe is nog redelik resent en het nog nie behoorlik grondgevat nie. Om hier 'n kritiese evaluering hiervan te doen, sal voortydig en onbillik wees. Enkele opmerkings is tog nodig. Geslaagde prediking vra nie net na goeie eksegese en homiletiese riglyne nie, maar ook na deeglike verrekening van kontekste. Dit blyk nie dat dit oral gedoen is nie. Die betrek van medewerkers uit verskillende oorde is tog 'n positiewe tendens. Dit is duidelik dat die redaksies van die BUVTON- en die Woord-wyserprojek kritiese bydraes t.o.v. die werk wat gelewer is vra en vereken in die volgende uitgawes. Die feit dat die materiaal al hoe wyer gebruik word, getuig daarvan dat dit relevant is. In die empiriese komponent van die ondersoek sal ook dus ondersoek gedoen word na die omvang van die gebruik van die verskillende leesroosters.

Die *Leesrooster vir lidmate gebaseer op die kerklike jaar* sluit aan by die RCL en verdeel daarom die kerklike jaar soos volg: Advent en Kerstyd, Epifanie-, Lydens-, Paastyd, Hemelvaart, Pinkstertyd en Koninkrykstyd (in die RCL word dit *Ordinary Time* genoem). In elkeen van die drie jare waaroor die RCL strek, word gekonsentreer op een van die sinoptiese evangelies. Die Johannes evangelie word vir al drie jare gebruik, veral rondom Kersfees, Lydenstyd en Pase en gedurende die jaar waarin die Markus-evangelie, wat korter is as die ander, gebruik word. Daar word ook gepoog om reg te laat geskied aan die Ou Testament, om nie seksisties te wees nie en om ook nie enige aanleiding tot anti-Semitisme te gee nie. Daar word riglyne aangebied vir meer as die 52 Sondae van die jaar en daar is in totaal 74 teksgroepe per jaar (CCT 1992:7-20; Van der Walt & Du Toit 1999:112-119).

Oos-Transvaal se Sinode in samewerking met SEVTO en INVENTO se *Woordwyser: 'n dag-tot-dag Bybelleesprogram* strek oor 'n siklus van sewe jaar en het ten doel om gelowiges te help om die Bybel sistematies deur te lees. Sedert 2002 word *Woordwyser: Eksegetiese en Liturgiese Riglyne* ook voorsien as 'n hulp vir die predikant: *"om die gesprek met die teks en die kontekste (van die teks, die prediker, die gemeente en die wêreld) aan te moedig"* (NG Kerk OTvl 2001b:ix). Die *Woordwyser* stel oor 'n tydperk van sewe jaar elke jaar 'n aantal boeke van die Bybel aan die orde en buiten die volgende eenhede, word al die boeke in geheel deurgewerk in 'n jaar: Psalm 1-41 (Jaar 1), 42-72 (Jaar 2), 73-89 (Jaar 3), 90-106 (Jaar 4), 107-119 (Jaar 5), 120-134 (Jaar 6) en 135-150 (Jaar 7); Jesaja 1-39 (Jaar 4), 40-55 (Jaar 6) en 56-66 (Jaar 7); Esegiël 40-48 (Jaar 6) en 40-48 (Jaar 7). Die boeke is in perikope ingedeel en word aan die orde gestel op die basis van 'n *lectio continua* en die perikoop wat op 'n bepaalde Sondag val, dien ter gelyke tyd (met enkele uitsonderings) as preekteks. Elke keer wanneer 'n nuwe seisoen in die kerklike jaar begin, word dit nader toegelig.

In die viering van die seisoene van die kerklike jaar onderskei die *Woordwyser* die volgende hoofmomente: Advent (vier Sondae voor Kersfees tot en met oukersdag), Kersfees (gevolg deur Kerstyd, die twaalf dae ná Kersdag tot met die viering van die fees van Epifanie op 6 Januarie), Lydenstyd (wat op Aswoensdag begin en 'n hoogtepunt bereik met die viering van die groot lydensweek en die opstanding op Paassondag), Paasfees (wat gevolg word deur Paastyd, 'n tydperk van vyftig dae) en Pinkster (waarvan die voorbereidingstyd saam met Paastyd val, maar veral vanaf Hemelvaart plaasvind tot Pinkstersondag), wat gevolg word deur Koninkrykstyd (wat eintlik 'n voortgesette viering van Pinkster is en fokus op die vestiging van God se koninkryk in hierdie wêreld deur die kerk) (vgl bv NG Kerk OTvl 2002b:xi-xiii). Dit is opmerklik dat spesiale momente in Jesus se lewe (bv sy doop op die eerste Sondag na Epifanie) en ander groot teologiese temas (bv Christus se koningskap op die laaste Sondag voor Advent) hier deur 'n amptelike liggaam van die NG Kerk by die naam uitgesonder word as inskrywings op die kerklike kalender. Ander projekte waarin die kerklike jaar positief waardeer en bevorder word, word ook uit die geledere van die NG Kerk onderneem (vgl bv BUVTON se kursus, *Sewe Familie-gewoontes wat Geloof laat Groei*; *Cool Tieners vir Christus* (2002); *Die kuns van familiewees* van Van Rensburg & Simpson (2003: 186-200)).

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

Aangesien die amptelike lys van Vakansie- en kerklike fees- en biddae in die Jaarboek van die Ned Geref Kerke bloot chronologies gelys word, is dit moeilik om te onderskei of daar enige voorkeure in die kerk se beskouing van die kerklike jaar bestaan. Uit die amptelike bronne van die NG Kerk blyk dit dat die inskrywings wat verband hou met die kerksiklus egter uitgesonder word: Advent, Kersfees, Epifanie, die Sondae in Lydenstyd, Goeie Vrydag, Opstanding / Paasfees, Hemelvaart (en Wederkoms), Pinkster en Drie-Eenheid- / Triniteitsondag. Hiernaas staan alle ander dae sekondêr. Dit blyk dat die Maria- en ander feeste wat met individuele persone of groepe verband hou nooit binne die NG Kerk se praktyk grondgevat het nie. Hervormingsdag is die enigste ekumeniese fees wat ingesluit word en die viering van Versoenings- / Geloftedag in uniek, alhoewel dit waarskynlik vergelyk kan word met die Israelitiese huttefees en die Amerikaanse *"Thanksgiving"*. Indien die liederebundels in ag geneem word, blyk dit dat die jaarwisseling ook as 'n inskrywing op die NG Kerk se kerklike kalender beskou kan word saam met geleenthede vir doop, nagmaal en die bevestiging van ampsdraers asook openbare belydenis van geloof. Koninkrykstyd word ook deur die NG Kerk (2002:85) erken as 'n seisoen in die kerklike jaar, alhoewel dit nie in die amptelike lys in die Jaarboek ingesluit word nie.

Gemeentes se verjaarsdae is ook belangrike momente in die kerklike praktyk en alhoewel dit nie op 'n amptelike vlak aangedui word nie, speel dit net soos biddae 'n belangrike rol in die kerklike lewe. Dit is onwaarskynlik dat dit nie ook in die prediking betrek sal word wanneer vir die gemeente en/of haar werksaamhede gebid word nie. Hierdie dae word dus ook vir die doeleindes van hierdie ondersoek beskou as "volwaardige" inskrywings op die kerklike kalender. Geleenthede soos Moedersdag, Vadersdag en so meer, word glad nie in die amptelike bronne vermeld nie, maar dat dit nie op die een of ander wyse in die prediking van die kerk 'n rol speel nie, is ook onwaarskynlik. Dieselfde geld vir ten minste sommige van die nasionale vakansiedae.

Uit hierdie beskouing van die posisie van die kerklike jaar in die NG Kerk, is dit duidelik dat daar eerlike pogings aangewend word om iets van die waarde daarvan tot reg te laat kom binne die kerk. Die kennisname van ontwikkelinge in die wêreldwye kerk is positief, maar dit kan nie klakkeloos nagevolg word nie. Bloot die seisoenale verskille tussen die noordelike en die suidelike halfrond is genoeg rede hiervoor. Verder moet

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

dit in ag geneem word dat die kerk hier te lande blootgestel is aan die kerklike jaar gedurende die fase van die kerkgeskiedenis waarin ontdekkings- en sendingreise onderneem is. Om dus bloot oor te neem wat vanaf 'n ander kontinent kom en in 'n ander tyd gegeld het, kan ongesond wees. In verdere nadenke oor die kerklike jaar, behoort die bande wat met die Christelike kerk in die noordelike halfrond bestaan gewaardeer te word, maar gesprek met Christene uit ons derdewêreld-omgewing is ewe noodsaaklik. Die konteks waarbinne die NG Kerk haarself bevind sal in die toekoms deegliker verreken moet word ter wille van die waardes wat deur die kerklike jaar gedra word. Die eenheid tussen die NG Kerk en die omgewing strek wyer as die verhouding met die Afrikaanse geloofsgemeenskap.

Aangesien dit op hierdie stadium onseker is hoedanig die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk daar uitsien, sal hierdie dae ook saam met die inskrywings wat verband hou met die primêre kerklike feeste, in ag geneem moet word wanneer die praktykondersoek gedoen word om vas te stel watter geleenthede betrek word in die prediking. Teen die agtergrond van die ontwikkeling van die kerklike jaar, beide elders en in die NG Kerk, is dit belangrik om vervolgens vas te stel watter inskrywings in die kerklike jaar hoort en watter nie. Voordat 'n nadere invulling van die kerklike jaar behandel kan word, is dit nodig om die omvang van die kerklike jaar te bepaal.

### 3.4 Die omvang en nadere invulling van die kerklike jaar

Uit die voorafgaande uiteensetting van die ontwikkeling van die kerklike jaar is dit duidelik dat daar met die verloop van tyd dinamiese en betekenisvolle groei in die beskouing en die praktyk van die inkleding van die kerklike jaar was. Die ontwikkeling het verband gehou met die tradisie asook die konteks van diegene wat ernstig met die kerklike jaar omgegaan het. Historiese gebeure én leerstellinge het indrukke gelaat op hierdie ontwikkeling. Sommige vieringe van die verlede het oorleef, ander is aangepas en nog ander is laat vaar. Nuwes is geskep. Die wisselwerking met die omgewing is ook duidelik, maar ongelukkig minder duidelik as wat dit is om te bepaal of die primêre impulse t.o.v. die vieringe Christelik / kerklik of van buite was. Wat egter wel duidelik is, is dat die kerk deur die eeue heen daarin geslaag het om die evangelie te laat voortleef deur die wyse waarop daarmee - en dikwels ook met sogenaamde heidense kultuurgoedere - omgegaan is in elke nuwe situasie.

Wat die prediking aanbetref, is dit waar dat *"Christian preaching may properly quote from many sources, but if it is not based on Scripture, it loses its Godgiven foundation"* (vgl Hickman e.a. (ed) 1986: 42). In die lig hiervan is 'n belangrike vraag in die besinning rondom die kerklike jaar die vraag na die omvang daarvan voordat 'n uiteensetting daarvan of 'n homiletiese toespitsing gedoen kan word. Aangesien die kerklike jaar ook in 'n ruimer of in 'n enger sin beskou kan word, is dit t.w.v. die prediking belangrik vir elke predikant om duidelikheid te hê t.o.v. die omvang van die kerklike jaar.

### 3.4.1 Die omvang van die kerklike jaar: 'n ruimer en 'n enger beskouing

'n Enger beskouing van die kerklike jaar beskou die kerklike jaar as bestaande slegs uit die "Christusfeeste", dus van Advent tot Pinksterfees. Hiervolgens word die kerklike jaar beskou as slegs 'n hulpmiddel vir die Evangelieverkondiging in die loop van die jaar. Die heilsfeite word in 'n ordelike samehang gegroepeer om die *festa Domini* in 'n jaarlikse siklus om die hooftemas vir die prediking in die jaar aan te wys. Volgens 'n enger beskouing van die kerklike jaar is daar nie sprake van die talle heiliges, van Maria, apostels, engele en so meer nie. Die tyd word ook nie "gewy" of "geheilig" nie en elke dag het nie 'n eie "besondere klimaat" nie. 'n Aantal besondere dae soos Hervormingsdag, boete- of dankdae, word wel gehou. Die kerklike jaar het 'n vaste begin (met Advent), maar dit het nie 'n einde nie en dit bly oop na die toekoms toe. Na die afloop van die feessiklus met Pinkster gaan die prediking voort *"want die toekoms van Christus hoort ook daartoe"* (Barnard 1954:30-31; 1989:13-18; Shepherd 2003; vgl Du Toit 1969:99-101) en *"wij moeten het telkens weer aanvangen, zonder dat we het eerst konden beëindigen"* (Schippers 1953:6).

Gesien vanuit 'n homiletiese gesigspunt, is die kerklike jaar volgens 'n enger beskouing dus 'n rigsnoer vir die ordelike en sistematiese prediking deur die loop van die jaar waarmee die liturgie begrypenderwys saamhang. Volgens Barnard (1954:30) word daar by 'n enger beskouing weggedoen met 'n vaste perikoopsisteem, sodat die prediker genoeg ruimte het *"vir die tekskeuse in navolging van die hooflyne van die Kerklike Jaar en onder leiding van die Heilige Gees."* Hier word egter van hom verskil, aangesien die waarde van 'n perikoopsisteem nie afgespeel behoort te word teen die sogenaamde werking van die Heilige Gees nie. Die nadenke en besinning wat geskied in die

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

daarstelling van dié sisteme is deel van die gawes wat God skenk. Die werkwyse van die samestellers van leesroosters wat hierin ondersoek is, getuig van 'n bewustelike en deeglik verantwoorde omgang met die teks én die Gees van die Woord.

Volgens 'n ruimer beskouing kan die kerklike jaar alle feesdae en al twee-en-vyftig Sondae van die jaar, asook die vas- en boetetye omvat. Dit kan selfs die "wyding" en "heiliging" van die tyd aanvaar sodat elke dag en selfs elke uur hierby inbegrepe kan wees. Terwyl die meeste protestantse en gereformeerde kerke 'n enger opvatting van die kerklike jaar huldig, het die Grieks-Ortodokse kerk, die Rooms Katolieke kerk, die Anglikaanse en die Lutherse kerke, asook die Liturgiese Kring in die Nederlandse Hervormde Kerk 'n ruimer opvatting daarvan. Dit is waarskynlik so aangesien die kerklike jaar by hulle nie net i.v.m. die prediking nie, maar veral in die liturgie 'n groot rol speel (vgl Barnard 1954:25-31; Shepherd 2003). Vrijlandt (1987:162) se opmerking i.v.m. die ontwikkeling rondom die wyse waarop die herwaardering van die kerklike jaar plaasvind : *"De geschiedenis is wonderlijk: de katholika ging protestants, de reformata rooms"*, is veelseggend. Dalk kom daar uiteindelik 'n tyd in die geskiedenis van die kerk dat daar minder agterdog jeens en groter waardering vir ander gekweek word. Alle Christelike tradisies kan by mekaar leer en het mekaar nodig om hulle eie "dwalinge" te ontdek en korreksies aan te bring.

Barnard (1954:25-30) bied 'n aantal voorbeelde van ruim definiërings van die kerklike jaar saam met kritiek daarop wat nie hier behandel word nie. Hier word heelhartig met hom saamgestem dat 'n kerk (en net so ook 'n individu of groep) se opvatting van die kerklike jaar saamhang met die liturgiese opvatting van die kerk / groep / individu en daarom ook met die erediens en belydenis van die kerk / groep / individu (vgl ook White 1981:63). Hier kan egter nie heeltemal met hom saamgestem word dat die kerklike jaar vir die Gereformeerde Protestantisme alleen in enger sin aanvaarbaar is en dan in in 'n dienende funksie (Barnard 1954: Stellings, I; vgl ook Du Toit 1969:101) nie. Dit is net so waar dat die omvang van die benutting van die kerklike jaar in die prediking, die liturgie en verder in die kerklike lewe en arbeid afhang van diegene wat dit doen. Die beplanning en voorbereiding vir die erediens en prediking behels *"making numerous decisions about what to choose and what to reject"* (Hickman e.a. (eds) 1986:34) en daar kan ook biddend en o.l.v. die Heilige Gees van 'n perikoopsisteem

gebruik gemaak word. Daar kan ook in goeder trou en op verantwoordelike wyse by besondere dae en vierings aangesluit word in die prediking en andersins. In 'n ruimer sin bied die kerklike jaar meer as genoeg waaruit gekies kan word en hoef alles nie gekies te word nie. Weereens word egter met Barnard saamgestem dat daar geen dwang, hetsy verbieding of gebieding in verband hiermee mag wees nie (vgl Barnard 1954:30-31; 1989:17-18).

Uit die beskouing oor die ontwikkeling van die kerklike jaar het dit geblyk dat die ontwikkeling deurgaans dinamies was en deur interaksie met die omgewing gestimuleer is. Om 'n enger beskouing van die kerklike jaar te kanoniseer en dit te verdedig teenoor 'n ruimer opvatting daarvan, sal die kerk ontneem van geleenthede wat nog ontdek en ontgin moet word. Die eietydse kommunikasiemedia maak dit moontlik dat veel meer inligting i.v.m. die kerklike jaar waaruit gekies kan word beskikbaar is as wat dit 'n aantal jare gelede was.

Die klassieke kerklike jaar sou volgens die enger opvatting beskryf kon word as 'n meesterverhaal waarin drie hoofmomente voorkom: Kersfees, Paasfees en Pinkster. In elkeen van die narratologiese eenhede is daar sleutelgebeure wat afspeel, gebeure waarin God in en deur Jesus Christus die handelende Hoofkarakter is. Sy handelinge kan nie beperk word tot die krip en die kruis van Jesus nie. Nee, dit strek veel verder: ook verby die gawe van die Gees, want God werk deur sy Gees in mense en in sy wêreld. In God se verhaal word mense daarom deurgaans nie net verander om te wees wat hulle in Christus reeds is nie, maar ook betrek in die Godsverhaal en diensge-oriënteerde missiologie. In die "tussentyd", die koninkrykstyd, kan m.b.v. *"creatieve mogelijkheden"* aan die spanning tussen die "reeds" en die "nog nie" van God se betrokkenheid by sy skepping in en deur die evangelie gestalte gegee word. En dit is juis hier waarin 'n ruimer opvatting van die kerklike jaar God en die evangelie tot diens kan wees (vgl Schuman 2002:116-123 vir 'n goeie weergawe van die kerklike jaar "in verhaaltrant").

Dinamiese omgang met die kerklike jaar kan die gemeente en die prediker in staat stel om nie net, naas die *festa Domini*, op verantwoordelike wyse aan te sluit by nadere invullings in die kerklike jaar nie wat vir die situasie relevant is nie, maar om ook op kreatiewe wyse die teologiese lading van die bepaalde moment(e) in die kerklike jaar

konkreet in die praxis te laat kommunikeer. Byvoorbeeld: met Bybelsondag word nie net gepreek oor die Woord van God nie, maar word lidmate uitgenooi om te getuig oor die lewende God se werk in hul lewens en word ook projekte geloods om bestaande Bybelstudiegroepe en diensaksies te versterk en nuwes tot stand te bring. Uit die aard van die saak kan enigiets en alles nie net so aanvaar word nie en sal diegene wat hiermee werk in die gemeente of in die kerk in breë 'n verantwoordelike werkswyse bepaal wat konsekwent toegepas word. Veel kan geleer word van kerke wat reeds op weg gegaan het hiermee.

### 3.4.2 'n Nadere invulling van die kerklike jaar

As die primêre vier- of feesdag in die Christelike kerk, is die Sondag die kern, die basis, die oorsprong en as 't ware die oerfeesdag van die kerklike jaar (vgl Barnard 1989:4). Hierdie primêre posisie van die Sondag moet deurgaans gerespekteer word en alle ander inskrywings moet rondom die Sondag gedoen word. 'n Basiese kriterium vir enige moontlike inskrywing in die nadere invulling van die kerklike jaar kan in lyn hiermee wees dat dit die wese en die betekenis van die Sondag moet komplementeer. In 'n enger beskouing van die kerklike jaar, kan die volgende inskrywings in chronologiese volgorde gedoen word:

| SIKLUS | PRIMÊRE INSKRYWING OP SONDAG | BYKOMENDE INSKRYWINGS NAAS DIE SONDAG / SONDAE |
|---|---|---|
| **Adventtyd** | Eerste tot Vierde Sondag in Advent | |
| **Kerstyd** | | Ou-Kersaand |
| | Kersfees | Die Twaalf Dae van Kersfees |
| | Sondag / Sondae na Kersfees | |
| **Epifanietyd** | Epifaniefees | |
| | Eerste tot Sesde Sondag na Epifanie | |
| | Verheerliking- / Transformasiesondag | |
| **Lydenstyd** | | Aswoensdag |
| | Eerste tot Sesde Sondag in Lydenstyd | |
| | Palm- / Passiesondag | Heilige / Groot Lydensweek |
| **Paastyd** | | Paasvigilie / Eerste diens van Paasfees |

| | | |
|---|---|---|
| | Paasfees / Paas- / Opstandingsondag | Tweede diens van Paasfees |
| | | Eerste Week van Paastyd |
| | Tweede tot Sesde Sondag van Paastyd | |
| **Hemelvaart** | | Hemelvaart |
| | Sondag na Hemelvaart | |
| **Pinkstertyd** | Pinkstersondag / -fees | |
| | Drie-eenheid- / Triniteitsondag / -fees | |
| **Koninkryks-tyd** | Eerste tot Twee en twintigste Sondag in Koninkrykstyd | |
| | Christus die Koning - Sondag | |

**TABEL 5: PRIMêRE VIERINGS IN DIE KERKLIKE JAAR**

Indien 'n ruimer beskouing van die kerklike jaar gehuldig word, kan daar op 'n uitkringende basis verdere invulling gedoen word. Afhangende van die omvang van die beskouing van die kerklike jaar wat gehuldig word, sal verskillende inskrywings in die kerklike kalender gedoen kan word. Die nadere invulling kan gedoen word deur besondere Christologiese dae en ander besondere dae by te voeg. White (2000:69) wys nie verniet daarop dat die kleiner Christologiese vierings oor *"evangelical values that we are just beginning to discover"* beskik nie.'n Uitbreiding op die heel basiese beskouing van die kerklike jaar, kan wees om die Sondae rondom die klassieke inskrywings in die kerklike jaar as deel van 'n siklus wat met die primêre Sondag verband hou te beskou. Daarnaas kan ander dae wat direk verband hou met die primêre feesdag as bykomende inskrywings naas die Sondae in ag geneem word.

Van die volgende besondere Christologiese dae kan bygevoeg word:

| DATUM | CHRISTOLOGIESE DAG |
|---|---|
| 1 Januarie | Die Heilige Naam van Jesus |
| 2 Februarie | Die Presentasie (van Jesus in die tempel) (= die 40ste dag na Kersfees) |
| 25 Maart | Aankondiging (van Jesus) aan Maria (= 9 maande voor Kersfees) |
| 31 Mei | Visitasie (van Maria aan haar niggie Elisabet) |
| '14 September | Heilige Kruis Dag |
| 6 Augustus | Transfigurasie (Kan ook in Lydenstyd geplaas word) |

**TABEL 6: DIE CHRISTOLOGIESE DAE**

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

Wat die vieringsgeleenthede rondom die sogenaamde heiliges en ander Bybelse figure aanbetref, kan die apostels en die heilige familie, soos by ander tradisies, onderskei word van die Bybelse figure wat ingesluit kan word. Indien die Heiliges-siklus (en Allerheiligesdag) bygevoeg word, kan van die volgende inskrywings ingesluit word:

| DATUM | HEILIGE FAMILIE | APOSTELS | ANDER BYBELSE FIGURE |
|---|---|---|---|
| 2 Januarie | | | Timoteus, Titus |
| 24 Februarie | | Mattias (kan ook op 13 Mei wees) | |
| 19 Maart | Josef van Nasaret | | |
| '25 April | | | Markus (die evangelis) |
| 1 Mei | | Fillipus en Jakobus die jongere (kan ook op 3 Mei wees) | |
| 3 Mei | | | Jeremia |
| 10 Mei | | | Jesaja |
| 11 Junie | | Barnabas | |
| 13 Junie | | | Elisa |
| 17 Junie | | | Salomo |
| 24 Junie | Johannes die Doper (se geboorte) | | |
| 29 Junie | | Petrus en Paulus | |
| 3 Julie | | Thomas (kan ook op 21 Desember wees) | |
| 22 Julie | | | Maria Magdalena |
| 23 Julie | | | Esegiël |
| 25 Julie | | Jakobus (die ouer een) | |
| 29 Julie | | | Maria, Marta en Lasa- |
| 15 Augustus | Maria | | rus van Betanië |
| 19 Augustus | | | Samuel |
| 24 Augustus | | Bartolomeus | |
| 29 Augustus | Johannes die Doper (se onthoofding) | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| '1 September | | | Josua |
| '4 September | | | Moses |
| '5 September | | | Sagaria, Elisabet |
| '21 September | | Matteus | |
| '29 September | | | Migael, Gabriël, Rafael |
| '9 Oktober | | | Sara, Rebekka, Ragel |
| 18 Oktober | | | Lukas (die evangelis) |
| 23 Oktober | Jakobus, broer van Jesus | | |
| 28 Oktober | | Simon (die Seloot) en Judas (Taddeus) | |
| '1 November | | | Allerheiligesdag |
| '30 November | | Andreas | |
| 23 Desember | | | Abraham, Isak, Jakob |
| 24 Desember | | | Dawid |
| 26 Desember | | | Stefanus |
| 27 Desember | | | Johannes (die evangelis) |
| 28 Desember | | | Onskuldige kinders |
| 30 Desember | Die heilige familie | | |

**TABEL 7: DIE SIKLUS VAN HEILIGES**

Schuman (1998:450-453) bied 'n uitgebreide *"getuigenkalender"* aan waarin hy die name van martelare soos Basilius die Grote (1 Januarie), Polikarpus van Smirna (23 Februarie) en Irenaeus van Lyon (28 Junie) asook *"andersoortige namen"* soos John en Charles Wesley (2 Maart), Dietrich Bonhoeffer (9 April), Johann Sebastian Bach (28 Julie), asook Martin Luther, Johannes Calvyn en Ulrich Zwingli (op 31 Oktober) aan. Hieruit kan volgens hom willekeurig gekies word en ook *"naar hartelust 'eigen' namen hieraan"* toegevoeg word (:450). Bieritz (1988:222-223; 225-232; 242-251) bied ook in hierdie verband 'n hele aantal name van persone aan as ekumeniese heiliges en vir aposteldae. Verskeie publikasies, soos Bentley (1986) se *Calendar of Saints: The Lives of the Principal Saints of the Christian Year*, bied 'n magdom bruikbare stof waaruit met vrug geput kan word. Uit die aard van die saak sal konsekwentheid en aanvaarbare norme in die bepaling van wie uit die lys van name gekies word - of wie daartoe gevoeg word - aan die dag gelê moet word. 'n Werkbare moontlikheid is waarskynlik om hierdie

figure as aanvullend tot die kerklike jaar in die prediking te gebruik eerder as om uit die staanspoor daarby aan te sluit. Hierin word dus met Barnard (1989:16-17) saamgestem dat, alhoewel allerlei instansies en persone in die heilsgeskiedenis ter sprake kom, die lig steeds op Jesus Christus en op God drie-enig agter Hom moet val. Mense en instansies wat genoem word en wat 'n rol mag speel, mag nooit die inhoud van die prediking word nie en hulle mag ook nie die middelpunt daarvan wees nie. In die veraktualisering van die verkondiging van Gods heilswerk, kan hierdie en ander figure op kreatiewe en verantwoordelike wyse ter sprake gebring word in die prediking.

Hier word ook saamgestem met Schuman (1998:148) wat daarop wys dat die reformatoriese tradisie haarself tekort sou gedoen het indien sy alle getuiekalenders sou afwys en dat daar ook in die kringe waarbinne radikale afwysing van heiliges-kalenders voorgekom het, pamflette en boeke versprei is wat verhale oor protestantse martelare bevat het. Hy beklemtoon daarom tereg die belangrikheid van hierdie figure: *"Het gaat daarbij om het besef niet de eersten, noch de enigen te zijn op de weg van verwachting. Een stoet van geloofsgetuigen, algemeen bekend of juist alleen persoonlijk voor ons van belang, is ons al voorgegaan op de weg naar het land van de belofte. Het door Hebreën 11 opgeroepen beeld speelt hierbij een voorname rol. Want 'God heeft, met ons in gedachten, het plan dat de stoet van deze getuigen niet de voleinding zal bereiken, dan alleen in een gezelschap van ons"* (Schuman 2002:122).

Wat die besondere (Son)dae, wat ook in 'n ruimer beskouing van die kerklike jaar ingesluit kan word, aanbetref, moet daar onderskei word tussen dae wat vir die breë kerklike wêreld van belang is en dae wat vir plaaslike kerke van belang is. Dae wat vir die breër kerklike wêreld van belang is, is byvoorbeeld Hervormingsdag (op die laaste Sondag van Oktober) en die Wêreldbiddae vir Vroue en vir Mans (afsonderlik op die eerste Vrydag en Saterdag van Maart). Versoeningsdag / Geloftedag (16 Desember) en spesifiek benoemde Sondae, soos Arbeidsondag (die Sondag die naaste aan 1 Mei = Werkersdag), Bybelsondag (die laaste Sondag in Augustus) en Toerustingsondag (die tweede Sondag in September) is binne die Suid-Afrikaanse konteks ter sprake.

Aangesien die gereformeerde teologie die kerk en staat in verwantskap met mekaar beskou en omdat die NG Kerk (2003:492) *"tot 'n konstruktiewe verhouding met die staat van die land waarin ons woon"* verbind is, bly dit 'n ope vraag of dae wat vir die

burgerlike samelewing as belangrik uitgesonder word nie ook vir die kerk as besondere dae uitgelig moet word nie. Die redes wat veral die NG Kerk in die verlede rondom Geloftedag aangevoer het vir die insluiting van hierdie dag in die kerklike kalender, kan goedskiks - al is dit dalk slegs deur Christene met ander oortuigings as Afrikaner-Christene - vir ten minste sommige van die dae wat tans as openbare vakansiesdae beskou word, aangevoer word. Die feit dat die oorgang na die demokratiese bestel hier ter lande relatief vreedsaam geskied het, word deur baie as 'n Goddelike ingrype en wonderwerk beskou. Dit is veral so omdat hierdie oorgang sonder 'n burgeroorlog, soos wat dit in baie ander Afrika-lande gebeur het, plaasgevind het (vgl ook NG Kerk 2003: 492 waarin die Algemene Sinodale Kommissie in 'n boodskap aan die president waardering uitgespreek het *"vir die wyse waarop die transformasieproses sedert 1994 deur die leiers van die land hanteer is"* en voorbidding vir versoening, vrede en geregtigheid in Suid-Afrika verseker word).

Liturgie en kultuur staan in 'n dinamiese verhouding met mekaar en omdat simbole en rituele belangrik is vir 'n kultuur en 'n geloofsgemeenskap (Barnard 2000:5-7, 10-12; vgl Pieterse 1998:312-348), behoort nasionale vakansiedae, soos Menseregtedag (21 Maart), Vryheidsdag (27 April) en Erfenisdag (24 September) nie onopgemerk by die prediking te verbygaan nie, maar daarmee in verband gebring te word. Gesinsdag (die Maandag ná Paasfees), Nasionale Jeugdag (16 Junie), veral as dit met nuwe inhoude aangevul word, asook Nasionale Vrouedag (9 Augustus), Versoeningsdag (16 Desember) en Welwillendheidsdag (26 Desember) is almal dae met inhoude wat sterk aansluiting vind by Bybelse motiewe en waardes naas die aktualiteit daarvan. Die Algemene Sinode (NG Kerk 2003:343-344) se besluit om die gebruiklike Biddag vir Onderwys na die eerste Sondag in Februarie te verskuif, terwyl *"die Biddag vir Jeug-en-Kategese op die naaste Sondag aan 16 Junie (Nasionale Jeugdag) wat nie oor 'n langnaweek val nie, gehou word"*, versterk hierdie gedagtegang verder. Die kerk sal die geleentheid wat deur hierdie vieringe gebied word moet aangryp om 'n invloed op die Afrika Renaissance te hê en 'n bydrae daarin te lewer (vgl De Klerk 2002:50-62). Prediking wat verband hou met die redes vir die viering van die nasionale vakansiedae en die waardes wat daardeur bevorder wil word, kan 'n groot bydrae lewer, nie net wat die omvangrykheid van die evangelie aanbetref nie, maar ook om grense tussen gelowiges uit verskillende taal- en kultuurgroepe af te breek en brûe te bou.

Van die internasionale gedenkdae wat deur die Verenigde Nasies as spesiale dae vasgestel is om oor die wêreld heen gevier te word, is daar heelwat dae wat raakvlakke het met die *missio Dei* en die dienswerk van die kerk. Indien hierdie in ag geneem word, bly die toets nog steeds dat dit die wese en betekenis van die Sondag moet komplementeer. Alhoewel dit waar is vir meer as net die volgende besondere dae, word enkele dae vervolgens uitgesonder (vgl Müller 2003:314-317).

| **DATUM** | **AFRIKAANSE NAAM VAN DIE DAG** | **RAAKVLAKKE MET BESTAANDE DAE en/of BYBELSE WAARDES** |
|---|---|---|
| 8 Maart | Wêreldvrouedag | Wêreldbiddag vir Vroue, Nasionale Vrouedag |
| 21 Maart | Wêrelddag vir die beëindiging van Rassediskriminasie | Menseregtedag, vrede, versoening ens. |
| 21-27 Maart | Week van Solidariteit met Slagoffers van Rassisme en -diskriminasie | Menseregtedag, Vrede, Versoening ens. |
| 15 Mei | Wêreldgesinsdag | Nasionale Gesinsdag |
| 4 Junie | Wêrelddag vir Onskuldige Kinderslagoffers van Geweld | Nasionale Jeugdag, Onskuldige kinders (28 Desember in die siklus van heiliges) |
| 3-10 Junie | Wêreldomgewingsweek | Evangelie vir die Ekologie-biddag |
| 5 Junie | Wêreldomgewingsdag | Evangelie vir die Ekologie-biddag (in 2003 se Jaarboek op 8 Junie) |
| 11 Julie | Wêreldbevolkingsdag | Nasionale Gesinsdag, Menseregtedag |
| 12 Augustus | Wêreldjeugdag | Nasionale Jeugdag |
| 21 September | Wêreldvredesdag | Nasionale Vryheidsdag, Versoeningsdag |
| 1 Oktober | Internasionale Dag vir Seniorburgers | Sorg aan Bejaardes, Menswaardigheid |
| 5 Oktober | Wêreldonderwysersdag | Biddag vir Opvoeding en Onderwys |
| 10 Oktober | Wêreldgeestesgesondheidsdag | Verskeie (o.a groei in geloof; volwassenheid) |
| 16 Oktober | Wêreldvoedseldag | Barmhartigheid |
| 17 Oktober | Wêrelddag vir die Uitwissing van Armoede | Barmhartigheid |

| | | |
|---|---|---|
| '16 November | Wêrelddag vir Verdraagsaamheid | Versoening, Vrede, Menswaardigheid |
| '20 November | Wêreldkinderdag | Bediening aan en deur Jeug |
| '25 November | Wêrelddag vir die Beëindiging van Geweld teen Vroue | Menswaardigheid ens. |
| 1 Desember | Wêreldvigsdag | Barmhartigheid, Menswaardigheid ens. |
| 10 Desember | Internasionale Menseregtedag | Menseregtedag, Menswaardigheid ens. |

**TABEL 8: INTERNASIONALE GEDENKDAE**

Dae soos Wêreldwaterdag (22 Maart), -gesondheidsdag (7 April), Internasionale Antirookdag (31 Mei), Wêrelddag vir die Stryd teen Verwoestyning en Droogte (17 Junie), Wêrelddag teen Dwelmmisbruik en -handel (26 Junie), Wêreldkusopruimingsdag (15 September), Wêrelddag vir die Beskerming van die Osoonlaag (16 September), Wêreldruimteweek (4-10 Oktober), Wêreldhabitatdag (7 Oktober), Wêrelddag vir die Voorkoming van Rampe (10 Oktober), Wêrelddag vir die Voorkoming van die Misbruik van die Omgewing in Oorloë en Gewapende Konflik (6 November), is almal dae wat met God se skepping en skepsels te make het en daarom ook relevant is vir sy kinders. Dae soos Wêrelddag vir Boeke en Kopiereg (23 April), Wêreldpersvryheidsdag (3 Mei), -kommunikasiedag (17 Mei), -museumdag (18 Mei), Internasionale Geletterdheidsdag (8 September), Wêrelddag vir Ontwikkelingsinligting (23 Oktober), asook Wêrelddag vir Vlugtelinge (20 Junie), Wêrelddag vir Slagoffers van Marteling (26 Junie), Internasionale dag ter Gedagtenis aan die Slawehandel en die Afskaffing van Slawerny (23 Augustus), Wêrelddag vir die Afskaffing van Slawerny (2 Desember), Wêrelddag vir Trekarbeiders (18 Desember), het weer veel te make met die algemene Christelike etiek en arbeid.

Müller (2003:317) lys ook die volgende "nie-amptelike feesdae", wat in elk geval sekulêr en deur lidmate van die kerk gevier word, maar ook veel met die lewe en etiek van Christene te doen het: Loslitdag (eerste Vrydag in September), Valentynsdag (14 Februarie), Aardedag (22 April), Moedersdag (tweede Sondag in Mei) en Vadersdag (derde Sondag in Junie). Sondae waarop die sakramente bedien word behoort 'n hoë prioriteit in die kalender van die gemeentelike lewe te hê aangesien dit verband hou met die gemeente se verbondsbelewenis (vgl Vos & Pieterse 1997:168-182; Vos 1996:290-293). Hiernaas is belangrike momente in die verloop van die kerklike jaar vir

die gemeentelike lewe ten minste die gemeente se verjaardagviering, die bevestiging van ampsdraers, en openbare belydenisaflegging. Die vermoede bestaan dat die skooltermyne die frekwensie van kerklike aktiwiteite asook erediensbywoning negatief beïnvloed. Indien dit waar is, word gemeentes waarskynlik benadeel in die omvang van hulle korporatiewe belewing en deelname aan die viering van die heilsmomente en besondere dae. Indien die aantal Sondae wat gedurende skoolvakansies en in langnaweke val in berekening gebring word, het die plaaslike kerk maar sowat dertig Sondae per jaar tot beskikking om die meerderheid van haar lidmate deur die prediking te bereik en te bedien. In die empiriese ondersoek sal daarom ook onder andere vasgestel moet word of die skoolvakansies gemeentelike werksaamhede beïnvloed of nie. Uit die aard van die saak sal die primêre kerklike feeste asook die sakramente voorrang geniet.

## 3.5 LEESROOSTERS VIR DIE KERKLIKE JAAR

Vir die nadere invulling van die kerklike jaar is leesroosters noodsaaklik, veral om orde en struktuur aan die prediking en die liturgie te verleen. As 'n vasgestelde versameling van lesings of geselekteerde gedeeltes uit die Skrif, wat gerangskik en bedoel is vir die verkondiging en liturgiese gebruik in die aanbidding van God se mense deur die loop van, maar veral op spesifieke Sondae, van die kerklike jaar, is 'n leesrooster waardevolle hulpmiddel in die bevordering van die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie (vgl CCT 1992:9; NG Kerk 2002:81). Vir die Rooms Katolieke Kerk is die leesrooster *"a unique genre of ecclesial literature. It is part of the liturgical canon... The Lectionary, while not identical to the Bible, is drawn from its contents, providing a kind of narrative infrastructure for celebration of the Liturgical Year. The Lectionary is drawn from sacred Scripture by selecting passages from the biblical material (decontextualizing) and then placing these readings within a new literary and liturgical context (reconstructing), thus constructing a new ecclesial genre"* (Bergant 2001:vii).

'n Leesrooster bring die Bybel en die seisoene van die kerklike jaar bymekaar en verleen uitdrukking aan die struktuur van die kerklike jaar:

> *"Lectionaries do not fall directly from heaven. Rather they codify and promote patterns in the liturgical reading of Scripture that have commended themselves to the church over a greater or lesser extend of time, space and confessional tradition. They are necessary because it is impossible to read the whole Bible in a particular service of worship, they are valuable insofar as they allow the*

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

> *broad range of the biblical witness to be heard. Lectionaries perpetually exhibit a specific tension between the reading of entire biblical books in course (lectio continua) and the eclectic selection of passages from the canon that are appropriate to particular times and occasions"* Wainwright (1994:91).

'n Leesrooster bevorder nie slegs die viering van die kerklike jaar nie. Dit bied ook 'n wye spektrum van Skrifgedeeltes vir die prediking en verdere gebruik in die liturgie aan. Langs hierdie weg dra dit by *"tot 'n sterker beklemtoning van die gedagtenis-karakter van die Christelike erediens en die heilshistoriese aard van Christus se koms en optrede"* en word *"gedeeltes uit die Skrif wat andersins selde of nooit in die liturgie of prediking sou funksioneer nie"* aan die orde gestel (NG Kerk 2002:82; Vos & Pieterse 1997:144; Wainright 1994:91; vgl Foutz 1999; Eary & Myers (eds) 2001:236-237).

Alhoewel daar gedurende die laaste paar dekades 'n "herontdekking" van die kerklike jaar plaasgevind het en daarmee saam 'n groter waardering vir en "herlewing" in die gebruik van 'n leesrooster wat uitdrukking gee aan die struktuur van die kerklike jaar, kan die gebruik van 'n leesrooster baie verder teruggevoer word, veral aangesien die prediking van oudsher af in die liturgie geplaas en gerig is deur leesroosters wat in die klassieke liturgiese kerke soos die Roomse en Anglikaanse kerke gebruik word (NG Kerk 2002:81; Vos & Pieterse 1997:140; vgl Barnard 1985:96; Skudlarek 1981:31).

### 3.5.1 Historiese oorspronge en ontwikkeling van leesroosters

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek, word hier nie 'n oorsig gegee oor die historiese oorspronge en ontwikkeling van leesroosters nie. Hier word slegs enkele opmerkings gemaak. Die gebruik van 'n leesrooster kan teruggevoer word tot die sinagogediens waar daar vaste Skriflesings uit die Ou Testamentiese literatuur neergelê is vir die Joodse feeste, terwyl 'n *lectio continua* toegepas is by die tekskeuse vir die Sabbat. Vir die gewone Sabbatsdiens was daar twee siklusse in gebruik, naamlik die eenjarige Babiloniese siklus en die driejarige Palestynse siklus. In albei hierdie gevalle het voorlesings en die interpretasie daarvan sentraal gestaan. Die aard van die vroeë erediens het in die diaspora, byvoorbeeld in Egipte, verander van die offerdiens (met die altaar) na 'n leerdiens (met die boekrol). Die Heilige Here bly dieselfde, maar sy volk dien Hom nou nie meer met "leë offers" nie, maar met "woorde as gawe" (Hos 14:3; vgl Rom 12:1-2) (Barnard 1985:65-98; Rouwhorst 1995:333-334; Vos & Pieterse 1997:140-141; Vrijlandt 1987:20-21; Wegman 1991:57-58; vgl NG Kerk 2002:81-82).

Volgens Vrijlandt (1987:22, 23) kan Arens (1968) se indeling van die tora- en psalmgedeeltes aanvaar word, alhoewel daar kritiek teen dit ingebring kan word. Aan die hand van sy indeling kan aanvaar word dat die volgende lesings in die sinagoge voorgekom het tydens die groot feeste:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Pase** | 1e jaar | Gen 3/4 | Psalm 4 | Eerstelingoffer-oes en kleinvee |
| | 2e jaar | Eks 12 | Psalm 52 | Pasga in Egipte |
| | 3e jaar | Num 9 | Psalm 100 | Eerste Paasviering in die woestyn |
| **Pinkster** | 1e jaar | Gen 14/15 | Psalm 10 | Verbond met Abraham, Vuurverskyning |
| | 2e jaar | Eks 19/20 | Psalm 58 | Sinaï-verbond, Vuurverskyning |
| | 3e jaar | Num 16 | Psalm 106 | Vuurverskyning, Ware priesterskap |
| **Loofhutte-fees** | 1e jaar | Gen 32/33 | Psalm 28 | Naamgewing van Israel, Fees in hutte |
| | 2e jaar | Lev 9 | Psalm 76 | Wyding van die tent van samekoms |
| | 3e jaar | Deut 8 | Psalm 122 | Dankfees: beloofde land en oes |

**TABEL 9: SINAGOGE-LEESROOSTER VIR DIE GROOT FEESTE**

Hierdie gebruik van die sinagoge om die Skrifte op 'n sistematiese wyse te lees, dit te vertaal en uit te lê, is deur die Christelike kerk nagevolg en het 'n algemene gebruik geraak. Naas die Ou-Testamentiese literatuur, is egter ook Nuwe-Testamentiese literatuur (die briewe van die apostels en later die ander geskrifte) gelees (Collins 2003; Vos & Pieterse 1997:141; Vrijlandt 1987:26-32). *"Ook is die gebruik nagevolg om met groot erns die boodskap uit die Skrif op te vang en dit dan toe te pas op die mens met sy konkrete node. Die kerk het egter in die ontlening van soveel uit die sinagoge op hierdie punt steeds daarvan uitgegaan om alles rondom die lesinge en uitleg daarvan, te besien uit die vervulling deur Jesus Christus"* (Barnard 1985:98-99; 145).

Volgens Vrijlandt (1987:27) was die Here, net soos in die sinagogale tradisie, self deur die Gees teenwoordig en *"Waar men (voor)leest, verkondig men zijn presentie, zijn leven en werk! Lezen is op zich al verkondiging."* In direkte aansluiting by die Skriflesing was die prediking, wat hoofsaaklik in die vorm van 'n homilie was, net soos in die sina-

gogale erediens, 'n bekende gebruik (vgl 1 Tim 4:13). Die groot verskil was egter die aankondiging van die "nuwe stand van sake" en die oproep om daarop te reageer (vgl Luk 4:16-19; Hand 13:15; 17:2). Die viering van die maaltyd ter herinnering van die dood van Christus tot ons verlossing, is van die begin af gevier en dit is redelik seker dat die lees uit gedeeltes van die Skrif en die verkondiging daarvan tydens die maaltyd (as eucharistieviering) reeds heel vroeg begin het (Barnard 1985:145-146; 167-168; Vos & Pieterse 1997:141; vgl Salzmann 1994:67-77).

Alhoewel die vroeë kerk uit die tora en die profete en die Nuwe-Testamentiese briewe en evangelies gelees het, was dit nie volgens die vaste sisteem nie, en teen die begin van die vyfde eeu het die openbare Skriflesing in die Jerusalemse kerk so ingewikkeld begin raak dat 'n spesiale handleiding nodig geraak het om te verduidelik watter Skrifgedeeltes gelees moet word. Die Jerusalemse leesrooster, wat 'n lys van Skriflesings, psalms en antifone bevat het en bedoel is vir gebruik tydens die verskeie feesdae en godsdienstige vieringe van die Jerusalemse kerk, was oorspronklik 'n Griekse leesrooster, maar die Armeniaanse vertaling daarvan het behoue gebly. Dit is een van die belangrikste dokumente vir die geskiedenis van die aanbidding van die Christelike kerk waaroor vandag beskik word (Old 1998:135; vgl 277-278; 368-382; Rouwhorst 1995: 342-344). Old (1998:159) skryf hieroor: *"Even this lectionary makes it clear that normally the Scripture were read through on the basis of the lectio continua. The feast days might demand special lessons for special days, but even at the feast days the principle of the lection continua appears and reappears."* In die tyd van die Rykskerk is gehou by 'n *lectio continua*, maar mettertyd is die preek al meer op die agtergrond verskuif deur liturgiese handelinge, veral omdat gemeen is dat die nagmaalsliturgie die heil veel beter verwerklik as die preek (Old 1998: 399-401; vgl Wegman 1991:293).

Wat die ontwikkeling op die terrein van leesroosters in die afgelope dekades aanbetref, is reeds in 3.3.11 hier bo aandag verleen aan die *Ordo Lectionum Missae*, wat in 'n groot mate as basis dien vir byna alle ontwikkeling hierna en 'n aantal ander leesroosters. Die *English Language Liturgical Consultation* (ELLC), wat ekumeniese verteenwoordiging geniet van kerke in Australië, Engeland, Kanada, Nieu Seeland, Skotland, Suid-Afrika, die V.S.A. en Wallis, *"has endorsed the Common Lectionary as the most promising version of an international ecumenical lectionary"* (CCT 1992:79).

### 3.5.2 Die waarde van leesroosters

Die waarde van leesroosters lê nie net daarin dat die antieke leesroosters belangrike bronne is vir die rekonstruksie van Bybelse tekste nie, maar veral daarin dat dit orde en struktuur aan die prediking en die liturgie verleen. Hiernaas bevorder dit die viering van die kerklike jaar en lei dit predikers daartoe om volgens die kerklike jaar te preek en die liturgie daarvolgens in te rig. Dit bring ook die Bybel en die seisoene van die kerklike jaar bymekaar terwyl dit uitdrukking aan die struktuur van die kerklike jaar verleen. Predikers word verder in staat gestel om oor stof uit die Skrif te preek waar vanself nie by uitgekom sou word nie en dit word verhoed dat predikers slegs oor hulle stokperdjies preek (Vos & Pieterse 1997:144; vgl ook Collins 2003). *"For preachers, use of the lectionary means that there are more published resources available for preaching than have ever been present in the history of Christian preaching. Across all denominations, a worldwide, ecumenical systematic way of integrating Scripture into worship is the wonderful possibility which is offered to us by the lectionaries"* (Westerhoff & Willimon 1980:71).

'n Leesrooster bevorder die verkondiging as kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie, want dit is reeds in 'n sekere sin verkondiging van die Woord wanneer die lesing daarvan gedoen word. Daar kan gesê word dat 'n leesrooster *"at the service of the proclamation of the word of God, which is Jesus Christ"* is, en nie bloot daar is om die gemeente op te voed in die geskiedenis van die Bybel of die godsdiens nie (Skudlarek 1981:11-12, 39). Tot in die negentiende eeu was die enigste blootstelling wat die meeste gelowiges aan die Woord van God gehad het (vanweë die beperkte omvang en koste van geskrifte) die aanhoor daarvan wanneer dit hardop in die openbaar gelees is (Collins 2003).

Die gebruik van 'n leesrooster hoef nie tot die prediking en die erediens beperk te word nie. Van der Laan (1995:415-416; vgl ook Van der Walt & Du Toit 1999:113) is van mening dat daar waar 'n leesrooster gevolg word, 'n orde bewerk word wat kan help om van die erediens 'n gemeentelike saak te maak: dis nie meer net die dominee en die orrelis wat vooraf weet wat aan die orde gaan wees nie en aktiwiteite soos kategese en huisbesoek kan ook afgestem word op wat Sondae in die erediens aan die orde is. Aldus hom word daarmee saam ook die sogenaamde dominansie van die dominee deurbreek. Die oortuiging dat 'n leesrooster wat verband hou met die kerklike jaar

benut kan word om gemeentelike aktiwiteite te bevorder, is ook elders uitgespreek en word ook in hierdie ondersoek gehuldig. Die gebruik van 'n leesrooster maak dit nie net moontlik om vooruit te beplan nie, maar ook om bykomende hulpmiddels vir die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie te ontwikkel (vgl CCT 1992:7; Eary & Myers (eds) 2001:240). Uit navorsing wat Gibbs (1993:24) onderneem het blyk dit volgens hom dat baie mense wat sê dat hulle glo die Bybel is God se geïnspireerde Woord, nie daardie geloof as betekenisvol genoeg beskou om hulle die Bybel gereeld genoeg te laat lees sodat hulle die betekenis van die leerstellinge daarin te verstaan en dit in hulle daaglikse lewens toe te pas nie. Goeie leesroosters, veral indien dit a.h.v. die kerklike jaar gestruktureer is, kan hierin van groot waarde wees.

Vos en Pieterse (1997:144) wys daarop dat alhoewel die kerklike jaar gewoonlik op ons kerke se jaarprogramme aangedui word, daar tog predikante is wat nie altyd daarby hou nie. Dit veroorsaak die verdere verlies dat die *"liturgiese skat van liedere, veral gesange, rondom die geboorte van Christus, sy lyding, sterwe en opstanding, hemelvaart en pinkster"* nie behoorlik benut word nie. Dit is van veel betekenis dat daar in die nuwe *Liedboek van die Kerk* (2001) 127 liedere onder onderskeibare rubrieke vir gebruik rondom die inskrywings in die kerklike jaar opgeneem is (vgl 3.3.13).

### 3.5.3 Moontlike tekortkominge van leesroosters en die oorkoming daarvan

Natuurlik het leesroosters tekortkominge en kan daar legitieme redes vir voorbehoude t.o.v. die gebruik daarvan bestaan. Juis om hierdie rede word leesroosters voortdurend hersien en is daar reeds goeie vordering gemaak deur byvoorbeeld die CCT (vgl 1992:77-79) en die Samen-op-Weg-kerke (vgl Uytenbogaardt 1996:219-226), wat krities met hierdie proses omgaan. Solank daar met omsigtigheid en verantwoordelikheid van leesroosters gebruik gemaak word, hou dit meer voordele as nadele in. Daar is vandag verskeie leesroosters beskikbaar waarvan gekies kan word en dit kan goed wees om dit van tyd tot tyd af te wissel (vgl Vos & Pieterse 1997:145).

Een van die voorbehoude t.o.v. die gebruik van leesroosters is die bekommernis dat *"die aktualiteit van die prediking kan ly omdat daar nie meer gereageer word op aktuele kwessies in die kerk en samelewing nie, maar bloot volstaan word met prediking oor voorgeskrewe leesroostertekste wat nie verband hou met sodanige kwessies nie"* (NG

Kerk 2002:82; Vos & Pieterse 1997:145). Müller (in Beeld 8 Mei 2000:14) is ook van mening dat wêreldsvreemdheid een van die groot gevare vir die kerk is en skryf: *"Hoe meer gedetailleerd die kerklike jaar raak en hoe meer vreemde name daar op die kerkkalender verskyn, hoe makliker word dit vir kerk en prediking om irrelevant te raak."* Hierin word nie met hom saamgestem nie, want die wyse waarop die prediker dit integreer kan daartoe lei dat die hoorders figure uit die verlede kan leer ken. Hier word wel met hom saamgestem dat die alledaagse nie maar grootliks geïgnoreer mag word en daar maar net "mooi" gepreek word, óf die teks en die situasie op 'n gedwonge manier by mekaar uitgebring word nie. Deur die hoorders van die prediking op 'n kreatiewe wyse aan die name wat in die kalender opgeneem word bekend te stel, kan ten minste 'n nuwe waardering vir 'n historiese en ekumeniese bewussyn bewerkstellig word.

Indien 'n leesrooster nie as 'n dwangmiddel nie, maar as 'n hulpmiddel gebruik word, kan hierdie vrese tot 'n groot mate besweer word. Vryheid vir vrye tekskeuse moet gelaat word, maar dit mag weer nie ten koste van die viering van die groot heilsdade van God in Christus (soos weerspieël in die kerklike jaar) geskied nie (vgl NG Kerk 2002:83; Vos & Pieterse 1997:145; Wainwright 1994:91) en gemeentes mag nie aan die willekeur van predikers uitgelewer word nie. Wat die kerklike praktyk aanbetref, het elke gemeente in elk geval 'n kerkkalender en 'n leesrooster, al is dit bloot implisiet. Dit bestaan gewoonlik uit die eredienste en ander byeenkomste op Sondag en ander dae van die week. Algemene kalenderinskrywings is byvoorbeeld: "Woensdag 19h00: Biduur" of "Vrydag 19h00: Koffiekroeg" en "Kategese" gedurende skooltermyne en kom waarskynlik in alle gemeentes voor. Vergaderings, toerustingsgeleenthede ens. bepaal verder hoe die gemeente se kerklike jaar lyk. Die gemeente se leesrooster bestaan dan uit die teksgedeeltes aan die hand waarvan Sondag gepreek word en ander tekste wat byvoorbeeld in die kategese, bybelstudie- en ander kleingroepe, huisgodsdiens en andersins aan die bod kom. Waar die prediker (of enige groep) nie a.h.v. 'n leesrooster wat vooraf uitgewerk is werk nie, beteken dit nie dat die gemeente nie 'n leesrooster volg nie, maar bloot dat die gemeente se leesrooster minder eksplisiet en meer ongekontroleerd is as byvoorbeeld die RCL. Aktualiteit word nie deur tekskeuse bepaal nie, maar deur aktuele effektuering van die teks binne die konteks van die praxis. Vos (1996a:318) beklemtoon dat élke boodskap *"konkreet, duidelik en relevant"* moet wees.

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

Skudlarek (1981:45-49) wys op die 'n groot afstand wat bestaan tussen die liturgiese homilie en die gewilde behoeftegerigte prediking van die dag. Indien prediking wat met die leesrooster verband hou egter goed gedoen word, kan dit volgens hom 'n lewenskragtige betekenis hê vir hedendaagse Christene, aangesien gelowiges se omgang met die destydse lewensvrae dieselfde tipe diepgang gehad het as dit waarna vandag gevra word. Hy skryf dat die uitdaging aan predikers is: "*to find ways to address these problems and concerns not only with their own words but with the word of God, a word that is read and heard in its full sweep and scope. ... for the preacher who is willing to be guided by the whole message of the scriptures that the lectionary offers, it can provide an alternative to the single-issue, moralistic harrangues that are sometimes justified in the name of relevant, "prophetic" preaching*" (:47). Hiermee word saamgestem.

'n Moontlike tekortkoming by enige leesrooster, hou verband met die feit dat gedeeltes van die Skrif nooit in enige van die bestaande leesroosters aan die orde kom nie. *"Dit kan aanleiding gee tot 'n verskraalde omgang met die Skrif en kan selfs neerkom op 'n soort kanon-binne-die-kanon"* (NG Kerk 2002:82). Sloyan (2000:27-34) is van mening dat die nuwere leesroosters, soos die RCL, nie 'n "nuwe kanon" daarstel nie, o.a. aangesien daar teruggegryp word na die gebruike van die vroeë kerk, maar ook omdat daar op 'n baie verantwoordelike wyse te werk gegaan word: *"In doing so, neither has deserted the main direction taken by LM, as of all previous lectionaries of the East and West"* (Sloyan 2000:33).

Volgens die Algemene Kommissie vir die Erediens (NG Kerk 2002:82) toon navorsing dat 'n groter spektrum van Bybelse tekste hanteer word deur kerke wat gebruik maak van een van die bestaande leesroosters as wat die geval is in kerke wat nie van 'n leesrooster gebruik maak nie. Indien dit waar is, word hierdie moontlike tekortkoming aangespreek. Dit is ook meer haalbaar om 'n bestaande leesrooster aan te vul of te snoei om seker te maak dat 'n kanon-binne-die-kanon nie voorkom nie, as wat dit is om so te doen met 'n implisiete leesrooster. Verder is 'n bestaande leesrooster, soos die RCL, aan 'n wyer kring blootgestel vir kontrolering en verbetering. Omdat die ruimte vir vrye tekskeuse gebied word, is dit 'n meer verantwoordelike opsie as iets anders. Met geleenthede soos die doop en nagmaal, asook op dae soos die gemeente se spesiale dae wat nie met die wêreldkerk gedeel word nie, moet 'n vrye tekskeuse kan geskied.

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

Indien leesroosters riglyne vir sulke geleenthede kan verskaf, sal dit 'n winspunt wees. Dit geld ook m.b.t. plaaslike gemeentes se behoefte aan reekse van temas oor spesifieke sake ensovoorts (Vos & Pieterse 1997:145; Schuman 2002). Ook moet onthou word dat indien 'n leesrooster in die prediking gebruik word, dit nie noodwendig daartoe sal lei dat die hele erediens deur die kerklike jaar "beheer" of "oorheers" sal word nie. Aspekte in die liturgie wat sistemies in verband staan met die prediking, soos voorbidding en skuldbelydenis, bly altyd aktueel.

Met die gebruik van enige leesrooster moet die opset en die intensie daarvan in ag geneem word. Die riglyne wat vir die gebruik daarvan aangedui word behoort nagevolg te word, nie net sodat die leesrooster nie oorvra word nie, maar veral om reg daaraan te laat geskied (vgl CCT 1992:9-10; 12-18).

**3.5.4 Geskikte leesroosters vir die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk**

Alhoewel die NG Kerk van tyd tot tyd (vgl 3.3.13) aandag geskenk het aan die kerklike jaar in die prediking, het die kerk amptelik nooit enige voorskrifte of riglyne daargestel wat die tekskeuse vir die prediking aanbetref nie. Ook in die verskillende projekte wat rondom die kerklike jaar in die prediking aangepak is (vgl 3.3.13), was daar nooit enige dwangmatigheid of voorskriftelikheid van amptelike kant nie ter sprake nie. Miskien is dit juis hierdie gebrek aan riglyne wat daartoe aanleiding gegee het dat die kerklike jaar dusver nie 'n regmatige plek in die prediking van die NG Kerk verkry het nie. Die besluit van die Algemene Sinode in 2002 (NG Kerk 2003:83; 538) om die RCL te aanvaar as die mees geskikte leesrooster vir die huidige en om dié leesrooster (met die moontlike aanvulling as vertrekpunt te aanvaar vir verdere gestaltegewing in die praktyk en die besluit om dié leesrooster in die voorgestelde Handboek vir die Erediens op te neem (NG Kerk 2003:102; 539), is 'n positiewe wending en 'n wins vir die kerk.

Schuman (2002) se artikel oor leesroosters moet in ag geneem word deur enigeen wat hieroor besin. Veral sy siening oor die "inculturatie" van die liturgie en daarmee saam die kerklike jaar is hier van toepassing. 'n Leesrooster moet ten minste daarna streef om die diepte en die wydte van die Bybelse boodskap te weerspieël en die verskillende literatuursoorte wat in die Bybel aangetref word, moet na hul eie aard hanteer word. Die wyse waarop geloofsgemeenskappe die inskrywings in die kerklike kalender beskou en beleef, moet voorts verreken word. Lidmate moet bewusgemaak word van 'n ander

lewensritme as dié van die politiek en die ekonomie en moet dit aanleer (vgl 2001:129). Die kerk het hierin 'n verantwoordelikheid en kan die kerklike jaar hiervoor benut.

### 3.6 Homiletiese toespitsing

Binne die raamwerk wat dusver gevorm is, kan 'n homiletiese toespitsing t.o.v. die kerklike jaar in die prediking vervolgens geskied. In die beskouing van die ontstaan en die ontwikkeling van die kerklike jaar asook die nadere invulling daarvan is reeds aanduidings gegee van wat die eiesoortighede in elke seisoen daarvan is. Die primêre vraag hier was of die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk 'n rol kan speel as kommunikatiewe handeling. Die vraag na hoe die kerklike jaar in die prediking gedoen moet word, wat die inhoude daarvan behoort te wees en so meer moet egter nog beantwoord word. Daarom word vervolgens gefokus op die inhoude en aksente van die inskrywings in die kerklike jaar in die prediking. Dit word gedoen aan die hand van die chronologiese verloop van die onderskeie seisoene in die kerklike jaar. Eerstens sal die prediking in die kerksiklus aan die beurt kom en dan sal die prediking in Koninkrykstyd asook prediking met besondere geleenthede beskou word. Dié afdeling sal afgesluit word met algemene opmerkings ten opsigte van die kerklike jaar in die prediking.

#### 3.6.1 Prediking in Advent

Advent strek vanaf die vierde Sondag voor Kersfees tot en met Oukersdag. Daar is gedurende hierdie tyd vier Sondae. Histories gesproke was Advent nie die begin van die kerklike jaar nie, maar die einde daarvan (na Paas- en Pinksterfees) en aanvanklik was die fokus en die tema van Advent die tweede koms van Christus, maar mettertyd het dit verskuif na die voorbereiding vir die koms van die Here. Vandag vier ons albei hierdie temas: die afloop van die Christelike jaar en die verwagting van die koms van Christus sowel as die begin van die Christelike jaar en die verwagting van die geboorte van Christus, die Verlosser. *"In the first Advent, Christ the Lord comes into the world; in the next Advent, Christ the Lord comes as Judge of the world and of all the world's thrones and pretenders, sovereignties and dominions, principalities and authorities, presidencies and regimes, in vindication of his Lordship and the reign of the Word of God in history. This is the truth, which the world hates, which biblical people - repentant people - bear, and by which they live as the church in the world in the time between the two Advents"* (Webber (ed) 1994:107, 112).

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

Die Latynse woord *adventus* (aankoms) en die Griekse woord ἔπιφανεια (epifaneia) beskryf die aankoms van die godheid na die tempel, die troonbestyging van die heerser sowel as die eerste amptelike besoek na die aanvaarding van sy regering. Dit kan sowel die menswording van Christus as sy wederkoms in heerlikheid aandui (Vos & Pieterse 1997:151; vgl ook 3.3.8). Advent is 'n tyd van verwagting en voorbereiding op die koms / wederkoms van Christus en tydens Advent dink ons aan God as die Altyd Komende in ons nood om op verrassende wyse heil en bevryding te bring. Ons berei ons opnuut voor om die Verlosser in ons lewens te verwelkom en omdat ons ook leef in die verwagting dat die Verlosser weer gaan kom, is ons gebed: *"Kom tog gou, Here!"* (Nell (red) 2002:15; vgl Op 22:20).

Alhoewel Advent vroeër gedien het as voorbereiding vir Kersfees en/of Epifanie, word dit nie meer as sodanig beskou nie, maar as 'n selfstandige en onderskeibare seisoen in die kerklike jaar. Dit vertoon 'n eskatologiese struktuur en die onderwerp daarvan is baie duidelik die naderkom, die aanbreek van God se koninkryk, die *advente Domini*, in hierdie wêreld. Die naam vir hierdie seisoen is juis ontleen aan die ou titel vir die kerstyd, naamlik *De Adventu Dei* (*"Of the Coming of the Lord"*). Die "groot figure" van die advent is mense met verwagting en hoop: Jesaja met sy profetiese visie, Johannes die Doper met sy stem in die wildernis en Jesus se moeder, Maria met haar diensbaarheid - *"those who prepared for and co-operated with the incarnation of the Son of God"* en dit is dan ook hierdie drie wie se woorde en optrede die onderwerp van die lesings gedurende Advent was sedert die verskyning van hierdie seisoen in die vroeë leesroosters (Gunstone 1979:28-29; vgl Westerhoff & Willimon 1980:71). Ook die intog in Jerusalem is vroeg reeds aan die wederkoms van Christus verbind (Bieritz 1995:480).

Dit is veral Johannes die Doper, wat algemeen as 'n adventsfiguur aanvaar word, se boodskap *"Bekeer julle, want die koninkryk van God het naby gekom"* (Matt 3:2) wat in hierdie seisoen prominente aandag geniet. Jesus se prediking het ook hierby aangesluit (vgl Matt 4:17; 10:7). Hierdie bekering het nie slegs met die "geestelike" te doen nie, maar het 'n sterk sosiale en politieke ondertoon (Gunstone 1979:29; Webber (ed) 1994:110-111; vgl CCT 1992:14). Christus se koms het in 'n konkrete konteks plaasgevind en het o.a. die herstel van die totale mens tot 'n somaties-psigiese eenheid en van sosiale wanverhoudinge ingehou. God is en bly met sy skepping besig en die belofte van 'n nuwe skepping sluit ons persoonlike, sosio-politieke en ekologiese milieu in (Bieritz 1988:181-183; Robinson 1996:15-16; vgl ook Jenssen 1999:260-262).

In Advent is daar sterk teologiese en pastorale grondtone teenwoordig. Ons vier in dié tyd ons menslike verlange na persoonlike en sosiale verlossing en ons visie op God se koninkryk: *"It is a season of visions and hopes, a time to recall our pregnancy with possibility, to experience again the eternal hopes for human life we bear, to share our visions of fulfillment and our need to wait with patience for the gift of wholeness"* (Westerhoff & Willimon 1980:64-65). Die basis vir ons hoop is God se koms in ons midde in Jesus Christus: *"We are saved and redeemed not because we have successfully made the effort to come to him, but because he has made the surprising effort to come to us"* (Hoefler s v, aangehaal deur Webber (ed) 1994:109). Die hoop op en die verwagting van die Messias, het vir eeue lank betekenis verleen aan die Israeliete se bestaan. Vir die kerk beteken Christus se koms nog meer en laat ons hoop nie afneem nie, maar laat dit toenemend meer intens raak: *"We do not feel relaxed because of this presence, but instead, we experience a holy joy, a peaceful exitement about God's presence in our lives and in the world. The intensification of our hope expresses itself in the daily, thankful experience of Christ's presence in our lives and in our continual desire for the day on which Christ will come to us again in glory"* (Webber (ed) 1994:109; vgl ook Adam 1992:302-303; Jenssen 1999:258-261).

Die adventseisoen is ontwerp *"to remember the waiting"* (Zimmerman 1996:25). Hierdie "wag" is nie 'n passiewe "wag" nie, maar 'n aktiewe besigwees om die liefde van God te bedien. Christene het die taak om "waaksaam" te wees deur aktief die belange van God se koninkryk te bevorder (NG Kerk OTvl 2003:1). Advent wil ons leer om geduldig te wees en om te verlang na die koms van Christus: *"Terwyl om te wag geassosieer word met 'n vermorsing van tyd in ons gejaagde, moderne samelewing, wil Advent ons leer om geduldig te wag op die Here. Om te wag word 'n kuns waarin geleer word dat, soos in die geval van swangerskap, niks van waarde tereg kan kom sonder 'n tyd van stille ontwikkeling nie"* (Nell (red) 2002:15). Die geduldige wag tydens Advent maak van Kersfees self ook 'n ryker ervaring (vgl Zimmerman 1993:116-118; Müller 1981:8; 1990:9).

Alhoewel Advent 'n selfstandige en onderskeibare seisoen in die kerklike jaar is, word dit nie as 'n losstaande seisoen gevier nie. Dit word teruggekoppel aan die paasgebeure, die sterwe en die opstanding van Christus en ook vorentoe aan die geboorte van Christus. Die boodskap is eenvoudig: Christus is gebore om te sterf en om opgewek te word tot 'n nuwe

lewe t.w.v. die wêreld se verlossing. Die Lig waarop ons wag gedurende Advent, is die Lig wat die duisternis verdryf het met Paasfees: *"Incarnation and atonement must always be brought together as two vital parts of the redemption tapestry"* (Webber (ed) 1994:109-110).

Gedurende die eerste week in Advent word gelet op die wederkoms van Christus en die noodsaak daarvan om daarop voor te berei. Die manier waarop ons voorberei vir Christus se koms is soortgelyk aan die Israeliete se voorbereiding vir die Messias en begrippe soos *hoop, geduldige afwagting, verlange* en *om uit te sien na die dag*, druk die innerlike gevoel uit wat die voorbereiding kenmerk. Om gereed te maak en te wees, is veel meer as 'n gevoel: dit sluit morele en geestelike voorbereiding in. Daarom handel die Skrifgedeeltes ook oor ons Christelike lewenswyse. Die tweede week van Advent fokus op verkondiging en in die die derde week verskuif die aksent na gevoelens van vreugde, aangesien dit wat Christus met sy tweede koms gaan doen nou beklemtoon word: verlossing, saligmaking, die vernuwing van die skepping, die herstel van alle dinge en die finale vernietiging van kwaad. In die vierde week word nader beweeg aan die gebeure van Jesus se geboorte en word ons afwagting op die geboorte nog meer intens. Die klem is op die inkarnasie: God met ons, die nabyheid van God in ons midde en sy betrokkenheid in menslike aangeleenthede (Orsmond, Botha e.a. (reds) 2002:14; Zimmerman 1993:117; vgl Nell (red) 2002:15).

In die verloop van Advent word die vier Sondae in Advent, asook Oukersdag en -aand onderskei en in verskillende kerklike tradisies het elkeen van die vier Adventsondae 'n eie spesifieke aksent en fokus. Die volgende onderskeidinge kan gemaak word:

- die eerste Sondag lê 'n gelaaide aksent op die vurige roepe na God, t.m.v. menslike ellende en die oproep om waaksaam te bly m.o.o. die oog op die wederkoms;
- die tweede Sondag fokus op die sinjaal van die aanbreek van die beloofde heilsbedeling waarin geregtigheid gestalte moet kry;
- die derde (= *Gaudate*, wat beteken "Verbly julle"; vgl Fil 4:4) lê klem op die vreugde oor die Christuslig wat 'n nuwe bedeling inlui en daardeur die bedeling van skadu en duisternis deurbreek; en
- die vierde (Rogate coeli) aksentueer die allesoorskaduende teenwoordigheid van die Heer wat sy heil missionêr wil laat deurloop na die nasies deur mense en gemeentes wat hulle tot beskikking daarvan stel (vgl Nell, Meyer, Botha e.a. (reds) 2001:17).

Wanneer 'n tekskeuse vir prediking in Adventstyd gemaak word, is daar baie perikope waarvan gebruik gemaak kan word. Die RCL se voorgestelde tekste word hier - en ook by die ander seisoene van die kerklike jaar wat in die ondersoek bestudeer word - as vertrekpunt gebruik. Hiernaas word ook ander tekste, wat in ander leesroosters voorkom of self gekies is, aangedui. Natuurlik sal ander tekste ook hierby gevoeg kan word. Die volgende perikope kan gedurende Adventstyd gebruik word:

| SONDAG | JAAR A | JAAR B | JAAR C |
|---|---|---|---|
| **Eerste Sondag** | Psalm 122<br>Jesaja 2:1-5<br>Matteus 24:36-44<br>Romeine 13:11-14 | Psalm 80:1-7,15-19<br>Jesaja 64:1-9<br>Markus 13:24-37<br>1 Korintiërs 1:3-9 | Psalm 25:1-10<br>Jeremia 33:14-16<br>Lukas 21:25-36<br>1 Tessalonisense 3: 9-13 |
| **Tweede Sondag** | Psalm 72:1-7, 18-19<br>Jesaja 11:1-10<br>Matteus 3:1-12<br>Romeine 15:4-13 | Psalm 85:1-2, 8-13<br>Jesaja 40:1-11<br>Markus 1:1-8<br>2 Petrus 3:8-15a | Maleagi 3:1-4<br>Lukas 1:68-79<br>Lukas 3:1-6<br>Filippense 1:3-11 |
| **Derde Sondag** | Jesaja 35:1-10<br>Lukas 1:46-55<br>Matteus 11:2-11<br>Jakobus 5:7-10 | Psalm 126<br>Jesaja 61:1-4, 8-11<br>Johannes 1:6-8, 19-28<br>1 Tessalonisense 5:16-24 | Jesaja 12:2-6<br>Sefanja 3:14-20<br>Lukas 3:7-18<br>Filippense 4:4-7 |
| **Vierde Sondag** | Psalm 80:1-7, 17-19<br>Jesaja 7:10-16<br>Matteus 1:18-25<br>Romeine 1:1-7 | 2 Samuel 7:1-11, 16<br>Lukas 1:46-55<br>Lukas 1:26-38<br>Romeine 16:25-27 | Miga 5:2-5a<br>Lukas 1:46-55<br>Lukas 1:39-45<br>Hebreërs 10:5-10 |
| **Ander tekste** | Genesis 49:18; Deuteronomium 17:14-20; 1 Samuel 8:1-22; 1 Konings 21:1-19; Psalm 24; 33:20-22; 35:9; 45:1-7; 47; 66:1-3; 76; 89:19-30; 96; 98; 146:5-12; Jesaja 7:1-17; 9:6; 25:9; 26:8; 33:2; 35:3-4; 52:9; 55:6-13; 62:6-12; 63:16-64:8; Maleagi 3:13-4:3; Matteus 1:1-17; 2:1-12; 2:13-23; 25:31-34; Markus 1:15; 13:33-37; Lukas 1:38; 1:39-55; 1:68-79; 2:34-35; 3:10-18; 6:38; 12:35-37; Johannes 15:10-11; 16:27; Romeine 8:31-32; 12:9-10; 15:7-9; 2 Korintiërs 6:2; 9:7, 15; Galasiërs 4:4-5; Filippense 4:4-9; 2 Tessalonisense 3:5; Titus 2:13; 3:1-8; Hebreërs 2:5-18; 10:5-10; Jakobus 1:17; 1 Petrus 1:8-9; 1 Johannes 3:1; 4:7-10; 4:16; 3 Johannes 4; Judas 21;<br>Apokriewe tekste: Barug 5:1-9 | | |

**TABEL 10: PERIKOPE VIR PREDIKING IN ADVENT**

(vgl Burger, Müller & Smit 1981:11-32; 57-89; 107-132; 1990:36-42; 97-106; CPSA 1993: 150-154; CCT 1992:25, 41, 57; Joint Committee 1975:135-136; Van der Laan, Klijn & Noort (reds) 1984:5-6; Webber (ed) 1994:113-114; Zimmerman 1994: 41-43).

Op Oukersaand kan die volgende tekste gebruik word:

| **JAAR A** | **JAAR B** | **JAAR C** |
|---|---|---|
| Jesaja 62:1-4<br>Lukas 2:1-14<br>Kolossense 1:15-20 | Jesaja 64:1-9<br>Johannes 1:1-14<br>Hebreërs 1:1-9 | Sagaria 2:10-13<br>Lukas 2:15-20<br>Filippense 4:4-7 |
| **Ander tekste** | 2 Samuel 7:1-17; Psalm 96; Jesaja 9:2-7; Lukas 2:1-20; Titus 2:11-14 | |

**TABEL 11: PERIKOPE VIR PREDIKING OP OUKERSAAND**

(vgl CCT 1992:26; Van der Laan, Klijn & Noort (reds) 1984:5-6; Webber (ed) 1994:163-164; Zimmerman 1994:198).

Indien 'n keuse gemaak sou word vir 'n preekreeks, kan die volgende temas in hierdie tyd gepas wees: (1) Voorbereiding: Wag, Hoop, Vertrou, (2) Liefde, (3) Vreugde en (4) God se Gawe. Nog drie temas wat behandel kan word, is gee, vas en bid (vgl Zimmerman 1994:26-29, 41-43). Volgens Wainwright (1994:90) kan die prediking ook die middeleeuse gebruik *"to confront the "four last things" of death and judgement, heaven and hell"* volg. Ook die temas van die vier weke in Advent kan gevolg word: verwagting, verkondiging, vreugde en reinheid (vgl Nell (red) 2002:15). In die Church of England is die tweede Adventsondag "Bybelsondag" n.a.v. Romeine 15:4: *"Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees"* (Gunstone 1979:29). Indien hierdie motief as vertrekpunt geneem word, kan die rol van die kerk se amptelike bediening in 'n reeks behandel word. Gelowiges se visie op God se politieke, sosiale en ekonomiese geregtigheid en vrede, eenheid en vryheid, gelykheid en welwese van almal kan ook in 'n reeks versterk word en ons gebrokenheid, onvolkomenheid, ongeregtigheid, vervreemding en onderdrukking behoort erken te word met die oog op persoonlike en gemeenskaplike bekering (Westerhoff & Willimon 1980:65; vgl Mildenberger 1984:81-84; H.M. Müller 1996:348-355).

Die uitdaging vir die prediking in Advent is om die spanning tussen Christus se eenmalige koms destyds en sy voortdurende koms na ons in die Woord en sakrament te oorbrug op so 'n wyse dat ons tyd kan kry vir refleksie en gebed, maar ter gelyke tyd voor te berei vir die viering van ons vreugde oor ons naderende verlossing en die wonder en misterie van Christus se menswording: *"God gives us in Advent the story of his coming, and that story prepares us to receive him whenever he confronts our lives"* (Zimmerman 1994:25).

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

Die primêre fokus gedurende Advent is die God van die advent. Dit is God Wie se aankoms en weerkoms gevier word. Dit is God se koninkryk wat naby kom, wat aanbreek. Na 'n sosiaalwetenskaplike vergelyking tussen die Joodse en die Christelike tradisie, kom Malina en Rohrbaugh (1992:169) tot die gevolgtrekking: *"Thus, the God revealed with the advent of Jesus of Nazareth, a Galilean in the house of Israel, is the God of all humankind, once understood in Israelite tradition with the analogy of an ethnic God YHWH."* God doen dit in en deur Jesus en met die wederkoms gebeur veel meer as wat ons verwag. Die oue sal vervul en voltooi word en 'n nuwe werklikheid sal terselfdetyd aanbreek (vgl Heyns 1981:406-408). God sal dit wat Hy begin het voltooi (vgl NG Kerk OTvl 2003:1). Die toesegging van die versoening wat die gekomene en weerkomene Here bewerk het en die toe-eiening daarvan moet beklemtoon word wanneer die nagmaal in Adventstyd gevier word. Wanneer gedoop word, behoort die vaste, altydgeldende belofte van God se verbondstrou beklemtoon word. Indien die prediking gedurende Advent daarin kan slaag om hoorders opgewonde te maak oor die koms van God in ons midde, is dit geslaag.

Met die onderwerp van Advent as die koms, die naderkom, die aanbreek van God se koninkryk, kan die res van die kerklike jaar as die ontplooiing van hierdie koninkryk beskou word. Binne die reformatoriese skema van belofte - vervulling kan daar nou, na die belofte van die koms van Gods koninkryk, gelet word op die aanbreek en die vestiging daarvan.

### 3.6.2 Prediking in Kerstyd

Kerstyd is die tyd tussen Kersdag en Epifanie. As ons begin tel by 25 Desember tot en met 5 Januarie met Epifanie op 6 Januarie, dan kom ons by die getal twaalf uit, die sogenaamde "twaalf dae" van Kersfees. Alhoewel Kersfees die dag in die kerklike jaar is wat die wydste gevier word en waarskynlik die mees populêre van al die feeste in die kerklike jaar is, moet hierdie fees eintlik gedurende die twaalf dae tussen Kersfees en Epifanie gevier word en nie slegs op Kersdag nie (Bratcher 2003; Hickman e.a. (eds) 1986:51; NG Kerk OTvl 2002:2; Webber (ed) 1994:157). Gedurende die kerstyd is die gedagte dat Christus se geboorte en die implikasies daarvan gevier word. In hierdie tyd is daar ten minste een Sondag en soms twee waarop die prediking geskied. Die prediking geskied naas die Sondag / Sondae in Kerstyd, ook op Kersdag en met Ou- / Nuwejaar. In verskeie kerke vind ook met middernag op Oukersaand en/of die aand van Kersfees 'n erediens plaas (vgl bv Adam 1992:301; Bieritz 1988:189; Schuman 1998:453; Webber (ed) 1994:157).

Die naam *Kersfees* kom van die oud-Engelse *Cristes maesse* wat verwys na die misdiens ter ere van Christus op 25 Desember (= *"Christ's mass"*). Die naam is vir die eerste maal in 1038 gebruik en word later, in 1131, *Cristes-messe*. In Nederlands is dit *Kerst-messe*, in Latyn *Dies Natalis* - waarvan die Franse *Noël*, die Spaanse *Natividad* en die Italiaanse *Il Natale* afgelei word - en in Duits word die naam *Weihnachtsfest* gebruik n.a.v. die voorafgaande heilige vigilie (Martindale 2003; Rankin 1986:83). Alhoewel die bedoeling van die vroeë kerk was om Christus se geboortedag te vier en verskeie van die ontwikkelings rondom Kersfees hieruit voortgespruit het, is dit belangrik om te onthou dat dit Christus is wat gevier word en nie Kersfees as sodanig nie (vgl Zimmerman 1994:23-24).

Die kerugmatiese fokus van die prediking in Kerstyd is God se inkarnasie as geloofs- en lewenswerklikheid. Dit is baie meer as bloot die sentimentele herinnering aan Jesus se geboorte en kindwees en wil die hoorders daarvan as 't ware begelei om met die aanhoor daarvan saam te sing: *"Joy to the world, the Lord is come"* (Hickman e.a. (eds) 1986:53). Westerhoff (1980:64) verwoord die intensie van Kersfees in die prediking goed: *"Christmas retells the story of God's coming to us in Jesus Christ. It is the season when we celebrate all moments of new births, new beginnings, new revelations of and insights into who and whose we really are."* Die hart van Kersfees is *"the gospel - the overthrow of evil and the establishment of God's reign in our lives and over a restored Creation"* (Webber (ed) 1994:157; vgl ook Alexander 1994:157). Die verlossing moet feestelik gevier word.

'n Belangrike rede vir die viering van Kersfees is die insig dat God Homself aan ons bekendmaak: dit is nie ons wat Hom vind of raaksien in die babatjie van Kersfees nie, maar die groot God wat Homself op 'n nuwe wyse in ons midde openbaar. Hy verskyn voor ons oë en roep ons om voor Hom, in sy lig as egte mense te lewe. In kersdienste behoort daarom veral gekonsentreer te word op die inkarnasiemotief: *"Hy het mens geword ter wille van ons en ons heil. Hieroor kan daar gepreek, gepraat en gesing word. In die preek moet hoorders ook tot geloof in Hom opgeroep word"* (Vos & Pieterse 1997:153-154). Inkarnasie beteken volgens Nocent (1977:192) nie net dat God met ons is nie, maar ook dat ons verlos en met God is. Hy stel ook dat die inkarnasie die wêreldgeskiedenis en ons elkeen se persoonlike geskiedenis transformeer: *"We are thus not passive bystanders of the incarnation."*

Hierdie kernmotief van Kerstyd moet in die prediking daartoe dien dat hoorders betrek word in die kersfeesnarratief en aktief betrokke raak in die omgewing waarbinne hulle hulleself bevind. Binne die eietydse konteks geskied dit veral daar waar gegee en uitgedeel word. Volgens Josuttis (1993:90-93) is daar daarom drie dimensies waarmee daar gedurende die kerstyd in die liturgie en die prediking rekening gehou moet word. Aangesien mense in hierdie tyd opnuut gesins- en familiebande bou en versterk, speel individuele verhoudings en belewenisse 'n betekenisvolle rol en behoort hierdie familiale band, asook die band met God liturgies - en daarom ook in en deur die prediking - versterk en gevier word. Mense moet ervaar dat God deur sy Seun hulle Vader is en dat hulle deur sy Gees sy kinders is. Hiernaas behoort die betekenis van sekere van die ikoniese voorstellinge (bv die krip, die Jesusbaba, Maria, die wyses, Kersvader en so meer) in die preek en liturgie toegelig word. Die derde dimensie waarmee daar in die liturgie en die prediking rekening gehou moet word, is die narratiewe aard van Kerstyd: Kersfees is die verhaal van nuwe hoop, "die evangelie van groot blydskap" (Luk. 2:10). Die verhaal van Kersfees kan inderdaad opnuut lewenskrag en vreugde skenk in ons lewens (vgl ook Vos & Pieterse 1997:153-154).

Die volgende perikope kan dien as tekste vir die prediking in Kerstyd:

| **GELEENTHEID** | **Perikope volgens die Revised Common Lectionary** |
|---|---|
| **Kersdag** | Psalm 98; Jesaja 52:7-10; Johannes 1:1-14; Titus 2:11-14 |
| **Eerste Sondag** | Psalm 148; Jesaja 63:7-9; Matteus 2:13-23; Hebreërs 2:10-18 |
| **Nuwejaarsdag** | Psalm 8; Prediker 3:1-13; Matteus 25:31-46; Openbaring 3:1-12 |
| **Tweede Sondag** | Psalm 147:12-20; Jeremia 31:7-14; Johannes 1:1-9; Efesiërs 1:3-14 |
| **Ander tekste wat voorgestel word vir Kerstyd:** | |
| **Kersfees** | Jesaja 8:23-9:7; 52:7-12; 62:10-12; Matteus 1:18-25; Lukas 2:1-2; Romeine 13:11-14; Titus 3:3-7; Hebreërs 1:1-5 (6-12); 1 Johannes 4:7-14 |
| **Sondae in Kerstyd** | Eksodus 12:21-27; Samuel 1:20 - 2:18-20, 26; Psalm 67; 111; Prediker 24:1-12; Jesaja 7:10-14; 61:1-11; Markus 1:9-15; Romeine 8:11-17; 12:1-8; Galasiërs 4:1-7; Kolossense 3:12-17; Openbaring 21:1-8<br>Apokriewe tekste: Sirag 24:1-2, 8-12 |
| **Nuwejaarsdag** | Josua 1:1-9; Nehemia 8:1-12; Psalm 90; Lukas 12:41-48; 1 Petrus 5:5-11 |

**TABEL 12: PERIKOPE VIR PREDIKING IN KERSTYD**

(vgl Bergant 2001:30-31; Burger, Müller & Smit 1981; CCT 1992:26; CPSA 1993:156-159; Gunstone 1979:87-97; 98-105; Joint Committee 1975:137-138; Vrijlandt 1987:269-270).

Krull (1912:24) se aanbeveling dat daar verkieslik in die eerste plek by die tekste wat verband hou met die vertelling van die geboorteverhaal self gehou moet word, behoort as vertekpunt in die tekskeuse vir die prediking in Kerstyd te dien (vgl ook Barnard s j (a):8). In sy behandeling van die leesrooster se tekste vir Kerstyd, skryf Bergant (2001:32-35) dat hierdie tekste veral God se teenwoordigheid in die menslike geskiedenis wil proklameer deur narratiewe, profesieë en redevoerings ineen te weef in 'n tapisserie wat 'n drievoudige boodskap bevat: (1) iets definitiefs het in die geskiedenis gebeur en dit is die werk van God; (2) hierdie wonderwerk is 'n geskenk wat ontvang kan word deur alle welwillende mense, 'n universele geskenk wat sigself uitstrek na al die nasies; en (3) wanneer die geskenk ontvang word, maak dit ons deel van 'n gemeenskap wat ooreenkomstig hierdie geskenk leef en die teenwoordigheid van God in hul midde uitstraal, 'n gemeenskap van genade.

Aangesien 25 Desember nie die geboortedag van Jesus is nie en dié dag vroeër 'n nie-Christelike fees was, behoort dogmatiese puriste en mense wat net "hoe dinge regtig gebeur het" as die waarheid beskou probleme te hê met ons kalenderdatum vir Kersfees (Deist 1998:71). Die viering van Kersfees - en veral die prediking op hierdie dag - bly egter noodsaaklik, want op hierdie dag kom daar waarskynlik meer mense in die kerk as op enige ander dag van die jaar (vgl o.a. Webber (ed) 1994:157). Volgens Gunstone (1979: 24) was die "oorname" van die heidense fees 'n onbewustelike proses, maar aangesien die evangelie die goeie nuus van verlossing was vir mense wat gesoek het na lig in die wêreld wat verdonker is deur sonde, pyn en dood kon die Christene teenoor hulle nie-Christelike bure wat die ligglans van *Sol* aanbid het as 'n simbool van vreugde, vrede en ewigheid getuig van Christus in die metafore wat reeds in verband hiermee behandel is. Volgens Kuitert (1999:221-222) dui lig en messiaanse verlange op 'n dieper betekenis en behoort ons nie net te vertel dat God die Lig is wat ons verlig nie en dat Jesus die draer van daardie lig is nie, maar dat ons self ook hierdie rol moet vervul, aangesien alle Christelike feeste stimuli is vir die doen van 'goeie werke'. Die prediking moet beklemtoon dat die geloofwaardigheid van die Christendom nie (alleenlik) onderskryf word deur mooi belydenisse en goedgeformuleerde leerstellings nie, maar veral deur dade wat hieruit voortspruit.

Kersfees is in die vroeë ontwikkelingsgeskiedenis daarvan bedoel as 'n teenvoeter vir die Mitrasfees. Dit kan daarom verkeerdelik vertolk word as 'n magsvertoning. Die kerk wou aanvanklik teenoor die *natale solis invicti* die geboorte van Christus as die "Redder van die

wêreld", "die opgaande Lig", "die Son van geregtigheid" en as sodanig die heerskappy van die onoorwinlike Christus oor militêre en politieke mag en oor heersers en koninkryke bely, simboliseer en vier. Die Jesusverhaal deel nie die magsvertoon van die Aureliaanse fees nie. Dié "Redder" se geboorte- en lewensverhaal keer die fees van die onoorwinlike son radikaal om (Vos & Pieterse 1997:153; Deist 1998:72; vgl 3.3.7). Deist (1998:72) skryf hieroor: *"Dié son van geregtigheid en die "koning van die aarde" word in 'n arm timmermansfamilie en 'n gewone stal gebore. Al is alle mag in die hemel en op aarde aan Hom gegee (Matt 28:18), weier Hy om mag te hê soos dié van 'n keiser (Matt 4:1-11). Al kan Hy legioene van engele ontbied om Hom uit die mag van mense te ontset, verwerp Hy geweld deur die swaard (Matt 26:51-53), word Hy almal se dienaar (Matt 4:12-25) en noem Hy armes, treurendes, vervolgdes, barmhartiges en vredemakers "geseënd" (Matt 5:1-12)."*

Die prediking in Kerstyd moet daarom bewustelik waak teen 'n vergeestelikende triomfalisme. Volgens Kuitert (1999:221) sal ons Christendom baie minder triomfalisties wees as ons Kersfees kan vier met 'n groter klem op die deurleef van ons (advents)verlange na Christus, eerder as op die vervulling daarvan. Volgens hom lyk ons wêreld *"very much unredeemed. That must be a painful experience for Christians, given their triumphalist faith. Don't they ever secretly think, 'Are you he who is to come, or should we look for another?'"* Hy stel dat God die Joodse mense besoek het en dat Christene maklik te ver gaan en al God se beloftes aan die Jode eenvoudig vir hulleself opeis. Hierdie betekenisoordrag, skryf hy, *"dissolves Advent into Christmas (what is there still to be expected if the long-awaited one has already come?) and pays the penalty by losing the messianic longing."* Deur in die prediking te waak teen vergeesteliking en triomfalisme, kan aan die dieper betekenis van Kersfees, naas die unieke beklemtoninge gedurende Advent, reg geskied.

Dit geld ook t.o.v. oordrewe sentimentaliteit rondom die Jesuskind, want *"Hy is nie net maar 'n onskuldige babatjie nie, maar ons Heiland en Verlosser"* en oor die krip drup skaduwees van die kruis (Vos & Pieterse 1997:153; vgl Webber (ed) 1994:157; Barnard sj(a): 9). Wanneer die verweefdheid van die onderskeie feeste in die kerklike jaar in die prediking verreken word, moet die verband tussen Kers- en Paasfees aan die orde gestel word. Wat die ikoniese voorstellings rondom Kersfees aanbetref, moet die betekenis daarvan in die prediking en liturgie toegelig word (Vos & Pieterse 1997:153-154). Hulle stel dit só:

> *"Jesus is nie maar net 'n stroopsoet baba nie, maar God wat mens geword het om*

> *mense deur sy sterwe te bevry. Die berig van God in Kindergestalte is die teenpool vir menslike magstrewe. Maria is nie 'n sondelose heilige nie, maar die poort deur wie Jesus die wêreld inval. Die wyses wat die Jesuskind kom aanbid en hulle nie deur die koning laat omkoop nie, getuig van 'n wysheid wat nie naïef of ekonomies omkoopbaar is nie. Die geskenke wat hulle vir die Kindjie bring, is nie tekenend van ekonomiese oorvloed nie, maar van koninklike verering. Die Kindjie word ontvang deur die Heilige Gees en nie deur menslike geslagsverkeer nie - dus is die heil van die wêreld nie gesetel in mense nie. Kersvader is ook nie die sentrale figuur op Kersdag nie. Die Geskenk van Kersfees kan nie ekonomies verreken word nie. Dit gaan nie om hom as brenger van geskenke nie, maar om Jesus as God se Geskenk aan ons."*

Jenssen (1999:267-268) wys daarop dat die etiese konsekwensies van die kersfeesboodskap duidelik uitgestippel moet word, maar dat die prediker daarteen moet waak om nie sy eie frustrasies oor die kommersialisering van die fees op die gemeente uit te haal nie. Hy skryf: *"Die Bottschaft von der Liebe Gottes wird nicht dadurch glaubwürdiger, daß der Prediger die Gemeinde lieblos ärgert und schockiert, sondern sie will auch in Liebe gesagt sein"* en beklemtoon ook dat die vrees wat baie predikers het dat hulle prediking as "gesekulariseerd" beleef mag word as hulle woorde soos liefde, medemenslikheid en vrede gebruik, ongegrond is. Deur dié woorde te gebruik, bied hulle eerder die moontlikheid daardeur dat hoorders kan besef dat God se teenwoordigheid en werksaamheid 'n werklikheid in ons midde is en dat die trefwydte en konsekwensies daarvan verder strek as wat ons besef: *"Unsere Liebe untereinander als Konsequenz der Liebe Gottes zu uns. Unsere Humanität als Konsequenz dessen, daß Gott in Jesus Christus Mensch wurde. ... Unser Streben nach Frieden als Konsequenz dessen, daß Gott in Jesus Christus mit uns Frieden geschlossen hat"* (Jenssen 1999:268). Alhoewel gewaak moet word teen 'n versekularisering van die kersboodskap, mag daar nie versuim word om hierdie "gesekulariseerde" trefwoorde met 'n Christelike inhoud te vul en die feesvieringe daardeur te bevorder nie. Kersfeesprediking mag ook nie in dogmatieklesings verval nie (vgl H M Müller 1996:355).

Die prediking gedurende Kerstyd moet verwondering te wek by die hoorders daarvan: *"Ons kom in verwondering oor God se liefde vir en guns aan ons. Hierdie liefde en guns is nie net vir rykes, bekwames en geleerdes nie, maar veral ook vir armes, hulpbehoewendes en ongeleerdes. Vir alle mense. Hierdie liefde en guns van God wil ons vir Hom in beweging*

*bring. Die beweging bestaan in liefde vir Hom en ons naaste. Dit laat ons Hom deur dik en dun navolg, al kos dit ook wat"* (Vos & Pieterse 1997:154). Die kernmotivering vir die verwondering rondom Kersfees is nie geleë in enigiets anders nie, as in die *"Mysterium der Menschwerdung"* (vgl Jenssen 1999:263). Egte verwondering is gesetel in die vertroue dat God nog altyd in die wêreld betrokke was en is, ook op maniere wat ons nie verstaan of raaksien nie en veronderstel dat die *"geheim"* van God met agting en ontsag beleef word (Jordaan 2002:50-51). Die verwondering wat deur die kersverhale gewek word, kan, indien dit kreatief deur die prediking na vore gebring en daarin hanteer word, bydra daartoe dat 'n egte verwondering oor die wonder van Kersfees kan uitstyg bo die verwondering wat op kunsmatige wyse deur die kommersialisering in die kerstyd geskep word.

Volgens Horsley (1993:160-161) word die wonder van die Bybelse Kersverhaal deur die kommersiële feesvieringe rondom Kersfees verdring en oordonder. Hy skryf: *"The current celebration of "Christmas" now appears to take place in a fantasyland, a magical, fairytale world - which no one takes seriously, of course"* en is van mening dat die geboorte-narratiewe, sodra dit bevry is van die eietydse kommersiële kultuur en die rasionele verwerping daarvan as mite, weer met verwondering gelees kan word as verhale van mense se bevryding van uitbuiting en oorheersing. Hy meen ook dat die mees waarskyn-like lesers van hierdie verhale mense is wat hulle in soortgelyke situasies as die oorspronklike karakters bevind. Die uitdaging moet egter ook nog steeds deur hierdie verhale aan die "hedendaagse burgers van Rome", wat vasgevang is in die web van nuwe vorme van uitbuiting en oorheersing, gerig word om weer beheer oor hulle eie lewens te neem in reaksie op God se bevrydende inisiatief in die geboorte van Jesus.

Verwondering laat volgens Jordaan (2002:50-62) toe dat mense die betekenis wat Jesus vir hulle lewe vandag het met nuwe, kritiese erns bejeën. Omdat die koninkryk volgens Jesus reeds "binne en tussen ons is" en tot die sentrum van 'n Christelike spiritualiteit hoort, moet ons met eerbied omgaan met mense wie se geloofservarings en -oortuigings anders as ons s'n is. Uiteindelik is verwondering 'n verskuiwende horison waardeur 'n mens jou kan oopstel vir nuwe moontlikhede van verdiepte spiritualiteit. Prediking in die kerstyd moet dié verwondering laat ontvlam, aanvuur en lewend hou. Daarom kan ook die aksente wat in Welwillendheidsdag (26 Desember) veronderstel word by die kersfeesprediking ingebed word.

Kuitert (1999:220), wat Kersfees as 'n populêre Wes-Europese fees beskryf, wys daarop dat dit nie net Christene is wat Kersfees vier nie. In Nederland vier selfs Moslems Kersfees en die dag word ook aangeteken op China en Japan se kalenders. Volgens Roll (1995:271) sou Kersfees nie veel langer as die patristiese era, waartydens dit ontstaan het, oorleef het nie en nie so populêr geraak het soos wat dit vandag is nie, *"unless it had struck deep folk roots (anthropological constants) and called forth a natural, spontaneous human response."* Sy glo dat Kersfees ver die toekoms in nog vir mense hoop en vreugde sal bring en dat dit God se teenwoordigheid in ons midde, nie net op 'n periodieke basis (met die jaarlikse Kersfees) nie, maar ook in ons elkedagse lewe, bevestig: *"It affirms as well the God-given ability to touch and respond to God's wisdom: a wisdom embodied once in history, and perpetually reembodied down through the course of time"* (Roll 1995:273).

### 3.6.3 Prediking in Epifanietyd

Die Epifaniefees val op 6 Januarie en die tyd daarna word die tyd ná Epifanie genoem. Hierdie seisoen eindig net voor Aswoensdag, wat Lydenstyd inlei. Die epifaniefees word op 6 Januarie of die Sondag die naaste daaraan gevier en die laaste Sondag in Epifanietyd is Verheerlikingsondag, wanneer Jesus se verheerliking op die berg herdenk word. Daar is gewoonlik tussen vyf en sewe (maar tot soveel as nege) Sondae waarop die prediking geskied gedurende dié tyd, aangesien die lengte van die seisoen van jaar tot jaar verskil vanweë die wisselende datum van Paasfees en hierdie gegewene die epifanie- én Lydenstyd beïnvloed (Adam 1992:301; Bieritz 1988:189; Schuman 1998:450-453).

In die geheel word daar in Epifanietyd gekonsentreer op die verskyning of manifestasie van God in die wêreld en op Jesus se lewe hier op aarde totdat Hy die lydenspad begin loop het. Daar word gedurende die tyd na Epifanie in besonder gefokus op die genesings- en wonderverhale wat by die gebeure rondom Jesus se naamgewing, doop en eerste wonderwerk met Epifanie aansluit (Nel (red) 2002:35-36). In die epifanie gaan dit oor veel meer as die bepaalde betekenis wat aan die besoek van die wyse manne geheg is en alhoewel sommige woordeboeke Epifanie verklaar met die woord "Driekoningsfees", moet die wyse waarop die Oosters-kerklike oorsprong van Epifanie (waar dit vroeg as Jesus se geboortefees gevier is) mettertyd onderspeel is in die Westers-kerklike wêreld en die betekenis daarvan gereduseer is, afgewys word (vgl Rankin 1986:86). Die kern van Epifaniefees is die menswording van Christus met besondere verwysing na sy verskyning in ons midde en

dit wat Hy gedoen en geleer het terwyl Hy tussen ons gewoon en geleef het (Adam 1992:301-302; Bieritz 1988:197-206; vgl Zimmerman 1993:85-86).

Op 6 Januarie of die Sondag die naaste daaraan word in die prediking gefokus op die eerste dinge wat Jesus gedoen het waarin God se manifestasie in Hom begin blyk het. Die geboorte van Christus, die besoek deur die wyse manne, die doop van Jesus en die eerste wonderwerk wat Jesus gedoen het word hier in herinnering geroep. Die eerste twee Sondae ná Epifanie fokus onderskeidelik op die doop van Christus en die wonderwerk by die bruilof te Kana. Tydens die Sondae daarna word die klem gelê op wat Jesus hier op aarde geleer en gedoen het. Epifanietyd word dus gewy aan die bestudering en viering van Hom wat onder ons kom woon het. In hierdie tyd dink Protestantse kerke veral na oor die sosiale implikasies van Jesus se lewe en leringe (soos die Bergrede en ander soortgelyke teksgedeeltes) (Alexander 1994a:160; White 2002:74; vgl ook Nel (red) 2002:35-36).

Epifanie verkondig dat dit werklik God is wat Homself in Jesus tot die mensdom wend en sy koningsheerskappy in die wêreld oprig. In reaksie hierop kom betoon die wyse manne eer aan Hom *"wat as koning van die Jode gebore is"* (Matt 2:2) deur 'n besoek en deur die bring van geskenke wat gepas is vir 'n koning (Matt 2:11). Die stem uit die hemel met Jesus se doop dui op koningskapsoordrag (as kroning) en die verandering van water in wyn (en later die vermeerdering van die brode) dui op sy koninklike mag. In dié opsig is Epifanie *"das eigentliche Christkönigsfest der Liturgie"* (Bieritz 1988:200; vgl Adam 1979:124). Terwyl Kersfees die menslike geboorte van Christus, sy verskyning aan die "armes" (Josef, Maria, die skaapwagters) beklemtoon, val die aksent met Epifanie meer op die manifestasie van God in Jesus aan al die nasies (die wyse manne) as die Seun van God en word die universaliteit van die kerk veral gedurende hierdie tyd gevier. Die doop van Jesus is ook die manifestasie van die Seun van God aan die begin van die sending wat Hom sal lei tot by Pase (Lebon 1988:89-90): *"Epiphany should be the welcome, joyous conclusion to the entire sweep of Advent-Christmas. Christ is the Light of the world. This is why we have a story to tell to the nations"* (Hickman e.a. (eds) 1986:89).

Die motief van lig word van vroeg af reeds verbind aan Jesus se sending: Hy is die ware Lig vir die nasies en die duisternis sal Hom nie kan terughou nie (Joh 1:5). Mettertyd word hierdie sending oorgedra aan sy dissipels (vgl Matt 5:16) (Bieritz 1988:200). Zimmerman (1993:116) maak 'n belangrike opmerking hieroor: *"While the cycle sustains its own internal eschatological integrity, there is a forward movement toward soteriological import, remind-*

*ing us that we are the Body of Christ continuing the mission inaugurated by Jesus."* Die lig/Lig is nie bedoel om slegs 'n klein kolletjie van 'n private wêreld of 'n eksklusiewe groep te verlig nie, maar om mense tot aan die uithoeke van die wêreld te verlig, want God het 'n Verlosser gestuur wat nie net vir Israel bedoel is nie, maar vir al die mense van die hele wêreld (Webber (ed) 1994:160-161).

Epifanie het nie net 'n noue band met Kersfees (en Advent) nie, maar ook met Lydenstyd en Pase, aangesien dit 'n tyd is wat nie net die glorie en glans van God se heerlikheid uitstraal nie, maar ook die heerlikheid van die opstanding wat volg antisipeer (Hickman e.a. (eds) 1986:53). Daarom is Verheerlikingsondag 'n belangrike skakel, want op hierdie dag word gefokus op die ontsagwekkende wonder van Christus se glorie wat, alhoewel dit nog nie vir die oë van die wêreld sigbaar is nie, reeds sigbaar is vir die oë van gelowiges. Hulle is bewus is van sy lyding, sterwe en opstanding. Dié dag dui die oorgang van Christus se bediening van lering en genesing na sy bediening van opoffering en as soenoffer aan. Op hierdie dag kan daar buiten die verskyning saam met Moses en Elia ook gefokus word op die verhouding tussen Christus (die laaste Bybelse profeet) en die aartsvaders en profete as God se vroeëre boodskappers wat ook gely het. In die lig van God se voortgaande manifestasie aan en verhouding met mense, kan ook gefokus word op God se genadige wil en vermoë om die ganse mensdom te transformeer (Hickman e.a. (eds) 1986:104).

In die RCL (CCT 1992:27; 43; 59) word dieselfde tekste vir aldrie jare voorgestel vir Epifanie. Die volgende Bybelse perikope kan met groot vrug benut word as tekste vir die prediking in Epifanietyd:

| SONDAG | JAAR A | JAAR B | JAAR C |
|---|---|---|---|
| **Epifanie** | Psalm 72:1-7, 10-14; Jesaja 60:1-6; Matteus 2:1-12; Efesiërs 3:1-12 | | |
| **Eerste Sondag na Epifanie** | Psalm 29<br>Jesaja 42:1-9<br>Matteus 3:13-17<br>Handelinge 10:34-43 | Psalm 29<br>Genesis 1:1-5<br>Markus 1:4-11<br>Handelinge 19:1-7 | Psalm 29<br>Jesaja 43:1-7<br>Lukas 3:15-17, 21-22<br>Handelinge 8:14-17 |
| **Tweede Sondag na Epifanie** | Psalm 40:1-11<br>Jesaja 49:1-7<br>Johannes 1:29-42<br>1 Korintiërs 1:1-9 | Psalm 139:1-6, 13-18<br>1 Samuel 3:1-10 (of 20)<br>Johannes 1:43-51<br>1 Korintiërs 6:12-20 | Psalm 36:1-5<br>Jesaja 62:1-5<br>Johannes 2:1-11<br>1 Korintiërs 12:1-11 |
| **Derde Sondag na Epifanie** | Psalm 27:1, 4-9<br>Jesaja 9:1-4<br>Matteus 4:12-23<br>1 Korintiërs 1:10-18 | Psalm 62:5-12<br>Jona 3:1-5, 10<br>Markus 1:14-20<br>1 Korintiërs 7:29-31 | Psalm 19<br>Nehemia 8:1-3,5-6,8-10<br>Lukas 4:14-21<br>1 Korintiërs 12:12-31a |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Vierde Sondag na Epifanie** | Psalm 15<br>Miga 6:1-8<br>Matteus 5:1-12<br>1 Korintiërs 1:18-31 | Psalm 111<br>Deuteronomium 18:15-20<br>Markus 1:21-28<br>1 Korintiërs 8:1-13 | Psalm 71:1-6<br>Jeremia 4:1-10<br>Lukas 4:21-30<br>1 Korintiërs 13:1-13 |
| **Vyfde Sondag na Epifanie** | Psalm 112:1-10<br>Jesaja 58:1-9a(9b-12)<br>Matteus 5:13-20<br>1 Korintiërs 2:1-12(13-16) | Psalm 147:1-11, 20c<br>Jesaja 40:21-31<br>Markus 1:29-39<br>1 Korintiërs 9:16-23 | Psalm 138<br>Jesaja 6:1-8, 9-13<br>Lukas 5:1-11<br>1 Korintiërs 16:1-11 |
| **Sesde Sondag na Epifanie** | Psalm 119:1-8<br>Deuteronomium 30:15-20<br>Matteus 5:21-37<br>1 Korintiërs 3:1-9 | Psalm 30<br>2 Konings 5:1-14<br>Markus 1:40-45<br>1 Korintiërs 9:24-27 | Psalm 1<br>Jeremia 17:5-10<br>Lukas 6:17-26<br>1 Korintiërs 15:12-20 |
| **Sewende Sondag na Epifanie** | Psalm 112:33-40<br>Levitikus 19:1-2, 9-18<br>Matteus 5:27-37<br>1 Korintiërs 3:10-11, 16-23 | Psalm 41<br>Jesaja 43:18-25<br>Markus 2:1-12<br>2 Korintiërs 1:18-22 | Psalm 37:1-11<br>Genesis 45:3-11, 15<br>Lukas 6:27-38<br>1 Korintiërs 15:35-38, 42-50 |
| **Agtste Sondag na Epifanie** | Psalm 131<br>Jesaja 49:8-16a<br>Matteus 6:24-34<br>1 Korintiërs 4:1-5 | Psalm 103:1-13<br>Hosea 2:14-20<br>Markus 2:13-22<br>2 Korintiërs 3:1-6 | Psalm 92:1-4, 12-15<br>Jesaja 55:10-13<br>Lukas 6:39-49<br>1 Korintiërs 15:51-58 |
| **Negende Sondag na Epifanie** | Psalm 31:1-5, 19-24<br>Deuteronomium 11: 18-21, 26-28<br>Matteus 7:21-29<br>Romeine 1:16-17; 3:22b-28, (29-31) | Psalm 81:1-10<br>Deuteronomium 5:12-15<br>Markus 2:23-3:6<br>2 Korintiërs 4:5-12 | Psalm 96:1-9<br>1 Konings 8:22-23, 41-43<br>Lukas 7:1-10<br>Galasiërs 1:1-12 |
| **Verheerlik-ingsondag** | Psalm 99<br>Eksodus 24:12-18<br>Matteus 17:1-9<br>2 Petrus 1:16-21 | Psalm 50:1-6<br>Eksodus 24:12-18<br>Markus 9:2-9<br>2 Korintiërs 4:3-6 | Psalm 99<br>Eksodus 43:29-35<br>Lukas 9:28-36(37-43)<br>2 Korintiërs 3:12-4:3 |
| **Ander tekste:** | Eks. 3:1-6; Num. 20:2-13; 1 Kron. 29:12; Ps. 9:24-27; 10:1-5; 66:1, 2, 5, 19, 20; 83:1, 5, 6; 84:2-3; 100; 145:1-2, 5-7; Spr. 23:24 e.v.; Jes. 38:1-6; Joël 2:12-21; Hab. 3:4, 7-9, 16-18; 4:1-2; Mal. 3:1; Matt. 8:23-27; Joh. 1:5-9; 1:32-39; 2:11; Rom. 12:6-16; 12:16-21; 13:8-10; 1 Kor. 13:1-13; 2 Kor. 11:9-12:9; 1 Tess. 1:2-10; Kol. 3:12-17; 1 Tim. 3:16; 2 Pet. 1:13-18<br>Apokriewe tekste: Sirag 119:1-8 | | |

**TABEL 13: PERIKOPE VIR PREDIKING IN EPIFANIETYD**

(CCT 1992:27-28; 43-44; 59-60; CPSA 1993:160; vgl Bergant 2001:70-81; Hickman e.a. (eds) 1986:84-99; Schuman 1998:425-427; Webber (ed) 1994:209-211).

'n Preekreeks oor sending en/of evangelisasie kan gehou word om die verskillende wyses waarop Christus se manifestasie as die Een wat gekom het om die wêreld te verlos, voortgesit word. Epifaniesondag word beskou as 'n dag waartydens gefokus moet word op die sending van die kerk en uitgereik moet word na ander om Jesus as Verlosser aan hulle te wys: *"It is also a time of focusing on Christian brotherhood and fellowship, especially in healing the division of prejudice and bigotry that we all too often create between God's children"* (Bratcher 2003). In aansluiting by God se openbaring in Jesus, kan die *"Ek is ..."*-uitsprake in die Johannesevangelie (as die brood van die lewe, die lig van die wêreld; die deur van die skape; die goeie herder; die opstanding en die lewe; die weg en die waarheid en die lewe; en die ware wynstok; vgl 6:35, 48,51; 8:12; 10:7, 9; 11, 14; 11:25; 14:6; 15:1) ook in 'n reeks ontgin word (Van der Watt 2002:607; vgl Malina & Rohrbaugh 1998:117-119, 133, 156, 180-183, 199, 228-230, 233-234; Spangenberg 2002a:108-109). Veral aan die begin van 'n nuwe kalenderjaar kan die prediking daartoe bydra dat hierdie beklemtoning van Epifanietyd bewustelik en doelgerig nagestreef word.

As alternatief, kan 'n spesifieke boek van die Bybel deurgewerk word (vgl Cushman 1994: 209) of daar kan gefokus word op die openbaring deur aspekte daarvan (bv in die doop van Jesus, die eerste dissipels, tekens van heerlikheid, die nuwe tempel, die wysheid van God en in gelykenisse) te behandel (Gunstone 1979:35; 108-138). Wanneer tydens Epifanietyd gedoop word, kan veral aangesluit word by die verbond met Abraham en die bevestiging daarvan deur Jesus dat gelowiges uit nie-Joodse volkere (soos ons!) hierby ingesluit word en ook by die woorde van Jesaja: *"jou seuns kom van ver af, jou dogters word met liefde gebring"* (60:4). Met die viering van nagmaal kan klem gelê word daarop dat ons n.a.v. ons verbondenheid met Hom en deur ons geloof in Hom met vrymoedigheid en vertroue na God kan gaan (vgl Ef 3:1-12) asook op ons identiteit in Christus (vgl bv 1 Kor 12:1-11).

Prediking in Epifanietyd moet hoorders help om effektief te kan optree in hulle kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie en dit kan slegs gebeur indien hoorders met integriteit in 'n pluralistiese omgewing kan funksioneer. Hiervoor is dit nodig dat gelowiges geleer moet word om hul eie geloof en geloofsoortuigings op so 'n wyse te integreer dat diversiteit hulle nie ontspoor nie, maar eerder help om die diepte en waarde van hul eie geloofswaarhede te waardeer. Hulle moet verder gehelp word om toegewyde gelowiges van ander godsdienste nie te stereotipeer of eenvormig te beskou nie: *"Each person*

*responds differently to the claims of their religion, with varying depths of spiritual perception and consistency of life"* (vgl Gibbs 1993:227). Alhoewel 'n postmoderne wêreldbeeld 'n veelheid van stemme toelaat, onderwerp dit ook alle stemme aan die gesonde oordeel en maatstaf van etiek. Volgens Craffert (2002:76) moet die vraag *"Is dit ook goed (eties en moreel aanvaarbaar) om 'n sekere standpunt te huldig?"* gevra word wat die geloofs-inhoude van verskillende godsdienste en geloofsgroepe aanbetref. Nie net dít wat ons glo is dus belangrik nie, maar ook hóé ons dit uitleef en wat die effek van ons geloof op die omgewing is. In Epifanietyd kan die prediking inspireer om *lig*ter te leef in die lig van die Lig van Christus wat in die donker wêreld kom skyn het.

In die siklus van Advent-Kerstyd-Epifanie is daar heelwat vieringsmomente: *"To fixate on one celebration to the diminishment of the others is to eschew the dynamic mystery of Christ's coming. Futher, this cycle reminds us that, finally, the coming of Christ is an event into which we enter and are absorbed"* (Zimmerman 1993:118). Daar is ook in dié tyd heelwat temas en emosies wat na vore gebring word: van hoop tot vreugde, van duisternis tot lig, van 'n verlange na verlossing tot die manifestasie van God se ingrype en sy solidariteit met die mensdom. In die teksgedeeltes wat as lesings voorgestel word, is daar 'n visie van 'n verloste samelewing en 'n dringende verwagting van God se finale *shalom* - geretigheid, vrede, regverdigheid en versoening. Prediking in Epifanietyd word uitgedaag om hieraan uitdrukking te verleen en bemiddelend te wees in diens van God se koms na ons, in die aanbreek van God se nuwe wêreld, sy inkarnasie en manifestasie in ons midde.

### 3.6.4 Prediking in Lydenstyd

Die ses-en-veertig dae (veertig dae plus ses Sondae) van Lydenstyd strek vanaf Aswoensdag tot met Stil Saterdag, die dag net voor Paasfees / Opstanding- / Paassondag. In sommige tradisies word Lydenstyd gevier vanaf die Sondag voor Aswoensdag vir sewe lydensweke en in ander tradisies word dit vanaf die Sondag ná Aswoensdag gevier op ses Lydenssondae. Palm- / Passiesondag en die Heilige / Groot Lydens- / Paasweek (waarby Wit / Groen / Heilige Donderdag en Goeie Vrydag ingesluit word) en die Paaswaak (gedurende die nag van die Saterdag voor Paasfees) word ook in hierdie tydperk gevier.

Lydenstyd se Engelse naam, *Lent*, word afgelei van die stam van die oud-Engelse woord *Lencten*, wat dui op die dae wat langer word en na die naderende lenteseisoen verwys. Hierdie naam is egter sedert die Anglo-Saksiese tydperk gebruik om die Latynse term

*quadragesima*, wat "veertig" of letterlik "die veertigste dag", beteken en op die vastyd voor Paasfees wys, aan te dui (Du Toit 1969:71; Thurston 2003a; Zimmerman 1994:108-109). Ander name wat vir hierdie tyd gebruik word, is o.a. *Fastenzeit* en *Österliche Bußzeit* wat in die nuwe Duitse misboek bevat word (Bieritz 1988:90). Hierdie name het te make met die kombinasie van elemente van die uitgebreide vas voor die pasga (met die verband tussen hierdie vas en Epifanie in plaas van Paasfees in die Koptiese bronne as alternatief; vgl 3.3.4) en 'n gereguleerde tydperk van voorbereiding vir die doop.

Die naam Lydenstyd word hier verkies omdat hierdie seisoen in die kerklike jaar veral verband hou met die lyding van Christus wat in ons werklike nood ingedaal het en die medelye wat God het met sy mense, in besonder die noodlydendes, die armes en die verontregtes, asook aangesien Christus se lyding gedurende Lydenstyd in herinnering geroep word en daarop gereageer word, onder andere as voorbereiding met die oog op en as voorbereiding vir Paasfees. Die ses Sondae wat by die veertig dae van die lydenstyd getel word, word beskou as Sondae *in* Lydenstyd, aangesien Sondae die opstanding van Christus vier. Lydenstyd is 'n tyd vir evangelisasie en ware bekering - 'n tyd vir groei deur bekering, gemeenskap met medegelowiges, gebed, vas en 'n bewustelike toespitsing op ons doop (vgl Hickman e.a. (eds) 1986:106) en daarom as sodanig 'n tyd vir hertoewyding. Dié tydperk kan ook "Veertigdaetyd" / Quadragesima genoem word en die tyd net voor Paasfees kan dan Passie- / Lydenstyd genoem word om aan die definitiewe wending in Jesus se "lydenstyd" reg te laat geskied. Só is dit ook in lyn met die ekumeniese protestantisme én sluit dit aan by die motief van Psalm 43:1 (*Judica me* / "Verskaf aan my reg").

Aangesien Lydenstyd vroeër 'n tydperk was waartydens voornemende dopelinge voorberei het vir hulle doop en boetelinge vir heropname in die kerk, was die fokus in hierdie tyd in besonder op die vas, boetedoenende gebede en ander asketiese praktyke. Met die afname in die aantal volwassenes wat gedoop is, het die doopaspek mettertyd afgeneem in prominensie en is die boetvaardige aspek van die tyd meer beklemtoon. Die asketiese praktyke (vas, gee van aalmoese, vermyding van wêreldse luukses soos vleis en wyn, asook om te bad) was nie daarop gerig om die beoefenaars daarvan te pynig of te straf nie, maar op bekering (Bieritz 1988:90-95; Spickard & Cragg 1994:77). In hierdie verband skryf Bratcher (2003): *"It is really a preparation to celebrate God's marvelous redemption at Easter, and the resurrected life that we live, and hope for, as Christians"* en wys hy daarop dat daar vandag nog kerke is wat streng vastye op sekere van die dae in die lydenstyd hou, maar dat ander kerke al hoe meer in die plek hiervan fokus op liefdadigheid. Volgens hom

word Lydenstyd in baie kerke beskou as 'n tyd van gebed, boetedoening en berou oor mislukkings en sonde as 'n manier waarop gefokus word op die behoefte aan God se genade. Die NG Kerk (1998:229) beskou vas as 'n Bybelse gebruik wat onder bepaalde omstandighede gelowiges en gemeentes kan help om in gebed die wil van God te soek, maar stel dat die gebruik daarvan in 'n gees van verootmoediging moet geskied en nie manipulerend of verdienstelik mag funksioneer nie. Die vas is 'n persoonlike saak en mag nie voorskriftelik voorgehou word as voorwaarde voordat God se wil duidelik kan word nie.

Hier word met Nicol (1996:68-71) saamgestem dat nie alle vorme van askese verwerp behoort te word nie. Volgens hom is die menslike natuur goed geskep, maar bly dit gevaarlik. Hy skryf: *"Ons natuurlike aard is om maklik verknog en verkneg te raak aan die dinge waarvan ons hou: kos, alkohol, sport, werk, seks, en baie ander dinge wat die vermoë het om mag oor 'n mens te kry"* en wys daarop dat die kern van gesonde askese is om vry te bly van enigiets wat ons kan beperk, *"omdat ons wil vry bly vir die goeie en God"* (Nicol 1996:70; vgl ook NG Kerk 1998:229). Vir Foster (1978:48-49), wat terug na God en materiële eenvoud wil beweeg, is dit nodig dat die vertoon van rykdom en oordaad met kos, drank, bouery en klere, asook ambisie, trots kieskeurigheid en oorbesorgdheid deur Christene vermy moet word. Hy beskou meditasie, gebed, vas, studie, eenvoud, eensaamheid, onderwerping, diens, sondebelydenis, aanbidding, leiding deur die Gees en viering (*"celebration"*) as belangrike dissiplines wat deur Christene aangeleer en ingeoefen moet word. Indien dit op 'n manier geskied wat daartoe lei *"dat ons al meer van God begin hou"* (Nicol 2002:148), is eietydse asketiese praktyke aanvaarbaar. Gedurende Lydenstyd behoort in die prediking leiding aan hoorders gebied word ten opsigte hiervan, aangesien hierdie seisoen 'n tydperk is vir geestelike verdieping (vgl Nel (red) 2002:64).

Aangesien dit vir die NG Kerk (2002:200-201) belangrik is *"dat 'n mens steeds jou doop in herinnering roep"* behoort daar in die prediking gedurende Lydenstyd ook moeite gedoen te word om die betekenis van die doop gedurende hierdie tyd in hoorders se gemoed in te skerp. Veral die blywendheid van God se verbond (vgl Gen 17:7; Hand 2:39) moet uitgelig word. Hiermee saam kan die oproep tot gehoorsaamheid aan en dankbaarheid teenoor God gedoen word (vgl NG Kerk 1988:60-61), maar dan slegs in die lig van die uitverkiesing en die verbond. Vir die woord *bekering* moet ons baie versigtig wees en seker maak dat die mense verstaan dat ons *"van 'n omswaai van ons denke na suiwer, ontvangende geloof praat en dat die lewensverandering wat inbegrepe is, glad nie voorwaarde is nie, maar 'n*

*noodwendige gevolg"* (NG Kerk 2002:190). Bekering dui, net soos die term wedergeboorte, *"die totale vernuwing van die lewe van die verloste aan"* (vgl Jonker 1994:114) en gelowiges moet voortdurend in die prediking daaraan herinner word dat, alhoewel die oorwinning oor die sonde reeds deur Jesus Christus behaal is, hulle nie onverskillig kan raak of met sonde voortgaan nie, maar vrugte wat by die bekering pas te dra (vgl Heyns 1981:315-318; 1992:285-288).

Hier word ook met Heyns (1981:318) saamgestem dat die praktyk in sekere piëtistiese kringe om die oproep tot bekering te laat saamval met 'n kunsmatige aanbring van 'n akute krisis en so die geestelike stryd vir die beslissing van 'n nuwe lewe op één oomblik saam te trek, én die praktyk in Metodistiese kringe om die bekering volgens 'n min of meer algemene standaardmetode te laat plaasvind, vreemd aan die Skrif is en nie in die Gereformeerde teologie pas nie. Wanneer lydensprediking en die doop met mekaar in verband gebring word, moet die prediker daarvan bewus wees dat daar waar gesoek word na tekens van Gods goedheid en genade, daar nie verder gesoek hoef te word as die sakramente van die doop en die nagmaal nie. Veral in die doop is die genade en goedheid van God konkreet, aanskoubaar en tasbaar aanwesig (vgl Heyns 1992:194-195; 371).

Vier bewegings kan gedurende Lydenstyd onderskei word. Aswoensdag dui die stemming van Lydenstyd aan: alle uiterlike praktyke waarmee ons onsself in die wêreld besig hou lewer geen langdurige vrug indien dit nie op innerlike vernuwing gerig is nie. Die fokus op die twee nature van Jesus op die eerste twee Sondae dien as motivering vir gelowiges: die menslike natuur wat oorwinnings behaal oor swakhede dien as model vir ons eie doelwitte in Lydenstyd en die goddelike natuur wat in heerlikheid geopenbaar is, is 'n belofte van dit wat op die getroues wag. In die volgende beweging word ons aandag gefokus op Jesus wat nuwe lewe gee en word ons opgeroep om onsself ook in te span in die proses van bekering waardeur ons gaan. Laastens word ons herinner aan Jesus se verlossingsdade terwyl ons uitgedaag word om self ons kruis op te neem en Hom na te volg en heel te word in ons menswees. *"Overall, Lent is an opportunity to face our abiding human weakness and to turn from self toward God"* (Zimmerman 1983:119-120). Wat die prediking gedurende Lydenstyd aanbetref, is dit belangrik om iets van hierdie beweging tot uitdrukking te bring. Daar mag nie op net een of enkele aspekte van die lydenstyd gefokus word nie en die afsonderlike momente gedurende hierdie tyd moet aaneengeskakel wees sodat daaraan reg geskied dat dit 'n seisoen is en nie die somtotaal van 'n aantal los geleenthede nie.

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

Müller en De Koker (2002:448) wys daarop dat verskynsels soos voorspoed, sukses, vooruitgang, materialisme, snobisme en die verbruikersmentaliteit, wat kenmerkend is van 'n welvaartskultuur, al in die praktyk daartoe gelei het dat individue en gemeentes seergekry het. Aangesien elke gemeente die Bybel se boodskap oor spiritualiteit en gemeentewees vertolk in die lig van wie hulle self is en dat daardie identiteit ook bepaal word deur die gemeenskap waarbinne hulle leef, kan dit maklik gebeur dat die fokus van gemeentes se spiritualiteit soms eensydig op persoonlike belewenis is terwyl die kwaad wat in sisteme en diskoerse aanwesig is, nie aangespreek word nie. In die prediking gedurende Lydenstyd veral, moet die werklikheid dat die Skrif soms oppervlakkig benut word net om mense se individuele vroomheid te bevorder, ontmasker word en moet hoorders gehelp word om die diepere Christelike waardes te herontdek (vgl Müller & De Koker 2002:449).

Wanneer hierdie diskoerse in die lydensprediking "aangedurf" word, moet dit met groot omsigtigheid, maar met oortuiging gedoen word. Soms is dit ook nodig dat nie net individue nie, maar ook die sogenaamde "engel van die gemeente", as die korporatiewe spiritualiteit van die gemeente, tot bekering geroep word (Wink 1986:69-86; vgl Op 2-3; Smit 1998a:49-58). Hiermee saam is dit vanweë die huidige welvaartskultuur, waarin die mens o.a. nie van genade wil lewe nie, maar graag iets vir sy saligheid wil doen, nodig dat alle vorme van triomfalisme in die kerk tot in die wortel afgebreek moet word en dat die gemeente die gevare wat die georganiseerde godsdienstigheid altyd weer bedreig leer ken. *"Die gemeente moet egter méér as dit leer ken: hy moet ook sy eie hart leer ken"* (Jonker 1982:16-17). Lydenstyd is die ideale tyd om hierdie kwessies aan te raak in die prediking.

Teen die agtergrond daarvan dat die postmoderne mens homself wil "bymekaarmaak" en mense nie net met hulle gedagtes wil leef nie, maar ook al hoe meer naby aan hulle harte ook, kan hierdie behoefte aan eenheid en heelheid veral in die prediking in Lydenstyd aandag geniet (vgl Nicol 1996:15). Die lydensprediking behoort ons uit te bring by 'n deelname aan die lyding van Christus wat selfverloëning, die bereidheid om 'n dienskneg te word en ons lewe as 'n dankoffer aan God te wy, asook die bereidheid om saam met Christus te ly, inhou (vgl Jonker 1982:18-19). Prediking waarin d.m.v. simbole en metafore oor God gepraat word, sal volgens Muller (vgl 2002a:225-236) daartoe lei dat daar intimiteit met God ontstaan en dat die hoorder vir homself geestelike heelheid as einddoel sal stel, eerder as 'n oordrewe vroomheid. Lydensprediking kan hoorders betekenisvol begelei in die proses van volwassewording (vgl 2.7; Louw 1989:15-17).

Met die verloop van tyd het die Sondae in Lydenstyd elkeen 'n eie naam en fokus ontvang (Monshouwer 1998:114-115, 123; vgl Du Toit 1969:72-73) wat op die een of ander wyse steeds in die prediking betrek kan word. Die name is: *Invocavit* ("Hy roep (My) aan" n.a.v. Psalm 91:15,16); *Reminiscere* ("Gedenk" n.a.v. Psalm 25:6); Oculi ("Oë" n.a.v. Psalm 25:15); *Laetare* ("Wees bly" n.a.v. Jesaja 66:10-11); *Judica* ("Die reg" n.a.v. Psalm 43:1,2a). As tekskeuse vir die prediking in Lydenstyd, kan die volgende perikope as vertrekpunt dien:

| GELEENTHEID | JAAR A | JAAR B | JAAR C |
|---|---|---|---|
| **Aswoensdag** | Psalm 51:1-17; Joël 2:1-2, 12-17 of (Jesaja 58:1-12); Matteus 6:1-6, 16-21; 2 Korintiërs 5:20b-6:10 | | |
| **Eerste Sondag** | Psalm 32<br>Genesis 2:15-17; 3:1-7<br>Matteus 4:1-11<br>Romeine 5:12-19 | Psalm 25:1-10<br>Genesis 9:8-17<br>Markus 1:9-15<br>1 Petrus 3:18-22 | Psalm 91:1-2, 9-16<br>Deuteronomium 26:1-11<br>Lukas 4:1-13<br>Romeine 10:8b-13 |
| **Tweede Sondag** | Psalm 121<br>Genesis 12:1-4a<br>Johannes 3:1-17<br>(Matteus 17:1-9)<br>Romeine 4:1-5, 13-17 | Psalm 22:23-31<br>Markus 8:31-38<br>(Markus 9:2-9)<br>Romeine 4:13-25 | Psalm 27<br>Genesis 15:1-12, 17-18<br>Lukas 13:31-35<br>(Lukas 9:28-36)<br>Filippense 3:17-4:1 |
| **Derde Sondag** | Psalm 95<br>Eksodus 17:1-7<br>Johannes 4:5-42<br>Romeine 5:1-11 | Psalm 19<br>Eksodus 20:1-17<br>Johannes 2:13-22<br>1 Korintiërs 1:18-25 | Psalm 63:1-8<br>Jesaja 55:1-9<br>Lukas 13:1-9<br>1 Korintiërs 10:1-13 |
| **Vierde Sondag** | Psalm 23<br>1 Samuel 16:1-13<br>Johannes 9:1-41<br>Efesiërs 5:8-14 | Psalm 107:1-3, 17-22<br>Numeri 21:4-9<br>Johannes 3:14-21<br>Efesiërs 2:1-10 | Psalm 32<br>Josua 5:9-12<br>Lukas 15:1-3, 11b-32<br>2 Korintiërs 5:16-21 |
| **Vyfde Sondag** | Psalm 130<br>Esegiël 37:1-14<br>Johannes 11:1-45<br>Romeine 8:6-11 | Psalm 51:1-12<br>(Psalm 119:9-16)<br>Jeremia 31:31-34<br>Johannes 12:20-33<br>Hebreërs 5:5-10 | Psalm 126<br>Jesaja 43:16-21<br>Johannes 12:1-8<br>Filippense 3:4b-14 |
| **Palmsondag** | Psalm 31:9-16<br>Psalm 118:1-2, 19-29<br>Jesaja 50:4-9a<br>Matteus 21:1-11; 26:14-27:66; (27:11-54) | Psalm 31:9-16<br>Psalm 118:1-2, 19-29<br>Jesaja 50:4-9a<br>Markus 14:1-15:47<br>(Markus 15:1-39, (40-47) ) | Psalm 31:9-16<br>Psalm 118:1-2, 19-29<br>Jesaja 50:4-9a<br>Lukas 19:28-40<br>Lukas 22:14-23:56<br>(Lukas 23:1-49) |

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

| | |
|---|---|
| **Ander tekste:** | Genesis 1:1-2:2; 4:1-10; 5:1-8:22; 6:11-22; 7:17-23; (12:1-9); 22:1-13; Eksodus 3:1-6; 14:15-31; 15:27-16:7; 22:1-19; 24:12-18; 34:1-10; 34:29-35; Deuteronomium 31:22-30; Psalm 9:1,2,9,10; 21:2; 42 ; 43:3-5; 56:2-4; 57:2; 67:2-3; 69:2-3; 73:9-10; 83:1,5,6; 103:10; 106:1-2; 122:1-2, 6-7; 125; 134; 140; 143:9-10; Jesaja 4:1-6; 54:17-55:11; Daniël 3:1-24; Hosea 6:1-6; Jona 3:1-10; Habakuk 3; Sagaria 8:19-23; 9:9-12; Matteus 12:22-32; 15:21-28; 16:13-20; (17:1-13); 28:1-7(20); Markus 10:32-45; Lukas 9:18-27; 11:14-28; 18:9-14; 19:41-48; Johannes 6:1-15; 8:46-59; 12:12-24; 1 Korintiërs 11:20-32; 2 Korintiërs 3:4-18; Galasiërs 4:22-5:1a; Efesiërs 5:1-9; Filippense 2:5-11; Kolossense 1:24-29; 2:8-15; 3:1-4; 1 Tessalonisense 4:1-7; Hebreërs 2:14-18; (10:1-25); 1 Petrus 2:19-25; 2 Petrus 1:16-19; 1 Johannes 3:1-10; 4:1-6;<br>Apokriewe teks: Barug 3:9-38 (-4:4) |

**TABEL 15: PERIKOPE VIR PREDIKING IN LYDENSTYD**

(vgl CCT 1992:29-30; 45-46; 61-62; CPSA 1993:166-200; Gunstone 1979:158-195; Schuman 1998:427-428).

'n Ou gebruik wat besig is om weer inslag te vind in gereformeerde kerke, is die viering van die Heilige / Goeie / Groot Lydens- / Paasweek wat met Palmsondag ingelei word of van ten minste sommige van die geleenthede daarin (vgl Soardes, Dozeman & Mc Cabe 1993:67-72; White 2002:58-60). Hierdie week word volgens Du Toit (1969:73) ook die Stil Week, of Week van Genade genoem. Die week begin met die intog in Jerusalem op Palmsondag, met verskillende episodes van die passieverhaal wat in die paasweek vertel word, insluitende die instelling van die nagmaal op die Donderdag en die gebeure op Goeie Vrydag. Dit word weer opgevolg met die viering van die opstanding op Paassondag en Hemelvaart veertig dae later (Bieritz 1988:102-105; Skinner 1999). Daar kan gedurende hierdie week op kreatiewe wyse omgegaan word met die verskeidenheid van beklem-tonings wat hieruit blyk ten einde 'n verwagting te skep waarmee die paasfeesviering benader kan word (kyk bv Orsmond, Botha, Bartlett, Carstens e.a. (reds) 2003:131-138).

Dit val buite die skopus van die ondersoek om op die fyner beklemtoning van die verskillende dae hierin in te gaan, maar tekste wat op hierdie dae gebruik kan word, is:

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

| DIE DAE IN DIE HEILIGE WEEK | |
|---|---|
| **Maandag** | Psalm 36:5-11; Jesaja 42:1-9; Johannes 12:1-11; Hebreërs 9:11-15 |
| **Dinsdag** | Psalm 71:1-14; Jesaja 49:1-7; Johannes 12:20-36; 1 Korintiërs 1:18-31 |
| **Woensdag** | Psalm 70; Jesaja 50:4-9a; Johannes 13:21-32; Hebreërs 12:1-3 |
| **Donderdag** | Psalm 116:1-2, 12-19; Eksodus 12:1-4, (5-10), 11-14; Johannes 13:1-17, 31b-35; 1 Korintiërs 11:23-26 |
| **Goeie Vrydag** | Psalm 22; Jesaja 52:13-53:12; Johannes 18:1-19:42; Hebreërs 10:16-26; (Hebreërs 4:14-16; 5:7-9) |
| **Stil Saterdag** | Psalm 31:1-4, 15-16; Job 14:1-4; (Klaagliedere 3:1-9, 19-24); Matteus 27:57-66; (Johannes 19:38-42); 1 Petrus 4:1-8 |

**TABEL 16: DIE DAE IN DIE HEILIGE WEEK**

Jonker (1982:7) beklemtoon dat dit in die lydenstyd noodsaaklik is om te onthou dat die inhoud van die prediking gedurende hierdie tyd die lydende en gekruisigde Christus is. Die aksent mag nie vanaf Christus na die mense rondom Hom (bv Judas, Petrus, Pilatus of Simon van Cirene) verskuif word nie, aangesien die resultaat daarvan sal wees dat ons sal bly vassteek in menslike religieusiteit en moraliteit, sonder om deur te stoot na die hart van die evangelie soos dit in die lyding van Christus geopenbaar word. Veral Moltmann reageer skerp teen die romantisering en vereensydiging van die kruis. Hy skryf o.a.: *"The cross is not and cannot be loved. Yet only the crucified Christ can bring the freedom which changes the world because it is no longer afraid of death"* en beklemtoon die belangrikheid daarvan dat die kruisgebeure trinitaries beskou moet word: dit is God self wat aan die kruis ly as Vader, Seun en Gees wat die weg vir die mens open om aan hierdie lyding deel te hê en uiteindelik volkome te kan lewe (1984:1; 235-249). In hulle behandeling van die kruis as simbool van verlossing, wys Pieterse en Vos (1987:156) tereg daarop dat Jesus die *"veragtelike dood "* vrywillig op Hom geneem het en dat Hy langs hierdie weg gekies het om Homself te gee as 'n offer vir ons sondes: *"Hy het van 'n Swart Vrydag 'n Goeie Vrydag gemaak."* Die goeie wat Goeie Vrydag vir ons inhou moet gevier en verkondig word (vgl ook Spangenberg 2003:50-51).

Die prediking in die lydenstyd moet nie net die lig laat val op die daad van God in die lyding en die kruis van Christus en op die eg-menslike aspekte van sy lyding en gehoorsaamheid

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

nie. Die lydensgeskiedenis laat ons sien dat omtrent elke vorm van kwaad 'n rol gespeel het in die lyding van Christus en daarom behoort in die prediking ook daarop gewys te word dat die sonde van die mense op 'n besondere wyse in en aan die lydensweg van Christus geopenbaar word. Onder hierdie perspektief is daar dus 'n legitieme plek vir die mense rondom Jesus in die prediking in die lydenstyd (Jonker 1982:15). In die lig daarvan dat Lydenstyd 'n tyd van hertoewyding is kan die verhale van figure in die Bybelse tyd en kerklike verlede wat getuig van toewyding aan Christus en die koninkryk van God op aktuele wyse aangewend word in die prediking. Ook in ons tyd is daar baie persone wat aktief probeer om 'n verskil te maak en vir ander as voorbeelde dien. Volgens Heyns is Christus in ons midde teenwoordig: *"in die dorstige, hongerige, naakte, arme, blinde en eensame (Matt 25:25 e.v.) maak Hy 'n appèl op die liefde en barmhartigheid van sy gemeente"* (1981:407). In Lydenstyd kan die lydende mens die teenwoordigheid van die Lydende Here op 'n besondere wyse beleef indien die prediking effektief geskied.

Aangesien Lydenstyd aanvanklik ontwikkel het as 'n voorbereidingstyd vir dopelinge (vgl 3.3.6), is dit die ideale tyd vir geloofsonderrigtende prediking (vgl Du Toit 1969:71) en gelowiges kan gehelp word om te beweeg van vae instemmings in die geloof tot 'n vaste geloofsverbintenis aan die Christelike visie (vgl Burger 1991a:20-22). Daar kan ook aan ouers wat gedurende die jaar hulle kinders ten doop wil bring toerusting gebied word in hierdie verband (vgl Soardes, Dozeman & McCabe 1993:13-15). Gedurende Lydenstyd kan lidmate ook begelei word om te groei in hulle bewussyn t.o.v. hulle lidmaatskap van die gemeente en die uitlewing daarvan (NG Kerk 1988:79; vgl 2.6; Gibbs 1993:25-27; Warren 1995:108,121-136). Persone wat die prediking aanhoor moet besef dat die bedoeling van die evangelie nie is om slegs gehoor te word nie, maar veral om die hoorder daarvan in beweging te bring. Hier kan gepoog word om hoorders op te skerp in hulle geloofsverbintenis en om bewus te raak van ander mense se behoeftes (vgl 2.7; Maslow 1970:35; 1987:3). Wanneer mense nie net op hulle basiese behoeftes en selfsorg ingesteld is nie kan hulle groei tot selfontplooiing en -verwesenliking en betrokke raak by ander rondom hulle se nood. Armstrong (1979:38-39) se siening dat die kerk 'n dienende kerk is, beklemtoon die belangrikheid daarvan dat hoorders *mede*lydend met ander moet wees.

Aangesien maaltye in die antieke wêreld o.a. 'n uitdrukking van sosiale relasies was en die Christene ook by hierdie gebruik aangesluit het (vgl Crossan 1989:15-18; Malina & Rohr-

baugh 1998:207-208; Vos & Pieterse 1997:187), kan die viering van die nagmaal gedurende Lydenstyd daartoe bydra dat *"die gemeenskap met die lewende Here en met mekaar"* (NG Kerk 1988:82) gevier en versterk word. In die viering moet daarteen gewaak word dat dit - veral in Lydenstyd - nie net tot die Christologie, die soteriologie of die eskatologie verskraal word nie. In hierdie fees gaan dit om die *communio* met God, die Vader, die Seun en Heilige Gees en word reeds met die viering 'n voorsmaak gekry van die heil en weldade wat Christus vir ons verwerf het (Vos & Pieterse 1997:173-180; vgl Neyrey 1989; Kahmann 1988:49-52).

Baie ander temas kan in Lydenstyd ontgin word, byvoorbeeld hertoewyding, of te wel heiliging as die vernuwing van die mens na die beeld van God langs die weg van gehoorsame navolging van Christus (vgl NGB art. 24; HK S 1, 12; DL 3; Heyns 1981:319-324), die sewe klassieke doodsondes en die sewe Christelike deugde en/of Jesus se laaste woorde, of te wel die sogenaamde sewe kruiswoorde, wat op 'n besondere wyse die dieptepunt van Jesus se lyding verwoord. Gedurende Lydenstyd behoort gefokus te word daarop om die hoorders te beweeg van privatisme en selfsorg tot sorg vir mekaar en van 'n selfgerigte verstandsgodsdiens tot 'n lewe van daadwerklike diens (vgl Burger 1991a:20-22) en moet gelowiges ook herinner word daaraan dat die wêreld nie 'n vreemde en vyandige plek is nie, maar die in Christus versoende wêreld (vgl Heitink 2001:278-279). Wêreldvermyding pas daarom nie by Christene nie en die oproep tot betrokkenheid by mense se lyding moet in hierdie tyd deur die prediking geskied. Vanuit die hoop in Christus moet die stryd teen lyding opgeneem word (Müller 1996:38-41).

### 3.6.5 Prediking in Paastyd

Paasfees, die hoogtepunt van die kerklike jaar en vir die meeste Christene die belangrikste fees van die jaar, word jaarliks gevier op die eerste Sondag na die eerste volmaan na die herfs dag- en nagewening (gewoonlik op 21 Maart) en Paastyd strek in sy verlengde vorm vanaf Paasfees vir vyftig dae tot Pinkstersondag en andersins tot voor Hemelvaart. Dit beteken dat Paasfees enige tyd van 22 Maart tot 25 April kan wees en saamval met die Joodse paasfees en pinkster (die viering van die Fees van die Eerste Oes) soos wat dit die geval was in die tyd van die vroeë kerk (NG Kerk OTvl 2003:124; Orsmond, Botha, Bartlett, Carstens e.a. (reds) 2003: 145; Rankin 1986:90). Die Engelse naam vir Paasfees, naamlik

*Easter* word afgelei van die oud-Engelse woord *easter* of *eastre*, wat na 'n lentefees verwys (Rankin 1986:90). Die naam "Paasfees" verwys gewoonlik in 'n Christelike konteks na die Sondag waarop Jesus uit die dood opgestaan het, maar ook na die hele naweek vanaf Goeie Vrydag tot Opstandingsondag. Paastyd verwys hierin na die tydperk vanaf Opstandingsondag tot die Sondag voor Hemelvaart (vgl 3.6.6).

Die vroeë Christene het aangesluit by die viering van die Joodse paasfees wat vir hulle *"die pasga van die Here"* geword het en nog later die Christelike paasfees, die jaarlikse viering van die opstanding van Jesus Christus (vgl 3.3.4). Vanweë die noue band met die Joodse fees(te) van die ongesuurde brood en die pasga is daar elemente hiervan in die paasfees teenwoordig, naamlik herinnering, bevryding en verbondsluiting. Paasfees is by uitstek 'n fees ter herinnering aan die finale verlossing uit die slawerny van sonde en dood deur Christus se dood en opstanding (Beukes 1994:76). Paastyd versimboliseer, net soos die Ou-Testamentiese paasfees, die vervulling van al God se beloftes, maar nou deur Jesus Christus, die *"eersteling uit dié wat gesterf het"* (1 Kor 15:20). "*De Heer is als eerste uit de dood verrezen. En daardoor is ook voor ons het eindpunt van het leven geen absoluut eindpunt meer. Ook wij zullen eenmaal opstaan uit het graf ..."* (Dingemans 2001:515).

In die Nuwe Testament word verwys na albei hierdie feeste, maar in die narratiewe oor die laaste maaltyd (Mark 14:1-51; Matt 26:1-46; Luk 22:1-53; Joh 11:55; 12:1; 13:1-38), word spesifiek na die paasfees verwys en dan word Jesus vertolk as 'n paaslam. Die paasfees word in die NT beskou as deel van die fees van die ongesuurde brood (Mark 14:2, 12) en gebruik selfs laasgenoemde se naam om na die paasfees te verwys (Luk 22:1, 7; Matt 26:17; vgl Hand 12:3-4; Joh 13:1, 4; 18:28). Studies oor die parallelle tussen hierdie feeste en die laaste maaltyd kom tot uiteenlopende gevolgtrekkings, maar daar kan met sekerheid gestel word dat Jesus se volgelinge en die vroeë kerk Jesus se laaste maaltyd op 'n manier vertolk het wat by sy boodskap pas: *"As portrayed in the gospels, the meal is not structured to celebrate the Exodus but is reinterpreted in a way that relates to the future of the Jesus movement, that is Christianity. The bread becomes the salvational body of Christ and the wine his blood - the sign of the future redemption"* (Bokser 1992:763). In 1 Korintiërs 5 word gebruik gemaak van die figuurlike antitese tussen suurdeeg en ongesuurde deeg om daarop te wys dat Christus die ou deeg suiwer van die bose en sonde (vgl ook Braulik & Lohfink 2003).

Met die viering van Paasfees word sowel die dood as die opstanding van Christus in herinnering geroep. Volgens Bieritz (1988:116, 127; vgl Barnard 1989:8; Vos & Pieterse 1997:158) was die erediens in die paasnag die belangrikste van die hele jaar asook die hartslag (*"Herzmitte"*) van al die Christelike feesvieringe, aangesien dit albei hierdie momente bevat het. Die viering van die nuwe lewe in Christus word dan met nuwe momentum gevier vanaf die erediens op Opstandingsondag. Webber ((ed) 1994:381) beskryf hierdie diens as *"the source of all Christian worship. It is the single most important service of the year, the fount from which all the praises of the church flow."* Saam beskou, bevat die Heilige Week en die paasfeesvieringe die boodskap van die verlossing in geheel: *"We proclaim Christ crucified, dead, and buried, risen and exalted as the head of the church - the Saviour of humanity and the Lord of all things"* (Hickman e.a. (eds) 1986:108). Ook Smit (1983:7) bevestig hierdie standpunt deur te skryf dat die evangelie van Jesus Christus *opstandingsevangelie* is en dat die opstanding die hart vorm van die Christelike verkondiging, geloof, lewe en teologie.

Uit Christus se opstanding spruit ook sy verhoging en die uitstorting van die Heilige Gees en die verband tussen Christus se lyding, kruisiging, sterwe, hellevaart, opstanding, verhoging en die gee van sy Gees blyk duidelik. Die besondere beklemtoninge in Paastyd onderskei dit tog van Lydens- en Pinkstertyd, alhoewel dit nooit van mekaar geskei kan word nie: *"While Lent is characterized by austerity, during Easter the church celebrates. Fasting and kneeling are replaced by alleluias of celebration"* (Alexander 1994a:373) Die wyse waarop die opstanding, hemelvaart en gawe van die Gees geplaas is binne die kerklike jaar, kommunikeer dat aldrie hierdie feesvieringe interafhanklike gebeure binne dieselfde teologiese werklikheid is en dat elkeen daarvan die ander veronderstel (vgl Soardes, Dozeman & McCabe 1993:94-95).

Paastyd is die fees van nuwe lewe, die Here se agtste dag van die skepping, die dag van die nuwe skepping wat in werking gestel is deur Christus se oorwinning oor die dood. Dit gaan nie net daaroor dat Christus opgestaan het nie, maar ook daaroor dat Hy *in ons* opgestaan het. Die misterie van ons eenwording met Christus (soos wat dit o.a. in Romeine 6 beskryf word) moet in die prediking verkondig word en liturgies gevier word. Ons sterf saam met Hom en ons staan saam met Hom op en ons begin 'n nuwe lewe saam met Hom. Omdat dit volgens Paulus nie meer ons is wat lewe nie, maar Christus wat in ons leef (Gal

2:20), het hierdie eenheid met Christus die potensiaal om elke aspek van ons lewens te transformeer (NG Kerk in OTvl 2003:134; Soardes, Dozeman & McCabe 1993:97).

Die viering van die nagmaal en die doop in hierdie tyd is in aansluiting by hierdie motief belangrike geleenthede om hierdie bewussyn aan te kweek. Die eenheid met die opgestane Christus word deur die doop en die nagmaal gevier en versterk. Veral die motiewe in die doopformulier dat ons *"ou, sondige lewe saam met Hom aan die kruis gesterf het en saam met Hom begrawe is, maar dat ons ook weer deur sy opstanding lewend gemaak word sodat ons "vir die sonde dood is en vir God lewe" (Rom 16:11)"* en dat die Here *"deur sy Gees in ons wil woon en "ons lewens daagliks so regeer dat ons hoe langer hoe meer sy beeld vertoon"* (NG Kerk 1988:60) behoort in Paastyd ontgin te word.

Die temas vir prediking gedurende Paastyd word geneem uit die lewe en optrede van Jesus in die tydperk vanaf sy opstanding tot Pinkster. Daar is byvoorbeeld die verskynings van Jesus en die tien dae waartydens gewag is vir die koms van die Heilige Gees. Dit is dieselfde Jesus wat aan sy dissipels verskyn het, alhoewel dit nou nie meer in die tasbare gestalte van die rondreisende rabbi, die historiese Jesus, wat saam met sy volgelinge deur die land getrek het, was nie, maar in die gestalte van die inspirerende Here, die Christus van die geskiedenis, wie nou deur die eeue heen optrek met sy volgelinge en hulle vanuit die toekoms in beweging bring. *"Jezus Christus is door zijn opwekking het nieuwe 'gezicht van de Roepende' geworden"* (vgl Dingemans 2001:516-521). Die teenwoordigheid van die opgestane Christus in ons midde asook die nuwe skepping en die impak daarvan op die lewens van God se kinders is lewensvernuwend en kan in hierdie tyd hiermee saam met groot vreugde gevier word. Paassondag is die derde dag van die sogenaamde *triduum sacrum* en ter gelyke tyd die eerste Sondag in Paastyd. Dit is 'n dag vir getuienis en op hierdie dag moet die kerk Christus se oorwinning oor sonde en dood klokhelder aankondig.

Die ander Sondae in Paastyd het almal hulle eie name en betekenis wat afgelei word van die eerste woord in die Latynse weergawe van die Bybelvers wat op die bepaalde dag gebruik word. Dié name word ekumenies wyd in die kerk gebruik en kan soos volg voorgestel word:

| SONDAG | LATYNSE NAAM EN BETEKENIS |
|---|---|
| **Tweede Sondag in Paastyd:** | ***Quasimodo geniti*** ("Soos pasgebore kindertjies")<br>*"Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelike melk ... "* (1 Pet 2:2)<br>Op hierdie Sondag word veral die jong nuwe lidmate aangemoedig om deur "suiwer geestelike melk" in hulle geloof te groei. |
| **Derde Sondag in Paastyd:** | ***Misericordias Domini*** ("Die troue liefde van die Here")<br>*"Die hele wêreld is vol van die Here se troue liefde"* (Ps 33:5)<br>Op hierdie Sondag word daaraan herinner dat die hele wêreld sedert Paasfees vol van die Here se liefde is. |
| **Vierde Sondag in Paastyd:** | ***Jubilate*** ("Juig")<br>*"Juig tot eer van God, almal op aarde"* (Ps 66:1)<br>Op hierdie Sondag word almal opgeroep om tot eer van God te juig. |
| **Vyfde Sondag in Paastyd:** | ***Cantate*** ("Sing")<br>*"Sing 'n nuwe lied tot eer van die Here ..."* (Ps 98:1,2)<br>Op hierdie Sondag word ons opgeroep om tot eer van die Here te sing en word Pinkster reeds veronderstel. |
| **Sesde Sondag in Paastyd:** | ***Rogate*** ("Bid") of ***Voceno jucunditatis*** ("Jubel dit uit")<br>*"Dit verseker Ek julle: Wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle gee"* (Joh 16:24) /<br>*"Jubel dit uit, maak hierdie aankondiging en laat dit weerklink tot in die uithoeke van die aarde"* (Jes 48:20)<br>Op hierdie Sondag word gebid in die gees van Jesus se oproep om voor te berei vir die uitstorting van die Gees. |
| **Sewende Sondag in Paastyd:** | ***Exaudi*** ("Luister")<br>*"Luister tog na my, Here, as ek roep ..."* (Ps 27:7 en 9)<br>Hierdie Sondag val tussen Hemelvaart en Pinkster en word ook "Wees-kind-Sondag" genoem n.a.v. Jesus se belofte om sy dissipels nie as weeskinders agter te laat nie. |

**TABEL 17: DIE SONDAE IN PAASTYD**

(vgl Bieritz 1988:131-133; Holweck 2003; Vos & Pieterse 1997:160).

In die Nuwe Testament word die Joodse geloof m.b.t. opstanding, onsterflikheid en ewige lewe veronderstel en in die vroeg-Christelike formulerings hieroor word die verskeidenheid van standpunte wat binne die Judaïsme voorkom gereflekteer. Die groot verskil tussen die twee tradisies is egter die kerk se oortuiging dat God die eskatologiese proses begin het deur die gekruisigde Jesus uit die dood op te wek. Al die geskrifte van die NT veronderstel

Jesus se opstanding en die tema van nadoodse vergelding word selde behandel sonder om na Jesus se opstanding te verwys of om dit te impliseer. Jesus se opstanding word verstaan as God se regverdiging van die mens Jesus, maar ook as 'n verlossingshandeling vir die mensdom en kosmos (Nickelsburg 1992:688; kyk Dingemans 2001:515-522; Malina & Rohrbaugh 1992:410-411; 1998:282-285).

Die volgende perikope kan gebruik word vir die prediking in Paastyd:

| SONDAG | JAAR A | JAAR B | JAAR C |
|---|---|---|---|
| **Paas-sondag** | Psalm 118:1-2, 14-24<br>Johannes 20:1-18<br>(Matteus 28:1-10)<br>Handelinge 10:34-43<br>(Jeremia 31:1-6)<br>Kolossense 3:1-4 | Psalm 118:1-2, 14-24<br>Johannes 20:1-18<br>(Markus 16:1-8)<br>1 Korintiërs 15:1-11<br>(Handelinge 10:34-43)<br>(Jesaja 25:6-9) | Psalm 118:1-2, 14-24<br>Johannes 20:1-18<br>(Lukas 24:1-12)<br>Handelinge 10:34-43<br>(Jesaja 65:17-25)<br>1 Korintiërs 15:19-26 |
| **Tweede diens** | Psalm 114; Jesaja 25:6-9; Lukas 24:13-49; 1 Korintiërs 5:6b-8 | | |
| **Tweede Sondag** | Psalm 16<br>Handelinge 2:14a, 22-32<br>Johannes 20:19-31<br>1 Petrus 1:3-9 | Psalm 133<br>Johannes 20:19-31<br>Handelinge 4:32-35<br>1 Johannes 1:1-2:2 | Psalm 118:14-29<br>(Psalm 150)<br>Johannes 20:19-31<br>Handelinge 5:27-32<br>Openbaring 1:4-8 |
| **Derde Sondag** | Psalm 116:1-4, 12-19<br>Lukas 24:13-35<br>Handelinge 2:14a, 36-41; 1 Petrus 1:17-23 | Psalm 4<br>Lukas 24:36b-48<br>Handelinge 3:12-19<br>1 Johannes 3:1-7 | Psalm 30<br>Johannes 21:1-19<br>Handelinge 9:1-6 (7-20)<br>Openbaring 5:11-14 |
| **Vierde Sondag** | Psalm 23<br>Johannes 10:1-10<br>Handelinge 2:42-47<br>1 Petrus 2:19-25 | Psalm 23<br>Johannes 10:11-18<br>Handelinge 4:5-12<br>1 Johannes 3:16-24 | Psalm 23<br>Johannes 10:22-30<br>Handelinge 9:36-43<br>Openbaring 7:9-17 |
| **Vyfde Sondag** | Psalm 31:1-5, 15-16<br>Johannes 14:1-14<br>Handelinge 7:55-60<br>1 Petrus 2:2-10 | Psalm 22:25-31<br>Johannes 15:1-8<br>Handelinge 8:26-40<br>1 Johannes 4:7-21 | Psalm 148<br>Johannes 13:31-35<br>Handelinge 11:1-18<br>Openbaring 21:1-6 |
| **Sesde Sondag** | Psalm 66:8-20<br>Johannes 14:15-21<br>Handelinge 17:22-31<br>1 Petrus 3:13-22 | Psalm 98<br>Johannes 15:9-17<br>Handelinge 10:44-48<br>1 Johannes 5:1-6 | Psalm 67<br>Johannes 14:23-29<br>(Johannes 5:1-9)<br>Handelinge 16:9-15<br>Openbaring 21:10, 22-22:5 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Sewende Sondag** | Psalm 68:1-10, 32-35<br>Johannes 17:1-11<br>Handelinge 1:6-14<br>1 Petrus 4:12-14, 5:6-11 | Psalm 1<br>Johannes 17:6-19<br>Handelinge 1:15-17, 21-26<br>1 Johannes 5:9-13 | Psalm 97<br>Johannes 17:20-26<br>Handelinge 16:16-34<br>Openbaring 22:12-14, 16-17, 20-21 |
| **Ander tekste:** | Matteus 27:62-66, 28:11-15; | | |

**TABEL 18: PERIKOPE VIR PREDIKING OP SONDAE IN PAASTYD**
(vgl CCT 1992:31-33; CPSA 1993: 231-238; Webber (ed) 1994:383).

Die prediking gedurende Paastyd word uitgedaag om die boodskap van die paasfeesverhaal tuis te bring in 'n idioom wat vir die eietydse hoorder verstaanbaar en relevant is. Vrae en moontlike onsekerheid wat hoorders het oor die letterlike feitelikheid van die paasgebeure moet nie geminag word nie, maar behoort eerder as aanknopingspunte benut word om hoorders te begelei tot 'n verdieping in hulle verstaan van God, die Bybel en hulleself. As kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie moet die prediking gedurende Paastyd nie daarop gerig wees om op 'n apologetiese wyse bepaalde standpunte te verdedig of ander af te wys nie, maar om eerder op 'n pastorale wyse in diens te staan van God sodat Hy deur die werking van sy Gees en Woord hoorders se lewens kan transformeer. Ten einde dit te bereik moet die prediker deeglik bewus wees van kritiese vrae oor die verskille in die verskillende opstandingsnarratiewe en die opstanding as sodanig. Dit val nie binne die skopus van hierdie ondersoek om hierdie vrae te beredeneer nie, maar hier kan ten minste gestel word dat alhoewel die evangelies van mekaar verskil wat die detail van die opstandingsnarratiewe aanbetref, daar ooreenstemming is t.o.v. die kernaspekte daarvan: die leë graf, die verskyning van 'n boodskapper en die boodskap dat die Here opgestaan het en lewe (vgl bv Gunstone 1979:224). Die opgestane Here is die uitgangspunt vir al die Nuwe Testamentiese skrywers. Hulle geloof het daardeur ontstaan, of liewer: *"de opstanding is het omslagpunt van hun geloof"* (Dingemans 2001:515).

In die Bybel word getuienis aangetref dat die gelowiges in die NT, net soos in die OT, ervarings van 'n transendente karakter beleef het. In die dissipels se ontmoetings met die opgestane Jesus het hulle geglo dat hulle met niemand minder nie as God self te doen gehad het. Hulle het in die opgestane Jesus, die Here teëgekom, wat 'n gesag afgedwing het soos nooit vantevore nie en dit was in die ontmoeting met hierdie opgestane Here dat

die dissipels se lewens ook radikaal verander is. Dis hierdie oortuiging, dat God vir Jesus Here en Christus gemaak het, wat gelei het tot die geboorte van die Christelike geloof (vgl Malina & Rohrbaugh 1998:280-285). Die opstanding van Jesus is een van die pilare van die Christelike geloof en hierdie geloofsuitgangspunt kan gehandhaaf word (vgl bv Du Plessis 2003:134-141; Du Toit 2000:150-153). Maar, selfs al sou dit so wees dat Jesus nie letterlik fisies uit die dood uit opgestaan het nie (vgl bv Wolmarans 2002:212-224; Van Aarde 2001:112-113, 185-187), sou die boodskap van Paasfees steeds relevant wees. Borg (2003:54-57) skryf byvoorbeeld dat verhale waar kan wees sonder dat dit noodwendig letterlik en feitlik waar hoef te wees en stel dat die waarheid t.o.v. die paasfeesverhale tweeledig is. Hy skryf:

> *"Jesus is a figure of the present and not simply of the past. He continued to be experienced by his first followers after his death and continues to be experienced to this day. It's not just that his memory lived on or that his spirit lived on, as we sometimes speak of the spirit of Lincoln living on. Rather, he was and is experienced as a figure of the present. In short, Jesus lives.*
> *Not only does Jesus live, but "Jesus is Lord." In the New Testament, this is the foundational affirmation about Jesus, and it is grounded in the Easter experience. To say that Jesus is Lord is to say more than simply that Jesus lives. It means that he has been raised to God's right hand, where he is one with God. And to affirm that he is Lord is to deny all other lords."*

In die lig hiervan en n.a.v. die verstaan van die mens as meer as net 'n liggaam, kan die prediking mense aangemoedig om hulle liggaamlikheid te herwaardeer. Die verstaan dat 'n mens nie net liggaam is nie, maar ook gees / siel; dat ons nie liggaam met 'n siel binne-in is nie, maar siel met 'n liggaam; nie dualisties nie, maar 'n eenheid, maak juis van die *"opstanding van Jesus uit die dood"* 'n *"versekering dat die spirituele in die mens ewigheidswaarde het"* (vgl Du Toit 2000: 151; vgl De Villiers 1999:102-103). Dit is belangrik om daarop te wys dat die opstanding nie 'n opstanding uit die mensheid en met name uit die liggaamlikheid van die mensheid beteken nie en ook nie die vergoddeliking van die menslike natuur nie. Deur die dood en die opstanding heen word God se oorspronklike doel met die mens verwerklik: *"Eenmaal mens geword, blý Christus ook ná sy opstanding nog steeds dié Mens in wie Gods beeld finaal en totaal herstel, en maksimaal ontwikkel is"* (Heyns 1981:265-266). Sodanige prediking is veral nodig in 'n tyd waarin die liggaam van die vrou asook kinders uitgebuit word.

'n Verdere moontlikheid vir die ontginning van Paastyd met die oog op die prediking, is om die vier afdelings van die nagwaak (lig, Woord, water, nagmaal) te neem en rondom elke moment 'n erediens met gepaardgaande prediking in te rig (vgl Soardes, Dozeman & McCabe 1993:96). Langs hierdie weg kan daar reg geskied aan die nagwaak wat nog nie 'n gevestigde gebruik in die NG Kerk is nie. Vanweë die belangrike plek wat die nagwaak in die geskiedenis van die kerk beklee het en die rol wat dit daarin gespeel het (vgl Webber (ed) 1994:381-382), is dit belangrik dat hierdie diens herwin word vir die NG Kerk. Indien 'n nagwaak gehou word, kan die volgende Skriflesings gebruik word:

| GELEENTHEID | PERIKOPE | | |
|---|---|---|---|
| **Stil Saterdag** | Job 14:1-14; Psalm 31:1-4, 15-16; Klaagliedere 3:1-9, 19-24; Matteus 27:57-66; Johannes 19:38-42; 1 Petrus 4:1-8 | | |
| **Paaswaak** | Genesis 1:1-2:4a | Psalm 136:1-9, 23-26 | |
| | Genesis 7:1-5, 11-18; 8:6-18; 9:8-13 | Psalm 46 | |
| | Genesis 22:1-18 | Psalm 16 | |
| | Eksodus 14:10-31; 15:20-21 | Eksodus 15:1b-13, 17-18 | |
| | Jesaja 55:1-11 | Jesaja 12:2-6 | |
| | Spreuke 8:1-8, 19-21; 9:4b-6 (Barug 3:9-15, 32-4:4) | Psalm 19 | |
| | Esegiël 36:24-28 | Psalm 42 en 43 | |
| | Esegiël 37:1-14 | Psalm 143 | |
| | Sefanja 3:14-20 | Psalm 98 | |
| | Romeine 6:3-11 | Psalm 114 | |
| | Jaar A: Matteus 28:1-10 | Jaar B: Markus 16:1-8 | Jaar C: Lukas 24:1-12 |

**TABEL 19: PERIKOPE VIR PREDIKING OP STIL SATERDAG EN VIR 'n PAASWAAK** (vgl CCT 1992:30-31; CPSA 1993: 201-230; Webber (ed) 1994:383).

Twee voorstelle van Soardes, Dozeman & McCabe (1993:97) verdien om verder geneem te word. Een daarvan is dat daar moeite gedoen word om saam met ander gemeentes 'n gemeenskaplike geleentheid te reël waartydens die doop bedien word ten einde uitdrukking te verleen aan die ekumeniese karakter daarvan. So 'n geleentheid gedurende Paastyd kan daartoe bydra dat grense tussen mense oorgesteek word en 'n positiewe

boodskap in die gemeenskap indra. Die ander voorstel is dat daar 'n geleentheid ingerig word (verkieslik tydens die erediens op Opstandingsondag) waartydens gelowiges aan hulle doop en die doopbeloftes herinner word (vgl ook Bieritz 1988:129-130). Indien sodanige geleenthede gereël word sal daarop gelet moet word dat daar aan die betekenis en karakter van die doop reg geskied. Jonker (1994:52) se beklemtoning daarvan dat die doop nie herhaal mag word nie en dat iemand nie tweemaal gedoop mag word nie, moet ter harte geneem word. Paastyd is uiters geskik vir die bediening van die sakramente.

Die prediking en gepaardgaande viering gedurende Paastyd staan voor die uitdaging om hoorders bewus te maak van die kruis- en opstandingsgebeure en aan hulle die geleentheid te bied om die aktualiteit en lewensveranderende betekenis van die sterwe en opstanding asook die hemelvaart en verheerliking van Christus te verwoord en te ervaar. Die betekenis van Christenwees moet opnuut ontdek en gevier word, beide as 'n persoonlike belewenis sowel as 'n gesamentlike viering (Cornehl 1993:123-125).

### 3.6.6 Prediking met Hemelvaart

Op Hemelvaart word Christus se verhoging en koningskap gevier: Christus *"is ook God en regeer daarom saam met die Vader en die Gees"* (Vos 2001:470; vgl 3.3.5). In die Oosterse kerk was die hemelvaartsfees bekend as *analepsis* en ook as die *episozomene*, terwyl die terme *ascensio* en soms *ascensa*, in die Weste gebruik is. *"In the liturgies generally the day is meant to celebrate the completion of the work of our salvation, the pledge of our glorification with Christ, and His entry into heaven with our human nature glorified"* (Wynne 2003). In die oud-Engels was die populêre naam vir die fees "Heilige Donderdag" (Shepherd 2003). Die berig van die hemelvaart (Hand 1:1-11), Jesus se Groot Opdrag (Matt 28:16-20) en belofte oor die uitstorting van die Heilige Gees (Hand 1:5, 8) is temas wat met hierdie viering in herinnering geroep word (vgl Bieritz 1988:134-135).

In die NT dui Christus se hemelvaart die einde van sy verskynings aan die dissipels aan wat sedert sy opstanding geskied het en is dit ook die oorgang na gebeure rondom die uitstorting van die Heilige Gees. Die hemelvaartsnarratiewe pas dus goed in in die ontvouende verlossingsverhaal. Binne hierdie konteks vervul die hemelvaartsfees primêr die funksie om die verheerliking van Jesus, as 'n belangrike aspek van die opstanding, te vier:

*"we commemorate a turning point in the life of the Church. We do this by considering the enthronement of Christ in the heavens and the new body of Christ on earth"* (Bergant 2001:193). Die viering van Hemelvaart help ons om langs hierdie weg die paradoks van ons bestaan hier en nou en die bestemming waarheen ons reeds oppad is te oorbrug. *"Die Hemelvaart laat ons ook met verlange uitsien na Jesus se wederkoms en die skepping van 'n nuwe hemel en aarde. Intussen leef ons onder sy regering"* (Vos 2001:470).

Die hemelvaart word volgens Dingemans (2001:522-523) as metafoor gebruik om aan te dui dat Jesus God se "nuwe gesig" is wat Hy in ons geskiedenis aan ons getoon het. Christus se wese en werk hou nie met sy dood of met sy hemelvaart op nie, maar word in die toekoms voortgesit en sal met sy wederkoms voltooi word. *"Hemelvaart wil zeggen, dat die Heer op een andere wijze bij ons is en met ons meegaat in de wereldgeschiedenis."* Christus maak die toekoms vir ons oop en gaan ons vooruit. In die Ortodokse kerke word Hy daarom dikwels voorgestel as die *pantokrator* (die almagtige) en as die leraar wat mense onderrig en die weg wys: *"De pantokrator is de grote inspirator, die de stem van de Roepende vertegenwoordigd in onze wereld. In en door Hem zien wij trekken van God zelf en horen wij hem roepen vanuit de toekomst"* (vgl Dingemans 2001: 523).

Nadat Jesus se identiteit as die Messias, die Seun van God, deur die opstanding (as oorwinning oor die dood) aangedui is, dui sy hemelvaart sy koningskap en gesag oor alle dinge aan (Ef 1:19-23). Hy is die Een wat in heerlikheid opgeneem is (1 Tim 3:16), verheerlik is deur God wie Hom aan sy regterhand laat sit (Op 3:21) en in heerlikheid vanuit dié posisie regeer (Hand 2:33; 1 Pet 3:22). Totdat Christus weer in heerlikheid op die wolke terugkom, duur sy bediening as Hoof van die kerk (Ef 1:23) voort vanuit hierdie posisie. Hiervandaan het Hy sy Gees gegee en sodoende sy kerk bemagtig as getuies (Hand 2:33) en alle dinge met sy heerlikheid gevul. Hiermee saam gee Hy steeds gawes vir die opbou van sy kerk en die toerusting van gelowiges vir diens aan God (Ef 4:7-13). Vir die eerste dissipels het die hemelvaart ook aangedui dat die ontroues veroordeel gaan word, aangesien sy koms op die wolke vir hulle 'n metafoor was vir die manier waarop die Here afreken met verbondsbrekers (Matt 24:30) (Leonard 1994:207; kyk Farrow 1999).

Die beskrywing van die hemelvaart is vir die Nuwe Testamentiese skrywers, wie omtrent almal daarvan getuig, sekondêr m.b.t. die teologiese betekenis daarvan (Robinson 1962:

246). In die briewe word dit nie beskryf nie, maar veronderstel (vgl Rom 8:34; Ef 1:20-21; 4:8-11; Heb 6:20). In die evangelies word gefokus op die fisiese aspekte van die opstanding, terwyl Paulus Christus se geestelike liggaam beklemtoon. In die Johannese perikope word die hemelvaart nie vermeld nie, maar verskeie kere geïmpliseer (vgl Joh 8:14, 21; 13:3, 33, 36; 14:4, 5, 28; 16:5, 10, 17, 28). Uit die oorsig wat Metzger (1968:80) van terme wat gebruik word om die hemelvaart aan te dui gee, blyk dit dat beide aktiewe en passiewe woorde gebruik word, asook dat Christus deur God uit hierdie wêreld weggetrek is en dat die hemelvaart 'n wilshandeling van Christus self is (vgl Gulley 1992:472).

Die leerstelling oor die hemelvaart sluit in die voetspoor hiervan Jesus se hemelvaart, sy posisie aan die regterhand van God en die oordeel in (Gulley 1992:472). Volgens Jansen (1959:17) is die hemelvaart een van die belangrikste temas in die NT, maar waarskynlik die leerstelling wat die meeste afgeskeep is deur die kerk. Jesus se bemiddeling vanuit die hemel en die parousia is onlosmaaklik hieraan verbonde (Donne 1977:567) en hierdie leerstelling is ook die wesenlike skakel tussen die Jesus van die geskiedenis en die Jesus van die geloof (Donne 1983:25). Alhoewel die hemelvaart teen die vierde eeu liturgies gevier is, het die leerstelling hieromtrent daarna nog steeds bly ontwikkel. Gedurende die twintigste eeu is die leer oor die hemelvaart veral beïnvloed deur vrae oor kosmologie, die kritiese benadering tot die Bybel en sekularisasie, maar daar bestaan redelike eenstemmigheid daaroor dat die leer oor die hemelvaart nie tot niet gemaak word deur 'n verouderde kosmologie nie (vgl Gulley 1992:473). Hierop word nie hierin verder ingegaan nie.

Met Hemelvaart word op 'n besondere wyse verkondig dat God *"die hemel vir die mensekinders ontsluit het en nog steeds ontsluit sonder dat die hemel daardeur ophou om sentrum en middelpunt te wees van waar die Goddelike lewe uitstraal"* (Heyns 1981:44-45). Volgens Heyns word God dikwels in die Bybel as *"die God van die hemel"* voorstel (vgl Ps 33:13, 14; 103:19; 115:3; Dan 2:18; Jona 1:9; Jes 63:15; Mark 1:11; Matt 5:48; 6:9). Deur te stel dat God in die hemel woon, word nie gesê dat God se lokaliteit aangedui kan word nie, maar word die klem gelê op *"Gods majesteit en heerlikheid, sy radikale andersheid en verhewenheid, sy heiligheid en ontoeganklikheid"*. Tog is hierdie vry en ongebonde God êrens wél op 'n besondere wyse aanwesig. Eerstens "in die mens Jesus", in wie God 'n tydruimtelike woning gevind het, maar ook op ander plekke waar God Homself op 'n besondere wyse bekend gemaak het en waar mense sy teenwoordigheid as 'n volkome

verrassing ondervind het: by Bet-el (Gen 28:16, 17), die brandende doringbos (Eks 3:2; Deut 33:16), op die berg Sinaï (Eks 24:16), in die midde van God se volk (Eks 25:8; 29:45, 46; Num 5:3; 1 Kon 6:13; Eseg 43:7), in Jerusalem (1 Kron 23:25; Esra 1:34), in die kerk. Die hemel is dus nie 'n blote plekaanduiding van waar God is nie, maar eerder 'n dinamiese uitgangsaanduiding: dáár is Hy en vandaar handel Hy. God is ook by ons, in ons midde.

Die hemelvaart baan die weg vir die effektuering van die heil aan die mens en die wêreld. Die Heilige Gees behartig die heilseffektuering en sy reddende handeling kom alle mense sonder aansiens des persoons ten goede. Na die hemelvaart kan die Gees gegee word aan alle mense, selfs die "heidene". In Joël 2:28, waar die Gees aan "al die mense" belowe word, verwys dit na Israel, maar wanneer dit in Handelinge 2 deur Petrus herinterpreteer word, sluit die "alle mense" die heidene in (Vos 1988:208, 213; vgl Lindijer 1975:61). Christus se hemelvaart dui Hom nie net as Koning van die wat in Hom glo aan nie, maar as Koning van die ganse mensdom en skepping.

Met die viering van Jesus se hemelvaart moet hierdie aspekte uitgelig word. Daar moet ook aan die implikasies hiervan aandag geskenk word. Tydens 'n diens op Hemelvaart kan die volgende perikope gebruik word vir die prediking (vgl CCT 1992:32, 48, 64; CPSA 1993: 239-240):

| | |
|---|---|
| **RCL - tekste** | Psalm 47; 93; Lukas 24:44-53; Handelinge 1:1-11; Efesiërs 1:15-23 |
| **Ander tekste** | Genesis 5:18-24; Psalm 24; 68; 110; 118; Matteus 28:16-20; Markus 16:14-20; Johannes 13:1-34 (veral 3 en 33); 14:1-14; 16:5-28; 21:1-25; Handelinge 2:29-36; Romeine 8:29-34; 1 Korintiërs 15:20-28; 2 Korintiërs 12:1-10; Kolossense 3:1-4; Hebreërs 6:13-20; 11:5; Openbaring 3:20-4:1 |

**TABEL 20: PERIKOPE VIR PREDIKING MET HEMELVAART**

Alhoewel Hemelvaart 'n selfstandige vieringsgeleentheid is, kan dit gedurende Paastyd of Pinkstertyd gevier word. Die selfstandigheid van die fees is reeds beredeneer (vgl bv CCT 1992:32, 48, 64; Vos 2001:470; Vos & Pieterse 1997:160-161; kyk 3.3.5) en daarom word dit hier afsondelik behandel. In gemeentes waar daar nie op die Donderdag 'n afsonderlike Hemelvaartsfeesdiens plaasvind nie, behoort Hemelvaart ten minste op die voorafgaande Sondag in berekening gebring te word. Indien 'n keuse gemaak moes word om Hemelvaart by een van die ander twee seisoene in te sluit, sou Pinkstertyd die meer aangewese een wees. Die rede hiervoor is dat dit die gebruik van die vroeë kerk was om Hemelvaart en

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

Pinkster saam te vier (vgl 3.3.5; Tertullianus, De Baptismo XIX; ANF III:678). Verder kan die prediking op die Sondag tussen Hemelvaart en Pinkster eerder hierby aansluit, aangesien Pinkstertyd betreklik kort is in vergelyking met die ander seisoene in die kerklike jaar. Sodoende kan die pinkstergebeure groter aandag ontvang. Die RCL-teks, Psalm 27:7 en 9 (*"Luister tog na my, Here, as ek roep ..."*) kan op hierdie Sondag ewe goed in Pinkster- as in Paasprediking ontplooi word. Die bostaande Johannese tekste kan in aansluiting by die gedagte van "Weeskind-Sondag" goed ontplooi word in Pinksterprediking. Waar gemeentes nie gedurende die week 'n Pinksterbyeenkoms of reeks byeenkomste hou nie, kan hierdie Sondag ingerig word met dieselfde doelwit(te) as wat met 'n reeks bereik wil word. Waar 'n reeks nie reeds met Hemelvaart begin nie, kan die Sondag voor Pinkster dan gebruik word as 'n basis vir die byeenkomste m.o.o. die viering.

Die prediking moet hoorders begelei om inligting wat verband hou met ander hemelvaart-narratiewe te integreer. *"The motif of the journey to heaven is a vitally important phenomenon of ancient Mediterranean religions"* (Tabor 1992:91). Die troonbestygingspsalms (24, 47, 68, 110, 118) prefigureer die hemelvaart, verheerliking en posisie aan die regterhand van God en in die LXX word hemelvaartsterminologie gebruik in Psalms 24(25):3, 47(48):5 en 68(69):18. Die frase *"Kom sit aan my regterhand"* in Psalm 110 (111):1 is die een teks in die OT wat die meeste aangehaal word in die NT en dit word deur baie beskou as 'n voorafskaduwing van Christus se verhoging (Toon 1984:21-19). Ander Bybelse figure wie ook na die hemel opgevaar het, is Henog (Gen 5:24; Heb 11:5), Elia (2 Kon 2:1-18), Paulus (2 Kor 12:2-4) en Johannes (Op 4:1). Die woord ἀνελήμφθη (= "is opgeneem"), wat vir Elia se hemelvaart in die LXX (2 Konings 2:11) gebruik word, word ook vir Christus se hemelvaart (Mark 16:19; 1 Tim 3:16) gebruik. Hiernaas kom die tema van die hemelvaart buite die Bybel in talle helde- en ander verhale, soos die van Herkules / Herakles voor (vgl bv Wolmarans 2002:216-217; Aune 1987:142). Dit val buite die skopus van hierdie ondersoek om verder hierop in te gaan.

Anders as ander godsdienstige vakansiedae, soos Kersfees en Goeie Vrydag, word Hemelvaart nie normaalweg as 'n vakansiedag gevier nie en baie Christene beskou dit ook as onnodige viering, aangesien die geleentheid op die Sondag voor of na die Donderdag waarop dit val in die erediens gevier kan word (vgl Leonard 19:208; Rankin 1986:92). Hier word saamgestem met Beukes (1984:79): *"As volwaardige, betekenisryke kerklike feesdag - naas die ander - sal daar gewis erns gemaak moet word om hierdie feesdag tot sy volle*

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

*reg te laat kom"*, want oor die belangrikheid en plek van Hemelvaart en die prediking met hierdie geleentheid, behoort daar geen onsekerheid te bestaan nie: *"The ascension of Christ into heaven and his exaltation in the kingdom over which he reigns is a critical piece of the Easter proclamation and essential part of of the history of our redemption. In the words of the Moravian liturgy:"Christ our crucified, risen, and ascended Redeemer, shall remain our confession of faith""* (Alexander 1994a:375).

### 3.6.7 Prediking in Pinkstertyd

Pinkstertyd wentel rondom Pinkstersondag en die tydsduur van die seisoen wissel in verskillende tradisies. Vanweë Pinkster se wisselende datum en die verband daarvan met Paasfees word dit gewoonlik gedurende Mei of Junie gevier. Naas die viering van Pinkster-(sondag), het daar ook in die NG Kerk 'n tradisie ontstaan om Pinkster te begin vier vanaf Hemelvaartdag of gedurende die week voor Pinkstersondag, met die hou van bidure en/of evangeliesasieveldtogte (vgl 3.3.13; NG Kerk in OTvl 2003:176). Pinkster kan op verskillende maniere ontgin word in die prediking. Dit kan as 'n losstaande fees gevier word op Pinkstersondag, maar ook in verband met Paastyd (waarvan dit 'n natuurlike uitvloeisel en die kulminasie is) of Koninkrykstyd (waarvan dit dan die inleiding is). As sodanig is Pinkster 'n einde en 'n begin: dit is 'n vervulling van verwagtinge en die aanbreek van 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van die kerk (vgl Barnard 1954:48-50; Heyns 1981:295).

In die viering van Pinkster moet die verband met Paasfees altyd verreken word, omdat die werk van die Heilige Gees wat hiermee gevier word 'n voortsetting van die bediening van Christus is: *"Without that connection we are apt to lose our Trinitarian balance and fall over into a kind of vague Spirit-worship"* (Soardes, Dozeman & McCabe 1993:177; vgl Dingemans 2001:513-514; Jonker 1983:102-134). Waar die verband nie in ag geneem word nie, ontstaan wanopvattings soos dat die Heilige Gees (eers) met Pinkster in die wêreld ingekom het en dat dit die geboortedatum van die kerk is (terwyl die kerk baie vroeër ontstaan het). Pinkster is die viering van 'n spesifieke werk van die Heilige Gees, naamlik die bemagtiging van die kerk vir Christus se werk in die wêreld en hierdie werk vind nie plaas buite om of los van die Vader en die Seun nie (vgl 2.5; Heyns 1981:291-301). Met Pinkster kan saam met Dingemans (2001:514) bely word: *"God is één en Hij werkt door zijn Geest op verschillende wijzen."*

Hier word gekies om Koninkrykstyd nie reeds met Pinkster te begin nie, maar eers na Drie-eenheidsondag. Die rede hiervoor is hoofsaaklik om die verband tussen Pase en Pinkster te eerbiedig en omdat die uitstorting van die Heilige Gees nie los van - of buite om - God die Vader en die Seun geskied nie. Die viering van Drie-eenheidsondag (die Sondag na Pinkster) word ter wille van 'n "trinitariese balans" ingereken by Pinkstertyd en Koninkrykstyd word van die volgende Sondag af gevier, net soos wat dit die gebruik was in die *Use of Sarum* en in die grootste deel van Noord-Europa om die "gewone" Sondae te nommer na Drie-eenheidsondag, eerder as na Pinkstersondag (Cobb 1978:411-412; Shepherd 2003). Langs hierdie weg kan Pinkster as 'n "skarnier" gevier word as 'n natuurlike afsluiting vir Paastyd en 'n ewe natuurlike inleiding vir Koninkrykstyd. Sodoende word die verband met Paastyd én Koninkrykstyd eerbiedig, maar word hierdie seisoen as "Fees van die Gees" se selfstandigheid erken. Met Hemelvaart en/of die Sondag tussen Hemelvaart en Pinkster kan die paasseisoen "afgesluit" word. Die oorgang na Koninkrykstyd kan met Drie-eenheidsondag bewerkstellig en die werk van die kerk "in die kragveld van die Gees" kan dan vanaf die volgende Sondag gevier word (vgl NG Kerk in OTvl 2003:176; Burger 1999).

Pinkster is nie meer 'n natuurfees waartydens die Here gedank word vir 'n geseënde koring- en garsoes nie, maar dit bly steeds 'n fees van dankbaarheid en vreugde. Prediking in hierdie tyd kan steeds aansluit by die motief van die verlossing uit Egipte, maar moet hoorders veral aanspoor tot dankbaarheid en vreugde, nie net oor die lewensnoodsaaklike (oes) en die verlossing (uit slawerny) wat die Here gegee het nie, maar veral oor die Gees van die Here wat aan ons gegee is en die vrygemaakte lewe wat hiermee gepaard gaan. Daar moet ook geleentheid geskep word vir hoorders om (as deelnemers van die fees) hulle belydenis, waardeur hulle aan die Here verbind is, opnuut te hernu. Verder is dit belangrik dat die hoorders / feesgangers bewus gemaak word van hulle verbondenheid aan mekaar en vreemdelinge en dat hulle aangespoor moet word om om te sien na mekaar se belange, net soos die Here met die gee van die oes, die verlossing, die Gees en die oorvloed van gawes wat daaruit voortvloei, aan hulle gegee het (vgl 3.3.1.1.3; Vos 2001:471).

In aansluiting hierby moet die motiewe van die Gees as eerstelinggawe (Rom 8:23), die insameling van die kerk van Christus as eerstelinge van die oes wat gevolg het op die dood van die koringkorrel (Joh 12:24) en die sendingmotief (Hand 2:39) in die prediking ontgin

word (vgl ook Vos 2001:470-471). Die Heilige Gees is vir eens en vir altyd uitgestort. Anders as voor Pinkster, is die Heilige Gees nie meer net in enkeles of sporadies werksaam nie, maar is Hy permanent en persoonlik by ons. Die Heilige Gees is besig om 'n groot oes, naas die eerstelinge, in te bring. Daarom word die kerk deur die Gees in staat gestel en bemagtig om in diens van hierdie bediening van die Gees, gedring deur die Gees, op 'n dinamiese en kragtige wyse getuienis te lewer en Christus se weergawe van die liefde te beoefen. Met die wederkoms sal hierdie insameling vervul wees. Pinkster kan dus ook gesien word as 'n sendingfees (vgl Barnard 1954:49, 60, 161-162; Vos 1989a:46-51). Sending en barmhartigheidswerk is gedurende dié seisoen primêre diensaktiwiteite.

Sending is nie wesenlik 'n indiwiduele of gemeentelike handeling nie, maar *"die heilshandeling van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees met die wêreld, waardeur Hy uit die menslike geslag vir Hom 'n gemeente deur sy Woord en Gees vergader"* (Kerkorde NG Kerk 2003:21). Juis omdat sending 'n trinitariese handeling is, word Drie-eenheidsondag as deel van Pinkstertyd gevier. Hierdie trinitariese begronding moet deurgaans gehandhaaf word. Drie-eenheidsondag kan, as afsluiting van Pinkstertyd - en daarmee saam ook die kerksiklus van die kerklike jaar - en as prelude van Koninkrykstyd, hierdie belangrike perspektief beklemtoon. Waar 'n trinitariese perspektief nie gehandhaaf word nie, bestaan die gevaar veral met Pinksterbyeenkomste, wanneer gewoonlik 'n appèl op hoorders gedoen word om hulle te bekeer, dat dit op skeefgetrekte manier kan geskied, hetsy m.b.t. die soteriologie of antropologie (vgl 2.5 en 2.7). Hier is dit belangrik om die woorde van Bavink (1930 II:366) te onthou: *"De zaligheid des mensen ligt onwankelbaar vast in het genadige en almachtige welbehagen Gods."* Barnard (1954:160) se beklemtoning dat die pinksterfeesprediking "gewone" prediking is, omdat daar *"geen ander Evangelie, geen "extra-Evangelie" vir besondere geleenthede"* is nie, moet onthou word.

As sodanig is Drie-eenheidsondag, wat sedert die middeleeue gevier word ter ere van die Drie-eenheid en veral in Engeland gewild geraak het, die enigste vername viering in die kerklike jaar wat op 'n leerstelling, wat nie verband hou met 'n gebeurtenis nie, gegrond is (Leonard 1994:209; White 2002:63; vgl 3.3.8). Die leerstelling oor die drie-eenheid van God word verwoord in verskeie artikels van die Christelike geloof (bv NGB art. 1, 8, 9; HK S 3 antw. 6; 8 antw.25; 10 antw. 27, 28; 34 antw. 94; 35 antw. 96; 47 antw. 122; DL 3/4, 4) en die problematiek rondom hierdie leerstelling is reeds wyd beredeneer (vgl bv Heyns 1981:47-52; 1992:40-61, 113-129; Jonker 1983:102-134; König 1975; Schwartz 1999a).

Dit is gepas om op hierdie dag te fokus op die *wese* eerder as die *dade* van die drie-enige God, Wie se handelinge in die res van die kerklike jaar gevier word. Eerder as om op hierdie dag in die prediking te poog om byvoorbeeld die misterie van die drie-eenheid te probeer verklaar of te verduidelik, kan God drie-enig eenvoudig gevier en verheerlik word vir Wie Hy is (vgl Bieritz 1988:150; Webber (ed) 1994:473).

Die geleenthede vir prediking gedurende Pinkstertyd is die Sondag voor Pinkster, Pinkstersondag en Drie-eenheidsondag, asook die bykomende geleenthede wat tussen Hemelvaart en Pinkstersondag gereël word. Die volgende perikope kan dien as tekste vir die prediking in Pinkstertyd:

| DAG | JAAR A | JAAR B | JAAR C |
|---|---|---|---|
| **Pinkster-sondag** | Psalm 104:24-34, 35b<br>Johannes 20:19-23<br>(Johannes 7:37-39)<br>Handelinge 2:1-21<br>(Numeri 11:24-30)<br>1 Korintiërs 12:3b-13 | Psalm 104:24-34, 35b<br>Johannes 15:26-27; 16:4b-15<br>Handelinge 2:1-21<br>(Esegiël 37:1-14)<br>Romeine 8:22-27 | Psalm 104:24-34, 35b<br>Johannes 14:8-17, (25-27)<br>Handelinge 2:1-21<br>(Genesis 11:1-9)<br>Romeine 8:14-17 |
| **Ander tekste:** | Joël 2; Handelinge 1:4-8; Openbaring 22:6-21 | | |
| **Drie-eenheid-sondag** | Psalm 8<br>Genesis 1:1-2:4a<br>Matteus 28:16-20<br>2 Korintiërs 13:11-13 | Psalm 29<br>Jesaja 6:1-8<br>Johannes 3:1-17<br>Romeine 8:12-17 | Psalm 8<br>Spreuke 8:1-4, 22-31<br>Johannes 16:12-15<br>Romeine 5:1-5 |
| **Ander tekste:** | Matteus 3:13-17; Lukas 24:34; Johannes 3:32-34; 7:16; 14:12-18, 20-31; 16:13; Romeine 1:4; Handelinge 1:4-5, 32-36; 2:24; 17:3; Efesiërs 1:20; 4:4-6 | | |

**TABEL 21: PERIKOPE VIR PREDIKING IN PINKSTERTYD**

(vgl Burger, Müller & Smit 1983:220; CCT 1992:33, 49, 65; Jonker 1983:127).

Pinkster hervertel die verhaal van God se voortgaande teenwoordigheid by ons deur die Heilige Gees en die kerk om ons te help om ons visie te behou en ons te bemagtig om as heel mense te leef sodat ons vir die wêreld tekens van gesonde individuele en korporatiewe lewe in volheid kan wees (Westerhoff & Willimon 1980:64). Prediking in Pinkstertyd kan hoorders begelei daarin om waarlik nuut en voluit te leef onder leiding van die Woord en die Gees. Die Heilige Gees se betrokkenheid by die mens is nie beperk nie, maar omvangryk (vgl Jonker 1983:248-256; König 1980:150-161). Daar is geen terrein van die lewe waarop die Heilige Gees nie betrekking het nie. Omdat dit so is, sou oor algemeen

gesê kon word dat die Heilige Gees in verband gesien kan word met die praktiese hulp van God aan die gelowiges: *"Dit is die Heilige Gees wat hulle laat besluit; dit is die Heilige Gees wat hulle buitengewone vermoëns gee om iets ongewoons te doen, ensovoorts"* (Du Toit 2000:163). Ten diepste is dit ook die Heilige Gees Wie die wil om die Here aan te roep in die mens se hart lê (Vos 1988:209; vgl Joh 3:5).

Aangesien die konsekwensies van die pinkstergebeure in die prediking moet uitkom, kan die volgende aangeleenthede wat deur Barnard (1954:162) aangedui word, in die prediking aandag geniet: misvattinge oor die Persoon van die Heilige Gees (bv, subordinasianisme of dat Hy as 'n blote krag gesien word), oor sy eenmalige koms (geen herhaling of nuwe uitstorting nie), oor sy betrokkenheid by Jesus en sy gerigtheid op die mens in sy sonde, oor sy leiding, oor die vrugte van sy werking (roeping, wedergeboorte, bekering, volharding, heiliging) en oor sy heenwysing na die eskatologie. Ook Vos (1989a) se behandeling van die Heilige Gees kan met vrug gebruik word as oriënteringspunt vir die prediking in Pinkstertyd. Hy gee nie net 'n goeie oorsig oor die leer oor die "Stiefkind van die goddelike familie" (:1) nie, maar trek die lyne na die praktyk toe baie goed deur. Temas wat hieruit in die prediking aan die orde gestel kan word, is onder andere: die Heilige Gees as geskenk aan Jesus (:5-9), die Heilige Gees as geskenk van Jesus (:10-13), Babel en Pinkster (:12-13), die Heilige Gees as Inwoner (:19-20), Parakleet (:25-32), Gebedsmeester (:33-34), Voorskot (:35-45) en as eerste Gawe (:46-47) asook wat dit beteken om uit die Gees gebore te wees (:14-18), om onder sy beheer te leef (:21-24), 'n lewe van groter werke (:48-51), liefde (:52-59) en hoop (:60-64) te lei.

In verband met die liefde as gawe van die Gees, moet die prediking ook leiding gee m.b.t. die vrug van die Gees (vgl Gal 5:22-23) en die verskeidenheid van algemene en besondere gawes van die Gees (vgl bv Rom 12:6-8; 1 Kor 12:4, 9, 28; Ef 4:11; 1 Petr 4:10). Wanneer hieroor gehandel word, moet daarmee saam uitgespel word dat die eerste Christene die gawes van die Gees besing en aanvaar het, maar dat hulle nooit op loop gegaan het daarmee nie. 'n Fyn uitgewerkte teologie oor die bonatuurlike gawes van die Gees is eers heelwat later (na 325) uitgewerk (vgl Stander 1986). Enige behandeling van die gawes van die Gees moet ook rekening hou met ten minste pneumatologiese, ekklesiologiese en antropologiese insigte (vgl 2.5, 2.6 en 2.7; Heyns 1981:301-303). Dit val buite die skopus van die ondersoek om verder hierop in te gaan.

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

Gedurende Pinkstertyd behoort onderwerpe soos spiritualiteit en spiritualiteitstipes (vgl bv Krebs Hirsh & Kise 1997; Oswald & Kroeger 1992) aandag te verkry en kan persone wat opgelei wil word vir hul getuienistaak toegerus word met 'n kursus soos *Getroue Getuies* (Armstrong 1993). Wat Drie-eenheidsondag aanbetref, kan die belydenis van Nicea en miskien ook dié van Athanasius, maar dan sonder die anatema's, in 'n reeks behandel word. Schwartz (1999a) se bondige en visueel aantreklike werk kan gebruik word om die drie-eenheid van God toeganklik en ervaringsmatig te maak. Wanneer die sakramente in hierdie seisoen bedien word, kan die verskeidenheid van gawes en die eenheid wat die Gees bewerk gerus daarmee saam gevier word.

Gedurende Pinkstertyd word dit gevier dat God volkome by ons teenwoordig is, dat sy koninkryk aangebreek het. Die koninkryk is egter nog nie, soos die kerksiklus van die kerklike jaar voltooi nie. Daarom kom die prediking in Koninkrykstyd nou aan die beurt.

### 3.6.8 Prediking in Koninkrykstyd

Koninkrykstyd strek vanaf die eerste Sondag na Pinkstertyd tot op Christus die Koning-sondag, die Sondag voor die eerste Sondag van Advent. Alhoewel daar nie enige primêre of hooffeeste gedurende Koninkrykstyd gevier word nie, is daar baie vieringe (en vaste) wat in hierdie seisoen val en wat in ag geneem kan word vir ontginning in die prediking. Gedurende Koninkrykstyd word die heerskappy van die Drie-enige God, wat gevestig word in elke faset van die lewe, gevier. Christus se heilswerk, soos dit in die voorafgaande seisoene stuk vir stuk gevier is, het implikasies vir ons betrokkenheid by die materiële, geestelike en emosionele nood in die wêreld en daarom word ons gedurende Koninkryks-tyd herinner aan die roeping om die gawes wat ons tydens die feeste ontvang het, in die lewe van elke dag uit te leef. Verder herinner Koninkrykstyd ons aan die eenheid en interaksie tussen wat ons bely en hoe ons lewe, tussen die teks en ons konteks, tussen kerk en wêreld, tussen woord en daad. Die werk van die kerk na buite is 'n sterk fokus gedurende hierdie tyd en die klem val op die verskillende maniere waarop die kerk die koninkryk van God sigbaar en tasbaar in die wêreld maak. Barmhartigheid, evangelisasie, gemeenskapsontwikkeling en dienswerk van allerlei aard is aspekte waaraan daar aandag gegee word in hierdie tyd (Nel (red) 2003:122-123; NG Kerk in OTvl 2003:171). Koninkrykstyd kan tereg beskryf word as *"A season devoted to social concerns"* (Hickman e.a. (eds) 1986:290).

Koninkrykstyd loop uit op die Sondag van Christus die Koning. Die bedoeling van hierdie viering was aanvanklik om die idee van die koningsheerskappy van Christus te vier (vgl 3.3.10), maar die verskuiwing daarvan, om Koninkrykstyd mee af te sluit, verleen 'n groter prominensie aan die geleentheid en ook 'n verdieping in die karakter van die seisoen. In die evangeliese kerke word die benaming *Ewigheidssondag* vir hierdie Sondag gebruik, maar hier word die benaming Sondag van Christus die Koning, wat ook in die Katolieke kerk gebruik word, verkies. Die rede hiervoor is omdat dit Christus in die middelpunt stel. Op hierdie dag word Hy geprys as die Hoof en Koning van die nuwe skepping en daar word in verband hiermee gebid vir eenheid onder en vrede vir alle volke (Bieritz 1988:160-161). As sodanig is Christus die Koning-Sondag 'n goeie fokus vir die afsluiting van Koninkrykstyd en bied dit 'n goeie oorgang na die begin van Adventstyd en daarmee saam 'n nuwe kerklike jaar waarin die heilsdade van God weer in herinnering geroep en gevier word.

Enkele voorbeelde van benaderings tot die inrigting van die prediking in Koninkrykstyd, is dié van Barnard en die RCL. Barnard (1989:12) stel die volgende voor ten einde die groot hoofdele van die Bybel na hulle hoofsake betekenisvol op 'n sistematiese en afwisselende wyse aan die orde te laat kom:

| | |
|---|---|
| Een maand (Junie): | Handelinge, wat die voortgang van Pinkster is; |
| Een maand (Julie): | Die Nuwe-Testamentiese briewe, wat die evangelie en die heilsfeite dogmaties en andersins deurlig; |
| Een maand (Augustus): | Die Tora / die Wet en die geskiedenis; |
| Een maand (September): | Die profete; |
| Een maand (Oktober): | Die geskrifte (soos Psalms ens.); en |
| Een maand (November): | Die hele saak van die eskatologie (die wederkoms van Christus en die voleinding van alle dinge). |

In die RCL (CCT 1992:33-39, 49-55, 65-71) word die lesings ingedeel op 'n wyse waarvolgens die prediking kan geskied a.h.v groter gedeeltes van die Bybel in aansluiting by groter temas in spesifieke boeke van die Bybel (vgl Webber (ed) 1994:457-458). Naas lesings uit die Psalms, word die RCL se lesings gedurende Koninkrykstyd uit die volgende boeke geneem:

| | **Ou Testament** | **Evangelies** | **Briewe** |
|---|---|---|---|
| **JAAR A:** | Genesis<br>Eksodus<br>Deuteronomium | Matteus | Romeine<br>Filippense<br>1 Tessalonisense |
| **JAAR B:** | 1 & 2 Samuel<br>Josua<br>Rigters<br>Rut<br>Ester<br>Job<br>Spreuke | Markus | 2 Korintiërs<br>Efesiërs<br>Jakobus<br>Openbaring |
| **JAAR C:** | 1 & 2 Konings<br>Die Profete | Lukas | Galasiërs<br>Kolossense<br>Filemon<br>Hebreërs<br>1 & 2 Timoteus |

**TABEL 22: BOEKE WAARUIT RCL-LESINGS VIR KONINKRYKSTYD KOM**
(vgl CCT 1992:33-39, 50-55, 65-71).

Albei hierdie benaderings is navolgenswaardig, maar die meer verantwoordelike weg is waarskynlik om aan te sluit by 'n leesrooster soos die RCL en dan van tyd tot tyd en volgens behoefte op gekontroleerde wyse hiervan af te wyk. Sodoende kan daar ten minste oor 'n mediumtermyn (drie jaar) gestuktureerd gewerk word én afwisseling plaasvind. Die RCL se evangelielesings is gebaseer op Jesus se verkondiging aangaande die konikryk en die lesings uit die Ou-Testament en die briewe vir elke Sondag sluit ook hierby aan. Die lesings uit die verskillende boeke is verder semi-deurlopend en stel ook die hooflyne van elke boek aan die orde, terwyl dit die tema van Koninkrykstyd belig.

Die lesings wat in die RCL aangebied word kan in 'n siklus van nege jaar aangewend word, omdat enige van die drie lesings op 'n Sondag gebruik kan word as vertrekpunt daarin (Hickman e.a. (eds) 1986:241; vgl 3.5.3 oor die tekortkomings van die RCL en hoe om dit te oorkom). Temas wat deur die perikope in die RCL met die koninkryk in verband gebring word, wissel van o.a. Abraham se roeping en die geskiedenis van Isak en Jakob (n.a.v. Genesis 12, 24 en 28) tot die verantwoordelikhede van Christene teenoor mekaar (n.a.v. Romeine 13:8-14). In die lig daarvan dat daar vir elke Sondag ten minste drie tekslesings aangedui word in die RCL, is dit sekerlik so dat byna enige aspek van die alledaagse en Christelike lewe met die koninkryk in verband gebring kan word. Waar leesroosters nie

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

gevolg word nie, kan geput word uit die materiaal wat reeds hierdeur geselekteer en gesistematiseer is.

Die teksgedeeltes van Koninkrykstyd hou verband met die tema dat Jesus die Here van alle here, die Koning van alle konings is en verskeie perikope kan dien as tekste vir die prediking in Koninkrykstyd. Aangesien die skopus vir prediking in Koninkrykstyd so wyd is, word hier nie 'n lys van lesings vir die hele Koninkrykstyd gegee nie. Vierings soos Christus die Koning- en Hervormingsondag is tog in 'n mate meer fokusgebonde as die ander Sondae in Koninkrykstyd. Die volgende perikope word hiervoor voorgestel:

| | **JAAR A** | **JAAR B** | **JAAR C** |
|---|---|---|---|
| **Christus die Koning-sondag** | Psalm 100 of 95:1-7a<br>Esegiël 34:11-16, 20-24<br>Matteus 25:31-46<br>Efesiërs 1:15-23 | Psalm 132:1-12, (13-18) of 93<br>2 Samuel 23:1-7<br>Daniël 7:9-10, 13-14<br>Johannes 18:33-37<br>Openbaring 1:4b-8 | Psalm 46<br>Jeremia 23:1-6<br>Lukas 1:68-79; 23:33-43<br>Kolossense 1:11-20 |
| **Ander tekste:** | Psalm 72; Johannes 18:33-37; Openbaring 5; 12:1-6 | | |
| **Hervorming-sondag** | Genesis 15:1-6; Psalm 33:1; 46; 84:5, 6; 119:14-16; 149:5; Jeremia 31:31-34; Matteus 5:2-10[11-12]; Johannes 8:31-36; Romeine 1:8-17; 3:19-28; Openbaring 5:6-12 | | |

**TABEL 23: PERIKOPE VIR PREDIKING OP CHRISTUS DIE KONING-SONDAG EN HERVORMINGSONDAG**

(vgl CCT 1992:39, 55, 70; Monshouwer 1998a:435; Borchardt 1989:104-108; Webber (ed) 1994:491).

Hervormingsondag is volgens Du Toit (1969:93-94; vgl 3.3.10) in die eerste plek 'n dag van boete en inkeer aangesien die breuk in die Christelike kerk *"die skuld van ons almal"* is. Hiernaas kan God vandag nog gedank word vir dit wat hy ons deur die kerkhervorming geskenk het. Hierdie dag kan op verskeie wyses ontgin word in die prediking. Luther se intensie was nie om die kerk te verdeel nie, maar om gesprek aan die gang te sit. Sy intensiewe en kritiese studie van die Bybel het hom by ander antwoorde as die van sy kerk uitgebring en hy wou dit debatteer. Die motief van kritiese gesprek en debattering kan ook in ons tyd verder ontwikkel word. In aansluiting daarby dat Luther die Bybel deur o.a. vertaling toeganklik gemaak het vir "gewone mense", kan die ontwikkeling van modi om die Woord van God meer effektief te kommunikeer in 'n nuwe konteks ook in hierdie tyd aandag geniet. Dit is belangrik dat die viering geskied op 'n wyse wat nie verdeeldheid in die kerk veroorsaak of bevorder nie. Die Katolieke kerk van die een-en-twintigste eeu is

allermins die Katolieke kerk van die sestiende en sewentiende eeu en dit is daarom meer gepas om te fokus op ooreenkomste met dié kerk en die positiewe bydrae wat deur dié kerk gemaak word onder hoorders se aandag te bring (vgl Bieritz 1988:155; Spangenberg 2003:72-73). God se getrouheid kan op dié dag gevier word en daar kan ook gebid word vir medegelowiges in ander kerke en getrouheid aan die Woord van God. Temas soos die verlossing uit genade alleen kan in die prediking aandag geniet (vgl Webber (ed) 1994:491).

Hiernaas behoort die Hervormingsdaggetuienis van agt teoloë (CFA Borchardt, HJB Combrink, BA Muller, WP Esterhuizen, JA Heyns, WD Jonker, HW Rossouw en AB du Toit) in 1980 (vgl Van der Merwe 1997:356-364) nie vergeet te word nie. Deur hierdie getuienis is belangrike sake wat reeds in 1960 (tydens die Cottesloe beraad) bespreek is, weer op die tafel geplaas. Alhoewel daar negatiewe reaksie op die getuienis was, het die geskiedenis aangetoon dat dit 'n profetiese stem van ware hervormers was en die rol wat hulle *"gespeel het in die koerswysiging van die Ned Geref Kerk kan en mag nie vergeet word nie"* (Van der Merwe 1997:363).

Allerheiligesdag (1 November) word as 'n ekumeniese fees beskou en is in verskeie tradisies 'n gevestigde gebruik (Bieritz 1988:156; vgl 3.3.8). Aanvanklik het die naam verwys na al die martelare en het die benaming gesinspeel daarop dat die geloofsgetuies ontelbaar is (Rankin 1986:99-100). Hierdie viering kan ontging word om die gemeenskap van alle gelowiges en veral ook die volharding van gelowiges (veral t.m.v. vervolging en tye van swaarkry) in die prediking aan die orde te stel. Deur die jare is 'n enorme erfenis van getuienis aangaande God en sy werking in die lewens van gewone mense opgedoen. Aangesien hierdie dag naby aan Hervormingsondag val, kan dit moontlik in verband gebring word hiermee. Sodoende kan die ekumene ook gedien word. Perikope wat gebruik kan word in die prediking wat by Allerheiligesdag aansluit, is ten minste die volgende:

| JAAR A | JAAR B | JAAR C |
|---|---|---|
| Psalm 34:1-10, 22<br>Matteus 5:1-12<br>1 Johannes 3:1-3<br>Openbaring 7:9-17 | Psalm 24<br>Spreuke 3:1-9<br>Jesaja 25:6-9<br>Johannes 11:32-44<br>Openbaring 21:1-6a | Psalm 149<br>Daniël 7:1-3, 15-18<br>Lukas 6:20-31<br>Efesiërs 1:11-23 |

**TABEL 26: PERIKOPE VIR PREDIKING OOR ALLERHEILIGESFEES**

(CCT 1992:39, 55, 71).

Prediking kan in reekse geskied oor byvoorbeeld Jesus se woorde en dade wat nie in die feessiklus aandag geniet het nie, sy gelykenisse, sy siening van die koninkryk van God en ander aktuele sake wat verband hou met die Koninkryk. Vrae wat by hoorders bestaan kan ook as aanknopingspunt gebruik word. Ook dogmatiese temas soos die openbaring, die heilige Skrif, die uitverkiesing, die voorsienigheid, die sonde, die verbond, die genade-middele en die voleinding (vgl Heyns 1981) kan ook op 'n toeganklike wyse aandag geniet. Knelpunte in die teologiese gesprek van die dag kan ook onder die soeklig gestel word. Gesprekke oor wêreldbeskouings en paradigmaveranderinge is aan die orde van die dag en kan nie in die prediking geïgnoreer word nie (vgl Du Toit 2000:13-61). Die prediking gedurende dié tyd kan hoorders bystaan om die hartklop van die Christelike evangelie oor 'n wye spektrum op nuwe wyses te ervaar en te verwoord (vgl Borg 2003; Nel 2003). Gedurende die feessiklus kan vrae wat by hoorders ontstaan aangeteken word en dan kan dit gedurende hierdie tyd op 'n gestruktureerde wyse aan die orde gestel word. Langs hierdie weg kan daartoe bygedra word dat die prediking aktueel is.

Koninkrykstyd val in die Suidelike Halfrond veral in die winter, waartydens ons die groen van die natuur sien verdwyn. Die lenteseisoen breek aan die einde van Koninkrykstyd aan. Ander aksente as dié wat in die Noordelike Halfrond aandag geniet moet dus in hierdie seisoen van die kerklike jaar beklemtoon word (kyk Schuman 2002:115, 130; 1998:377-378). Aan die begin van Koninkrykstyd kan die krag van die opstanding en die teenwoord-igheid van God in ons midde t.m.v. die sigbare tekens van doodsheid verkondig word en kan hoorders uitgedaag word om dit te bely en hierdie belydenis uit te leef t.s.v. wat hulle rondom hulle sien. Aan die einde van Koninkrykstyd kan die seisoenswisseling weer in aansluiting hierby as verwysingspunt dien vir God se getrouheid. Die moontlikheid van 'n lentefees (op die Sondag die naaste aan Lentedag) behoort ondersoek te word. In die Bybel is daar dikwels verwysing na die oue en die nuwe, beide i.t.v. van vergelyking en kontrastering. Uitdrukkings soos nuwe verbond (Luk 22:20; 1 Kor 11:25; 2 Kor 3:6; Heb 8:8, 13; 9:15; 12:24), nuwe skepping (2 Kor 5:17; Gal 6:15), nuwe gebod (Joh 13:34; 1 Joh 2:7, 8; 2 Joh 5 ), nuwe aarde (2 Pet 3:13; Op 21:1), nuwe mens (Ef 2:15; 4:24; Kol 3:10) ens., kom veral in die NT voor. Gedurende Koninkrykstyd, maar veral rondom die aanbreek van die nuwe seisoen, kan dié begrippe ontgin word om Christus se Koningskap te verkondig en toe te lig in die prediking en andersins (vgl Collins 1992:1086-1088).

Koninkrykstyd bied ruim geleentheid om God se koningskap en sy koninkryk te verkondig en kan met groot vrug ontgin word in die prediking.

#### 3.6.9 Prediking met ander besondere geleenthede

Uit die aard van die saak kan al die vieringe en geleenthede wat nie noodwendig verband hou met die seisoen van die kerklike jaar waarin dit val nie, maar wel in die prediking ontgin kan word nie hier in oënskou geneem word nie. Die geleenthede wat wel in behandeling geneem word, is reeds gevestigde vieringe in die kerk of gemeenskap of dit behoort aandag te kry vanweë die besondere beklemtoninge daarvan (vgl 3.4.2). Die volgorde waarin die vieringe behandel word volg die chronologiese gang van die kerklike jaar.

##### 3.6.9.1 Versoeningsdag / Geloftefees

In Suid-Afrika word 16 Desember sedert 1995 nie meer as Geloftedag nie, maar as Versoeningsdag gevier en die fokus van hierdie viering is *"the purpose of fostering reconciliation and national unity"* (Public Holidays Act 1994: Act No 36). Die verskuiwing in die vertolking van 16 Desember is reeds beredeneer (NG Kerk 1995:436, 572) en die verandering van die inskrywing by die dag is ook dienooreenkomstig in die Jaarboek van NG Kerke (1995: xliv) aangebring (vgl 3.3.13). Die dag behoort as deel van die kerklike jaar gevier te word om vrede, verdraagsaamheid en 'n gees van versoening te bevorder.

Hierdie dag kan gedurende Adventstyd ontgin word om erkenning aan God te gee vir sy betrokkenheid in die geskiedenis en nood van mense, asook om hoorders op te roep tot geloof en vertroue in God (vgl ook Du Toit 1969:26-29). Die gevare rondom hierdie fees bly egter steeds die verheerliking van die geskiedenis en die figure daarby betrokke en die blanke bo die swarte, asook die Afrikaner bo ander bevolkingsgroepe. Hiernaas bestaan die gevaar ook dat die dag as politieke platform misbruik kan word (vgl Barnard s j (a):10). Vanweë die NG Kerk se verbondenheid aan die Afrikaner is die viering van hierdie dag 'n delikate aangeleentheid en oor die meriete van die voortgaande viering van Geloftedag sal daar nog lank debatteer word. Waar die viering van Geloftedag nie verdeeldheid in stand hou of bevorder nie en die gevare wat dit inhou kan omseil, kan dit voortduur. Wat die doel van die ondersoek aanbetref, kan die aksente van die viering wat hier uitgelig is ontgin word. God se betrokkenheid in die geskiedenis en nood van mense en 'n oproep tot geloof en vertroue in God kan egter ook ingeskakel word in die viering van Versoeningsdag.

Wat die uitdaging rondom versoening in die kerklike praktyk en verder aanbetref, moet die begrip *vesoening* behoorlik gedefinieer word, 'n teologie van versoening ontwikkel word en duidelik daarop gewys word dat versoening en geregtigheid twee kante van dieselfde muntstuk is. Lidmate moet op die pad van belydenis, vergifnis en versoening begelei word en daar moet aangehou soek word na die waarheid (Meiring 2003:117-121). Oud-Aartsbiskop Desmond Tutu se woorde met die oorhandiging van die verslag van die Waarheids- en Versoeningskommissie behoort op elke viering van Versoeningsdag onthou te word: *"We have been wounded but we are being healed. It is possible ... to become one people, reconciled, caring, compassionate and ready to share as we put our past behind us, to stride into the glorious future God holds before us as the Rainbow People of God"* (aangehaal in Meiring 1999:377). Die motief van versoening, tussen God en mens en mens en medemens, in die Bybel en in die teologie is omvangryk en omvattend. Die persoonlike, sosiale en kosmiese dimensies van hierdie versoening en die onlosmaaklike band wat daartussen bestaan, asook vrede en sosiale geregtigheid moet in die prediking op hierdie dag tot uitdrukking kom. Indien dié aspekte nie in ag geneem word nie, sal die omvattende betekenis van Christus se versoeningswerk ernstig verskraal word (vgl Taute 1993:16-20). Elemente van die Groot Versoeningsdag (vgl 3.3.1.1.7) kan ook hier ontgin word.

Die volgende perikope kan dien as vertrekpunt vir prediking op Versoeningsdag:

| | | |
|---|---|---|
| **Versoening** | Romeine 5:1-11<br>Efesiërs 2:11-22<br>1 Johannes 3:17; 4:11-20 | 2 Korintiërs 5:11-20<br>Kolossense 1:9-23 |
| **Vrede** | Eksodus 15:1-21<br>Numeri 6:22-27<br>Deuteronomium 29:1-29<br>Jeremia 6:1-15<br>Esegiël 34:1-15, 17-31<br>Matteus 5:23-24; 6:12; 18:21-35<br>Lukas 2:14; 7:18-35; 19:41-42<br>Johannes 14:27 | Handelinge 15:1-35<br>Romeine 12:9-21<br>Kolossense 3:11-18<br>Galasiërs 2:11-14<br>Jakobus 2:1-13; 3:1-12; 3:13-18; 4:1-3; 5:1-6, 16<br>Openbaring 5:5-6; 12:10-12 |
| **Sosiale Geregtigheid** | Psalm 85:10-14; 94:20-23<br>Jeremia 6:14: 8:11; 23:17<br>Miga 4:1-4 | Esegiël 13<br>Jesaja 2:2-4; 58:6-7<br>Amos 4:6-7; 5:10-15; 8:4-6 |

**TABEL 25: PERIKOPE VIR PREDIKING OP VERSOENINGSDAG**

(vgl Burger, Müller & Smit 1990; Taute 1993).

### 3.6.9.2 Ou- en Nuwejaar

1 Januarie word vanaf 153 v.C. beskou as die amptelike jaarwisseling en sedert die ingebruikneming van die Juliaanse kalender, word hierdie dag en nie meer 1 Maart nie, aangedui as die begin van die nuwe jaar (vgl 3.3.7). Die gebruik om 'n Ou- / Nuwejaarsdiens op die laaste dag van die jaar te hou, alhoewel dit niks met die kerklike jaar te doen het nie, het in verskeie kerke, ook in die NG Kerk oorleef (Du Toit 1969:62). 'n Erediens op Oujaar, wat ook vroeër in die aand kan plaasvind, bied ruimte aan gelowiges om hulle belewenisse van die afgelope jaar te verreken i.v.m. God se betrokkenheid by hulle en om hulle verwagtinge, wense en drome vir die nuwe jaar aan Hom op te dra. In die prediking kan daaraan herinner word dat ons in 'n lotsverbondenheid met Christus leef en dat ons nie aan die noodlot oorgelaat word nie: *"Gott in Christus ist der Herr der Zeit und unseres sogenannten Schicksals, das kennzeichnet unser Menschsein"* (Jenssen 1999:268).

Die klem van 'n viering op hierdie dag sal anders wees as wat dit was met die viering van die wisseling van seisoene en met die nuwejaarsfees (asook die Groot Versoendag) waarvan ons in die Bybel lees, maar sommige van die aksente hierin is steeds relevant en kan ontgin word. Om 'n ou jaar af te sluit en 'n nuwe jaar te begin met verootmoediging en deur jouself voor te berei vir die tydperk wat voorlê (vgl Lev 23; Num 29), kan goed wees. Elemente van Wesley se Verbondsdiens, soos die herinnering aan God se beloftes van trou en 'n herverbintenis om vir die Here te leef, kan ook in die prediking ontgin word en in die liturgie uitgewerk word (vgl Hickman e.a. (eds) 1986:78-84).

Sedert 1816 is 'n Gedenkdag vir die Ontslapenes gehou op die laaste Sondag voor Advent. Later is dit egter verskuif om deel uit te maak van die Oujaarsdiens, waartydens dit die gebruik geraak het om afgestorwenes se name uit te lees en aan hulle hulde te bring (Bieritz 1988:159-160; vgl Du Toit 1969:62). Dié gebruik het met die proses van verstedeliking in onbruik begin geraak. In verskeie kerklike kalenders word die Naamgewing van Jesus op 1 Januarie gevier (vgl Bieritz 1988:193-196). Aan die begin van die burgerlike kalenderjaar behoort gereageer te word op die vrese en hoop van mense (Bieritz 1988: 195) en hier word saamgestem met Auf der Maur (1983:176): *"Eine bedeutende pastorale Chance ist ... die Feier von Neujahr, wenn es als solches gefeiert wird. Die Feier eines künstlich rekonstuierten, seit über tausend Jahren abgestorbenen Festes dürfte weit an der Erlebnissituation heuticher Menschen vorbeigehen."*

Perikope wat vir die prediking rondom die jaarwenteling gebruik kan word, sluit in:

| | | |
|---|---|---|
| **Ou-/ Nuwejaar** | Josua 1:1-9<br>Psalm 90<br>Prediker 3<br>Lukas 4:16-21; 12:35-40; 41-48 | Romeine 8:31b -39<br>Jakobus 4:13-15<br>1 Petrus 5:5-11 |
| **Nuwejaar / Naamgewing** | Psalm 8<br>Jesaja 9:2-7<br>Lukas 2:15-21<br>Handelinge 4:8-12 | Galasiërs 3:23-29<br>Filippense 2:10-11<br>Titus 2:11-15 |

**TABEL 26: PERIKOPE VIR PREDIKING RONDOM NUWEJAAR**
(vgl Bieritz 1988:193; CPSA 1993:290; Vrijlandt 1987:269; 274).

### 3.6.9.3 Menseregtedag

Menseregtedag (21 Maart) word gevier op die dag wat verband hou met die stigting van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie op hierdie dag, 35 jaar na die tragiese gebeure op dié dag in 1960 waartydens 69 swartmense, wat betoog het teen die wetgewing wat hulle verplig het om 'n pasboek ('n dokument wat "bewys" het dat hulle vergunning gehad het om blanke gebiede binne te gaan) te dra, deur lede van die polisie doodgeskiet is en 180 beseer is. Die dag het vroeër as Sharpevilledag bekendgestaan en is in die apartheidsjare gevier deur anti-apartheidsaktiviste, alhoewel dit nie 'n amptelike vakansiedag was nie (Public Holidays 2003).

Alle mense het regte en die Bybel veronderstel deurgaans dat reg tussen God en mens en mens en mens sal geskied. God skep vir alle mense ruimte om te leef, ruimte waarbinne mense tot hulle reg kan kom (Gen 1 en 2; Hand 17:24-28) en van ons word verwag om medeskeppers van God te wees. Gelowiges moet hulle daarvoor beywer om op persoonlike vlak en binne die strukture van die samelewing medemenslikheid te bewys en dít wat onmenslik is uit die weg te ruim (Lategan, Kinghorn, Du Plessis & De Villiers 1987:15-16). Alhoewel die begrip menseregte nie in die Bybel voorkom nie en nie gegrond word op 'n Christelike of godsdienstige belydenis nie, maar in die inherente waardigheid van die mens, het die saak daarvan betrekking op Bybelse denke en sou 'n mens kon sê dat die idee daarvan 'n etiese gebod is wat uiteindelik in God berus (Visagie 1994:21). Prediking rondom hierdie dag kan vanuit verskeie invalshoeke gedoen word, maar behoort ten minste 'n aantal aspekte aan te raak. Juis omdat menseregte as 'n idee universeel is en onafhanklik

van belydenisse bestaan, kan dit daartoe bydra dat verdeeldheid te bowe gegaan kan word en 'n basis vir eensgesindheid gevind kan word. Ook ongelowige mense kan die inherente waardigheid van die mens erken en 'n lewe lei wat aan hoogstaande sedelike norme voldoen (vgl Heyns 1982:89-109; 192-211; 1986:308-310; König 1994:7-15).

Die kerk het 'n belangrike rol te speel in die vestiging van 'n kultuur van menseregte (vgl Van Niekerk 1998:404-418; Visagie 1994:24), maar dit belangrik dat die kerk haarself nie in die proses deur die politiek vir staatsdoelwitte (tans: waarheid, versoening, geregtigheid) laat gebruik nie (Le Roux 1998:301-312). Die volgende perikope kan vir prediking rondom Menseregtedag gebruik word (vgl Vos & Müller 1998):

| | | |
|---|---|---|
| Genesis 1-11 | Jona 1-4 | 2 Korintiërs 5:16-21 |
| Psalm 8; 73; 108; 139 | Matteus 25:14-30 | Jakobus 5:1-6 |
| Spreuke 4:1-9 | Lukas 10:25-37 | 1 Johannes 2:3-11; 3:11-18; 4:12-18 |
| Esegiël 18 | Handelinge 17:24-28 | |
| Amos 5:1-27 | Romeine 12:17-21 | |

**TABEL 27: PERIKOPE VIR PREDIKING RONDOM MENSEREGTEDAG**

### 3.6.9.4 Gesinsdag

Gesinsdag (die Maandag ná Paasfees) vier een van die belangrikste boustene van 'n gesonde samelewing (vgl Bekker 1983:356-360). Die gesin (en familie) kom deesdae al hoe meer onder die soeklig en die veranderende tye het 'n besliste impak op die gesinslewe en die manier waarop ons ons gesinne ervaar en daaroor dink. Veral die oorgangsperiode tussen die moderne en postmoderne lewensbeskouing lewer allerlei probleme vir die gesinslewe op (Louw 1989:11-13; vgl Müller 2002a:18-22). Die toename in films oor gesins- en familielewe reflekteer iets oor die problematiek hieraan verbonde: in die 1980's was daar twee films met die familie as tema, in 1992 was daar ses, in 1994 groei dit tot 75 en in 1998 was daar 107! (Marais & Marais 2002:21).

In die kerk se bediening aan en deur gesinne moet verskeie mites oor gesinslewe afgebreek word en riglyne verleen word wat hierin 'n opbouende bydrae kan lewer. Aangesien Gesinsdag net na Paasfees val en daar nie op die Maandag 'n erediens is nie, moet 'n alternatief geskep word vir prediking in hierdie verband. Buiten dat daar iewers 'n pertinente plek hiervoor ingeruim moet word, kan die saak tydens Paasfees en al die groot feeste

ingewerk word, aangesien die feeste reeds in die Bybelse tyd 'n "gesins / familieaangeleentheid" was (vgl 3.3.1). Dit geld ook van ten minste doopgeleenthede en nagmaalvieringe. Die prediking het hierin 'n groot rol te speel.

Oor die gesinsverband skryf Heyns (1986:189) dat dit van al die samelewingsverbande die een met die delikaatste, teerste en intiemste sosiaal-psigiese verhoudinge is. Prediking hieroor moet dit in ag neem. Byna al die literatuur oor die gesins- en famlielewe dui daarop dat daar aan "die tipiese tradisionele gesin" 'n te hoë waarde toegeken is en dat die "herlewing van die gesin" dit in ag moet neem: *"Ons moet wegkom van die mite van die volmaakte gesin. Daar is nie so iets nie. ... God verwag nie van ons volmaaktheid as gesin nie. Soos wat Hy ou Jakob se "probleemgesin" kon gebruik om sy doel met sy volk te bereik, so kan Hy ook ons gesin gebruik soos wat ons nou is"* (vgl Müller 1996a:16, 68).

Die "familie van God" as metafoor kan in hierdie verband ontgin word (vgl Burger 1997), maar wanneer dit gedoen word, moet verreken word dat die gesin in die tyd van die Bybel anders gelyk en gefunksioneer het as wat dit vandag die geval is (Malina & Rohrbaugh 1992:100-101; vgl Louw 1989:32-74; Marais & Marais 2002:29-41). Motiewe wat in prediking rondom gesinsdag ontgin moet word en waardes wat nagestreef kan word, is God se sorg vir ons, ons sorg vir mekaar, wedersydse verantwoordelikheid, respek vir mekaar en mekaar se andersheid, sorg vir die vorige én volgende geslag, asook dienslewering aan ander. Dit alles veronderstel respek vir alle mense, eerlikheid, om te lewe in liefde en vrede, regverdigheid teenoor almal en om te lewe in eerbied teenoor God (Müller 1996a:17-24; vgl Marais & Marais 2002:76-86).

Gesinne moet begelei word om te verstaan dat die groot verskil tussen die Christengesin en ander gesinne lê in die plek wat viering in die gesin inneem. Hulle vier na die geboorte van 'n kindjie die wedergeboorte wanneer die kindjie gedoop word (eerder as om net 'n partytjie te hou) omdat hulle 'n hoër werklikheid erken. Wanneer die kindjie grootword, vier hulle die kind se deelname aan die grootmenswêreld en sy of haar rol daarin nie net op sy of haar 21ste verjaardag nie, maar met sy of haar belydenisaflegging en wanneer Christene trou, doen hulle dit rondom die Woord. Ander rituele vierings is die gebed aan tafel, huisgodsdiens, die lees van die geboorteverhaal op Oukersaand, die gebed by die verjaarsdag, die viering van die kerklike feeste - saam met die gemeente in die kerk, maar ook by die huis (Müller 2002:110-111).

Die kernboodskap rondom Gesinsdag, is dat "gesinsloses" by God kan tuiskom en kan deel wees van sy uitgebreide familie. In hierdie familie geld God se gesag en word sy doelwitte nagestreef. Hier word vroue beter behandel, kinders meer in ag geneem, omdat hulle ook vir die Here belangrik is en armes beter versorg (Matt 19:1-20:16; vgl Burger 1997:145). Die volgende perikope kan rondom Gesinsdag gebruik word:

| | | |
|---|---|---|
| Genesis 1-11; 15-17; 37-45 | Hosea 11:1-4, 8 | Johannes 10:28-29 |
| Deuteronomium 1:31; 14:1; | Maleagi 2:9-10 | 2 Korintiërs 6:18 |
| 32:6-10 | Matteus 6:8; 6:30-32; 10:37-39; | Efesiërs 2:19; 5:21-6:9 |
| Psalm 103:8, 13; 131:2 | 12:46-50; 19:28-30 | Kolossense 3:18-21 |
| Spreuke 3:12 | Markus 10:3-34 | Hebreërs 12:5-7 |
| Jesaja 63:15-16; 66:13; | Lukas 15:11-32 | |
| vgl ook 49:15 | | |

**TABEL 28: PERIKOPE VIR PREDIKING RONDOM GESINSDAG**

### 3.6.9.5 Vryheidsdag

Op Vryheidsdag (27 April) word die eerste demokratiese verkiesings in Suid-Afrika, wat gedurende 1994 gehou is, gevier (Public Holidays 2003). Die fokus van die vieringe op hierdie dag is vryheid en die demokratiese waardes wat in die Grondwet verskans word. Die waardes wat hierin verteenwoordig word, stem ook ooreen met dit wat Christene vir die land en landsburgers wil, alhoewel hulle motivering in God en sy heerskappy ingebed is. Dit val buite die skopus van hierdie ondersoek om nader in te gaan op die verskynsels van regering, gesag, regspleging ensovoorts. Sake wat verband hou met regering en burgerregte is sedert die vroegste tye beredeneer en die laaste woord hieroor sal nie gespreek word nie.

Die prediking kan hoorders help om 'n gesonde Bybelse samelewingskritiek aan te kweek en om hulle te motiveer om goeie landsburgers te wees. Goeie voorbeelde van Bybelse samelewingskritiek word aangetref by die profete soos Amos, Hosea, Jesaja en Miga en die latere profete soos Jeremia en Esegiël. Hulle kritiek is gelewer teenoor almal: magtiges en rykes (Am 3:9-10; 4:1-3; 5:11), politici en mense wat invloed in die politiek het (Hos 7:3-7; 8:4), hoë amptenare en regters (Jes 1:10-17, 21-28), handelaars (Hos 12:8-10), groot grondbesitters (Jes 1:29-31; 5:8-10; Miga 2:1-3) en die hele bevolking (Am 2:6-16; Hos 4:1-3). Die kritiek het te doen gehad met die elkedagse lewe en die doel daarvan was deur-

gaans gerig op gehoorsaamheid aan die verbond, 'n terugkeer na God. 'n Bybelse samelewingskritiek wentel dus rondom die samelewing se vra na die wil van God. In 'n juiste bestel sal *"die regte van die mens ten opsigte van die medemens" gewaarborg en beskerm word deur "die regte van God ten opsigte van die mens""* (Heyns 1986:87-89).

In die prediking rondom Vryheidsdag kan gepreek word oor die gesag en die mag van die staat en die reg as die leidende norm vir alle staatlike handelinge (bv Rom 13; vgl Heyns 1989:135-136) en ook oor die vryheid en gepaardgaande verantwoordelikheid en aanspreeklikheid van die gelowige as landsburger (2 Kor 3:17; Gal 5:13; vgl Heyns 1982:373-378). Hoorders moet daarop attent gemaak word dat regering en burgerskap in die tyd van die Bybel anders gefunksioneer het as tans en dat verwantskap en politiek die enigste twee instellings van die destydse samelewing was. Godsdiens en ekonomie het nie, soos vandag, apart hiervan gefunksioneer nie (vgl Malina & Rohrbaugh 1992:136-137). Vryheid lê vandag vir die gelowige in die besef dat hy onder God staan en langs sy medemens. Dit lê verder in die vind van vrede oor sy roeping, taak en funksie (selfontplooiing), in die beoefening van selfbeheersing en skeppende vormgewing en in verantwoordelike gebondenheid m.b.t. die strukture van die samelewing (Heyns 1982:374).

Die NG Kerk (1991:492-493; 711) het in 'n deklarasie van Christelike beginsels aangedui dat 'n handves van menseregte nodig is vanweë die sondigheid van die mens. Die individu se basiese regte moet beskerm word sodat 'n volle menswaardige bestaan gevoer kan word. Volgens die norme van billikheid, reg en geregtigheid is dit nodig dat dat die staat toesien dat geen wetgewing mag diskrimineer op grond van ras, kleur, geslag, kultuur of godsdiens nie en dat alle mense gelyke behandeling geniet in die inhoud en toepassing van die wetgewing. Gelowiges moet hiervolgens ook opgeroep word tot eerbied vir die persoon en lewe van alle mense, asook liefde en deernis teenoor alle mense. Omdat die genade groter is as die sonde, is aanpassing moontlik en kan gelowiges hulleself beywer om van ons land 'n beter plek te maak en ongeregtigheid met kreatiewe moed aan te pak (Kinghorn 1990:129-130, 147; vgl :131-144).

In aansluiting hierby sal ook aandag geskenk moet word aan die ontwikkeling van visie en leierskap. Om die waardes van vryheid, versoening ensovoorts gevestig te kry, sal duidelike visie en goeie leierskap verg. Hierdie twee aangeleenthede hou ook verband daarmee dat 'n groot persentasie Afrikaners tans aan depressie ly. Die onvermoë van

mense om die nuwe staatsbestel te verwerk en aan te pas daarby speel 'n groot rol in die algemene gevoel van magteloosheid en radeloosheid (vgl Grové 1998). Prediking rondom Vryheidsdag sal ook daarop gerig moet wees om hoorders wat daarmee worstel uit 'n post-apartheidsdepressie te help begelei. Die volgende perikope kan gebruik word:

| | | |
|---|---|---|
| Rigters 21:25<br>2 Samuel 22:20<br>Psalm 18:20; 23; 44:3; 68:7; 111:9<br>Amos 2:6-16; 3:9-10; 4:1-3; 5:11<br>Hosea 4:1-3; 7:3-7; 8:4; 12:8-10 | Jesaja 1:10-17, 21-28; 1:29-31; 5:8-10; 61:1<br>Miga 2:1-3<br>Matteus 22:15-22<br>Lukas 4:16-22<br>Romeine 8:21; 13:1-7; 8-14<br>1 Korintiërs 8:9; 10:29 | 2 Korintiërs 3:17<br>Galasiërs 2:4; 3:23-26; 5:1-13<br>Efesiërs 5:8-14<br>1 Petrus 2:11-17 |

**TABEL 29: PERIKOPE VIR PREDIKING RONDOM VRYHEIDSDAG**

#### 3.6.9.6 Jeugdag

Nasionale Jeugdag (16 Junie) sluit aan by die herdenking van die vroeëre Sowetodag. Dié dag was die herdenking van die gebeure in 1976 toe meer as 20 000 skoliere 'n protes-optog onderneem het teen die segregasie in onderwysgeledere. Baie van hulle was onder die meer as ongeveer 700 mense wat gesterf het in die geweld wat hierop gevolg het (Public Holidays 2003). Vandag is die fokus van hierdie viering nie meer slegs op die herdenking van die destydse gebeure nie, maar op die opheffing van die jeug. Hierin kan die kerk 'n groot rol speel en die geleentheid wat dit aan dit prediking bied, mag nie onderskat word nie. Dit is jammer dat hierdie dag gedurende Junie, wanneer die meenste jongmense eksamens aflê, gevier word. Die motiewe wat hierop betrekking het kan in Koninkrykstyd nader uitgewerk word en verder ook betrek word in die prediking tydens gesinsdienste, met belydenisaflegging en die bediening van die sakramente.

Wanneer aan die jeug gedink word, moet in ag geneem word dat God op 'n besondere manier by die "gee" van kinders betrokke is (Hy het die mens geskep) net soos wat Hy by hulleself betrokke is (Hy sorg vir hulle en is by hulle in alle omstandighede). Hy skakel kinders en jongmense ook in in sy koms na sy mense (deur hulle te betrek in godsdiens-beoefening), betrek hulle in sy handelinge en maak vir hulle uitsigte op Hom oop. Die doel van bediening en/of onderrig aan die jeug is om hulle as deel van 'n gemeente wat 'n verskil maak, op te lei (Nel 2001:10-13, 74). Jongmense word bereik binne egte verhoudings waar hulle met liefde en respek hanteer word: *"Young people, time after time, have responded to genuine warmth and care evidenced by adults in the faith community"* (Marshall

1989:48). Daarom moet aandag aan die jeug nooit buite om hulle gesinne geskied nie en moet georganiseerde aktiwiteite wat op die jeug gerig is in samewerking met ouers, gemeentes en skole / opleidingsinrigtings te geskied (vgl Potgieter 2003:55-62).

Uit navorsing wat onder Graad 11 jongmense in privaatskole in Johannesburg en Pretoria onderneem is, blyk dit dat daar diverse beelde van Jesus in die gedagtes van hierdie jongmense bestaan. Hierdie beelde is veral beïnvloed deur die teologiese kontroversies wat aan die gang was tydens die jare van die stryd teen apartheid. Hierdie twis het ook gelei tot 'n groot diversiteit in godsdienstige beskouings. Hierdie jongmense is veral positief oor die beeld van Jesus waarin sy menslikheid beklemtoon word en hulle het, waarskynlik sonder enige stremming, waardering vir verskillende beelde van Jesus (Pieterse, Dreyer & Van der Ven 1999:62-87). In die prediking sal hierdie reslutate in gedagte gehou moet word. Hulle is in 'n belangrike fase wat die vorming van hulle menswees aanbetref en moet in hierdie proses van individuering begelei word om met selfvertroue geestelik te funksioneer as lidmate van die kerk en as lede van die samelewing (Nel 2001:151-199; vgl :190). Die volgende kwessies en waardes is belangrik vir die jeug:

| ALGEMENE WAARDES | PERSOONLIKE WAARDES | GESONDE LEWENSWYSE |
|---|---|---|
| Demokrasie<br>Billikheid<br>Maatskaplike geregtigheid<br>Regverdigheid<br>Gelykwaardigheid<br>Nie-seksisme<br>Nie-rassisme<br>Verantwoordelikheidsin<br>Verdraagsaamheid<br>Versoening<br>"Eenheid in verskeidenheid" | Dankbaarheid<br>Nederigheid<br>Akkomodering<br>Integriteit<br>Opregtheid<br>Verstandigheid<br>Matigheid<br>Volharding en uithouvermoë<br>Diensbaarheid<br>Interafhanklikheid<br>Lojaliteit<br>Versorging en nasorg | Prestasiedruk (spanning en depressie)<br>Groepsdruk (vriendskappe)<br>Eensaamheid<br>Kritiese evaluasie<br>Uiterlike voorkoms<br>Voorhuwelikse seks<br>Alkoholisme<br>Materialisme |

**TABEL 30: KWESSIES EN WAARDES WAT BELANGRIK IS VIR DIE JEUG**
(vgl Bosman, De Man & Pretorius 2002; Potgieter 2003:68-133).

Ouers moet ook leiding ontvang sodat hulle hulle kinders se geestelike waardes positief kan beïnvloed. Hulle moet uitgedaag word om persoonlik betrokke te wees by hulle kinders, om met hulle te gesels en na hulle te luister en om die lewe vir hulle 'n avontuur te maak. Dit kan veral gedoen word deur tradisies wat verband hou met geloofsgewoontes te skep en in stand te hou, saam betrokke te raak by gesinsbediening en om 'n liefde vir

die Woord van God aan te kweek (Arterburn & Burns 1995:191-196). Zimmerman (1981 & 1993) asook Van Rensburg en Simpson (2003) se bydraes, wat verband hou met riglyne en wenke rondom familiegewoontes wat gesinne (en gemeentes) kan vestig om die Bybelse feeste en die groot vieringe in die kerklike jaar deel te maak van hul lewens, kan met groot vrug gebruik word. Die volgende perikope is geskik vir die prediking rondom Jeugdag:

| | |
|---|---|
| Genesis 17; 21:2, 17; 144:13; 115:14-15 | Daniël 1:8 |
| Deuteronomium 6 | Matteus 18:1-14; 19:13-15 |
| 1 Samuel 1:4; 16-17 | Handelinge 21:1-9 |
| 2 Konings 5:2-3 | Efesiërs 6:1-4 |
| Ps 127:3; 128; 139:14-16 | Kolossense 3:18-4:1 |

**TABEL 31: PERIKOPE VIR PREDIKING RONDOM JEUGDAG**

### 3.6.9.7 Vrouedag

Nasionale Vrouedag (9 Augustus) word gevier op die dag waarop vroue in 1959 deelgeneem het aan 'n protesoptog teen die destydse paswette (Public Holidays 2003). Prediking rondom hierdie dag kan 'n groot rol speel in die skep van 'n omgewing wat vriendeliker is teenoor vroue en in die bemagtiging van vroue. Die fokus van hierdie dag, kan beskryf word as die verandering van die wêreld van *a man's world* na *a people's world*: 'n wêreld waarin albei die geslagte ewe tuis kan wees, ewe gemaklik kan voel en met ewe groot entoesiasme en selfvertroue hulle bydraes kan lewer. 'n Wêreld wat fisiek veilig is vir vroue en emosioneel veilig vir mans (Dreyer 1997:108-110).

Die posisie van die vrou in die gemeenskap het veral verander nadat die pil en die rekenar op die toneel verskyn het. Die pil het die vrou se status as "broeimasjien van die menslike ras" opgehef en haar bevry om die geleenthede en talente wat God aan haar gegee het, te begin gebruik en die rekenaar het die fisieke verskille wat daar tussen mans en vroue bestaan, opgehef. Hiermee saam het vroue al hoe meer betrokke geraak in die politiek en ook 'n ander rol in die kerk en geloofsvorming begin speel as waartoe hulle vroeër toegelaat is. Hierdie ontwikkelinge het implikasies vir die huweliks-, gesins- en beroepslewe en nie net vroue nie, maar ook mans, gesinne en gemeenskappe het leiding nodig in die aanpassings wat gevra word (Muller 2001:108-136; vgl Dreyer 1997:1-26; Grové 1998:57-80). Keane (1998:133) is van mening dat die "oorlog tussen die geslagte" uitgewoed geraak het en dat die kerk en gemeenskap by die opkoms van feminismse gebaat het.

In die prediking moet verreken word dat die visie op die vrou in die tyd waarin die Bybel vorm gekry het en geskryf is, heeltemal anders was as die van vandag (vgl Bird 1992:953-956; Witherington III 1992:957-960). Dit moet verkondig word dat God albei geslagte geskep het, dat Hy mans en vroue op gelyke voet beskou, dat Hy vroue in die verlede betrek het by sy heilswerk en dat Hy dit steeds doen, asook dat vroue deel het in en aan die openbaring (vgl Dreyer 1997:86-96). Vroue het nog altyd 'n belangrike rol gespeel in die NG Kerk en sal ook vorentoe onmisbaar wees. Sedert 1990 mag vroue ook in die amp van predikant - en dus ook in die lerende en regerende ampte - in die kerk dien (vgl Louw 2002:279-284). Die vrou is geseënd met unieke kwaliteite soos sensitiwiteit en deernis en haar unieke geestelike en emosionele behoeftes moet binne die die kerk erken word. Daar moet ruimte geskep word waarin haar gawes tot ontplooiing kan kom (NG Kerk 2003:633).

Die bydrae wat gelewer is deur die vroueteologie (vgl Keane 1998:121-135) en die *Leefstyl-Bybel vir Vroue* (Landman (eindred) 2003), wat onlangs verskyn het en fokus op die geloof van vroue in Bybelse tye vir die geloofslewe van vroue vir vandag, behoort in ag geneem te word in die prediking op hierdie dag en andersins. Dié Bybel stel nie net 'n aantal vroueteoloë aan die woord nie, maar behoort ook 'n positiewe bydrae in die pastorale begeleiding van vroue te lewer. Verskeie mites oor vrouwees word hierin weerlê, geloofswaarhede oor die vrou en praktiese lewenshulp word in behandeling geneem. Ten minste die volgende tekste kan as vertrekpunte dien in die prediking:

| | | |
|---|---|---|
| Genesis 1:27; 25:21-28<br>Eksodus 10:3-11; 19:14-15<br>Numeri 27<br>Rut 4:1-6<br>1 Konings 17:8-24 | Spreuke 1:8; 1:20; 15:20<br>Jesaja 62:4-5<br>Markus 7:24-30<br>Lukas 8:1-3; 8:43-48; 13:10-17; 24:10 | Johannes 4; 8:1-11; 12:7<br>Handelinge 6:1-7<br>Galasiërs 3:28<br>Filippense 1:1<br>Titus 2:3-5 |

**TABEL 32: PERIKOPE VIR PREDIKING RONDOM VROUEDAG**

### 3.6.9.8 Erfenisdag

Erfenisdag (24 September) is gerig op die viering van die groot verskeidenheid van kulture, kreatiewe uitdrukking, geskiedkundige erfgoedere en so meer wat ons uit die verlede oorgeërf het. Hierdie verskeidenheid is 'n nasionale bate en moet as sodanig beskou word eerder as dat dit konflik ontketen. Die regering bepaal elke jaar 'n tema vir die viering op hierdie dag (Public Holidays 2003).

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

Mense verskil van mekaar: ons kom uit verskillende agtergronde, ons beoefen verskillende godsdienste, ons het verskillende opinies oor belangrike sake, ons praat verskillende tale ensovoorts. Dit is daarom baie belangrik dat ons meer sensitief sal raak teenoor ander en om na gemeenskaplikhede te soek eerder as om te baklei oor ons verskille. Daar is baie meer wat ons in gemeen het as wat ons dink. In die Suid-Afrikaanse gemeenskap word te dikwels 'n groter klem gelê op indiwidualiteit as op dié dinge waaroor ons saamstem en kan saamwerk. Verskille en verskeidenheid kan families en die land sterker maak, mits dit in 'n spanpoging aangewend word. Die nuwe leuse van ons land beklemtoon juis hierdie feit: !KE E: /XARA //KE (= *Eenheid in verskeidenheid*) (vgl Elion & Strieman 2001:17). In die lig hiervan moet veral jongmense en onderwysers geleer word om met verskille saam te leef. Hulle moet hiervoor toegerus word: *"Learners should learn to develop respect, appreciation and sensitivity for cultures and belief systems other than their own"* (Brink 2002:151).

In die Bybel is verskeidenheid altyd 'n verskeidenheid binne die eenheid (vgl NG Kerk 1991:572-573). Verskeidenheid en eenheid word teruggevind in die drie-eenheid van God en die kerk is een liggaam, wat bestaan uit baie lede (1 Kor 12:14-30). Jesus se dissipels het uit verskillende agtergronde gekom en hulle het almal verskillende persoonlikhede en verwagtinge gehad, hulle het elkeen 'n unieke bydrae in die vestiging van God se koninkryk gelewer (Matt 4:18-23; 9:9-13). Daar word 'n verskeidenheid van gawes aan die gelowiges gegee (1 Kor 12:4-13). Verskeidenheid word ook in die evangelies aangetref, omdat die skrywers daarvan elkeen 'n eie weergawe oor Jesus se verhaal saamgestel het uit die stof tot hulle beskikking (Joh 21:25). Eenheid en eensgesindheid was egter nog altyd belangrik binne die Christelike tradisie (vgl Joh 17:11; Rom 12:16; Ef 4:4-5; 1 Pet 3:8).

Op hierdie dag kan ook gefokus word op God as Gewer en die verskeidenheid van dinge wat Hy aan ons geskenk het. Wat die prediking oor verskeidenheid, eenheid en God se gawes aan ons aanbetref, kan die ten minste die volgende perikope as uitgangspunte dien:

| | |
|---|---|
| Psalm 133:1<br>Matteus 4:18-23; 7:11; 9:9-13<br>Johannes 3:16; 10:10; 17:11, 21; 19:26-27; 21:25<br>Handelinge 1:14; 2:1-4; 2:44<br>Romeine 3:29-30; 5:17; 12:4-16; 15:5-6 | 1 Korintiërs 1:10; 4:7; 12:4-13; 14-30<br>2 Korintiërs 5:21; 13:11<br>Galasiërs 6:2<br>Efesiërs 2:15-16; 3:6; 4:3-6,13; 5:21-33<br>Kolossense 1:20; 2:2; 3:14<br>1 Petrus 3:8 |

**TABEL 33: PERIKOPE VIR PREDIKING RONDOM ERFENISDAG**

### 3.6.9.9 Arbeidsondag en Werkersdag

In 1997 verskyn die inskrywing "Arbeidsondag" (Jaarboek van NG Kerke 1997: xxxi) by 4 Mei in die lys van vakansie en kerklike fees- en biddae en sedertdien word dit elke jaar so daarin aangedui op die Sondag wat die naaste lê aan 1 Mei (Werkersdag). Die saak van die Christelike arbeidsetiek is alreeds deeglik beredeneer (vgl Heyns 1986:250-276) en die NG Kerk het ook al hieroor standpunt ingeneem (vgl bv NG Kerk 1994:95-98; 1995:435-336; 560-561). Heelwat motiewe wat ontgin kan word in die prediking op Arbeidsondag of rondom Werkersdag is dus reeds blootgelê.

Arbeid is 'n reg, 'n voorreg en 'n roeping wat ons van God ontvang het (Gen 1:28; 2:15) en elkeen behoort sy arbeid met Christelike toewyding en tot verheerliking van God te verrig (Ef 4:17-28; Kol 1:10; 4:23-24; 2 Tess 1:11; Rom 12:1). Materiële vergoeding moet verwag word (1 Tim 5:18; Luk 10:7; Matt 10:10), maar behoort nie verafgod en ten koste van geestelike waardes soos geloof, huwelik, gesin en gesondheid nagejaag te word nie (1 Kor 7:29-31). Werkgewers moet hulle werknemers menswaardig hanteer en vir billike werksomstandighede sorg (vgl Heyns 1986:250-276; NG Kerk 1994:95-98; Orsmond e.a. (reds) 1993:128-134). Hoorders moet besef dat die mens méér is as arbeid en werkgewers moet dit in ag neem dat loon nie net op die basis van arbeidsprestasie bepaal moet word nie, maar ook op die basis van persoonsverpligitng en persoonsbehoefte. Loon moet die mens in staat stel om 'n menswaardige lewenstandaard te kan handhaaf (Heyns 1986:259, 268).

Boshoff (1997:53) wys daarop dat die implikasie van die negatiewe ekonomiese groeikoers sedert die 1990s is dat strukturele werkloosheid en armoede net al hoe meer sal toeneem. Ook Oosthuizen (1997:65) skryf dat werkloosheid een van die ernstigste oorsake van armoede is. Hy wys daarop dat van die probleme wat hieruit voortvloei honger en siekte, swak behuising en omgewingsbesoedeling, ongeletterdheid en 'n gebrek aan onderwysgeleenthede, alkoholisme, dwelmgebruik, asook misdaad en geweld is (:65-68). Dis veral kinders, vroue, bejaardes, gestremdes, boemelaars en immigrante (insluitend vlugtelinge) wat die risiko loop om in armoede te verval (Wilson & Ramphele 1989:170-185).

Die verskynsel van armoede en werkloosheid maak prediking i.v.m. die arbeid nog meer noodsaaklik. Terwyl die Wêreldbank (1990:26) armoede beskryf as die *"onvermoë om 'n*

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

*minimum lewenstandaard te handhaaf"*, wys Van Niekerk (2002:122) daarop dat armoede volgens die mees prominente skrywers in Afrika eerder beskryf moet word as *"the result of the dysfunctional interaction between complex systems, especially the traditional African world, the modern Western world, and the environment."* Indien die wêreldbevolking na een honderd mense toe verreken sou word, sal 6 van hulle - almal van die V.S.A. - oor 60% van die rykdom van die wêreld beskik. Tagtig sal swak behuising hê, vyftig sal onder-voed wees, 70 sou ongeletterd wees, slegs een persoon sou oor 'n akademiese titel beskik en slegs een sou 'n rekenaar gehad het (Mostert 2002:73-74; vgl Oosthuizen 1997:63-81). Dit blyk dat die gaping tussen ryk en arm toeneem op 'n globale en plaaslike skaal en dat die aantal arm mense voortdurend toeneem.

Die kerk behoort volgens Van Niekerk (2002:122-128) by die probleem van armoede betrokke te raak deur ten minste die wêreld se aandag te vestig op die armes en die armoede waarin hulle verkeer. Die kerk kan 'n verdere rol speel deur relevante navorsingsresultate te bestudeer en die verskillende rolspelers op makro-vlak (bv ekonome, politici, groot sake-ondernemings) deur bilaterale gesprek, nie net hiervan bewus te maak nie, maar hulle ook by die probleem te betrek. Die grootste verandering kan egter bewerkstellig word deur lidmate op 'n individuele basis en as gesinne by arm mense betrokke te kry.

Rus hou ook met arbeid verband en die prediking moet hoorders begelei om hulle rus te vind in God (vgl Ps 131). Dit is immers waarvoor die mens (en die kosmos) geskep is en waartoe hy uitgenooi word (Rom 8:19-22; Matt 11:28). Mense se smag na allesomvattende, liggaamlike, emosioele en geestelike rus, miskien nog meer as ooit tevore, is 'n teken daarvan dat alles net te veel geword het: te vinnig, te moeilik, te kompleks, te kompeterend, te bedreigend (Conradie 1996:7). In die prediking moet daar leiding gegee word oor arbeid en rus. Arbeidsondag is die aangewese geleentheid hiervoor, maar die motiewe wat hieruit afgelei word moet ook op ander punte in die kerklike jaar (bv in Adventstyd) ingewerk word. Perikope wat hiervoor gebruik kan word, is die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| Genesis 1:28; 2:15 | Lukas 10:7 | Kolossense 1:10; 4:23-24 |
| Psalm 131 | Romeine 12:1; 8:19-22 | 2 Tessalonisense 1:11 |
| Jeremia 29:4-7 | Efesiërs 4:17-28 | 1 Timoteus 5:18 |
| Matteus 7:7-11; 10:10; 11:28-30 | Filippense 4:6 | Hebreërs 13:5-6; 12:9 |

**TABEL 34: PREDIKING OP ARBEIDSONDAG**

**3.6.9.10 Omgewingsondag**

Prediking in verband met die omgewing is noodsaaklik op ten minste Omgewingsondag (die eerste Sondag in Junie), want dit is nie net die mens wat smag na rus nie, maar ook die hele oorbevolkte, oorontwikkelde aarde wat na rus en verkwikking smag (Conradie 1996:7). Die saak van die ekologie is in die verlede baie agterweë gelaat in die teologie en die bediening van die kerk, maar die opkoms van die teologie van die ekologie en die ekoteologie het noodsaaklike perspektiewe i.v.m. die multidimensionele verhouding tussen God, die mens en die natuur opnuut beklemtoon en onontginde motiewe uitgelig (Brinkman 1998:203; vgl Buitendag 1991:1-8). Ook in die NG Kerk se ekologiese bewussyn kan daar 'n verskuiwing waargeneem word. Dit word o.a. weerspieël in die Liedboek van die Kerk (2001) se hersiening van die lied "Heilige Jesus" (= Lied 168). Voorheen (vgl Psalms en Gesange 1978, Gesang 183) het die tweede strofe van die lied gelui: *"Hoe skoon die aarde, dit het min waarde, ons is gering voor u grootheid, Heer."* In die nuwe bundel lui dit: *"Mooi is die aarde, dit het groot waarde, maar is gering voor u grootheid, Heer."*

Die prediking kan 'n beduidende rol in hierdie belangrike dimensie van die Missio Dei speel en behoort nie die geleentheid wat Omgewingsondag as inskrywing in die kerklike kalender bied te laat verbygaan nie. Motiewe wat in die prediking rondom die omgewing ontging kan word, sluit die bewussyn dat die mensdom deel van die ekosisteem is (vgl Gen 1; 2:7; 1 Kor 15:47) en dat die mensdom daarvan afhanklik is, in. Hiernaas is die natuur veelsinnig: sy is ons "moeder" én ons vyand. Ons verhouding tot die natuur het tot onlangs toe heeltemal anders daarna uitgesien as wat tans die geval is. In die Bybelse tyd was die mens deur die natuur bedreig en die mens se aandag was in die besonder toegespits op God se sorg en beskerming teen die "wrede" natuur. 'n Sentrale tema in die mens se denke was oor die vraag na hoe God ons help teen die bedreigende natuur. Gedurende die afgelope dekades het 'n totaal nuwe situasie ontwikkel: nou bedreig ons die natuur. Ons besoedel en vernietig die natuur tans in so 'n mate dat ons eie voortbestaan bedreid word. Daarom kan alles nie meer probleemloos aan God toegeskryf word nie. *"As ons nou om bewaring na God roep, moet ons gebed insluit dat Hy die natuur teen ons moet beskerm, en moet ons Hom vra om ons te leer om verantwoordelik met die natuur om te gaan"* (König 2002:23-24).

Die prediking word daarom uitgedaag om hoorders te begelei om hulle verhouding met die natuur (en God) en hulle betrokkenheid daarby in heroorweging te neem en om, in die lig daarvan dat die verwysing na God se betrokkenheid in die natuur nie (meer) alles verklaar nie en aangesien die natuur nog steeds sy donker en diepkante het, hoorders te begelei

om nie die trane oor lyding en swaarkry te probeer wegverklaar nie, maar om hulle te help hoop vir 'n nuwe toekoms waarin God self al die trane sal afvee (Op 21:1-4). Volgens Conradie (1996:15) is die probleme waarmee planeet aarde te kampe het, die volgende: kernkragtragedies, onhanteerbare bevolkingsgroei, oorverhitting van die aardbol, vernietiging van die osoonlaag, ontbossing en vernietiging van die tropiese reënwoude, lug- en waterbesoedeling, suurreën, gronderosie, uitputting van ons materiële hulpbronne en die vernietiging van diere- en plantspesies. Belangrike vrae waarop antwoorde gesoek word, sluit in: Wat is die skoonste manier om energie op te wek? Hoe verwyder of berg ons vullis, chemiese en kernafval? Watter mynbou-, bosbou-, landbou- en nywerheidstegnieke is die beste? en Watter nadelige ekologiese gevolge het verstedeliking?

Die prediking kan verder help om inligting wat in die afgelope tyd ingewin is i.v.m. die kosmos en die ekosisteem waarvan ons deel is onder die kerk se aandag te bring en die wêrelde van die geloof en die wetenskap, wat deur die modernisme van mekaar verwyder is, (weer) met mekaar te versoen. Langs hierdie weg kan hoorders van die evangelie begelei word om hulle innerlike oortuigings en die sigbare werklikhede van die natuur en die geskiedenis, wat deur die piëtisme en die teologiese eksistensialisme van mekaar losgemaak is, met mekaar te integreer (vgl Brinkman 1998:203-213). Die skuld van die ekologiese krisis word dikwels in 'n mindere of meerdere mate aan die adres van die Christelike geloof bestel vanweë die skeiding en isolering van wetenskapsbeoefening en geloof wat lank (en deur soms nog steeds) daardeur voorgestaan is (Buitendag 1991:3). Die insigte van die kosmologie het daartoe gelei dat nuwe wêreldsbeskouinge begin ontwikkel het (Joubert 1997; Van Rensburg 1991; 1991a; vgl 3.6.6) en die prediking moet hoorders begelei in die integrering van hierdie insigte en tot die besef dat nie 'n antropo- of ekosentriese wêreldbeskouing ons van ons globale krisis kan verlos nie, maar slegs God self. Ons leef voor sy aangesig in die wêreld met verantwoordelikheid daarteenoor.

Aangesien God se skeppingswerk verlossing gebring het van die chaosmagte en God se heilswerk 'n kosmiese reikwydte het, sluit dit die hele skepping in: die mense en die aarde. Aangesien die sabbat 'n simbool is van God se groot dade van verlossing, bevryding en skepping (vgl 3.3.1.1.1), kan die Sondag as rusdag ook op 'n praktiese wyse in die teken van die nuwe aarde staan. Deur Christus se koms het God die nuwe hemel en die nuwe aarde tot stand gebring (Kol 1:16; Heb 1:2) en met sy weerkoms word dit volkome gemaak.

Intussen betrek God ons by die herskeppingswerk van sy Gees (vgl Rom 8:21-26).

Prediking op Omgewingsondag kan die waardes van geregtigheid, vrede en die integriteit van die skepping bevorder sodat klein tekens van hoop opgerig kan word (vgl Conradie 1996:103-161; 2002:179-198). Daar is baie perikope wat ontgin kan word in die prediking op dié dag, Aardedag, asook ander geleenthede wat verband hou met die kosmiese implikasies van die heil (vgl die Internasionale gedenkdae by 3.4.2). Enkeles hiervan is:

| | |
|---|---|
| Genesis 1; 2:4b-3:24<br>Eksodus 20:8-12<br>Job 38-39<br>Psalm 1; 8; 19; 24; 29; 65; 104; 147; 150<br>Jeremia 29:1-14<br>Amos 4:6-13 | Matteus 5:5; 17:24-27<br>1 Korintiërs 15:47<br>Kolossense 1:12-20<br>1 Johannes 5:9-13<br>Openbaring 20:1-21:1-8 |

**TABEL 35: PERIKOPE VIR PREDIKING OP OMGEWINGSONDAG**

### 3.7 HULPMIDDELS BY DIE PREDIKING IN DIE KERKLIKE JAAR

Die kerkhervormers het goeie redes gehad om weg te doen met die beelde van heiliges (vgl 3.3.9). Die behoefte wat mense aan die visuele het, het egter mettertyd aanleiding gegee daartoe dat die gebruik van verskillende kleure gedurende die verskillende seisoene van die kerklike jaar en met besondere geleenthede herleef het en fyner uitgewerk is (vgl. 3.3.10). Dit val buite die skopus van hierdie ondersoek om die standpunt dat hulpmiddels en dan in besonder visuele aanvulling by die prediking hier te beredeneer. Die gegewenheid van die verskuiwing na 'n oudiovisuele gemeenskap wat plaasgevind het, die noodsaaklikheid daarvan om soveel as moontlik sintuie te betrek by die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie en die Bybelse motief dat daar van die kommunikatiewe hulpmiddels van die dag gebruik gemaak moet word t.w.v. die verkondiging van die Woord van God (vgl 2.8 en 2.9), is vir die doeleindes van hierdie ondersoek rede genoeg om kortliks aandag te skenk aan hulpmiddels wat betrek kan word by die prediking in die kerklike jaar.

Leesroosters, die kerklied en musiek is sekerlik van die belangrikste hulpmiddels by die prediking wat die kerklike jaar aanbetref (vgl 3.5), maar kleure, simbole en rituele wat toepaslik is en gebruik kan word vir kanselklede, muurpanele en ander sobere hulpmiddels is ook gepas (vgl Vos & Pieterse 1997:167). Vanweë die omvangryke moontlikhede in

hierdie verband, word vir die doeleindes van die studie slegs enkele moontlikhede as voorbeelde uitgelig en nie nader hierop ingegaan nie. Predikers en werkgroepe wat met die erediens en liturgie gemoeid is moet self bepaal wat hiervan binne hul eie konteks relevant is en waarop daar uitgebrei moet of kan word. Kleure en simbole wat gebruik kan word, is die volgende:

| FEES | KLEURE | SIMBOLE |
|---|---|---|
| **Advent** | Purper / Pers; Blou / Konings-blou; Ligroos; (Groen) | Adventskrans; Isai-boom; Alfa en Omega-simbool; Kerse; Lourier-krans; Adventskalender; Kers-boom |
| **Kersfees** | Wit en Goud | Ster van Betlehem; Kerse; Krip; Geboortetoneel |
| **Kerstyd** | Wit en Goud | Ster; Krip |
| **Epifanie** | Wit en Goud | Vyfpuntige ster met of sonder strale; Doopfont; Water |
| **Epifanietyd** | Wit en Goud; Groen | |
| **Verheerlikingsondag** | Wit; Groen | |
| **Aswoensdag** | Grys | As |
| **Lydenstyd** | Purper / Pers; Afgewissel met Grys; (Diep)rooi; Swart; en Donker, aardse kleure | Kruis; Doringkroon; Spykers; 'n Groot wit kers met doringdraad daarom gedraai; As; Palmtakke |
| **Palmsondag** | Purper / Pers; Dieprooi | Palmtakke |
| **Groot Lydensweek** | Dieprooi | 'n Groot wit kers met doring-draad daarom gedraai |
| **Goeie Vrydag** | Dieprooi; Swart | Kruis; Drie kruise |
| **Stil Saterdag** | Swart | Kruis; Graftoneel |
| **Paassondag** | Wit en Goud; Groen / vrolike kleure | Oop graf toneel; Paaskers; Kruis; Opkomende son; Blomme |
| **Paastyd** | Wit; Goud | Oop graf toneel; Lig; Son; Skoenlapper(s); Paaseier(s); Kandelaar met kerse; Dooie blare; Vuur |
| **Hemelvaart** | Wit | Heliumgevulde ballonne |
| **Pinkster en Pinkstertyd** | Vuurrooi; Warm oranje; Goud | Duif; Vuur; Tonge van vuur; Afwaartse pyl |

| | | |
|---|---|---|
| **Drie-eenheidsondag** | Groen; Groen en Goud | Drie-eenheidsdriehoek; Drie sirkels; Driehoek; Triquerta; Fleur-de-lis; Klawerblaar |
| **Koninkrykstyd** | Groen; Skakeringe van Groen | Skip; Skip met kruis daarin; Oop Bybel; Hart; Leeu, bul, mens en arend (vgl Op 4:7); Lam; Koringaar; Blaar; Sirkel; Vierkant |
| **Hervormingsondag** | Diep/Bloedrooi | 'n Brandende hart; Oop hand |
| **Christus die Koning-Sondag** | Groen; Groen en Goud | Koningskroon |

**TABEL 36: KLEURE EN SIMBOLE VIR DIE KERKLIKE JAAR**

### 3.8 SLOTOPMERKINGS OOR DIE KERKLIKE JAAR IN DIE PREDIKING

Oor die kerklike jaar in die prediking skryf Eslinger (1995:76-78): *""Preaching the Church Year" is not simply a question of determining the seasonal context and theme of the day. A far more complex and dynamic relationship between preaching and the liturgical year may be detected, especially in understanding the origins of the year."* Volgens hom kan daar *oor* of *met* of *met die oog op* die geleentheid in die kerklike jaar gepreek word. Hiermee saam is dit belangrik dat dit in die kerklike jaar in die prediking nie gaan om die oorvertel van 'n betrokke moment in die evangelie asof dit 'n historiese gebeurtenis in die verlede is nie: *"... the Gospel cannot be reduced to historical observance. To do so is to destroy it. Christ is not some historical person who once lived and died and whom we now respectfully remember. He is a presently living Lord, a Lord who demands discipleship in the present, not relegation to the safe distance of the past"* (Westerhoff & Willimon 1980:58). Die uitdaging is om die wesenlike van die betrokke geleentheid deur die prediking teenwoordig te stel in die hede. Ons leef nou en hier. Die evangelie het nie net in die verlede 'n impak gehad nie, maar is ook nou gerig op lewensverandering.

Uit die literatuurondersoek wat onderneem is, blyk 'n aantal dinge. Eerstens is dit duidelik dat die ontwikkeling van die kerklike jaar deur bepaalde fases gegaan het (vgl die verdeling van die primêre feeste). Daar het ook wisselwerking met die kulture van die omgewing plaasgevind en hierdie wisselwerking het telkens 'n invloed op die kerklike jaar gehad (bv die fees van die onoorwinlike son op Kersfees), net soos wat dit die geval was met die feeste in die Bybelse tyd (vgl die fases in die ontwikkeling van die paasfees). In die viering

Universiteit van Pretoria etd – Bothma, G (2004)

van Paas- en Pinksterfees, sluit ons byvoorbeeld aan by die Ou Testamentiese erfenis en in die viering van Kersfees, sluit ons aan by die heidense Grieks-Romeinse wêreld waarin die vroeë christene geleef het. Plaaslike behoeftes het ook 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling van die kerklike jaar (vgl die viering van heiliges). Standpuntinname oor vraagstukke van die dag word in die inrigting van die kerklike jaar gereflekteer (vgl die stryd oor die paasdatum). Daar was ook 'n groot mate van diversiteit m.b.t. die vieringe van die kerklike jaar (vgl die onderskeie streke se beklemtoninge t.o.v. Epifanie en Kersfees). Mettertyd het teologiese aksente voorrang begin geniet in die vierings en die kontekste waarbine dit vroeër gefunksioneer het, is hierdeur gerelativeer. Die rol wat die natuur vroeër in die feesvierings gespeel het, funksioneer vandag glad nie meer nie, ook omdat die oorspronge daarvan in die noordelike halfrond lê. Die ontwikkelings wat plaasgevind het, was dinamies van aard en het altyd die effektiewe kommunikasie van die evangelie voor oë gehad (vgl die inrigting van Koninkrykstyd). Veral die ekumeniese samewerking van die afgelope aantal dekades is 'n simbool van die waarde van die kerklike jaar vir die prediking - ook in die NG Kerk.

Dit het verder geblyk dat die kerklike jaar groot waarde vir die prediking van die NG Kerk kan inhou. Dit kan 'n struktuur daaraan verleen en raakvlakke bied om liturgiese en ander gemeentelike aktiwiteite te inisieer, aan te moedig en te bevorder in die gemeentebou-proses. Die kerklike jaar kan verder help dat daar oor sake gepreek word wat nie andersins in die kerk aan die orde sou kom nie, terwyl dit 'n goeie balans handhaaf tussen die kerksiklus en Koninkrykstyd. As sodanig kan die kerklike jaar kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie bevorder. Dit het ook uit die literatuurondersoek geblyk dat die kerklike jaar nie net histories en prinsipieel 'n plek verdien binne die kerklike praktyk nie, maar ook verdien om bevorder te word. Dit behoort veral in die prediking van die NG Kerk te dien as oriënteringspunt.

Wat die nadere inkleding van die kerklike jaar aanbetef, het dit geblyk dat die hooffeeste (soos Paasfees en Pinkster) 'n belangriker plek inneem in die kerklike jaar as byvoorbeeld vieringe soos Hervormingsondag. Vanweë die invloed van die hervorming op die gereformeerde kerke het vieringe soos die geboorte van Johannes die doper en die viering van heiliges nooit regtig 'n kans gehad om inslag te vind in die NG Kerk nie. Dit bly ook 'n vraag of "nie-amptelike vieringe" soos Vadersdag en Moedersdag, vanweë die prominensie

daarvan in die samelewing, nie dalk 'n belangriker plek in die kerklike praktyk ontvang het as byvoorbeeld Aswoensdag nie. Dit blyk verder dat belangstelling in die kerklike jaar hier te lande veral in die onlangse verlede toegeneem het. Bruikbare hulpmiddels (soos leesroosters) is ook reeds daargestel.

Wat uit die literatuurondersoek duidelik is, is dat die kerklike jaar positief te waardeer is. Die kerklike jaar behoort daarom in die prediking beklemtoon te word. Wanneer dit gedoen word, moet die doel van die prediking en konteks(te) daarvan telkens verreken word. Die inligting wat versamel is en in hierdie hoofstuk weergegee is, het daartoe bygedra dat die kerklike jaar beter verstaan word. Hoedanig die kerklike jaar in die praktyk van die prediking in die NG Kerk funksioneer moet nog empiries vasgestel word. In die volgende hoofstuk word hieraan aandag gegee.